# DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS SE VERHOUDING MET GOD: 'N PASTORALE GESTALTBENADERING.

deur

RUDY ARTHUR DENTON

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID – AFRIKA

STUDIELEIER: DR J P SCHOEMAN

NOVEMBER 2005

# VERKLARING

Studentenommer: **3490-142-6**

Ek verklaar hiermee dat, *Die adolessent wat mishandel is se verhouding met God: 'n Pastorale Gestaltbenadering*, my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

DS R A DENTON

DATUM

# ERKENNING

Dankie Here, dat U my gebruik om die evangelie te verkondig. Dankie vir genade om op hierdie navorsingsterrein te beweeg en in mense se lewens, wat dikwels vol hartseer en pyn is, U te verkondig as Verlosser. Amen.

By voltooiing van die navorsing wil ek graag die volgende persone en instansies bedank:

- Dr Hannie Schoeman, my studieleier, vir haar leiding, ondersteuning, geduld, begrip en motivering wat my gedra het tot die voltooiing van hierdie studie.
- My vrou, Terzie, en kinders, Chané en Andrew, vir hulle liefde en begrip vir die ure wat ons nie altyd saam kon wees nie.
- Die respondente vir hulle bereidheid om hulle "Godsbeeld" met my te deel en aan die navorsing deel te neem.
- Gemeente Windhoek, wat my die geleentheid gegun het om met die studie te begin.
- Potchefstroom Studentegemeente, vir hulle begrip, liefde en ondersteuning.

Rudy Denton

November 2005

# OPSOMMING

**DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS SE VERHOUDING MET GOD: 'N PASTORALE GESTALTBENADERING.**

deur

RUDY ARTHUR DENTON

MAGISTER DIACONIOLOGIAE

(SPELTERAPIE-RIGTING)

UNIVERSITEIT VAN SUID–AFRIKA

STUDIELEIER: DR J P SCHOEMAN

NOVEMBER 2005

Mishandeling is een van die mees traumatiese ervarings wat die adolessent kan beleef en beïnvloed sy totale ontwikkeling. Die doel met hierdie navorsing was om deur intervensie te bepaal of mishandeling enige implikasies het vir die adolessent se verhouding met God. Die pastorale en Gestaltterapie is aangewend om die adolessent wat mishandel is in sy verhouding met God te begelei. In die pastorale Gestaltterapiebenadering is daar rekening gehou met die dinamiese konteks van lewenservaring en betekenisvelde in die Godsbeeld van die adolessent. Hierdeur is die impak bepaal van die adolessent se ervaring, waarneming en verwagting van God.

Die uitgangspunt van die pastorale Gestaltterapie was dat die adolessent se verhouding met God disfunksioneel geword het as gevolg van mishandeling. Met behulp van die intervensienavorsingsmodel is tot die gevolgtrekking gekom dat die pastorale Gestaltterapeutiese benadering die verwronge Godsbeeld van die adolessent verander het sodat die verhouding met God kan herstel.

## SLEUTELTERME:

**Mishandeling en verwaarlosing**

**Adolessensie**

**Godsbeeld**

**Pastorale terapie / berading**

**Gestalt**

**Gestaltterapie**

**Spelterapie**

# SUMMARY

**THE ABUSED ADOLESCENT'S RELATIONSHIP WITH GOD: A PASTORAL GESTALT APPROACH.**

by

RUDY ARTHUR DENTON

MAGISTER DIACONIOLOGIAE

(PLAY THERAPY)

UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA

SUPERVISOR: DR J P SCHOEMAN

NOVEMBER 2005

Abuse is one of the most traumatic experiences the adolescent can have and influences his total development. This research was aimed at establishing, by means of intervention, whether abuse has any implications for the adolescent's relationship with God. The pastoral and Gestalt therapy was applied to guide the abused adolescent in his relationship with God. In the pastoral Gestalt therapy approach the dynamic context of life experience and areas of meaning in the adolescent's image of God was taken into account. Thereby the impact of the adolescent's experience, observation and expectations of God was established.

The starting-point of the pastoral Gestalt therapy was that the adolescent's relationship with God became dysfunctional as a result of abuse. With the aid of the intervention research model, it was concluded that the pastoral Gestalt therapeutic approach has changed the distorted God-image of the adolescent to restore the relationship with God.

## KEY TERMS:

**Abuse and neglect**

**Adolescence**

**God image**

**Pastoral therapy / counselling**

**Gestalt**

**Gestalt therapy**

**Play therapy**

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 1** | | |
| **ALGEMENE INLEIDING TOT DIE NAVORSING** | | |
| **1.1** | **INLEIDING** | **1** |
| **1.2** | **MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN ONDERWERP** | **2** |
| **1.3** | **PROBLEEMFORMULERING** | **2** |
| **1.4** | **DOEL VAN DIE NAVORSING** | **3** |
| 1.4.1 | Doel | 3 |
| 1.4.2 | Doelwitte | 3 |
| **1.5** | **NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE** | **4** |
| **1.6** | **NAVORSINGSBENADERING** | **4** |
| **1.7** | **SOORT NAVORSING** | **6** |
| **1.8** | **NAVORSINGSTRATEGIE (KWALITATIEF)** | **7** |
| **1.9** | **NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE** | **8** |
| 1.9.1 | Fase 1: Keuse van navorsingsonderwerp | 8 |
| 1.9.2 | Fase 2: Formele formulering | 8 |
| 1.9.3 | Fase 3: Beplanning | 9 |
| 1.9.4 | Fase 4: Implementering | 10 |
| 1.9.5 | Fase 5: Interpretasie en aanbieding | 11 |
| **1.10** | **UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK** | **11** |
| 1.10.1 | Literatuurstudie | 12 |
| 1.10.2 | Konsultasie met kundiges | 12 |
| 1.10.3 | Voorondersoek | 12 |
| 1.10.4 | Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming | 13 |
| **1.11** | **ETIESE ASPEKTE** | **13** |
| 1.11.1 | Vrywillige deelname | 14 |
| 1.11.2 | Geen nadeel vir deelnemers | 14 |
| 1.11.3 | Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid | 14 |
| **1.12** | **DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE** | **15** |
| 1.12.1 | Mishandeling en verwaarlosing | 15 |
| 1.12.2 | Adolessensie | 15 |
| 1.12.3 | Godsbeeld | 16 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12.4 | Pastorale terapie/berading | 16 |
| 1.12.5 | Gestalt | 17 |
| 1.12.6 | Gestaltterapie | 17 |
| 1.12.7 | Spelterapie | 18 |
| **1.13** | **INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG** | **18** |
| **1.14** | **SAMEVATTING** | **19** |

**HOOFSTUK 2**

**DEFINISIE, OMVANG EN SIMPTOME VAN MISHANDELING**

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **INLEIDING** | **20** |
| **2.2** | **KINDERMISHANDELING EN -VERWAARLOSING** | **21** |
| **2.3** | **VERWAARLOSING** | **23** |
| 2.3.1 | Oorsake van verwaarlosing | 24 |
| 2.3.1.1 | Materiële en ekonomiese verwaarlosing | 24 |
| 2.3.1.2 | Ekologiese verwaarlosing | 24 |
| 2.3.1.3 | Gemeenskapsverwaarlosing | 25 |
| 2.3.1.4 | Affektiewe en emosionele verwaarlosing | 25 |
| **2.4** | **FISIEKE EN LIGGAAMLIKE MISHANDELING** | **26** |
| 2.4.1 | Karaktertrekke van die mishandelde adolessent. | 27 |
| 2.4.1.1 | Interaktiewe kategorieë | 27 |
| 2.4.1.2 | Gesinsinteraksie en opvoedingsdinamiek | 28 |
| 2.4.2 | Simptome van fisieke mishandeling | 29 |
| 2.4.3 | Gedragsindikators van die fisiek mishandelde kind | 29 |
| 2.4.4 | Die ouer wat die adolessent mishandel | 30 |
| 2.4.5 | Gesinsgeweld | 31 |
| 2.4.6 | Mishandeling deur bloedverwant / broer / suster | 32 |
| **2.5** | **SEKSUELE MISHANDELING** | **32** |
| 2.5.1 | Kategorieë van seksuele molestering | 33 |
| 2.5.2 | Voorkoms van seksuele molestering | 34 |
| 2.5.3 | Seksuele molestering in familieverband | 35 |
| 2.5.3.1 | Klassieke bloedskande deur die vader | 36 |
| 2.5.3.1.1 | Seksuele molestering van dogters deur hulle vaders | 36 |
| 2.5.3.1.2 | Seksuele molestering van seuns deur hulle vaders | 38 |
| 2.5.3.2 | Klassieke bloedskande deur die moeder | 39 |

2.5.3.2.1 Seksuele molestering van dogters deur hulle moeders 39
2.5.3.2.2 Seksuele molestering van seuns deur hulle moeders 40
2.5.3.3 Klassieke bloedskande deur broers en susters 41
2.5.3.4 Bloedskande deur ooms, oupas en neefs 42
2.5.3.5 Die enkelouer 43
2.5.3.6 Redes waarom bloedskande stop 43
2.5.4 Seksuele molestering van buite die familie 44
2.5.4.1 Pedofilie 45
2.5.4.2 Adolessente wat kinders molesteer 46
2.5.4.3 Tegnofilie 46
2.5.5 Seksuele misbruik en uitbuiting 47
2.5.5.1 Molestering deur kerklike ampsdraers en geestelike werkers 47
2.5.5.2 Sekssindikaat 48
2.5.5.3 Kinderpornografie 49
2.5.5.4 Kinderprostitusie 50
**2.6 EMOSIONELE EN PSIGIESE MISHANDELING 51**
**2.7 SAMEVATTING 53**

**HOOFSTUK 3**
**DIE IMPLIKASIES VAN MISHANDELING VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT**

**3.1 INLEIDING 54**
**3.2 ONTWIKKELING BY DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS 55**
3.2.1 Adolessensie: ’n soeke na identiteit 55
3.2.2 Fisiologies-liggaamlike ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is 58
3.2.3 Kognitiewe ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is 59
3.2.4 Emosionele ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is 61
3.2.5 Sosiale ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is 62
3.2.6 Persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent wat mishandel is 64
3.2.6.1 Identiteitsvorming by die adolessent wat mishandel is 65
3.2.6.2 Selfkonsep, selfaktualisering en selfagting van die adolessent wat mishandel is 66

3.2.7 Sedelik-normatiewe ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is 67
3.2.7.1 Morele ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is 67
3.2.7.2 Ontwikkeling van religie by die adolessent wat mishandel is 68
3.2.7.2.1 Spiritualiteit van die adolessent wat mishandel is 69
3.2.7.2.2 Godsdiens en geloof van die adolessent wat mishandel is 70
**3.3 SAMEVATTING 73**

**HOOFSTUK 4**
**'N PASTORALE PERSPEKTIEF OP DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS SE GODSBEELD**

**4.1 INLEIDING 75**
**4.2 PASTORAAT IN DIE PASTORALE ONTMOETING MET DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS 76**
4.2.1 Pastorale teologie 79
4.2.2 'n Hermeneutiese aangeleentheid 80
4.2.3 Pastorale ontmoeting met die adolessent wat mishandel is 81
**4.3 TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE VAN DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS 82**
4.3.1 Sedelike en normatiewe keusevermoë van die adolessent wat mishandel is 84
4.3.2 Die skepping van die mens 84
4.3.2.1 Die mens geskape na die beeld van God 85
4.3.2.2 Die mens as verbondswese 85
4.3.2.3 Die mens as verhoudingswese 86
4.3.2.3.1 Verhouding tot God 86
4.3.2.3.2 Verhouding tot die medemens 87
4.3.2.3.3 Verhouding tot die self 87
4.3.2.3.4 Verhouding tot die omgewing en kultuur 87
**4.4 METAFORIESE WERKWYSE BINNE DIE PASTORALE ONTMOETING MET DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS 88**
4.4.1 Metafore vir God: Godskonsepte / Godsvoorstellinge 89

| | | |
|---|---|---|
| **4.5** | **EVALUERING VAN GELOOF, GODSDIENS EN GODSVOORSTELLINGE BY DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS** | **91** |
| 4.5.1 | Geloofsanalise van die adolessent wat mishandel is | 93 |
| 4.5.2 | Religieuse analise van die adolessent wat mishandel is | 94 |
| 4.5.3 | *Teo*-logiese analise van die adolessent wat mishandel is | 94 |
| 4.5.3.1 | Godsvoorstelling en verhaalanalise | 94 |
| 4.5.3.2 | Vier hermeneutiese modelle vir die maak van ’n *teo*-logiese analise | 95 |
| 4.5.3.2.1 | Metafore wat analogies en simbolies oor God spreek | 96 |
| 4.5.3.2.2 | Die ervaringsgerigte teodiseemodel wat ’n verband lê tussen God en lyding | 96 |
| 4.5.3.2.3 | Pastoraal-semantiese differensiaal-analise | 98 |
| 4.5.3.2.4 | Die kognitiewe geloofsgedrag-model | 99 |
| **4.6** | **SAMEVATTING** | **102** |

**HOOFSTUK 5**

**’N TEORETIESE PERSPEKTIEF OP GESTALTTERAPIE AAN DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | **INLEIDING** | **103** |
| **5.2** | **DEFINIËRING VAN DIE GESTALTBENADERING** | **103** |
| **5.3** | **GESTALTTERAPIE AS TERAPEUTIESE BENADERING** | **104** |
| **5.4** | **TEORETIESE KONSEPTE VAN DIE GESTALTTEORIE** | **105** |
| 5.4.1 | Holistiese benadering | 105 |
| 5.4.2 | Homeostase en organismiese selfregulering | 106 |
| 5.4.2.1 | Die proses van Gestaltvorming en Gestaltvernietiging | 107 |
| 5.4.2.1.1 | Bewustheidskontinuum | 107 |
| 5.4.2.1.2 | Die proses van kontakmaking | 109 |
| 5.4.2.1.2.1 | Kontakgrensversteurings | 110 |
| 5.4.2.1.3 | Behoeftebevrediging en onttrekking | 113 |
| 5.4.3 | Fragmentasie | 113 |
| 5.4.3.1 | Onvoltooidhede | 113 |
| 5.4.3.2 | Polariteite | 114 |
| 5.4.4 | Struktuur van persoonlikheid/neuroses | 114 |
| 5.4.4.1 | Die vals laag (“phony layer”) | 114 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.4.4.2 | Die fobiese laag | 115 |
| 5.4.4.3 | Die impasselaag | 115 |
| 5.4.4.4 | Die implosiewe laag | 116 |
| 5.4.4.5 | Die eksplosiewe laag | 116 |
| **5.5** | **TEORIE VAN VERANDERING BINNE GESTALTTERAPIE** | **116** |
| **5.6** | **DIE ADOLESSENT SE PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING** | **118** |
| 5.6.1 | Die adolessent wat mishandel is se proses volgens Gestaltterapie | 118 |
| 5.6.1.1 | Die self in Gestaltterapie | 118 |
| 5.6.1.2 | Selfkonsep en selfagting | 119 |
| 5.6.1.3 | Selfaktualisering en beheer | 119 |
| 5.6.1.4 | Keuses deur kognitiewe ontwikkeling | 120 |
| 5.6.1.5 | Selfaanvaarding en eie mening | 120 |
| 5.6.1.6 | Emosionele ontwikkeling en selfvertroeteling | 120 |
| 5.6.1.7 | Weerstand | 121 |
| **5.7** | **EKSPERIMENT** | **121** |
| **5.8** | **GESTALTTERAPIETEGNIEKE** | **122** |
| 5.8.1 | Dialoog en taalgebruik | 122 |
| 5.8.1.1 | Vraagstelling | 122 |
| 5.8.1.2 | Nie-verbale taal | 122 |
| 5.8.1.3 | Semantiese opklaring | 122 |
| 5.8.1.4 | Onvoltooide sinne | 122 |
| 5.8.1.5 | Polariteite | 123 |
| 5.8.1.6 | Oordrywing | 123 |
| 5.8.1.7 | Samevloeiing | 123 |
| 5.8.1.8 | Herformulering | 123 |
| 5.8.2 | Paradoks | 123 |
| 5.8.3 | Die leëstoeltegniek | 123 |
| 5.8.4 | Droomtegniek | 124 |
| 5.8.5 | Pendeltegniek | 124 |
| 5.8.6 | Projeksietegniek | 124 |
| 5.8.6.1 | Fantasiespel | 124 |
| 5.8.6.2 | Monstertegniek | 125 |
| 5.8.6.3 | Sensoriese stimulasie | 125 |
| 5.8.7 | Verhale (stories), fabels en metafore | 125 |
| 5.8.7.1 | Metafore | 125 |

**5.9 SAMEVATTING 126**

**HOOFSTUK 6**

**EMPIRIESE NAVORSING: ’N PASTORALE GESTALTBENADERING**

**6.1 INLEIDING 128**
**6.2 DIE PROSES EN UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE 128**
6.2.1 Probleemanalise en projekbeplanning 128
6.2.1.1 Identifisering en betrek van die kliënt 129
6.2.1.2 Verkryging van toegang tot en samewerking uit die gemeenskap 129
6.2.1.3 Identifisering van bekommernisse/probleme van die populasie 129
6.2.1.4 Analisering van geïdentifiseerde probleme 130
6.2.1.5 Die stel van die doel en doelwitte vir die navorsing 130
6.2.2 Inligtinginsameling en sintese (samevatting) 132
6.2.2.1 Die gebruik van bestaande inligtingsbronne 133
6.2.2.2 Bestudering van natuurlike voorbeelde 133
6.2.2.3 Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle 133
6.2.3 Ontwerp 133
6.2.3.1 Soort navorsing 133
6.2.3.2 Ontwikkeling van ’n waarnemingsisteem 134
6.2.3.3 Spesifisering van die prosedure-elemente van die intervensie 134
6.2.4 Vroeë ontwikkeling en vooronderSoek 135
**6.3 RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING 135**
6.3.1 Die bou van ’n terapeutiese verhouding met die adolessent wat mishandel is 136
6.3.1.1 Die totstandkoming van die verhouding (“I-Thou”) 136
6.3.1.2 Grense in die terapeutiese verhouding 137
6.3.2 Kontakmaking 137
6.3.3 Die adolessent se proses 138
6.3.4 Die terapeut vra die adolessent om ’n projeksie te maak 139
6.3.5 Besitneming van projeksie 141
6.3.6 Bepaling van alternatiewe 142
6.3.7 Keuses en verantwoordelikhede 142
6.3.8 Die adolessent moet sy emosie besit en uitdruk 143

| | | |
|---|---|---|
| 6.3.9 | Polariteite | 143 |
| 6.3.10 | Bemagtiging van die adolessent | 143 |
| 6.3.11 | Selfvertroeteling | 143 |
| 6.3.12 | Evaluering van die proses en terminering | 144 |
| **6.4** | **SAMEVATTING** | **144** |

**Hoofstuk 7**

**SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELING**

| | | |
|---|---|---|
| **7.1** | **INLEIDING** | **145** |
| **7.2** | **NAVORSINGSPROBLEEM, NAVORSINGSVRAAG EN DOEL VAN DIE NAVORSING** | **145** |
| 7.2.1 | Hoofstuk 1: Algemene inleiding tot die navorsing | 145 |
| 7.2.1.1 | Samevatting van die hoofstuk | 145 |
| 7.2.1.2 | Gevolgtrekking | 146 |
| 7.2.1.2.1 | Gevolgtrekking oor die navorsingsvraag | 146 |
| 7.2.1.2.2 | Bereiking van doel | 146 |
| 7.2.1.2.3 | Bereiking van doelwitte | 147 |
| **7.3** | **SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING VOLGENS DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE** | **147** |
| 7.3.1 | Hoofstuk 2: Die definisie, omvang en simptome van mishandeling | 147 |
| 7.3.1.1 | Samevatting van die hoofstuk | 148 |
| 7.3.1.2 | Gevolgtrekking | 148 |
| 7.3.2 | Hoofstuk 3: Die implikasie van mishandeling op die ontwikkeling van die adolessent | 148 |
| 7.3.2.1 | Samevatting van die hoofstuk | 148 |
| 7.3.2.2 | Gevolgtrekking | 148 |
| 7.3.3 | Hoofstuk 4: 'n Pastorale perspektief van die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld | 149 |
| 7.3.3.1 | Samevatting van die hoofstuk | 149 |
| 7.3.3.2 | Gevolgtrekking | 149 |
| 7.3.4 | Hoofstuk 5: 'n Teoretiese perspektief van Gestaltterapie aan die adolessent wat mishandel is | 149 |
| 7.3.4.1 | Samevatting van die hoofstuk | 149 |
| 7.3.4.2 | Gevolgtrekking | 150 |

7.3.5 Hoofstuk 6: Empiriese navorsing: ’n Pastorale Gestaltterapeutiese benadering 150
7.3.5.1 Samevatting 150
7.3.5.2 Gevolgtrekking 151
**7.4 GEVOLGTREKKING VAN DIE NAVORSING 151**
**7.5 TEKORTKOMINGE EN AANBEVELING VIR VERDERE NAVORSING 151**
**7.6 SLOTOPMERKING 152**

**BRONNELYS 153**

## BYLAES

**BYLAE 1 171**
**BYLAE 2 175**
**BYLAE 3 177**
**BYLAE 4 178**
**BYLAE 5 179**

## TABELLE

**TABEL 1: Skopuspunt tussen pastoraat en psigologie (konvergensiemodel) 77**
**TABEL 2: Uiteensetting van die pastorale diagnosekaart van Louw (1999b:378) 93**
**TABEL 3: ‘n Raamwerk vir metafore vir God 97**
**TABEL 4: Negatiewe Godsvoorstellings 100**
**TABEL 5: Positiewe Godsvoorstellings 101**

# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE INLEIDING TOT DIE NAVORSING

### 1.1 INLEIDING

Mishandeling is een van die mees traumatiese ervarings wat deur die adolessent[1] beleef kan word en het ŉ invloed op sy fisieke, psigiese, sosiale en emosionele ontwikkeling. Mishandeling en verwaarlosing bepaal en beïnvloed die gesonde ontwikkeling van die adolessent. In die ontwikkeling van die adolessent word hy minder afhanklik van die sorg van die ouer en die mishandeling en verwaarlosing in die vroeëre jare eis sy tol op die emosionele vlak van die adolessent. Hy worstel gewoonlik met ŉ traumatiese persoonlike geskiedenis wat veroorsaak dat daar nie ŉ hoopvolle lewensvisie in die vooruitsig gestel kan word nie. Hierdie aspek is bekend as die identiteitskrisis van die adolessent en kan veroorsaak dat daar onvoltooide groei oorgedra word in die ontwikkelingsfases.

In die studie word daar gefokus op die emosionele ervaring, gedrag en hantering van mishandeling deur die adolessent en sy verhouding met God. Vanuit ŉ pastorale Gestaltterapiebenadering sal daar gekyk word na die adolessent se verhouding met God. Die vraag wat hier gestel kan word, is of daar aktiwiteite is wat op die godsdiensvlak lê wat die adolessent se verhouding met God beïnvloed. Indien wel, wat is die indikators of simptome en hoe manifesteer dit in die godsdienstige gedrag van die adolessent wat mishandel is? ŉ Antwoord op die vraag sal moet uitgaan van ŉ bepaalde mensbeskouing. *Enersyds* moet die adolessent gesien word as ŉ unieke skepsel van God. *Andersyds* is die adolessent ŉ psigofisieke eenheid wat meer is as die somtotaal van sy menslike eienskappe. Tussen die psigiese en die fisieke vind daar ŉ interaksie plaas wat meebring dat die adolessent sy ervaringswêreld as totale mens beleef en as totale mens daarop reageer. Dit spreek daarom vanself dat prikkels van buite en die menslike ervaring daarvan, sy godsdienstige rasionaal of geloofsisteem behoort te affekteer. Dit is belangrik dat daar deeglik kennis geneem word van die ontwikkeling van die adolessent en daarmee saam die geloofsontwikkeling en Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is. Die implementering van gepaste intervensie en tegnieke is baie belangrik in die terapie aan die adolessent wat mishandel is. Daarom is dit noodsaaklik dat die terapeut oor voldoende kennis en insig moet beskik om die adolessent wat mishandel is te verstaan.

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die motivering van die keuse van die onderwerp, die probleemstelling en navorsingsvrae, die doel en doelwitte, vooronderseok,

---

[1] Hoewel die manlike vorm gebruik word as daar verwys word na die adolessent of respondent, het dit ongeag die geslag op beide betrekking.

navorsingsmetodologie, begrensing van studie, definiëring van relevante begrippe en die indeling van die navorsingsverslag.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN ONDERWERP

Volgens die navorser is dit vanuit die literatuurstudie duidelik dat daar 'n toenemende hoeveelheid adolessente is wat onder mishandeling ly. Die verskynsel van mishandeling het tot gevolg dat die adolessent onderwerp is aan verwerping, verwaarlosing, terrorisering, antisosiale gedrag, seksuele blootstelling, minimum opvoeding en stimulering, en onrealistiese en onbetroubare ouerskap (Briere, 1992:9). In al die vorms van mishandeling - fisies, psigies, emosioneel en seksueel - speel die emosionele impak van mishandeling 'n belangrike rol in die adolessent se verhouding met God.

Daarom was die navorser se persoonlike motief vir hierdie tema die vraag na die ontwikkeling van die adolessent se verhouding met God wat beïnvloed word deur mishandeling. Vanuit 'n holistiese beskouing en deur die benutting van spelterapie binne die pastoraat en die Gestaltterapiebenadering, is die adolessent en sy omgewing in kontak met mekaar gebring. Die adolessent is gehelp om met die nodige bewustheid te fokus op dit wat op sy voorgrond is ten einde selfregulering van sy emosionele belewenis te bereik (Louw, 1996:633-635). Deur pastorale en Gestaltterapie is die adolessent begelei tot 'n herstelfase om skuldgevoel, verwerping, woede, vrees, ensovoorts, in sy verhouding met God te verwerk.

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Probleemformulering dien as 'n rigtingaanduiding vir die navorser waardeur die ondersoek gerig word asook die grense vir die navorsing bepaal word (Blaikie, 2000:45). Probleemformulering is nodig om 'n presiese aanduiding te kry van die soort domeinverskynsel (adolessent se verhouding met God) en om vas te stel watter aspekte, eienskappe of dimensies van die domeinverskynsel nagevors word (Mouton en Marais, 1992:39). Probleemformulering vorm deel van die proses vanaf die navorsingsonderwerp tot by die vorming van 'n stelling of hipotese. Creswell (2003:80) definieer die navorsingsprobleem soos volg: "A research problem is the issue that exists in the literature, in theory, or in practice that leads to a need for the study."

Vanuit die navorsing het dit duidelik na vore gekom dat mishandeling ernstige psigososiale implikasies vir die adolessent inhou. Mishandeling beïnvloed die adolessent as individu in sy gesin en in die samelewing (Wiebe, 1996:58). Dit beïnvloed die adolessent se vermoë om stabiele verhoudings op te bou asook sy selfbeeldvorming wat aanleiding gee tot

emosionele probleme en selfs psigiese response (Briere, 1992:19). Hierdie disekwilibrium het te make met die fisieke, emosionele en relasionele aspekte van die adolessent. Die uitgangspunt is dat die adolessent oor 'n geestelike dimensie beskik wat die ander as't ware omvou. In die geestelike dimensie staan die adolessent in 'n verhouding met God. Indien alle ander relasies deur mishandeling verwring word, behoort dit ook die adolessent se verhouding met God te beïnvloed.

- Die *navorsingsprobleem* hang saam met die vraag of mishandeling enige implikasies het vir die adolessent se verhouding met God.

Om 'n sinvolle antwoord op bogenoemde navorsingsprobleem te verkry is die volgende doel en doelwitte vir die studie gestel.

## 1.4 DOEL VAN DIE NAVORSING

In die lig van die probleemformulering word aandag gegee aan die doel en doelwitte vir die navorsing.

### 1.4.1 Doel

Daar bestaan volgens die navorser 'n behoefte om die adolessent wat mishandel is se verhouding met God te verstaan en terapeute te bemagtig om insig en sensitiwiteit te ontwikkel ten opsigte van die adolessent wat mishandel is.

Fouché (2002b:107) haal die definisie van 'n navorsingsdoelstelling uit "Webster's third international dictionary" aan as "... the end toward which effort or ambition is directed: aim, purpose". Dit is "... 'n breë aanduiding van wat met die navorsing bereik wil word" (Mouton en Marais, 1992:42). Die formulering van die doel sal dus bepaal word deur die finale uitkoms wat vir die studie gevisualiseer word.

- Die doel met hierdie navorsing is om deur intervensie te bepaal of mishandeling enige implikasies het vir die adolessent se verhouding met God.

### 1.4.2 Doelwitte

Met al die inligting tot beskikking van die navorser is daar gepoog om 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie daar te stel om die adolessent wat mishandel is te begelei in sy verhouding met God. Die doelwitte tydens hierdie navorsing word soos volg uiteengesit:

- Om 'n grondige literatuurstudie te doen van die definisie, omvang en simptome van mishandeling;
- om die implikasies van mishandeling op die ontwikkeling van die adolessent te bestudeer;

- om ’n pastorale perspektief op die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld te beskryf;
- om ’n teoretiese perspektief op Gestaltterapie aan die adolessent wat mishandel is te beskryf.
- om vanuit ’n pastorale Gestaltterapeutiese benadering die adolessent wat mishandel is se verhouding met God te bespreek deur die Godsbeeld van die adolessent te bepaal.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE

In die ondersoek is daar ’n navorsingsvraagstelling en nie ’n hipotese geformuleer nie. Volgens De Vos (2003a:36) is ’n navorsingsvraag die antwoord op die vrae “wat”, “watter”, “hoekom” en “hoe”. Deur die navorsingsvraag is die navorser in staat om te fokus op dit waartoe die navorsing lei en wat die verwagte uitkoms kan wees. Blaikie (2000:60) beklemtoon die nodigheid van ’n navorsingsvraag wanneer hy dit soos volg stel: “…a research project is built on the foundation of its research questions”. Volgens De Vos (2002a:35) moet die stelling deur die navorsing getoets word voordat dit as ’n geldige teorie of deel van ’n geldige teorie aanvaar kan word. Die volgende navorsingvraagstelling het aanleiding gegee tot die ondersoek:

- Hoe word die adolessent wat mishandel is se verhouding met God deur mishandeling beïnvloed?
- Die stelling vir hierdie navorsing lui dat mishandeling wel negatiewe implikasies vir die Godsbeeld van die adolessent het wat om ’n terapeutiese benadering vra ter wille van die herstel van die adolessent se verhouding met God.
- Die verwagte gevolgtrekking na afloop van die navorsing is dat daar deur intervensie vasgestel sal word dat mishandeling bepaalde implikasies het vir die adolessent se verhouding met God.

## 1.6 NAVORSINGSBENADERING

In die praktyk word navorsing in twee breë benaderings onderskei, naamlik die kwantitatiewe en die kwalitatiewe benadering (Blaikie, 200:231). In die kwantitatiewe navorsing word daar klem gelê op die normatiewe en poog die kwantitatiewe navorsing om die sosiale werklikheid objektief te verklaar (Fouché en Delport, 2003a:79). In teenstelling met die kwantitatiewe benadering is die kwalitatiewe benadering nie objektief nie maar subjektief en probeer dit die adolessent binne sy sosiale konteks verstaan. Daar word van interpretasie gebruik gemaak en dit is holisties van aard (Fouché en Delport, 2002a:79).

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is daar hoofsaaklik vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering gewerk. Met al die inligting tot beskikking van die navorser is gepoog om met behulp van 'n pastorale Gestaltterapeutiese benadering die adolessent in sy verhouding met God te begelei. In hierdie navorsingsondersoek het die navorser sekere pastorale en Gestaltterapie-konsepte beskryf, ontleed en toegepas binne die riglyn wat beskryf is. Die navorser wil 'n teoretiese perspektief daarstel waarbinne die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is verklaar kan word. Hierdie teoretiese perspektief sal dan as basis dien vir die pastorale terapie aan die adolessent. Die fokus in die bespreking is die adolessent wat as persoon benader word.

Die navorser is van mening dat die kwalitatiewe benadering gepas is om die verskeidenheid inligting in te samel en sodoende die kennis vir navorsing daar te stel. Kwalitatiewe navorsing het die volgende kenmerke (Fouché en Delport, 2002a:82):

- *Epistemologiese grondslag of kennisontwikkeling in die fenomenologie*. In die navorsing is data ten opsigte van mishandeling, adolessensie en die verhouding van die adolessent met God versamel. Daar is gepoog om bestaande leemtes en behoeftes te verken en te beskryf deur die gebruik van hoofsaaklik kwalitatiewe maar ook kwantitatiewe navorsingsmetodes, naamlik 'n literatuurstudie, semigestruktureerde vraelyste, intervensie en assessering, onderhoude en gestruktureerde vraelyste
- Die doel is om 'n *gedetailleerde beskrywing van die sosiale werklikheid* saam te stel. In die navorsing gebruik die navorser beskrywing om dit wat ondersoek word weer te gee. Neuman (1997:29) beskryf die proses as: "… a qualitative researcher focuses on subjective meanings, definitions, metaphors, symbols and descriptions of specific cases." Die navorser het die kwalitatiewe proses gebruik om die verhouding met God, soos die adolessent dit ervaar, te beskryf en te definieer deur verkenning en beskrywing.
- Die *induktiewe metode van beredenering* word benut. Die induktiewe redenering beteken om van die spesifieke na die algemene te redeneer terwyl die deduktiewe redenering van die algemene na die spesifieke beweeg. Babbie (2001:108) definieer deduksie en induksie as: "Deduction: the logical model in which specific expectations or hypotheses are developed on the basis of general principles. Induction: The logical model in which general principles are developed from specific observations." Die navorser het die spesifieke data wat vanaf die adolessent verkry is gebruik om te beskryf dat mishandeling negatiewe implikasies het op die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is.

- Dit is geskik vir *navorsing in ’n onbekende terrein om die fenomeen te verstaan*. Die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is het die geleentheid gebied dat dit grondig nagevors kon word.
- Die *adolessent se natuurlike taal* word benut om tot die ware ervaring van sy wêreld te kom. Die navorser het dit wat ervaar en beleef is en inligting wat deur middel van verskillende metodes van dataversameling verkry is, in die navorsing weergegee.
- Die *navorsing is buigbaar en uniek* gedurende die navorsingsproses.
- Bronne van *data word bepaal deur die rykdom van inligtingsbronne*. Die navorser het verskillende metodes van dataversameling gebruik. Die vraelys wat benut is, vanuit die *teo*-logiese analise, is die pastoraal-semantiese differensiaal-analise.
- Die *ontleding is holisties* en konsentreer op die verhouding tussen elemente en kontekste. Die geheel is altyd meer as die som van die elemente. Inligting vanuit die literatuurstudie, semigestruktureerde vraelyste, intervensie en assessering, onderhoude en ’n gestruktureerde vraelys is as ’n geheel ontleed sodat ’n navorsingsontleding gemaak kon word wat die verhouding tussen die elemente weergee.

## 1.7 SOORT NAVORSING

Daar kan onderskei word tussen basiese en toegepaste navorsing. Basiese navorsing is ’n soektog na antwoorde op vrae om die fundamentele waarheid van die sosiale realiteit te verstaan. Neuman (1997:21) beskryf basiese navorsing as: “Basic research is the source of most new scientific ideas and ways of thinking about the world”. Toegepaste navorsing daarenteen, gebruik verworwe inligting om spesifieke praktiese aangeleenthede aan te spreek. Blaikie (2000:49) beskryf toegepaste navorsing soos volg: “Applied research is concerned with practical outcomes, with trying to solve some practical problems with helping practitioners accomplish tasks, and with the development and implementation of policy.”

In hierdie studie is daar van basiese sowel as toegepaste navorsing gebruik gemaak. Die basiese navorsing dra by tot die teorie of kennis deur die stelling wat geformuleer is en die vroeë ontwikkeling en voorondersoek van die pastorale Gestaltterapeutiese benadering. Dit beteken dat die toegepaste navorsing aanbevelings en oplossings bied vir die probleem wat die adolessent wat mishandel is ervaar (Hart, 1998:46). Die doel was om die teoretiese insig te neem en toe te pas in ’n werklike situasie.

Die adolessent wat mishandel is se verhouding met God is verklaar en beskryf vanuit ’n gestruktureerde vraelys. Beskrywend is daar gepoog om die Godsbeeld van die

adolessent wat mishandel is te verstaan deur die detail van die elemente wat daarvan ’n verskynsel maak, waar te neem, en sodoende ’n empiriese basis vir geldige argumentering te bied (Zaaiman, 2003:17). Daar is verklarend gesoek na die oorsaak van die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is. Die navorser het in die navorsing gebruik gemaak van toegepaste intervensie in ’n intervensienavorsingsmodel (De Vos, 2002d:394). Die intervensienavorsing het objektief en verkennend te werk gegaan met die beskrywende strategie wat daarop gevolg het.

## 1.8 NAVORSINGSTRATEGIE (KWALITATIEF)

Die navorsingstrategie verwys na die benadering wat ‘n navorser gebruik om ’n bepaalde ondersoek te doen. ’n *Navorsingsontwerp* word by kwantitatiewe navorsing gebruik terwyl ’n *navorsingstrategie* gebruik word wanneer kwalitatiewe navorsing gedoen word (Fouché, 2002c:271). Fouché (2002d:271) beskryf die navorsingstrategie as die opsies wat vir die navorser beskikbaar is om sekere verskynsels te bestudeer deur sekere formules te gebruik wat toepaslik is om die spesifieke doel van die navorsing te bereik. Die tipe navorsingstrategie word bepaal deur die doel van die navorsing, die aard van die navorsingsvraag en die vaardighede en hulpbronne van die navorser.

Soos reeds gemeld, is die intervensienavorsingsmodel (De Vos, 2002d:397) binne hierdie navorsing toegepas. Die proses van die intervensienavorsingsmodel bestaan uit ses fases, naamlik:

- Die fase van probleemanalise;
- die fase van inligtinginsameling en sintese (samevatting);
- die fase van ontwerp;
- die fase van vroeë ontwikkeling en vooronderso ek;
- die fase van evaluering en gevorderde ontwikkeling;
- die fase van disseminasie (verspreiding).

Vier van die fases is in die navorsing benut en sal in hoofstuk 6 toegepas word. Die pastorale Gestaltterapiebenadering is beïnvloed deur al die inligting vanuit die literatuurstudie en die voorafgaande fases van die intervensienavorsingsmodel. Hierdeur is die literatuurstudie en die empiriese navorsing met mekaar in verband gebring. Data is ingesamel en geanaliseer ten opsigte van mishandeling en die implikasies daarvan op die adolessent se verhouding met God asook die Godsbeeld van die adolessent, wat vir die herstel van die adolessent om ’n spesifieke terapeutiese benadering gevra het.

Die fases in die intervensienavorsingsmodel fokus op ’n verkennende en beskrywende aard van navorsing wat getrou is aan kwalitatiewe navorsing. Die eerste en tweede fase

van die intervensienavorsingsmodel is verkennend van aard, terwyl die derde fase beskrywend is.

## 1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE

Die navorser volg sekere stappe wanneer navorsing gedoen word. Wat die navorsingsmetode aanbetref, is gebruik gemaak van inligting uit die beskikbare literatuur. Die navorsingsprosedure wat gevolg is, was hoofsaaklik kwalitatief. Hier is daar vanuit die stelling beweeg om deur die navorsing die stelling grondig te staaf. Volgens Strydom (2002:285) kan verskeie kwalitatiewe dataversamelingsmetodes gevolg word. In hierdie navorsing is gebruik gemaak van ’n literatuurstudie, gestruktureerde vraelys en intervensieresultate. In die vraelys is daar gebruik gemaak van ongestruktureerde vrae om die geldigheid van die stelling te bepaal (Delport, 2002:182).

Kwalitatiewe navorsing word beskou as die grondslag van navorsing wat die fenomeen in sy eie leefwêreld bestudeer. Die navorser se induktiewe metode van beredenering het hom gelei om neutraal te bly in die insameling en analisering van konsepte wat deur middel van woorde, aanhalings en ontledings beskryf is. Die kwalitatiewe navorsingsprosesmodel kan in die onderstaande vyf fases en twaalf stappe verdeel word (Fouché en Delport, 2002a:85-92). Die navorsingsproses is aan die hand hiervan deur die navorser toegepas.

### 1.9.1 Fase 1: Keuse van navorsingsonderwerp

Die keuse van die navorsingsonderwerp is die eerste stap in die navorsingsproses.

**Stap 1: Identifisering van navorsingsonderwerp**

Die identifisering van die navorsingsonderwerp vind plaas deur waarneming in praktyk (Fouché, 2002d:275) en bestudering van die onderwerp in die literatuur (Fouché en Delport, 2002a:86). Hieruit volg die bepaling van die navorsingsdoel en -doelstellings, waaruit die navorsingsontwerp ontleed word. Dit bepaal die teoretiese perspektief van navorsingstrategie. Die ontwerp van die ondersoek en data-insameling en -ontleding volg hieruit. In hierdie fase formuleer die navorser ook sy onderwerp deur die formulering van navorsingsvrae (Fouché en Delport, 2002a:86-87).

Die navorsingsonderwerp is gekies ná bewuswording van die vraag of mishandeling enige godsdienstige implikasies tot gevolg het vir die adolessent wat mishandel is en wat die aard daarvan is in sy verhouding met God. Na ’n literatuurstudie is die probleem geïdentifiseer en ’n navorsingsvraag is geformuleer.

### 1.9.2 Fase 2: Formele formulering

Fase 2 word in die volgende drie stappe verdeel:

**Stap 2: Bepaal of die kwalitatiewe, kwantitatiewe of gekombineerde benadering die mees geskikte is vir die navorsingsproses**

Die navorser bestudeer verskeie navorsingsbenaderings en die mees geskikte benadering vir die navorsingstudie word bepaal. Die navorser maak die keuse tussen 'n kwantitatiewe of kwalitatiewe of gekombineerde navorsing wat gevolg word (Fouché en Delport, 2002a:87). Tydens hierdie ondersoek is hoofsaaklik op die kwalitatiewe benadering besluit.

**Stap 3: Formulering van die navorsingsprobleem of -vrae of -hipotese**

Tydens hierdie stap word die navorsingsvraag of stelling geformuleer (Fouché en Delport, 2002a: 87). Die volgende navorsingsvraag is deur die navorser geformuleer:

- Hoe word die adolessent wat mishandel is se verhouding met God deur mishandeling beïnvloed?
- As stelling is daar in hierdie navorsing gestel dat mishandeling wel negatiewe implikasies op die Godsbeeld van die adolessent het wat om 'n terapeutiese benadering vra in die herstel van die adolessent se verhouding met God.
- Die verwagte gevolgtrekking, deur die navorsing, is om deur intervensie te bepaal dat mishandeling wel implikasies het vir die adolessent se verhouding met God.

**Stap 4: Opstel van die navorsingsvoorstel**

Die navorsingsverslag is die finale stap in die navorsingsmetodologie. Die navorsingsvoorstel is die detail van die navorsingsprobleem of -vrae (Fouché en Delport, 2002a:87). Na stap 4 verskil die stappe van die navorsing in kwantitatiewe navorsing en kwalitatiewe navorsing.

Die navorser bespreek slegs die stappe wat in kwalitatiewe navorsing van toepassing is.

### 1.9.3 Fase 3: Beplanning

Beplanning van die kwalitatiewe proses word in die onderstaande vier stappe verdeel (Fouché en Delport, 2002a:89-90):

**Stap 5: Die keuse van 'n paradigma en die rol van die literatuurstudie**

Hierdie stap is veral belangrik aangesien dit die daaropvolgende stappe in die navorsing bepaal. Die literatuurstudie speel 'n belangrike rol en dien as riglyn vir die navorsing (Fouché en Delport, 2002c:266). Hoofstukke 2 tot 5 van die navorsingsverslag is 'n teoretiese literatuurstudie.

**Stap 6: Selektering van 'n navorsingstrategie**

Die doel van die kwalitatiewe navorsing, navorsingsvraag, die vaardigheid en beskikbare bronne, bepaal die verskillende strategieë. Elke strategie het sy eie metode van data-insameling en tegnieke vir data-ontleding. Die hele proses is uniek in elke navorsingstudie

(Fouché en Delport, 2002a:90). Die navorser het in hierdie navorsing gebruik gemaak van toegepaste intervensie in 'n intervensienavorsingsmodel (De Vos, 2002d:394).

**Stap 7: Selektering van metodes van inligtinginsameling en -ontleding**

Die navorser besluit oor inligtinginsameling en ontleding (Fouché en Delport, 2002a:90). In dié navorsing is van die volgende metodes gebruik gemaak:

- Literatuurstudie wat fokus op mishandeling, ontwikkeling van die adolessent, Godsbeeld, pastoraat en Gestaltterapie;
- Gestruktureerde vraelys aan adolessente wat mishandel is. Vanuit die vraelys wat geanaliseer is, is bepaal dat mishandeling negatiewe implikasies op die Godsbeeld en die adolessent se verhouding met God het.
- Tydens intervensie en assessering, onderhoude en terapeutiese sessies is data by wyse van notas gedokumenteer.

**Stap 8: Raamwerk vir die ontwikkeling van die steekproef**

In die kwalitatiewe navorsing is dit noodsaaklik om beskrywende inligting in te samel van die persoon en plek van die steekproef, asook om bronne te identifiseer wat ryk is aan inligting (Fouché en Delport, 2002a:91). Daar is van 'n steekproef gebruik gemaak. Die respondente en ander bronne van inligting het die rykdom van inligting verskaf wat nodig was.

### 1.9.4 Fase 4: Implementering

Die implementering van keuses word in twee stappe gedoen:

**Stap 9: Besluit watter elemente van 'n loodsondersoek is van toepassing**

In kwalitatiewe navorsing is dit nie altyd moontlik om 'n loodsondersoek te doen nie as gevolg van die aard van die respondente (Fouché en Delport, 2002a:91). Die navorser moet besluit watter elemente van 'n loodsondersoek toegepas gaan word. Verskillende skrywers gebruik verskillende terminologie om hierdie stap te beskryf. Babbie (volgens Strydom, 2003:211) onderskei tussen die terme voorondersoek en loodsondersoek. Die eerste verwys na die toetsing van een of meer aspekte van die onderwerp terwyl die tweede na 'n afgeskaalde navorsingsondersoek verwys.

Daar is in die navorsing van 'n steekproef gebruik gemaak.

**Stap 10: Insameling van materiaal, rekords en die literatuurstudie**

Uit die literatuurstudie is 'n raamwerk saamgestel vir die interpretasie van die navorsingsresultate (Fouché en Delport, 2002a:91).

Insameling van inligting tydens onderhoude en terapeutiese sessies is ook op skrif gestel.

### 1.9.5 Fase 5: Interpretasie en aanbieding

Interpretasie en aanbieding is die laaste twee stappe van die kwalitatiewe navorsingsproses.

**Stap 11: Prosesseer en analiseer data en verifieer resultate**

Die navorser het die dataversameling geprosesseer, geanaliseer en geverifieer deur die teoretiese perspektief van die studie. Dit is belangrik dat bevindinge deur dataversameling ondersteun word (Fouché en Delport, 2002a:91).

Creswell (2003:191-195) identifiseer die volgende stappe in data-analise:

- Organiseer en berei data voor;
- lees data deur sodat 'n algemene beeld verkry word;
- begin om die data te kodifiseer;
- gebruik die kodifisering om kategorieë te beskryf (Dit is gedoen deur sekere temas te identifiseer en te beskryf);
- besluit hoe die temas beskryf gaan word;
- die finale stap is die interpretasie van die betekenis van die dataversameling. Die dataontleding en -prosessering is in hoofstuk 6 gedoen en deur literatuur geverifieer. In hoofstuk 7 is gevolgtrekkings en aanbeveling gemaak.

Die geldigheid van data is 'n deurlopende proses en is baie belangrik. Creswell (2003:195) verwoord dit soos volg: "Validity ... is seen as a strength of qualitative research, but it is used to suggest determining whether the findings are accurate from the standpoint of the researcher, the participant, or the readers of an account".

**Stap 12: Skryf van navorsingsverslag**

Die navorsingsproses is deur 'n navorsingsverslag gevolg waarin die navorsingsresultate weergegee is (Fouché en Delport, 2002a:91).

## 1.10 UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK

Hierdie navorsing is suksesvol afgehandel as gestel word dat mishandeling negatiewe implikasies vir die adolessent se Godsbeeld en verhouding met God het. Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat daar 'n spesifieke terapeutiese benadering (inset) kan wees in die herstel van die adolessent. In die navorsing is die proses vergemaklik deur die feit dat die navorser 'n studentepredikant is wat reeds 'n bepaalde vertrouensverhouding met die respondente opgebou het. Die navorser het ook direk toegang tot die Noordwes-Universiteit en kundiges wat op die navorsingsgebied spesialiseer.

### 1.10.1 Literatuurstudie

ʼn Literatuursoektog wat ʼn elektroniese soektog ingesluit het, is voor die navorsing gedoen. Volgens Strydom (2002:211) bepaal literatuurstudie die betekenis van die navorsing aangesien dit die navorser op datum bring met bestaande kennis. Literatuur uit verwante professies het bygedra tot die uitvoerbaarheid van die ondersoek. Daar is van historiese bronne gebruik gemaak aangesien heelwat literatuur ten opsigte van Gestaltterapie en teologie ouer as tien jaar is. Die Gestaltterapietegnieke van Oaklander en Schoeman is ook in die navorsing gebruik.

### 1.10.2 Konsultasie met kundiges

Om die navorsingsprobleem skerper te omlyn en om praktiese en tegniese inligting ten opsigte van die onderwerp te bekom is die kennis van kundiges op die gebied van die navorsing bekom (Strydom, 2002:210). Daar is met kundiges gekonsulteer om ʼn holistiese beeld van bestaande kennis te verkry. Die behoefte het na vore gekom dat daar gekyk word na die implikasies van mishandeling op die adolessent se Godsbeeld en sy verhouding met God.

- Verskeie gesprekke is gevoer met predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Nederduits Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerk;
- gesprekke met maatskaplike werkers van die KMR en die Ondersteuningsraad;
- konsultasie met ʼn pediater, dr. Frank Böcking van Medi-Clinic in Potchefstroom;
- konsultasie met ʼn psigiater, dr. Reynard Sieberhagen in Windhoek;
- konsultasie met dr. Marie Steyn van Noordwes-Universiteit by die Skool vir Psigo-Sosiale Gedragwetenskappe wat onder andere ook Gestaltterapie doseer;
- gesprek met die studentedekaan, prof. Hendré Reyneke van Noordwes-Universiteit;
- gesprekke met prof. Minrie Greeff van Noordwes-Universiteit by die Skool vir Verpleegkunde;
- gesprekke met prof. Alida Nienaber van Noordwes-Universiteit by die Skool vir Psigo-Sosiale Gedragwetenskappe.

### 1.10.3 Voorondersoek

Die navorser het deur die voorondersoek bepaal of die navorsing uitvoerbaar is al dan nie. Die voorondersoek het die navorser die geleentheid gebied om genoeg agtergrondkennis te versamel van die probleem wat nagevors word en hom georiënteer ten opsigte van die beplande navorsing. Die voorondersoek vir die studie het ʼn literatuurstudie, gesprekke met kundiges, intervensie en assessering ingesluit. Die voorondersoek was ʼn integrale deel van die navorsing en het ten doel gehad om die navorsingsprobleem presies te formuleer en die navorsingsproses tentatief te beplan. ʼn Voorlopige studie was nodig

sodat daar 'n oorsig verkry kon word ten opsigte van die praktiese aspekte van die navorsing. Die voorondersoek het die navorser ook die geleentheid gebied om die doel en doelwitte, hulpbronne, omskrywing van universum, metodes van dataversameling en die dataversameling self na te gaan.

#### 1.10.4 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

Daar bestaan verskeie menings oor die verskil tussen die universum en die populasie. "Universe, refers to all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested. Population on the other hand, is a term that sets boundaries on the study units, it refers to individuals in the universe who possess specific characteristics" (Strydom en Venter, 2003:198).

Die fokus in die navorsing is die adolessent wat as persoon benader word. Die navorser stem saam met Strydom en Venter se omskrywing en sien alle adolessente in Suid-Afrika wat mishandel is as die universum. Die populasie vir hierdie ondersoek was die adolessente wat aan die Noordwes-Universiteit studeer, wat uit 'n Christelike huis afkomstig is en tussen die ouderdom van 17 en 20 jaar is.

'n Steekproef bestaan uit elemente van die populasie en word gebruik om sekere fasette van die populasie te beskryf (Strydom en Venter, 2003:199). Twee adolessente van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Potchefstroom Studentegemeente het die steekproefneming uitgemaak. Die steekproefstrategie is 'n niewaarskynlikheidseleksie tesame met die dimensionele seleksie, waar verskillende vorme van mishandeling nagevors is.

Die steekproefneming (vgl. Zaaiman 2003:51) was doelbewus van aard. Gevalle is bestudeer wat aan sekere teoreties beredeneerde maatstawwe voldoen. Hierdie maatstawwe is grootliks bepaal deur die probleemstelling en die reikwydte van die navorsing. Inligtingversamelingstegnieke het op die volgende uitgeloop:

- Literatuurstudie;
- semigestruktureerde vrae;
- gestruktureerde vraelys;
- intervensie en assessering.

### 1.11 ETIESE ASPEKTE

Etiese aspekte is veral van belang tydens maatskaplike ondersoeke aangesien inligting nooit ten koste van die persoon bekom mag word nie (Strydom, 2002:63-76; Zaaiman 2003:67-69). Etiese riglyne dien as die wyse waarop die navorser sy optrede beoordeel.

Uit die aard van die sensitiwiteit rakende die navorsing het die navorser aan al die etiese vereistes voldoen. Strydom (2002:63-75) beklemtoon die volgende aspekte:

- Vrywillige deelname;
- deelnemers moet nie te na gekom word nie;
- ingeligte toestemming is noodsaaklik;
- misleiding van deelnemers is onaanvaarbaar;
- handhawing van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid;
- aksies en vaardigheid van navorsers;
- samewerking met ondersteuners;
- publiseer van inligting;
- professionele kode van etiek;
- etiese besluitneming.

### 1.11.1 Vrywillige deelname

Uit die navorsing was dit duidelik dat sosiale navorsing inbreuk maak op die adolessent se privaatlewe. Dit vra tyd en persoonlike inligting van die adolessent. In hierdie navorsing is die adolessent nie gedwing om sy tyd of persoonlike inligting aan die navorser te verskaf nie. Deelname aan die navorsing was vrywillig. Kreatiewe metodes is aangewend om deelname te verseker sonder dat die deelnemers daartoe gedwing is. Goeie motivering vir die navorsing is aan die deelnemers deurgegee, asook die akkurate en volledige inligting met betrekking tot die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die deelnemers hulle blootstel. Die akkurate en volledige inligting met betrekking tot die navorsing (doel van ondersoek, die prosedure wat tydens die ondersoek gevolg sou word en die geloofwaardigheid van die navorsing) en die professionele hantering van die deelnemers het baie gehelp om deelname te verseker.

### 1.11.2 Geen nadeel vir deelnemers

Deelnemers aan die navorsing is nie deur die navorsing benadeel nie (Strydom, 2002:62). Die deelnemers is deeglik voorberei op die potensiële impak van die navorsing. Enige ongemaklikheid wat na vore gekom het, is met respek en die nodige sensitiwiteit benader.

### 1.11.3 Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid

Die deelnemers het ook die reg gehad om te besluit wanneer, waar, hoe en tot watter mate hulle houdings, oortuigings en gedrag openbaar word. Die identiteit van die deelnemers is in die verslagdoening van die navorsing weerhou sodat die deelnemers nie benadeel kan word nie. Persoonlike inligting van die deelnemers is tydens die navorsing veilig geberg en na afgehandeling van die navorsing vernietig.

## 1.12 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

### 1.12.1 Mishandeling en verwaarlosing

In hierdie navorsing is daar ŉ onderskeid getref tussen mishandeling en verwaarlosing, alhoewel die twee begrippe nie van mekaar geskei kan word nie.

Crous (1992:73) omskryf mishandeling as die langdurige en opsetlike benadeling van die adolessent by wyse van óf aktiewe en direkte mishandeling óf nalatige onthouding van versorging. Conradie (1982:10) beskryf die vorme wat mishandeling meestal aanneem: Dit sluit te veel lyfstraf, intensionele aanranding, brand, byt, suurstofonthouding en verwringing van liggaamsdele in. Alle vorme van emosionele afpersing en verwerping, verwaarlosing, asook seksuele molestering kan hierby ingesluit word. Die mishandelde adolessent is iemand wat opsetlik deur ’n ander persoon fisiek, emosioneel, seksueel of psigies verwaarloos en misbruik word. Die mishandeling het ’n invloed op elke vlak van die adolessent se ontwikkeling omdat sy emosionele belewenis van die mishandeling ’n groot impak op sy gedrag het.

Verwaarlosing word gedefinieer as onverskillige gedrag ten opsigte van die adolessent se basiese behoeftes deur die opvoeder, wat tot fisieke, intellektuele of emosionele skade by die adolessent lei (Crosson-Tower, 1999:63). Adolessente word verwaarloos wanneer die verantwoordelike persone die minimum doen om te sorg dat die adolessent van voedsel, klere, onderdak, mediese sorg, geestelike sorg, persoonlike higiëne, ’n veilige omgewing, opleiding en toesig voorsien word (Carl, 1987:19; Crosson-Tower, 1999:63).

### 1.12.2 Adolessensie

Die tydperk van oorgang van die kinderwêreld na die volwasse wêreld staan in die ontwikkelingpsigologie bekend as die stadium van adolessensie. Geen adolessent ontwikkel in ŉ vakuum nie, maar eerder in ŉ ekologiese ruimte waar ŉ intense wederkerigheid plaasvind. Die uitgangspunt is dat adolessensie ŉ psigososiale stadium is waarin volwasse identiteitsformasie die primêre taak is. Die adolessent ontwikkel die vermoë om formele handelinge uit te voer deur abstrak en logies te dink en afleidings te maak (Demetriou, Doise en Van Lieshout, 1998:195). Met adolessensie het die adolessent die vermoë om sistematies te dink oor alle logiese verhoudinge binne ŉ probleem en reëls op te stel om die probleem op te los sonder konkrete objekte wat hier-en-nou gebonde is (Mwamwenda, 1996:97-103). Adolessente toon ŉ hoë belangstelling in abstrakte denke en kan ŉ konsep van verskeie interaksies vorm (Piaget, 1995:297-299).

Louw (1987:222) stel dat adolessensie gedefinieer kan word as die tydperk tussen die begin van puberteit (stadium waarin fisieke ontwikkeling skielik versnel en sekondêre geslagskenmerke begin ontwikkel) en die bereiking van fisieke, psigiese en emosionele

rypheid. Puberteit begin gewoonlik tussen die ouderdom van 11 en 13 jaar. Seuns bereik puberteit naastenby twee jaar later as meisies. Die einde van adolessensie word gewoonlik bereik tussen die ouderdom van 18 en 20 jaar. Adolessensie word gekenmerk as 'n tydperk waarin dramatiese fisiologiese en psigologiese veranderinge intree. Dit is ook 'n tydperk waarin nuwe uitdagings aan die adolessent gestel word. Die normale ontwikkeling en suksesvolle voltooiing van hierdie ontwikkelingstake hou verband met die geluk en sukses waarmee volwassenheid betree word.

### 1.12.3 Godsbeeld

Dingemans (1991:127) stel dat die Godsbeelde en geloofsbegrippe by die adolessent sal wissel na mate die ouderdom verander. Collins (2005:187) beweer dat adolessente probeer om antwoorde te vind op geloofsvrae en hierdeur ontwikkel hulle eie waardes, godsdienstige oortuigings en lewensfilosofieë. Met die term "Godsbeeld" word nie net bedoel of die adolessent weet wie God is, wat Hy doen en waar Hy "woon" nie, maar ook hoe hy die eienskappe van God interpreteer. Godsbeeld sou ook sinoniem wees met Godsvoorstelling, Godsbeskouing, Godsbegrip, Godsidee en siening van God. Die navorser verkies die term Godsbeeld. Die adolessent se Godsbeeld word beïnvloed deur bepaalde interne en eksterne faktore soos ouers, godsdiensonderrig, samelewing en ook deur sy ouderdom en ontwikkeling. Godsbeeld veronderstel 'n godsdiens of 'n Godsbeskouing wat aan die proses van ontwikkeling onderworpe is.

### 1.12.4 Pastorale terapie/berading

'n Pastorale ontmoeting verwys na die verbondsmatige kontak tussen God en adolessent wat by mekaar betrokke is (Heitink, 1977:170). *Pastorale beraad* beoog terapie vanweë 'n geïdentifiseerde nood, probleem of krisis. Die prosedure, houdings, response, vaardighede en gespreksmetodes in pastorale sorg word aangewend om 'n helpende verhouding tussen die pastor en die adolessent wat mishandel is te vestig (Louw, 1999b:28). *Pastorale terapie* verteenwoordig die helings- en veranderingsdimensie van herstel en groei. In samehang met die hoop van die Christelike geloof kan 'n pastorale terapie omskryf word as *promissio*terapie: die transformerende effek van die vervulde heilsbeloftes in Christus wat deur die Heilige Gees die toekoms ontsluit en hoop wek (Louw, 1999b:28). Pastorale terapie verwys na 'n toestand van heling, ondersteuning, begeleiding, versoening, bewaring en vertolking as uitvloeisel van die kommunikasie van die evangelie/heil om geloofsvolwassenheid en spiritualiteit te bevorder (Louw, 1999b:28-31). Met geloofsvolwassenheid word bedoel: "... verandering (soteriologie-verlossing in Christus); verantwoordelike keusegedrag (etos en etiek); groei (heiligmaking); antisipering

en hoop (*parusia*); onderlinge verbondenheid (*koinonia*) en met spiritualiteit word bedoel die praktyk van die Christelike geloof" (Louw, 1989:19).

**1.12.5 Gestalt**

Gestaltterapie is 'n prosesgeoriënteerde terapie wat fokus op die geïntegreerde funksionering van alle aspekte van die adolessent (Carroll en Oaklander, 1997:184). In Gestaltterapie is die doel om by die bewuste van die adolessent wat mishandel is uit te kom (Yontef en Simkin, 1989:18). Gestalt kan volgens Perls (1993:119) soos volg gedefinieer word: "A Gestalt is a whole, a complete, in itself resting whole. The Gestalt wants to be completed, where left with unfinished situations, and these unfinished situations press and want to be completed". Dit is 'n patroonvoltooiing of Gestalt wat deur drie komponente gevorm word: die persoon, sy konteks (omgewing) en die verhouding tussen die persoon en sy omgewing (Korb et al. 1989:1). Hierdie Gestaltvorming is 'n voortdurende dinamika in die terapeutiese proses. Gestaltterapie beklemtoon die geheel van die adolessent in die terapeutiese verhouding en nie net die intrapsigiese of interpersoonlike dimensie nie. Gestaltteorie het eksistensieel ten doel dat die adolessent so volledig moontlik homself sal wees en dus as 'n geïntegreerde organisme altyd as 'n eenheid sal funksioneer (Clarkson, 2002:17).

**1.12.6 Gestaltterapie**

Gestaltterapie beskou die verhouding tussen die terapeut en die adolessent op so 'n wyse dat die dinamiek van die adolessent se funksionering altyd eerste gestel word. In die terapeutiese dialoog, verbaal en nie-verbaal, word bewustheid by die adolessent verhoog en word die adolessent begelei om verantwoordelikheid te aanvaar vir keuses wat hy maak. Kaduson (2000:28) stel dat "Gestalt therapy is a humanistic, process-oriented mode of therapy that focuses on the healthy, integrated functioning of the total organism, comprised of the senses, the body, the emotions, and the intellect". In Gestaltterapie is die enigste doel om by die bewuste van die adolessent uit te kom (Yontef en Simkin, 1989:18).

In Gestaltterapie kan die adolessent bewus word van die ervaring wat hy beleef in verhouding met die self, ander mense en die omgewing. In verhouding tot die adolessent se omgewing sal die adolessent bewus word van sensoriese modaliteite. Alhoewel die adolessent altyd as 'n eenheid funksioneer en selfregulerend is, kan hy nie sonder die omgewing bestaan nie en is altyd daarmee in kontak. Die eksterne regulering meng in met die spontane proses van selfregulering en het tot gevolg dat die proses van Gestaltvorming in die adolessent en sy omgewing versteur word (Aronstam, 1992:632). Selfregulering stel die adolessent in die vermoë om bewus te word van enige

ekwilibriumversteuring en die behoefte wat op ŉ gegewe tydstip die belangrikste is en op die voorgrond tree. Organismiese selfregulering vind in elke mens plaas waar die liggaam voortdurend in kontak is met die omgewing en die onderbewussyn pogings aanwend om die Gestalt in plek te kry. Deur die Gestaltteorie word die proses van die adolessent benader eerder as dat op "persoonlikheid" gefokus word. Hierdie Gestaltvorming is ŉ voortdurende dinamika in die terapeutiese proses.

### 1.12.7 Spelterapie

Spelterapie is vir die adolessent ŉ leerervaring om ten volle bewus te word van sy onvoltooidhede (Yontef en Simkin, 1989:27) en selfonderbrekings. Deur intervensie aanvaar die adolessent verantwoordelikheid vir sy bestaan en kom in kontak met die bewustheid van polariteite wat deel vorm van sy lewe. Die spelterapeut maak gebruik van verskillende modelle en tegnieke om die proses van terapie te fasiliteer. Die spesifieke tegnieke word slegs aangewend teen die agtergrond van die vereistes van werklike kontak tussen die terapeut en die adolessent. Die terapeut sal in polariteite met die adolessent werk om sodoende die adolessent te bemagtig om besit te neem van die emosie; en om die emosie en gevoelens dan te beskryf; en om deur bewuswording te ervaar.

Spel bied ŉ veilige emosionele uitlaatklep wanneer die terapeut dit gebruik om by die adolessent bewustheid te skep. Deur bewustheid word die adolessent begelei om verantwoordelikheid vir keuses wat hy maak te aanvaar (Dierks-Walker, 1994:27). Spel kan vir eksplorasie, evaluering en assessering benut word. Spel kan as eksperiment dien binne ŉ beskermende wêreld waar die adolessent homself kan wees en uitleef.

## 1.13 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit drie belangrike komponente. Die eerste is die integrering van die intervensienavorsingsmodel in die navorsingsverslag. Die tweede komponent bestaan uit die literatuurstudie en data-insameling. Die derde komponent integreer die empiriese navorsingsresultate en inligting vanuit die dataversameling en literatuurstudie om ŉ sinvolle benadering daar te stel.

Die navorsingsverslag is in drie fases verdeel en bestaan uit sewe hoofstukke: Hoofstuk 1 is die beskrywing van die probleemanalise en navorsingsbeplanning. Hoofstuk 2 tot 5 is die literatuurstudie en data-insameling. Hoofstuk 6 en 7 bespreek die navorsingsresultate. Meer in besonderhede sien die indeling van die navorsing soos volg daar uit:

**FASE 1: Probleemanalise en navorsingsbeplanning**

**Hoofstuk 1:** Wat die inhoud en uiteensetting van die navorsing betref, is daar in die eerste hoofstuk gekonsentreer op die algemene inleiding tot die navorsing.

**FASE 2: Data-insameling**

**Hoofstuk 2:** In die tweede hoofstuk is 'n grondige literatuurstudie gedoen van die definisie, omvang en simptome van mishandeling.

**Hoofstuk 3:** In die derde hoofstuk is die implikasies van mishandeling op die ontwikkeling van die adolessent bestudeer.

**Hoofstuk 4:** In die vierde hoofstuk is 'n pastorale perspektief op die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld beskryf.

**Hoofstuk 5:** In die vyfde hoofstuk is 'n teoretiese perspektief op Gestaltterapie aan die adolessent wat mishandel is beskryf.

**FASE 3: Navorsingsresultate**

**Hoofstuk 6:** Die sesde hoofstuk beskryf die empiriese ondersoek en resultate van 'n pastorale Gestaltterapeutiese benadering vir die adolessent wat mishandel is.

**Hoofstuk 7:** Die sewende hoofstuk bespreek die samevatting, gevolgtrekkings en aanbeveling van die navorsing.

## 1.14 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die motivering vir die keuse van die onderwerp, die probleemstelling en navorsingsvrae, die doel en doelwitte, voorondersoek, navorsingsmetodologie, begrensing van die studie, definiëring van relevante begrippe en die indeling van die navorsingsverslag.

In hoofstuk 2 word die definisie, omvang en simptome van mishandeling bespreek.

# HOOFSTUK 2

## DEFINISIE, OMVANG EN SIMPTOME VAN MISHANDELING

### 2.1 INLEIDING

Verskeie bronne maak daarvan melding dat die mishandeling van kinders diep verweef is met historiese waardes en perspektiewe. In die vroeë geskiedenis is kinders gesien as die eiendom van die familie binne 'n patriargale struktuur. By heidenvolke in die antieke Bybelse tyd is kinders selfs geoffer om die gode tevrede te stel (vgl. Jer 32:34-35) en is kindermoord met religieuse handelinge en uitinge geassosieer. Volgens Van Aarde (1991:688) het die gebruik ook in die Middeleeue bestaan dat kinders met kerklike goedkeuring en regulering aan kloosters "geskenk" is, terwyl voorgegee is dat dit 'n godsdienstige "offerhandeling" was. Kerklike formules (Van Aarde, 1991:694) is ook bekend wat selfs die verkoop van kinders gereël het. In baie kulture was kindermoord en die "weggooi" van 'n kind die oplossing vir 'n ongehude ma, om die skande daarvan weg te steek (Van Aarde, 1991:689).

Elke periode in die geskiedenis het 'n bepaalde konsep aangaande die hantering van die kind. In 1548 is die eerste wetgewing daargestel wat die kind teen seksuele misbruik beskerm. In daardie jaar is in Engeland 'n wet daargestel waarvolgens seuns beskerm is teen sodomie (Crosson-Tower, 1999:6). In 1576 is 'n ander wet daargestel wat 'n verbod geplaas het op die verkragting van dogters onder die ouderdom van tien jaar. Hierdie waarskuwings was van die vroeë aanwysings dat die gemeenskap erken dat kinders aan misbruik blootgestel word. In die negentiende eeu word die Victoriaanse era deur kontras gekenmerk. Aan die een kant het die gemeenskap vooruitgegaan op industriële en wetenskaplike gebied en was dit 'n tyd van denke en analisering. Aan die ander kant het seksuele misbruik agter die geslote deure van die sogenaamde "Godvresende" huise voortgegaan. In die twintigste eeu het literatuur die preokkupasie met die weerstand teen die seksuele misbruik van kinders gereflekteer, en tog het pornografie en mishandeling floreer.

Om kinders te dissiplineer was ook nog altyd 'n kontroversiële onderwerp, veral waar die metodes wat in die vroeë Westerse kultuur gebruik is weinig verskil van kindermishandeling. In die laat-sewentiende eeu is die kind beskou as klei in die hande van die volwassene wat hom/haar die reg toegeëien het om die kind te vorm (Gillis, 1999:141). Crosson-Tower (2002:3) stel dat "... not only in the home but in the classroom, corporal punishment was a means to mould children into moral, God-fearing, respectful human beings." Gehoorsaamheid was die primêre deug om in die kind te ontwikkel. Inglis

(1978:29) stel dat "... school masters in colonial Boston were conscious of the need to maintain the great English tradition of education through pain." Selfs Johannes Calvyn het gepraat van die breek van die kind se eie wil "... in the hope of saving the spirit from evil" (Crosson-Tower, 2002:3). Die filosoof Jean Jacques Rousseau het gepraat van die kind wat inherent goed is en onderrigmetodes bepleit wat die ontwikkeling van die kind verbeter en nie die gees van die kind breek nie (Gil and Campbell, 1996:28).

Die vroegste vorm van kinderarbeid kom ook voor in die leerkontrakstelsel, waar die ouers hulle kinders toevertrou het aan 'n leermeester om hulle kinders 'n ambag te leer. Verskeie historiese geskrifte meld dat leermeesters koud en wreed kon optree. Hulle was meer besorg oor die werkvermoë van die kind vir eie gewin as die ontwikkeling van die kind (Crosson-Tower, 2002:4). Hiervan is die roman van Charles Dickens oor die lewe van Oliver Twist seker die bekendste. Teen die einde van die agtiende eeu het die rol van die kind weinig verander en mishandeling het onopsigtelik voortgeduur vanweë die groeiende bevolking en die onbetrokkenheid van die gemeenskap. Dit was eers later in die negentiende eeu dat wetgewing in werking gestel is om die kind teen kinderarbeid te beskerm.

Histories kan die verbod op bloedskande so ver terug as in vroeë geskrifte van die Bybel gevind word wat verbied dat iemand 'n seksuele verhouding met 'n naby bloedverwant kan hê (Lev 18:6-18). Keiser Claudius van Rome het met sy niggie Agrippina getrou wat die oom-niggie huwelik 'n tyd lank aanvaarbaar gemaak het (Crosson-Tower, 2002:8). Gedurende die Farao- en Ptolemeuse tydperk in Egipte was huwelike tussen broer en suster onder die koninklikes ook nie ongewoon nie. Dit is eers in die tyd van die vroeë Christelike kerk dat daar weer 'n verbod op bloedverwante huwelike geplaas is.

As gevolg van beter kommunikasie, voortdurende aandag van die media en navorsing, het gemeenskappe meer bewus geword van die gevolg van kindermishandeling in die samelewing (Morgan en Zedner, 1992:10; Hedges-Goettl, 2004:19). Veral die feminisme het 'n groot bydrae gelewer tot die ontbloting van kindermishandeling en -verwaarlosing. Die uitbuiting van die kind het dus deur die eeue voorgekom en alhoewel ons die geskiedenis daarvan as ekstreme vorme van uitbuiting kan beskou, bly die feit staan dat die huidige uitbuiting van die kind op vele terreine minimaal verander het (Hedges-Goettl, 2004:21).

## 2.2 KINDERMISHANDELING EN -VERWAARLOSING

Die kind is uitgelewer aan mishandeling en verwaarlosing omdat die kind van ander afhanklik is (Finkelhor en Dziuba-Leatherman, 1994:177). Kindermishandeling en

-verwaarlosing is steeds aan die toeneem (Dore, 1990:73) en kan ŉ wye verskeidenheid vorme aanneem wat strek vanaf passiewe verwaarlosing en emosionele verwerping tot fisieke mishandeling en seksuele molestering. Crous (1992:73) omskryf kindermishandeling as die langdurige en opsetlike benadeling van kinders by wyse van óf aktiewe en direkte mishandeling óf nalatige onthouding van versorging. Conradie (1982:10) beskryf die vorme wat kindermishandeling meestal aanneem soos volg: Dit sluit te veel lyfstraf, intensionele aanranding, brand, byt, suurstofonthouding en verwringing van liggaamsdele in. Alle vorme van emosionele afpersing en verwerping, verwaarlosing en seksuele molestering word hierby ingesluit. Gillis (1999:142) definieer kindermishandeling as "... the intentional infliction of physical injury or emotional harm to a child, or the intentional hindering of a child's optimal development by a parent or custodian, by failing to provide the necessary conditions for this development".

Dit is moeilik om ŉ betroubare maatstaf van die hoeveelheid adolessente te vind wat tydens hulle kinderjare mishandel word omdat gevalle van kindermishandeling nie altyd gerapporteer word nie (Mash en Wolfe, 1999:534). Dikwels wil die adolessent die mishandeling rapporteer, maar is oor die algemeen bang dat niemand hulle sal glo of hulle sal help nie. Hulle mag bang wees vir die gevolge indien hulle daaroor sou praat, want gewoonlik word die adolessent gewaarsku om dit nie bekend te maak nie (Hedges-Goettl, 2004:42). Die adolessent word ook oortuig dat die mishandeling sy eie skuld is en deur dit bekend te maak sal hy net in groter probleme beland.

Die feit is dat kindermishandeling nie tot ŉ sekere sosiale klas of vlak van die gemeenskap beperk is nie. Dit sny deur alle etniese, religieuse, sosiale en ekonomiese agtergronde, alhoewel ekonomiese agtergeblewenheid soms tot verwaarlosing bydra (Gillis, 1999:143). Gesinsprobleme en spanning wat die ouers beleef, kan ook tot die mishandeling en verwaarlosing bydra.

Baie ouers wat die adolessent mishandel, ervaar min genot uit ouerskap en is meer geïsoleerd van die gemeenskap as "gesonde en normale" ouers. Gewoonlik beheer hierdie ouers die adolessent deur negatiewe en outoritêre optrede, veral in die geval waar 'n ouer self as kind mishandel en verwaarloos is (Morgan en Zedner, 1992:20). Gewoonlik het die ouer onrealistiese verwagtinge van die kind se ontwikkeling en vermoë en verwag fisieke, sosiale en emosionele ontwikkeling wat nie by die ouderdom of ontwikkelingsvlak van die kind pas nie (Collins, 2005:345).

Na die traumatiese gebeure verloor die adolessent sy besef van veiligheid wat hy vroeër ervaar het. Eerder as om die lewe met ŉ sin vir openheid te omhels, trek die adolessent

terug in homself. Mash en Wolfe (1999:526) stel dat mishandeling 'n omvattende term is vir fisieke mishandeling en verwaarlosing, seksuele en emosionele mishandeling.

## 2.3 VERWAARLOSING

Wanneer die verskillende vorme van mishandeling van nader bestudeer word, is dit opvallend dat verwaarlosing nie soveel aandag ontvang as wat verwag sou word nie. Crosson-Tower (2002:63) haal Garbarino en Collins aan wat stel dat daar waarskynlik 'n rede hiervoor is. *Eerstens* is verwaarlosing minder dramaties as fisieke mishandeling of seksuele molestering. *Tweedens* is verwaarlosing minder voor die hand liggend en moeiliker waarneembaar. *Derdens* is die intervensie in verwaarlosing nie die onmiddellike beëindiging daarvan nie, maar 'n geleidelike proses wat die ouer en die adolessent begelei om hulle behoefte te bevredig. *Vierdens* is daar die siening dat verwaarlosing die oorsaak van armoede is. Die feit is egter dat verwaarlosing ook los van armoede kan staan.

Polansky, Hally en Polansky (in Crosson-Tower, 2002:64) omskryf verwaarlosing as "... a condition in which a caretaker responsible for the child either deliberately or by extraordinary inattentiveness permits the child to experience available present suffering and/or fails to provide one or more of the ingredients generally deemed essential for developing a person's physical, intellectual, and emotional capacities."

Kinders word verwaarloos wanneer die verantwoordelike persone die blote minimum doen om te sorg dat die kind van voedsel, klere, beskerming, mediese sorg, geestelike sorg, persoonlike higiëne, 'n veilige omgewing, opleiding en toesig voorsien word (Carl, 1987:19; Crosson-Tower 1999:63 en Gillis 1999:143). Die kind kan baie min daaraan doen om in liefde aanvaar te word, ongeag al die persoonsmoontlikhede waaroor hy ook al mag beskik (De Witt en Booysen, 1995:143). Volgens Wiebe (1996:11) en Wissom (1990:7) stel verwaarlosing die kind bloot aan onrealistiese eise, onvoldoende skoolopleiding, gebrekkige mediese en fisieke versorging en vertroeteling. Hieruit is dit duidelik dat die adolessent se selfbeeldvorming, emosionele belewenis en gedrag negatief beïnvloed word (Gil, 1996:13).

Die duidelike definiëring van verwaarlosing plaas heelwat struikelblokke op die tafel van die navorser. Volgens Crosson-Tower (2002:64) verskil verwaarlosing van ander vorme van mishandeling omdat dit 'n nalatige weerhouding van die basiese behoeftes van die kind is en nie 'n fisieke handeling nie. Tweedens is daar verskillende vorme van gedrag of onthouding teenoor die adolessent wat by die term verwaarlosing ingesluit kan word.

Verwaarlosing kan chronies, periodiek of episodies wees (De Witt en Booysen, 1995:153). *Chroniese* verwaarlosing dui op konstante onverskilligheid ten opsigte van die kind se

welsyn. *Periodieke* verwaarlosing kom in gesinne voor waar die kind slegs sekere tye, soos oor naweke en vakansies, verwaarloos word. *Episodiese* verwaarlosing kom in sommige gesinne voor waar verwaarlosing slegs plaasvind indien spanning en stres in die lewens van die ouers akkumuleer.

Volgens Crosson-Tower is dit duidelik dat verwaarlosing in enige historiese tydperk beïnvloed word deur die norme en waardestelsel van die spesifieke periode. "Not only the contemporary standards but the cultural values significantly frame the definition" (Crosson-Tower, 2002:64).

**2.3.1 Oorsake van verwaarlosing**

Crosson-Tower (2002:68) onderskei verskillende oorsake van verwaarlosing, naamlik ekonomiese, ekologiese, gemeenskaps- en individuele verwaarlosing. Volgens Polansky, Chalmers, Buttenweiser en Williams (1999:21) kan die oorsake van verwaarlosing in drie groepe verdeel word: "The economic, emphasizing the role of material deprivation and poverty; the ecological, in which a family's behaviour is seen as responsive to the larger social context in which it is imbedded; and the personalistic, which attributes poor child care to individual differences among parental personalities, particularly their character structures."

**2.3.1.1 Materiële en ekonomiese verwaarlosing**

Gesinne waarbinne verwaarlosing voorkom is nie altyd arm nie (Crosson-Tower, 2002:69). Verwaarlosing van die adolessent kom ook in gegoede ekonomiese huise voor, veral waar die inkomste wat die ouers verdien nie oordeelkundig aangewend word nie (Crittenden, !999:49). Die verwaarloosde adolessent kom dikwels onversorg en onnet voor en weens sy opvallende voorkoms beleef hy minderwaardigheidsgevoelens. Materiële en ekonomiese verwaarlosing behels 'n tekort aan voldoende behuising, voedsel, nagrus, mediese sorg, higiëne en ontspanningsfasiliteite (De Witt en Booysen, 1995:154).

**2.3.1.2 Ekologiese verwaarlosing**

Die adolessent kan hom in 'n lewensituasie bevind wat in die algemeen gekenmerk word deur 'n verarmde milieu (ook arm aan kanse), onstabiele interpersoonlike verhoudinge in die gemeenskap, ontoereikende kognitiewe ontplooiing, kultuurverskillende opvoedkundige peil en swak woonomgewing soos oorvol huise, misdaad en ander sosiaal-patologiese verskynsels. Volgens Crosson-Tower (2002:70) moet die ouers wat die adolessent verwaarloos binne die konteks van die woongebied, kultuur en gemeenskap gesien word. Vanuit 'n ekologiese benadering word die individu beskou as deel van, en interaktief met, die omgewing. "The family is seen as a complex system and the strengths they exhibit are as important as the problems they have. And finally, the family's issues are

seen in relation to the community's ability to provide resources and social supports for them" (Crosson-Tower, 2002:70).

#### 2.3.1.3 Gemeenskapsverwaarlosing

Die ekologiese verwaarlosing lei die navorser om te kyk na die bydrae van die gemeenskap tot verwaarlosing. Crosson-Tower (2002:68) stel dat "... from a societal perspective, we have difficulty accepting that our values and institutions actually stimulate neglectful situations". Bekostigbare behuising maak plek vir winkelsentrums, hoëkostebehuising en besighede wat daartoe lei dat gesinne gedwing word om na laekostebehuising en selfs plakkerskampe te beweeg. Hierdie sameloop van omstandighede plaas addisionele spanning op die gesin.

Een van die funksies van die gesin is om aan die kind waardes en norme te leer. Waar sosiale verwaarlosing in die vorm van onderdrukking en diskriminasie voorkom, kry die kind nie voldoende geleentheid om met begeleiding van sy ouers sy sosiale vaardighede in te oefen nie. Die ouers se optrede as rolmodelle blyk ook nie altyd navolgenswaardig te wees nie. Miller beskryf die sosiale verwaarlosing van die adolessent soos volg (De Witt en Booysen, 1995:154):

> "They grow up in a world of general apathy, inactivity and "depression" in a derelict, normless society. By contrast, they are exposed to erratic, violent, aggressive outbursts and instinctually overwhelming sights and sounds. In their homes and neighbourhoods toys and play are minimal or absent; on the other hand, they become involved in "games" that are not play, and "fun" that is forbidden."

#### 2.3.1.4 Affektiewe en emosionele verwaarlosing

'n Gebrek aan wedersydse vertroue, begrip en simpatieke gesagsleiding hou in dat die kind emosioneel verwaarloos word (Van Niekerk, 1982:15). Emosionele mishandeling is ouers se inkonsekwente herhalende gedrag wat die adolessent se selfbeeld beskadig, sy vermoë beïnvloed om iets te bereik, die besef vernietig dat hy aan iemand behoort, en die adolessent se vermoë beïnvloed om gesond en met lewenskrag te ontwikkel (Iwaniec, 1995:14). Gevolglik is die kind ongelukkig en angstig, en sy vermoë om te presteer en intellektueel te ontwikkel, bly staties of verminder (O'Hagan, 1993:34).

Crittenden (1999:51) stel dat die wortels van verwaarlosing diep gesetel lê in die ontwikkeling van die ouer en die wyse waarop hy/sy inligting verwerk wat van die wêreld ontvang word. Die *kognitiewe* en *affektiewe* verwerking van hierdie inligting sal bepaal hoe die ouer en kind met die wêreld korreleer en optree. *Kognitief* bepaal watter optrede daar op 'n aksie sal wees en beïnvloed die gedrag wat die ouer en kind sal openbaar in die

meeste situasies. *Affektief* behels die inligting aangaande veiligheid en gevaar in spesifieke situasies. Die affektiewe "... is experiences in feeling states that motivate protective or affectionate behaviour, and when feelings of distress are low, that promote exploration and learning " (Crittenden, 1999:51). Affektiewe verwaarlosing beteken dat die kind se behoefte aan liefde, aandag en emosionele ondersteuning totaal deur die ouers geïgnoreer word en dat die adolessent 'n tekort ervaar aan gevoelswarmte, 'n gesellige gesinsatmosfeer en emosionele kontak.

Die gesin is die primêre opvoeding- en saamleefsituasie. Die verwaarloosde kind is 'n kind-in-opvoedingsnood, omdat daar weens versteurde huweliksverhoudinge, versteurde verhoudinge tussen ouers en kinders, en versteurde verhoudinge tussen kinders onderling, 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan (De Witt en Booysen, 1995:155). Die kind word soms op onvoorspelbare wyse tussen verskeie volwassenes, wat na hulle moet omsien, rondgeslinger en word groot in 'n eensame, ongevoelige, depressiewe en soms wangenormeerde gemeenskap. Navorsing toon dat verwaarloosde kinders dikwels sonder toesig gelaat word wanneer hulle ouers bedags werk en dan doelloos in winkelsentrums en woonbuurte ronddrentel.

Verwaarloosde adolessente toon verskeie simptome. Hulle leer om pyn en teleurstelling te onderdruk en gebruik strategieë wat hulle help om stres te vermy eerder as om daarby aan te pas (Mash en Wolfe, 1999:531).

## 2.4 FISIEKE EN LIGGAAMLIKE MISHANDELING

Die fisieke aanranding van die kind verwys na 'n kind wat deur 'n opvoeder met opset liggaamlik beseer word of toelaat dat so 'n kind beseer word (Carl, 1987:16 en Crosson-Tower, 1999:89). Volgens Wiebe (1996:5) is fisieke mishandeling 'n doelbewuste optrede van die ouer met die doel om die kind te beseer. Voorbeelde van liggaamlike mishandeling sluit kinders in wat honger ly, brandwonde opdoen, vergiftig word of in vermybare ongelukke tuis beseer word (Gillis, 1999:143). Brenner (1984:96-97) omskryf liggaamlike aanranding soos volg:

> "Children's experiences of physical abuse encompass the full range of human savagery. They are beaten, burned, and thrown against walls, down stairs, and out of windows. They are tortured, locked in closets, tied to beds and chairs, and assaulted with guns, clubs, and knives. They are deprived of food, sleep, shelter, and schooling. They are required to deny their own urgent needs in favor of gratifying those of the aggressor. They are imprisoned in webs of

unreasonable and inconsistent rules and brutally punished when these are broken."

Crous (1992:73) wys daarop dat mishandeling veroorsaak word deur 'n komplekse interaksie tussen interpersoonlike en sosiale faktore. Die familie is 'n komplekse sisteem wat beïnvloed word deur sosiologiese, kulturele, psigologiese en interaksie-veranderlikes met ouers wat sekere persoonlikheidseienskappe vertoon. Ouers wat hulle kinders mishandel, toon 'n lae selfbeeld, oorafhanklikheid, ontoereikende ouerskap, onrealistiese verwagtings van hulle kinders en impulsiwiteit (Mash en Wolfe, 1999:551).

Helfer (1976:59-60) stel dat daar vyf take is wat die ouer wat die kind mishandel nog nie geleer het nie. *Eerstens* om hulle behoefte te bevredig. *Tweedens* het die ouer ook nie geleer om hulle emosies van hulle aksie te skei nie. *Derdens* het die ouer ook nie geleer dat hulle verantwoordelik is vir hulle eie optrede en nie vir die optrede van ander nie. Die kind wat voortdurend blameer word, glo later dat hy die oorsaak van negatiewe gebeure is. *Vierdens* het die ouer ook nie geleer om keuses te maak nie. 'n Gesonde familie leer die kind om self alledaagse besluite te neem. Sommige ouers laat egter nie ruimte dat die kind besluite neem nie uit vrees dat hulle beheer oor die kind sal verloor. *Vyfdens* het die ouer ook nie geleer om bevrediging of beloning uit te stel nie. Die kind wat geleer het om standvastig en konsekwent te wees, weet dat 'n doel bereik word deur te volhard en geduldig te wees. Die ouer wat kinders mishandel se kinderdae word egter nie gekenmerk deur konsekwentheid nie. Die een oomblik is die ouer liefdevol en die volgende oomblik word hy deur woede oorweldig. Daarom verwag die ouer van die kind om onmiddellik op te tree en gehoorsaam te wees. Wanneer die onmiddellike resultate nie realiseer nie, voel die ouer magteloos en reageer met mishandeling.

Hierdie vyf faktore plaas onrealistiese verwagtinge op die adolessent. Ouers verwag van hulle kinders om hulle lief te hê, huishoudelike take uit te voer, op skool te presteer en oor die algemeen volwasse op te tree. As daar nie aan hierdie verwagtinge voldoen word nie, tree die ouers gewoonlik impulsief en in onbeheersde woede op (Mash en Wolfe, 1999:552).

### 2.4.1 Karaktertrekke van die mishandelde adolessent.

In die navorsing wat tot op hede gedoen is, blyk dit dat die kind met bepaalde karaktereienskappe meer aan mishandeling blootgestel word. Sommige kinders mag 'n hoër risiko vir mishandeling loop as ander.

#### 2.4.1.1 Interaktiewe kategorieë

Crosson-Tower (2002:97) stel dat mishandeling nie net beperk is tot 'n sekere persoonlikheid en karaktereienskap van 'n volwassene wat die mishandeling uitvoer nie.

Binne 'n familie staan sommige kinders meer die kans om mishandel te word as gevolg van hulle ouers se persepsie van hulle. Die ouer mag die vermoë besit om 'n tyd lank liefdevol te wees, maar op 'n stadium manifesteer woede.

Die buite-egtelike kind is veral aan mishandeling blootgestel as gevolg van die spanning wat tydens die geboorte veroorsaak is (Crosson-Tower, 2002:100). Wanneer die kind gebore word en nie aan die onrealistiese verwagtinge van die moeder voldoen nie, kan sy teleurstelling, woede en verwerping ervaar. 'n Kind wat vroeg gebore word, verg weer meer aandag en plaas addisionele spanning op die ouers. Die ouer se verwagtinge aangaande die kind se ontwikkeling op bepaalde stadiums stel die ouer teleur omdat daar nie in aanmerking geneem word dat hierdie kind stadiger as normaal ontwikkel nie (Crosson-Tower, 2002:101). Die kind met afwykings, misvormde babas, verstandelik gestremde babas en tweelinge plaas ook meer spanning op die ouers. Die kind wat verwek word gedurende die moeder se depressiewe siekte kan die familie laat dink dat die kind waarskynlik die oorsaak daarvan is. Hierdie wankonsepsie stel die kind aan verwerping en moontlik mishandeling bloot. Die laaste kind wat in die familie gebore word, waar die moeder reeds oorweldig voel, is ook makliker aan mishandeling uitgelewer.

Ouers wat hulle kinders mishandel, het soms onrealistiese verwagtinge wat nie binne die ontwikkelingskapasiteit of vermoë van die kind is nie. Die ouers reflekteer die frustrasie, die gevoel van verlies en die gevoel van mislukking deur die kind te mishandel. Onderbegaafde en begaafde kinders is volgens verskeie navorsers ook in 'n hoër risiko-groep om mishandel te word (Belsky, 1980:321; De Witt en Booysen, 1995:142).

#### 2.4.1.2 Gesinsinteraksie en opvoedingsdinamiek

Meer negatiewe as positiewe gedrag kom in gesinne voor waar mishandeling plaasvind. Ongelukkige huwelike is in hierdie gesinne aan die orde van die dag en aggressie in die huwelik word verkeerdelik op die kind geprojekteer (Mash en Wolfe, 1999:552). Ouers van mishandelde kinders toon min fisieke kontak en ekspressiewe liefdesuitinge, terwyl dreigemente en straf meer voorkom (De Witt en Booysen, 1995:142). Kinders reageer op hierdie verwerping met onaanvaarbare gedrag wat weer negatiewe optrede van die ouers uitlok.

In later jare kan leerprobleme wat gebaseer is op sensoriese probleme, neurologiese skade of psigiese verbintenisse kinders blootstel aan mishandeling wanneer die ouers nie van die kind se gedrag bewus is of dit nie verstaan nie. Tydens die adolessente jare wat gekenmerk word deur die kind se strewe na selfstandigheid en druk van die portuurgroep, is armoede, groot gesinne en alkohol- en dwelmmisbruik dikwels bydraende faktore van mishandeling in die gesin. Die meeste navorsers op die gebied van mishandeling is dit

eens dat die kind nie aanvanklik mishandeling uitlok nie, maar dat verskillende faktore die kind in ŉ hoë risiko plaas om mishandel te word.

**2.4.2 Simptome van fisieke mishandeling**

Kenmerkende simptome van fisieke mishandeling sluit in kneusplekke in verskillende stadia van genesing, snymerke en gebreekte ledemate, kopbeserings, inwendige beserings, asook brandmerke op die handpalms, voetsole, rug of bene (Crosson-Tower, 1999:99; Mash en Wolfe 1999:530). Sommige kinders mag ŉ skielike gehoorverlies hê, ondervoed of gedehidreer wees en ŉ ontwikkelingsagterstand toon (Gil, 1996:3; De Witt en Booysen, 1995:143). Crosson-Tower (2002:101) meld dat vyftig persent van die sterftes van kinders wat mishandel word die oorsaak is van die *"shaken baby syndrome"*. Alhoewel nie alle kinders wat geskud of geruk word sterf nie, veroorsaak dit veelvoudige skade wat wissel van retinale netvliesskeuring, beskadiging van die senuweestelsel en breinskade.

**2.4.3 Gedragsindikators van die fisiek mishandelde kind**

Wanneer daar geen sigbare tekens van mishandeling is nie, kan kinders wat aangerand word soms uitgeken word aan sekere kenmerkende gedragspatrone. Die gedrag wat die kind openbaar, weerspieël volgens Crosson-Tower (2002:104) die atmosfeer wat die kind tuis ervaar en dui op die disfunksionele omgewing wat die kind beleef. Die kind wat vroeg in sy ontwikkeling mishandel word, huil soms glad nie, maar wanneer dit wel gebeur, ontstel dit die ouers so baie dat dit aanleiding gee tot verdere mishandeling. Die motoriese en sosiale ontwikkeling van hierdie kinders is baie stadig. Die passiewe houding van die kind is opmerklik. Volgens navorsing geniet die kind nie die lewe nie, neem ŉ vroeë volwasse houding in en speel nie graag nie. Simptome soos enurese, enkoprese, gemoedskommelinge en ongewone gedrag kan duidelik by die mishandelde kind na vore kom (Mash en Wolfe, 1999:551). Die kind openbaar ook ŉ lae selfbeeld en min vertroue in sy eie vermoë. Die mishandelde kind toon ŉ gebrek aan motoriese vaardighede, ŉ gebrek aan sosiale respons, en ŉ algemene wantroue in die omgewing (Crosson-Tower, 1999:89).

Die mishandelde kind onttrek hom maklik en gebruik dit as ŉ verdedigingsmeganisme om verdere mishandeling te voorkom. Dit het volgens navorsing ŉ onderdrukte woede in die kind tot gevolg, omdat die kind nie beheer oor sy eie lewe het nie. "In addition, they see their parents using violence as a way of handling problems and taking out aggression. Some children act out their anger against peers, animals, or even adults, while others harbor it and turn their anger inward" (Crosson-Tower, 2002:104).

ŉ Volgende kenmerk van die mishandelde kind is sy ongewone vermoë om by omstandighede en mense aan te pas. Vir die mishandelde kind beteken dit oorlewing om te voldoen aan die behoeftes van die ouer; deur die ouer gelukkig en tevrede te hou voorkom die kind moontlike mishandeling. Die kind het ook ŉ buitengewone vrees vir mislukking en streef daarna om almal tevrede en gelukkig te hou. Die kind toon ook verbale inhibisie, want om by die huis te veel te praat kan gevaarlik wees. Wanneer die kind se ontwikkeling, selfbeeld, geleentheid om te kommunikeer en sy vertroue deur mishandeling belemmer word, is swak taalontwikkeling die resultaat. Regressie is dikwels die mishandelde kind se verdedigingsmeganisme. Deur terug te beweeg in ŉ vroeë stadium van ontwikkeling kan die kind laat veilig voel om sodoende onbewustelik in die omstandighede te oorleef.

Swak verhouding met die portuurgroep is ook kenmerkend waar die kind nie die vermoë aangeleer het om met ander kinders te assosieer nie. Gevolglik openbaar die kind gedrag wat nie in die portuurgroep aanvaarbaar is nie. Die kind is óf bakleierig óf uitermate skaam en teruggetrokke. Die kind maak ook moeilik vriende uit vrees dat hy nie aanvaar sal word nie. Ouers weer, voel bedreig wanneer die kind vriende maak uit vrees dat die vertroue tussen die kind en sy vriende die mishandeling aan die lig sal bring (Crosson-Tower, 2002:106).

Wanneer die gedragindikators van die fisiek mishandelde kind bestudeer word, is dit uiters belangrik dat die kultuuragtergrond van elke kultuur en volk deeglik nagegaan word (Lieberman, 1999:102) As gevolg van hierdie kulturele sensitiwiteit is dit noodsaaklik dat daar na die omstandighede van die gesin gekyk word. Ouers wat die kind mishandel, dra in hulle volwassenheid dikwels die onbevredigde behoefte van hulle eie kinderjare (Crosson-Tower, 1999:112). Die mishandeling van die kind kan oor ŉ lang termyn geskied wat deur die kinderjare tot in adolessensie voortgesit word. Die mishandeling kan selfs begin of toeneem gedurende adolessensie, omdat die ouer ’n bepaalde konflik ervaar wat deur die spanning van adolessensie veroorsaak word.

### 2.4.4 Die ouer wat die adolessent mishandel

Adolessensie is ŉ tydperk waar ouers hulle kinders liggaamlik en geestelik sien ontwikkel tot selfstandigheid in ŉ tyd waar ouers self die middeljare betree. Gesonde ouers kan die ontwikkeling van die adolessent positief beleef, terwyl ouers wat die kind mishandel die ontwikkeling van die kind as ’n bedreiging ervaar. Vir hierdie ouers manifesteer die frustrasie en vrees om beheer te verloor, in die mishandeling van die adolessent.

Skeiding is ŉ belangrike faktor vir ouers en adolessente (De Jongh van Arkel, 1989:97). Angstig om op sy eie te wees, beweeg die adolessent weg van die huis op ŉ wyse wat vir

die onseker ouer moeilik aanvaarbaar is. Die ouer wat mishandel, beleef die skeiding as ŉ groot krisis wat deur emosionele konflik omring word. Gevolglik kan ŉ skuldkompleks in die reeds gekompliseerde verhouding intree; gedetermineerd tot kontrole oor die adolessent en verward deur woede, skuldgevoel en vrees oor die dreigende verlies, reageer die ouer deur die adolessent te mishandel (Hedges-Goettl, 2004:40).

Die beheer wat die mishandelde adolessent probeer uitoefen, is om weg te loop uit die omstandighede (Gil, 1996:13). Gevolglik vlug hulle na iemand wat hulle kan vertrou of ŉ plek waar hulle veiligheid ervaar. Dikwels vlug die adolessent rigtingloos in die hande van ŉ dwelmhandelaar of in die net van prostitusie. Die adolessent kan ook sy toevlug tot drank en dwelms neem, waar 'n fantasiewêreld beleef word en die adolessent die mishandeling kan vergeet of ontken.

Ander adolessente kan weer mishandeling uitlok by volwassenes en die portuurgroep. Die onderliggende behoefte bestaan dan om beheer uit te oefen. Om mishandeling uit te lok is om die situasie deur aggressie, aanranding en konfrontasie te probeer beheer. Humeurigheid en buierigheid is veral sigbaar by die adolessent wat mishandel is. ŉ Lae selfbeeld, posttraumatiese stresversteuring en depressie is verdere kenmerke van die adolessent wat mishandel is (Gil, 1996:13). Verskeie navorsers is van mening dat mishandeling ŉ voorloper van jeugmisdaad is.

Volgens Crosson-Tower (2002:114) is slegs ŉ klein persentasie van ouers wat hulle kinders mishandel psigopaties. Hulle het egter ook die ervaring van hulle kinderdae en ondervind probleme met ouerskap. Psigotiese ouers sien die adolessent as deel van hulle sisteem van selfmisleiding en toon ŉ hoë risiko vir kindermishandeling. Met die uitsondering van ŉ paar sadistiese individue, het ouers dikwels nie die bedoeling om hulle kinders leed aan te doen nie, alhoewel hulle eie konflik en spanning in die samelewing mishandeling veroorsaak.

### 2.4.5 Gesinsgeweld

Volgens Gillis (1999:143) bring navorsing dit al hoe meer aan die lig dat daar ŉ lewenslange effek is op die adolessent wat fisieke geweld in die huis waarneem. Sommige adolessente identifiseer uit vrees met die aggressor en kies bewustelik of onbewustelik om by die aggressor aan te sluit in die aggressiewe gedrag (Mash en Wolfe, 1999:528). Dit kan die vorm aanneem om die moeder te kritiseer omdat sy nie weerstand bied teen die mishandeling nie, of die adolessent kan self die mishandeling uitvoer, of jonger broers en susters mishandel. Vir alle kinders wat opgroei in huise met geweld is die saad van aggressie geplant wat in die toekoms in geweld kan ontwikkel (Collins, 2005:345). Die effek van gesinsgeweld is net so emosioneel traumaties vir die adolessent

as wanneer hulleself mishandeling ondergaan (Crosson-Tower, 2002:114). Die adolessent beleef binne die gesinsgeweld spanning en stres met gepaardgaande simptome van angs en vrees, psigosomatiese simptome en onderlinge spanning met die portuurgroep (Mash en Wolfe, 1999:528).

### 2.4.6 Mishandeling deur bloedverwant / broer / suster

In die gemeenskap wat 'n obsessie het met geweld leer die kind dat geweld 'n wyse van probleemoplossing is. Uit studies wat gedoen is, blyk dit dat fisieke mishandeling deur 'n broer of suster meer algemeen voorkom as mishandeling deur ouers. Dikwels is hierdie mishandeling grondliggend aan die gesinsgeweld wat in die huis beleef word. Dikwels word geweld deur 'n broer of suster gedryf deur 'n magstryd (Weihe en Herring, 1991:18). In ons vinnige samelewing en magsgeoriënteerde wêreld is geweld 'n maklike uitweg om beheer oor te neem. Mag kan beskryf word as 'n "... male-oriented issue in today's society. Many men still mistakenly believe that they must be in control... They think they are expected to be powerful, and they need to satisfy that idea... The sense of power they get from being abusive makes them want to repeat the experience" (Weihe en Herring, 1991:18).

## 2.5 SEKSUELE MISHANDELING

Crosson-Tower (1999:89) stel dat seksuele mishandeling gedefinieer kan word as "... any childhood sexual experience that interferes with or has the potential for interfering with a child's healthy development". Verder kan seksuele mishandeling ook beskryf word as die blootstelling van afhanklike en ontwikkelende kinders aan seksuele stimulering waarvoor hulle nog nie emosioneel gereed is nie, en wat onvanpas is vir hulle psigoseksuele ontwikkeling en hulle rolle binne die gesin (Carl, 1987:15). Dolan (1991:1) verwys na seksuele molestering as enige vorm van geforseerde seksuele interaksie tussen twee persone waartydens die molesteerder bepaalde mag oor die ander persoon uitoefen. Olivier (1989:18) wys daarop dat die kind, vanweë sy onvolwassenheid, nie by magte is om tot seksuele aktiwiteit toe te stem nie. Seksuele mishandeling is enige seksuele kontak tussen 'n kind en volwassene met die doel om die volwassene se behoefte te bevredig (Hedges-Goettl, 2004:27). Seksuele molestering kan verder gedefinieer word as 'n oortreding deur 'n persoon wat sy persoonlike magsposisie misbruik om 'n kind wat kwesbaar is deur middel van 'n seksuele aktiwiteit te ontmagtig (Mash en Wolfe, 1999:555). Dit behels meer as net 'n seksuele handeling, maar verwys ook na die verbreking van vertroue en persoonlike grense (Davis, 1991:13). Dinsmore (1991:21-22)

stel dat enige vorm van seksuele molestering traumaties van aard is, ongeag of dit eenmalig of oor ’n lang tydperk plaasvind nie.

Ryan en Blum in Laubscher (1997:100) handhaaf die standpunt dat ’n siklus van seksuele gedrag volg nadat molestering plaasgevind het. Die hele siklus van seksuele gedrag en die belewenis van die molestering het ’n direkte invloed op die kind se gedrag (Hedges-Goettl, 2004:26). Alhoewel molestering verskillende vorme en aksies kan insluit, kan dit beskou word as enige aksie wat ’n seksuele ondertoon bevat wat op ’n kind afgedwing word deur ’n volwasse persoon, en so ’n magsposisie skep waarbinne die kind die ondergeskikte is.

### 2.5.1 Kategorieë van seksuele molestering

Barker (1998:5) noem dat seksuele molestering dade insluit soos liefkosing, sodomie, kinderprostitusie, verkragting, bloedskande en die forsering of aanmoediging van ’n kind om aan pornografiese aktiwiteite deel te neem. In slegs ’n klein persentasie van gevalle word kinders deur liggaamlike geweld gedwing om aan seks deel te neem (Crosson-Tower, 1999:121). In die oorgrote meerderheid gevalle vind seksuele molestering volgens ’n baie meer subtiele patroon plaas deur iemand wat beide ouer en kind goed ken en hulle vertroue geniet. Molesteerders gebruik met voorbedagte rade hulle magsposisie om die kind te manipuleer en te intimideer.

Seksuele molestering kan onderskei word in die vorme van verkragting, seksuele skending en onsedelike aanranding (Hedges-Goettl, 2004:26). *Verkragting* kan omskryf word as ’n daad waar iemand met geweld gedwing word tot geslagtelike verkeer. Die navorser is van mening dat sodomie ook by verkragting ingesluit behoort te word omdat die emosionele effek van sodomie gelykstaande is aan dié van verkragting. *Onsedelike aanranding* kan omskryf word as onwettige seksuele dade waarby die kind betrek word.

Afhangende hoe die kind op die molesteerder se toenadering reageer, sal die seksuele aktiwiteit gestaak of vir ’n onbepaalde tyd voortgesit word. Dreigemente word gewoonlik gebruik om te sorg dat die kind nie die seksuele aktiwiteit bekend maak nie (Crosson-Tower, 2002:127; De Witt en Booysen, 1995:146). Meer skrikwekkende dreigemente word soms gebruik deur die kind met die dood te dreig as die molestering bekend sou word (Carl, 1987:35). Volgens verskeie navorsers kan seksuele molestering in die volgende kategorieë verdeel word (Carl, 1987:16; Brenner, 1984:128; Crosson-Tower, 1999:120; De Witt en Booysen, 1995:145; Gillis, 1999:148; Hedges-Goettl, 2004:25-32):

**Oortredings sonder fisieke aanrakings:**

- Verbale seksuele stimulering met die doel om die kind se belangstelling te prikkel of om hom te skok;

- obsene telefoonoproepe;
- ekshibisionisme of onwelvoeglike ontbloting;
- voyeurisme, byvoorbeeld die opsetlike afloer van ŉ kind wat besig is om te bad of te verklee;
- gesprekke met ŉ kind oor seks met die doel om die kind se belangstelling te prikkel;
- dreigemente en suggestiewe gebare;
- waar die kind gedwing word om seksuele aktiwiteite te aanskou met die doel om aan die volwassene bevrediging te verskaf.

**Oortredings waar die kind wel fisiek aangeraak word:**

- Niegewelddadige aanrakings soos liefkosings wat te ver gaan;
- orale, genitale of anale stimulering en penetrasie;
- niegewelddadige gemeenskap;
- bloedskande;
- gewelddadige, gedwonge oortredings soos verkragting en sodomie;
- onsedelike aanranding, fisieke besering, en moord.

**Ander vorme van seksuele misbruik van ŉ kind:**

- Die kind word deur die molesteerder gedwing om hom aan te raak of te bekyk ter wille van eie seksuele bevrediging;
- die uitbuiting van die kind deur pornografie en prostitusie.

### 2.5.2 Voorkoms van seksuele molestering

Volgens die navorsing van Rush is dit duidelik dat die meeste molesteerders manlik is, alhoewel Finkelhor beweer dat daar waarskynlik meer vroulike molesteerders is as wat vroeër vermoed is (Crosson-Tower, 2002:135). Cohen, Seghorn en Mehegan skryf molestering toe aan ŉ tekort aan "... joy and having a relative absence of non-sexual emotional qualities of human relationships such as warmth, tenderness or caring" (Crosson-Tower, 2002:135). Finkelhor (Crosson-Tower, 2002:140) stel dat daar veral vier voorvereistes is wanneer seksuele molestering voorkom.

- *Eerstens* moet die molesteerder gemotiveer word tot die molestering en emosioneel deur die kind bevredig word. Sy keuse vir die molestering van die kind is die resultaat van sy behoefte aan mag en beheer as gevolg van sy swak emosionele ontwikkeling of herlewing van sy eie trauma tydens die kinderjare (Gillis, 1999:149; Mash en Wolfe, 1999:555). Sommige molesteerders vertolk die kind se behoefte aan toegeneentheid en aandag verkeerd en veronderstel dat die kind seksueel uitlokkend is. Kinderpornografie, asook die manlike tendens om emosies te seksualiseer, kan ook bydra tot die molesteerder se seksuele belangstelling.

- Die *tweede* voorwaarde vir kindermolestering is gebaseer op die molesteerder se gebrek aan 'n interne inhibeerder. Volgens Crosson-Tower (2002:140) kan alkoholisme, psigose, seniliteit en 'n impulsversteuring voorkom dat sy *"inner voice"* hom verhoed om op die behoefte tot molestering te reageer.
- *Derdens* moet die eksterne inhibeerder oorkom word. Moeders wat emosioneel afwesig is, of wat nalaat om behoorlik oor die kind toesig te hou, bied bykans geen struikelblok vir die molesteerder nie. Gebrek aan privaatheid, ongewone geleenthede vir die molesteerder om alleen te wees met die kind, asook families wat sosiaal geïsoleerd is, kan ook tot molestering aanleiding gee.
- Die *vierde* voorwaarde is dat die oortreder die kind se weerstand moet oorkom. Kinders wat 'n swak selfbeeld en gebrekkige kennis van molestering het, is meer kwesbaar. Magteloosheid maak kinders uiters kwesbaar, veral waar die kind vroeg moes leer dat hy geen regte of beskerming het nie.

Die gevolge van seksuele misbruik sal van kind tot kind verskil afhangende van sy ouderdom en persoonlikheid, die verhouding tussen die molesteerder en die kind, die graad, tipe, duur, frekwensie en intensiteit van die molestering, en uiteindelik die reaksie van diegene na aan die kind, wanneer hy die saak openbaar maak (Crosson-Tower, 1999:124 ; De Witt en Booysen, 1995:146). Die adolessent meld nie altyd molestering aan nie uit vrees dat die ouer sy vryheid sal inperk om hom te straf of in die toekoms te beskerm. Die adolessent is veral binne hulle ontwikkelingstadium uitgelewer aan seksuele mishandeling omdat hulle dikwels in die geselskap van vreemdelinge en metgeselle verkeer en hulle blootstel aan "*date rape"* (Hedges-Goettl, 2004:26).

### 2.5.3 Seksuele molestering in familieverband

Bloedskande is in die gemenereg 'n oortreding wat bestaan uit onwettige en opsetlike gemeenskap tussen twee persone wat as gevolg van bloedverwantskap, huweliksverwantskap of aannemingsverwantskap, nie met mekaar mag trou nie (Gillis, 1999:149). Bloedskande beroof kinders van hulle kinderlewe, hulle eie seksualiteit en van die basiese inhoud van gesonde verhoudings soos intimiteit, vertroue, grense, sekuriteit en selfrespek. Dit maak nie saak of die seksuele nabyheid vir die kind aangenaam was of met positiewe gevoelens gepaard gegaan het nie - op die langtermyn het bloedskande 'n vernietigende uitwerking op 'n persoon se lewe (Gillis, 1999:151). In ongesonde gesinsisteme waar grense onduidelik is, kan aanraking maklik oorgaan in 'n molesteringsaksie.

#### 2.5.3.1 Klassieke bloedskande deur die vader

So 'n vader is gewoonlik iemand wat in sy kinderdae normale liefde en deernis ontneem is vanweë die disfunksionele gesin waarbinne hyself opgegroei het (Gillis, 1999:149). Sommige navorsers beskryf hierdie vaders as mishandel en getraumatiseer, terwyl ander hulle beskryf as passief, onvolwasse en afhanklik. Hierdie vaders kan soos volg gekategoriseer word (Justice en Justice, 1980:67; Crosson-Tower, 2002:135):

Die eerste hoofkategorie is die *simbiotiese persoonlikheid* van die vader wat 'n behoefte het aan nabyheid en liefde wat in sy kinderdae ontbreek het. Hierdie simbiotiese persoonlikheid van die vader kan verder in vier kategorieë onderverdeel word (Justice en Justice, 1980:67):

- Die *introvert* isoleer die gesin. Hy voel uitgelewer aan die wêreld en probeer deur die isolasie plesier van die kind eis.
- Die *rasionaliseerder* probeer die kind verlei deur komplimente en die oorreding dat bloedskande aanvaarbaar is. Die rasionaliseerder sien homself as die dogter se lewensmaat, leermeester of beskermer.
- Die *tiran* regeer sy huis met alle mag en geweld.
- Die *alkoholis* het weer 'n behoefte om afhanklik te wees en versorg te word.

Die tweede hoofkategorie kan beskryf word as meer patologies van aard (Justice en Justice, 1980:67). Die *psigopatiese* vader is nie op soek na liefde nie, maar eerder om sy eie verlies van sy kinderdae te wreek. Hy gebruik daarom die molestering van sy dogter om sy vyandigheid uit te druk.

Die derde hoofkategorie is die *pedofiel* se primêre belangstelling in seks. Die molestering is 'n manifestasie van hierdie versteuring.

Hierdie kategorisering van sulke vaders verwys primêr na die seksuele molestering tussen vader en dogter. Ander navorsers beskryf die vader wat sy seun molesteer binne die homoseksuele begeerte wat die vader probeer onderdruk.

##### 2.5.3.1.1 Seksuele molestering van dogters deur hulle vaders

Hierdie tipe molestering kom gewoonlik binne 'n gevestigde gesin met meer as een kind voor, en word gekenmerk deur 'n verwronge soeke na liefde en warmte (De Witt en Booysen, 1995:149) wat dui op die disfunksie en patologie in die gesin (Crosson-Tower, 2002:151). Die verhouding tussen die vader en dogter is aanvanklik normaal, maar verdiep oor 'n tydperk tot 'n seksuele verhouding.

Herman en Hirschman (2000:71) beskryf hierdie vaders as die perfekte patriarg: "Their authority with the family was absolute, often asserted by force. They were also the arbiters of the family's social life and frequently succeeded in virtually secluding the women in the

family. But while they were often feared within their families, they impressed outsiders as sympathetic, even admirable men." Die vader sien sy vrou en kinders as sy besittings terwyl die moeder passief, onseker en teruggetrokke is. Die dogter is self uitgelewer omdat sy die vader sien as die hoof van die gesin en hy hierdeur sy mag misbruik.

Dit gebeur ook in gesinne waar daar 'n dominerende moeder en ontoereikende vader is dat molestering plaasvind. Die vader ervaar die moeder as 'n bedreiging en wend hom tot die kinders in sy soeke na liefde en ondersteuning. Die dogter kan ook as 'n surrogaat moeder optree vir beide die ouers (Crosson-Tower, 2002:152). Die vader en moeder wend hulle tot die kinders wanneer hulle nie die emosionele ondersteuning van mekaar ontvang nie (Mash en Wolfe, 1999:554). Die vader sien die dogter as 'n plaasvervanger vir die moeder omdat sy meer besorg is en hy sy vertroosting by haar vind (Collins, 2005:345). Gevolglik neem die dogter die ma kwalik omdat sy haar nie beskerm nie.

Elkeen van hierdie gedragsvorme dien om die ekwilibrium van die sisteem in stand te hou en kan 'n meganisme van *konflikvermyding* of *konflikregulering* wees. In die *konflikvermyding*-gesin is die moeder geneig om haarself te onttrek. Die dogter besef dat sy nie na die moeder kan gaan met haar probleem nie omdat die verhouding tussen die moeder en die dogter gewoonlik koud en afsydig is (Crosson-Tower, 2002:152). In die *konflikregulering*-gesin word die dogter as't ware opgeoffer om die konflik te reguleer en die gesin by mekaar te hou. In hierdie gesin is daar intense konflik, maar die gesin laat eerder die molestering van die dogter toe as om die gesinsprobleme te hanteer.

Volgens die literatuurstudie is daar verskeie redes waarom die dogter toegee aan die molestering. *Eerstens* is daar by die meeste kinders 'n natuurlike vrees vir volwassenes. *Tweedens* gee sy toe aan die outoriteit van die vader uit vrees vir fisieke en emosionele weerwraak. *Derdens* kan die dogter ook fisiek gedwing word en is sy magteloos om weerstand te bied. *Vierdens* vertrou die dogter haar vader en is sy lief vir hom. *Vyfdens* is sy in haar behoefte aan aandag uitgelewer aan die "speletjies" wat hy met haar speel. *Sesdens* kan sy dit beskou as 'n hulpverlening aan haar gesin om die ouers se huwelik staande te hou. *Laastens* kan sy ook toegee omdat sy die ander kinders in die gesin teen dergelike molestering wil beskerm.

**Die gevolge van molestering van dogters deur hulle vaders**

Die dogter wat deur haar vader molesteer word, het gewoonlik 'n swak verhouding met die moeder terwyl sy haarself tussen die liefdevolle of tirannieke vader bevind, of albei. Gevolglik beteken dit dat die dogter totaal uitgelewer is wanneer sy nie deur die moeder beskerm word nie. Die dogter in hierdie vader-dogter molestering het gewoonlik 'n swak selfbeeld en 'n behoefte aan aandag en liefde, maar is vasgevang in die konflik van die

ouers. Sy ontwikkel sowel fisieke siektesimptome as psigosomatiese afwykings (Hedges-Goettl, 2004:79-83). Gewoonlik is daar ook passiwiteit, woedebuie en promiskuïteit (Crosson-Tower, 2002:160). Sy kan ook betrokke raak by alkohol- en dwelmmisbruik. Die dogter vertoon die beeld van 'n ouer kind alhoewel sy nog broos is en haarself blameer vir die gesinsversteuring. Sy het ook 'n onderdrukte woede vir albei ouers, veral die moeder wat haar nie beskerm nie.

Die geheim van die molestering plaas 'n geweldige las op die adolessent wat gemolesteer is en daarom isoleer sy haar van die portuurgroep en beleef die intense eensaamheid wat haar weer na die molesteerder dryf vir aanvaarding. Gewoonlik probeer die dogter iemand van die molestering vertel, maar word dikwels nie geglo nie (Hedges-Goettl, 2004:42). Hierdie magteloosheid stel die dogter bloot aan verdere molestering in die toekoms. Bloedskande versteur die dogter se normale ontwikkeling en manifesteer tot in volwassenheid (Gil, 1996:3). Die molestering stroop die dogter van 'n normale ouer-kind ontwikkeling en sy bly emosioneel op soek na iemand om in haar behoeftes te voorsien. Haar totale persoonswording en toekomstige verhouding met beide geslagte raak ook verwronge.

**2.5.3.1.2 Seksuele molestering van seuns deur hulle vaders**

Volgens Crosson-Tower (2002:161) gebeur dit dikwels dat die vader homoseksuele neigings het en sodomie dan plaasvind. Gewoonlik is dit die gevolg van 'n persoonlikheidsafwyking by die vader vanweë ontoereikende ontwikkeling tydens sy kinderdae wat verwerping, 'n oorbeskermende moeder en homoseksuele neigings insluit. Hierdie vaders molesteer gewoonlik ook hulle dogters. Terwyl die vader streef na die besit van mag deur sy verhouding met sy seun is die moeder gewoonlik 'n stilswyende vennoot. Die moeder kan selfs volgens Crosson-Tower (2002:161) bewus wees van die molestering en verligting ervaar van die vader se seksuele eise aan haarself. Stilswye is 'n kenmerk van die adolessent wat deur sy vader gemolesteer word, uit vrees dat hy as homoseksueel geëtiketteer sal word.

**Die gevolge van molestering van seuns deur hulle vaders**

Finkelhor stel (volgens Crosson-Tower, 2002:161) dat die molestering deur die vader meer blywende gevolge het as molestering deur die moeder. Soos die dogter het die seun ook 'n swak verhouding met die portuurgroep en selfvernietigingsgedrag. Uit die navorsing is dit duidelik dat die seun sy woede meestal na buite rig, terwyl die dogter eerder haar woede sal internaliseer. Geweld wat na buite gerig is, kan 'n uitdrukking of ontlading wees van die onderdrukte woede (Hedges-Goettl, 2004:54). Seksuele disfunksie, depressie, alkohol- en dwelmmisbruik, asook seksuele wandade blyk die blywende gevolge te wees

van die molestering van seuns deur hulle vaders. Hierdie homoseksuele aktiwiteit stel die seun enersyds bloot aan die vrees vir homoseksualiteit en andersyds kan die seun 'n homoseksuele lewenstyl verkies en handhaaf. Sommige navorsers het ook aangetoon dat sommige seuns wat prostitute is op 'n stadium deur hulle vaders gemolesteer is.

**2.5.3.2 Klassieke bloedskande deur die moeder**

Moeders wat hulle kinders molesteer, is volgens Crosson-Tower (2002:136) gewoonlik minder intelligent en meer emosioneel versteurd as die vader. Gewoonlik is die moeder wat haar seun molesteer op soek na die nabyheid van 'n ander man in haar lewe. Sy het gewoonlik 'n emosionele of fisiek afwesige man en verwag van haar seun om hierdie behoefte te vul. Die vrou wat haar dogter molesteer, sien die dogter as 'n verlengstuk van haarself. Mathews et al. (1999:276) stel dat vroue om verskeie redes tot molestering gemotiveer word. *Eerstens* is hulleself as kinders seksueel misbruik. *Tweedens* neem hulle saam met die vaders deel aan die molestering as gevolg van die onsekerheid in hulle verhouding tot hulle mans en sal alles doen om die verhouding nie te laat skipbreuk lei nie, selfs om die kind te molesteer. *Derdens* het hulle die behoefte aan nabyheid, aandag en aanvaarding. *Vierdens* word hulle woede, jaloesie, gevoel van verwerping of behoefte aan mag op die kind verplaas. *Vyfdens* sien hulle die kind as 'n veilige teiken vir die misplaaste gevoel en emosie. Sommige vroue sien hulleself in die posisie om die kind van seksualiteit te leer.

**2.5.3.2.1 Seksuele molestering van dogters deur hulle moeders**

Hierdie tipe molestering kom in 'n mindere mate voor, omdat vrouens minder geneig is om kinders te molesteer as mans (Russell, 1999:309). Die dogter beleef hierdie molestering traumaties omdat dit die dogter se verhouding met die moeder verwar en kan uitloop op depressie, selfmoordneigings, selfmishandelende gedrag en verhoudingsprobleme met die teenoorgestelde geslag. Volgens Rosencrans (1997:37) word die molestering van dogters deur hulle moeders in die samelewing geheim gehou. Hierdie moeders kan as versteurd en moontlik psigoties beskryf word terwyl ander navorsers hulle beskryf as baie ongelukkig, chronies depressief met 'n neerslagtige of droewig lae selfbeeld (Forward en Buck, 1988:118). Die moeder sien haar aandag aan die dogter as 'n uiting van liefde (Crosson-Tower, 2002:164). Dikwels begin hierdie molestering op 'n baie vroeë ouderdom en verwar die dogter die molestering met die uiting van liefde. Gevolglik word die dogter vasgevang in hierdie simbiotiese verhouding sodat sy haar woede-emosie beleef as woede teenoor haarself. Die vader in hierdie gesin is gewoonlik fisiek afwesig of emosioneel nie beskikbaar nie. Hierdie afwesigheid van die vader versterk die behoefte van die moeder om van die dogter afhanklik te wees.

**Die gevolge van molestering van dogters deur hulle moeders**

Crosson-Tower (2002:165) stel dat daar nie duidelike eenstemmigheid bestaan oor die gevolge van molestering van dogters deur hulle moeders nie. Sommige navorsers beskryf hierdie dogters as gekenmerk deur uiters selfvernederende en vyandige gedrag (Forward en Buck, 1988:125). Hulle stel ook dat sommige dogters 'n reeks homoseksuele én heteroseksuele verhoudings het wat dikwels daarop gerig is om die mans van ander vroue te verlei, as 'n vorm van seksuele vendetta. Ander vroue ervaar die verhouding met 'n man as verwarrend omdat sy geleer het om seksualiteit te assosieer met die molestering van die moeder (Rosencrans, 1997:130). Die dogter wat gemolesteer is, het gewoonlik probleme om volwassenes te vertrou en ervaar isolering. Gewoonlik is hulle depressief met selfmoordneigings as deel van die emosionele konflik. Sommige navorsers stel dat die kind wat van 'n gesonde verhouding met die moeder ontneem is ontwikkelingsprobleme ontwikkel vanweë die moederverlies.

**2.5.3.2.2 Seksuele molestering van seuns deur hulle moeders**

Volgens (Crosson-Tower, 2002:165) wil dit voorkom of die molestering van seuns deur hulle moeders net so 'n groot effek op die seun het as die molestering van die dogter deur die vader. Daar is drie gedragspatrone in molestering van seuns deur hulle moeders. *Eerstens* kan dit plaasvind waar die moeder en die seun saam aan- en uittrek, in dieselfde bed slaap en moontlik saam bad. Die *tweede* gedragspatroon behels seksuele kontak, maar nie die werklike daad nie. Die moeder bad haar seun ten spyte van die feit dat hy dit reeds self kan doen en met verloop van tyd stimuleer sy hom tot ejakulasie. Die genot van hierdie seksuele stimulasie laat die seun aan die molestering deelneem, maar die seun is erg verward deur die beperkinge en frustrasie in die verhouding. Die *vierde* gedragspatroon van die moeder-seun molestering behels gereelde omgang, maar dit is uiters raar.

Gewoonlik is daar nie 'n vader in die gesin waar die moeder die seun molesteer nie en kom dit ook nie so gereeld voor soos die molestering tussen pa en dogter nie (Crosson-Tower, 1999:160). Waar daar wel 'n vader in die gesin teenwoordig is, is hy gewoonlik inkonsekwent, onbeskikbaar en afsydig. Deur die moeder se behoefte aan beskerming reageer die seun op haar aanleiding tot liefde. Die seun se eie oedipale begeertes, volgens Freud, stimuleer sy behoefte om die "man van die huis" te wees en sy seksuele betrokkenheid by die moeder vorm 'n patroon van rolomkering. Promiskuïteit mag ook 'n stuk dinamika in die moeder se persoonlikheid wees. Vanuit die navorsing blyk dit dat die moeder se verhoudings met ander mans aanleiding kan gee tot die seun se intense betrokkenheid by die moeder. Hierdie verhouding veroorsaak dat die moeder emosioneel

buitengewoon afhanklik word van haar seun en kan hierdie molestering meer emosioneel as fisiek wees.

**Die gevolge van molestering van seuns deur hulle moeders**

Die molestering van seuns deur die moeder word meestal deur die moeder geïnisieer of kan as 'n patologiese verlenging van moederliefde na vore kom. Die feit dat die moeder nie enige geweld gebruik nie, die deelname aan die molestering aanmoedig, gekombineer met die feit dat die seun gretig is om sy seksualiteit te ontdek, blyk op die oppervlak nie 'n geweldige effek op die seun te hê nie. Volgens Crosson-Tower (2002:168) sien die gemeenskap ook die seun se betrokkenheid by 'n ouer vrou as 'n vorm van inisiasie in seksualiteit en nie as molestering nie. In baie kulture veroorsaak molestering van seuns deur die moeder wel addisionele konflik en trauma (Carrasco en Garza-Louis, 1995:13-18). Volgens Crosson-Tower (2002:167) is die moeder in hierdie molestering egter minder versteurd as haar seun. Navorsing wys daarop dat die molestering die seun uitermatig skuldig laat voel wat later in probleme ontwikkel. 'n Gevoel van waardeloosheid, verraad, woede en vrees is algemeen by die seun. Die seun beleef hierdie verhouding as besonder traumaties en sy verhoudinge met sy portuurgroep word baie negatief geraak (De Witt en Booysen, 1995:150). Later in die seun se lewe openbaar hy soms gedrag soos aggressie, verkragting, kindermolestering, mishandeling van vroue, impotensie, ensovoorts (Morgan en Zedner, 1992:30).

**2.5.3.3 Klassieke bloedskande deur broers en susters**

Verskeie navorsers beweer dat broers en susters wat die kind molesteer, dit doen ter wille van die ontdekking van seksuele stimulering en eksperimentering. Hierdie tipe molestering het negatiewe gevolge vir die kind wat geviktimiseer is omdat 'n ouer broer of suster hierdeur die kind probeer domineer. Volgens Crosson-Tower (2002:168) is daar veral twee redes vir die broer-suster molestering. *Eerstens* is die broer nuuskierig oor seksualiteit en gebruik hy sy suster as 'n proefkonyn. *Tweedens* kan die broer 'n paar jaar ouer as die suster wees en haar bewustelik uitbuit vanweë komplekse intrapsigiese redes. Die broer inisieer die molestering met omkoopgeskenke, dreigemente of fisieke geweld om sy suster te domineer (Hedges-Goettl, 2004:28). Dikwels is die broer die surrogaatvader omdat die ouer afwesig, onbevoeg of emosioneel ontoeganklik is.

Uit die navorsing kan ook gestel word dat wraak nie ongewoon is by hierdie molestering nie. Hierdeur wil die broer die suster verneder vir die onreg wat hom in die verlede aangedoen is. Sommige susters het ook 'n sadistiese verhouding met die broer wat gemotiveer word vanuit die broer se eie versteuring en 'n langtermyneffek op die suster. Dit is ook moontlik dat daar in die gesin broer-broer en suster-suster molestering kan

plaasvind. Hierdie molestering kan die gevolg wees van die vader of moeder se patologie, waar hulleself by homoseksuele aktiwiteite betrokke is.

Meestal is die ouers in so ’n gesin afwesig en onbetrokke in die lewe van hulle kinders. Die vader is oorlede of emosioneel afwesig weens alkoholisme of psigose. Die moeder in die gesin is enersyds fisiek of emosioneel afwesig en het geen toesig oor die kinders nie, en andersyds is sy rigied in haar siening van seksonderrig aan die kind en die kinders ontdek dit self deur eksperimentering (Crosson-Tower, 2002:170).

**Die gevolge van molestering deur broers en susters**

Die kind wat aan hierdie molestering blootgestel is, het gewoonlik geen beskerming van die ouers ontvang nie. Die promiskuïteit en veelvoudige verhoudings met getroude mans kom dikwels voor by vroue wat deur hulle broers gemolesteer is. Dikwels het baie van die vroue ’n aversie aan seks en wantroue in mans. Die gevolge van hierdie molestering kan ook as depressie, walging en weersin in hulleself en ’n verwarde seksuele identiteit in die toekoms manifesteer. Aan die ander kant stel Russell (1999:306), “... not only are girls much less likely to be sexually abused by a sister than a brother, but it appears that when sister-sister incestuous abuse occurs, it may be less upsetting and may have a less negative impact on the victim’s lives.” Volgens Crosson-Tower (2002:171) het die molestering nie altyd langtermyn traumatiese gevolge nie. Russell (Crosson-Tower, 2002:170) se bevindinge dui weer daarop dat sommige vroue nooit in die huwelik tree nie, dikwels deur ’n outoritêre figuur seksueel geviktimiseer word en deur ’n man se seksuele aanmerkings en toenadering ontstel word. Volgens die studie van Russell vrees die oorgrote meerderheid vroue wat deur ‘n broer gemolesteer is dat hulle weer gemolesteer sal word.

**2.5.3.4 Bloedskande deur ooms, oupas en neefs**

Crosson-Tower (2002:172) stel dat meer ooms dogters molesteer as die vader self. Die trauma van hierdie molestering wissel afhangend van die betrokkenheid van die oom by die familie. Die nagevolge van die molestering wissel van psigosomatiese simptome tot die onvermoë om konflik openlik te hanteer. Seksuele probleme en ’n algehele wantroue in mans word veral later in die dogter se lewe ervaar.

Die oupa en kleindogter molestering kom ook gereeld voor, veral weens die siening van die samelewing dat die oupa nie meer ’n belangstelling in seksualiteit toon nie. Die feite is egter dat ouderdom juis ’n motivering kan wees vir die molestering (Crosson-Tower, 2002:173). Sy kleindogter gee gewoonlik baie liefde en aandag aan hom, vra min van hom en kyk op na hom as die ouer persoon wat sy kan vertrou. Hierdie verhouding voorsien aan hom die geleentheid om sy manlikheid te bewys en sy seksuele vermoë sal

nie beoordeel word nie. Vir sommige oupas is die motivering vir die molestering dieselfde as die vader-dogter molestering en as gevolg van die jonger oupa se gebroke huwelik soek hy na 'n minder veeleisende en konfliklose verhouding. Sy begeerte na sy eie dogter kan ook aanleiding gee tot die molestering van die kleindogter veral as hy dit beskou as minder skande en skuldgevoel. Die oupa molesteer gewoonlik ook ander familielede en het gewoonlik ook sy eie dogter gemolesteer. Die trauma wat die kind beleef, sal volgens Crosson-Tower (1999:169) bepaal word deur die verhouding wat daar bestaan tussen die molesteerder en die kind asook die graad van seksuele kontak wat wissel van betasting tot penetrasie. Die gevolg van hierdie molestering is dat die kind eerder haarself blameer en nie die molesteerder nie (Crosson-Tower, 2002:174).

Neefs en niggies kan ook die kind molesteer, maar dit is dikwels van eksperimentele aard (De Witt en Booysen, 1995:150). Die effek en langtermyngevolge van die molestering word bepaal deur die geweld waarmee die molestering gepaard gaan en die verhouding van die kind tot die neef of niggie.

**2.5.3.5 Die enkelouer**

Dit is veral in hierdie groep waar moeders as molesteerders voorkom. Die moeder voel eensaam na 'n egskeiding of die dood van 'n eggenoot of is 'n persoon wat nooit slegs een konstante maat gehad het nie (De Witt en Booysen, 1995:150). In die geval van vaders wat as enkelouer die kind molesteer, is hy gewoonlik 'n wewenaar of is die kinders in sy sorg geplaas na 'n egskeiding en vervul die dogter die rol van plaasvervangende eggenote (De Witt en Booysen, 1995:150). Die ouer wat beheer en toesig oor die kinders verloor, gaan dikwels oor tot seksuele molestering tydens naweekbesoeke, as 'n manier om die moeder te straf, of uit eensaamheid (De Witt en Booysen, 1995:149).

**2.5.3.6 Redes waarom bloedskande stop**

Intervensie is nie die enigste rede waarom bloedskande stopgesit word nie. Crosson-Tower (2002:175) stel dat daar ook ander faktore is.

- Sodra die molestering penetrasie begin insluit, word sommige kinders bang. Indien die molesteerder werklik oor die kind besorg is, mag die aktiwiteit gestaak word;
- soms gebeur dit dat ouers hulle kinders misbruik as gevolg van hulle eie onvermoë om stresvolle situasies te hanteer. Wanneer die situasie verander, hou die molestering ook op;
- indien die molesteerder die geleentheid ontneem word om die kind te molesteer sal die misbruik ook stopgesit word. Die moeders kan bewus word van die molestering en dit stopsit deur die kind te beskerm of om die molesteerder te konfronteer;

- die molesteerder mag bang wees die dogter word swanger wanneer sy puberteit bereik en belangstelling in die kind verloor wat tot volwassenheid ontwikkel;
- die adolessent ontwikkel fisiek groter en sterker en stop die molestering. Wanneer dit egter gebeur, mag die molesteerder hom tot jonger broers of susters in die gesin wend;
- die kind verlaat die gesin baie vroeg in 'n poging om van die molestering weg te vlug.

### 2.5.4 Seksuele molestering van buite die familie

Die feit dat 'n groot persentasie kinders deur familielede misbruik word, maak nie die risiko minder vir kinders wat van buite die familie misbruik word nie. Die eerste vereiste daarvoor is vir die molesteerder om toegang tot die kind te verkry (Hedges-Goettl, 2004:64-76). Volgens Crosson-Tower (2002:181) kan daar verskeie redes wees waarom die kind aan molestering deur iemand buite die familie blootgestel word.

- Die molesteerder kan 'n emosionele band met die ouer hê soos 'n familievriend of 'n kinderoppasser;
- molestering kan moontlik buite die verwysingsraamwerk van die ouer val, dit wil sê die ouer kan oor molestering as sodanig oningelig wees, en die gebruik van die internet, byvoorbeeld, kan sonder toesig plaasvind;
- die ouer benodig die dienste van iemand wat 'n potensiële molesteerder is. Dagsorginstellings, skole en kinderoppassers word gebruik en die ouer vertrou die individue wat die diens lewer;
- die ouer kan die moontlike molesteerder vertrou, veral individue wat behulpsaam is met die ontwikkeling van die kind soos vriende, onderwysers, afrigters, predikante, jeugleiers, ensovoorts;
- ouers hou nie voldoende toesig oor die kind nie en voel dat die kind na homself kan omsien;
- die ouer mag ook onbewus wees van tye waar die kind geen toesig het nie;
- die kind kan skeiding met die ouers self bewerkstellig deur van die huis af weg te loop.

Hierdie blootstelling van die kind maak dit vir die molesteerder veel makliker om die kind te molesteer. Crosson-Tower (2002:182) stel dat die maklikste manier om die kind aan molestering bloot te stel, pornografie en prostitusie deur die internet is. Die ouers kan onbewus wees van die kind wat deur 'n molesteerder via die internet genader word terwyl die ouers in die huis teenwoordig is. Finkelhor et al. (2000:ix) stel dat kinders deur die internet teen 'n skrikwekkende tempo aan seksuele versoeke, pornografie en visuele seksuele aktiwiteite blootgestel word.

#### 2.5.4.1 Pedofilie

Kinders word deur pedofiele misbruik wat óf voorkeur gee aan seks met kinders óf vir wie seksuele kontak met volwassenes ontoereikend geword het (Serfontein, 1989:65). Volgens Crosson-Tower (2002:138) is die pedofiel gewoonlik in kinders van 'n bepaalde ouderdom geïnteresseerd, gewoonlik 'n ouderdom toe die pedofiel self getraumatiseer is. Hy is gewoonlik 'n ekspert om toenadering te soek tot kinders wat sy emosionele behoeftes kan bevredig (Hedges-Goettl, 2004:26). Binne hierdie emosionele binding met die kind sien hy homself op die vlak van die kind alhoewel hy buite hierdie verhouding hulpeloos en oneffektief is. Die pedofiel fantaseer sy seksuele en emosionele betrokkenheid by die kind en voer dit ook uit (Gillis, 1999:149). Hy projekteer sy gevoel van hulpeloosheid op die kind en beeld hom in dat die kind die verhouding inisieer. Volgens Groth (1978:6) lei die pedofiel aan 'n "... temporary or permanent arrestment of psychosocial maturation resulting from unresolved formative issues that persist and underlie the organization of subsequent phases of development." As kind is die pedofiel se behoeftes nie bevredig nie, het hy alle vertroue in volwassenes verloor en gebruik hy die kind om sy behoefte aan en afhanklikheid van liefde te bevredig. Dikwels kan die molesterende gedrag van die pedofiel ook terug herlei word na 'n krisis in sy lewe soos egskeiding, huweliks- of seksuele probleme.

Crosson-Tower (2002:184) stel dat die pedofiel die kind deur verskillende maniere nader. Hy kan druk op die kind plaas, hom dreig of fisiek forseer. Die pedofiel wat *eerstens* druk op die kind plaas, doen dit sonder enige fisieke geweld. Hy verlei die kind deur geskenke, traktering, die skyn van liefde en die oortuiging dat die kind vir hom baie belangrik is. Hy kan die kind ook vasvang in 'n emosionele skuldgevoel waar die kind verantwoordelik voel teenoor die pedofiel. Hierdeur oortuig die pedofiel homself dat dit 'n wedersydse verhouding is en nie molestering nie.

Die pedofiel kan *tweedens* die kind in die verhouding inforseer deur intimidasie of fisieke aggressie. Hierdeur misbruik hy sy gesag as volwassene. Hy sien die kind as 'n objek om sy eie behoeftes te bevredig en manipuleer die kind tot die seksuele daad. Die pedofiel kan ook fisieke aggressie gebruik om die kind te verkrag (Crosson-Tower, 2002:185).

Die sadistiese pedofiel word *derdens* seksueel gestimuleer deur die kind fisiek en seksueel te mishandel. Die kind simboliseer soms iets wat die molesteerder van homself haat of herinner hom aan sy eie versteurde kinderdae. Hierdie molesteerder gebruik soms meer krag as wat nodig is om die kind te oorweldig en veroorsaak dikwels dat die kind sterf (Crosson-Tower, 2002:185).

#### 2.5.4.2 Adolessente wat kinders molesteer

Jeugmisdadigers en adolessente wat kinders molesteer, word nie maklik as oortreders gerapporteer nie as gevolg van hulle ouderdom en die gemeenskap se konsep van tipies adolessente gedrag. Tieners ontdek gedurende hierdie jare hulle seksualiteit en gevolglik word seksuele molestering deur 'n tiener nie in 'n ernstige lig beskou nie, alhoewel die impak op die kind groter is as wat vroeër vermoed is (Hedges-Goettl, 2004:27). Die adolessent wat molesteer kan iemand naby die familie wees wat volwassenes maklik laat twyfel aan die geloofwaardigheid van die bekendmaking van die molestering (Gil, 1996:11).

Knopp (1982:14) beskryf die adolessent molesteerder as "... a 'loner' who is socially and sexually immature and lacking suitable sex education. He has minimal social peer group activities with boys and girls and prefers playing with younger children." Baie adolessente oortreders het ander psigiese tekorte soos 'n swak selfbeeld en onvoldoende sosiale vaardighede (Hedges-Goettl, 2004:44). Corcoran et al. (1999:3-4) het in hulle navorsing bevind dat adolessente oortreders tot sekere karaktertrekke neig. Die meerderheid van die adolessente is manlik en het self 'n geskiedenis van seksuele of fisieke mishandeling. Deur die molestering modelleer die adolessent dikwels wat self met hom gebeur het of gebruik hy molestering in die magstryd teen die jonger kind (Hedges-Goettl, 2004:27). As gevolg van die mishandeling voel hulle magteloos en buite beheer en is op soek na beheer oor ander, sonder empatie.

Dit is egter ook waar dat dit nie net adolessente is wat ander seksueel molesteer nie. Sommige kinders tree reaktief op, op grond van hulle eie ervaring van molestering (Gil en Johnson, 1993:15). Volgens Gil en Johnson (1993:15) het hulle in gekombineerde navorsing gevind dat daar 'n toenemende getal kinders onder die ouderdom van twaalf jaar is wat ander molesteer, en hulle maak die onderskeid dat: "...most children who molest have severe oppositional disorder... have significant disruptions of development in their core self, as well as their capacity to make meaningful attachments. In addition, the thrust of sexual behavior in young children is less frequently toward obtaining sexual pleasure, and more frequently toward expressing internalized anger and tension." Crosson-Tower (2002:140) stel dat nie alle kinders wat seksueel teenoor ander optree noodwendig lewenslange seksuele oortreders is nie.

#### 2.5.4.3 Tegnofilie

Die term tegnofilie verwys na persone wat die rekenaar en internet in hulle seksuele afwykings gebruik om kinders te betrek (Crosson-Tower, 2002:189). Die relatiewe anonieme rekenaarwêreld gee aan die molesteerder die geleentheid om die kind netjies in

die versoeking te lei voordat hy die kind ontmoet (Hedges-Goettl, 2004:30). McLaughlin (Crosson-Tower, 2002:189) identifiseer verskillende kategorieë van rekenaar-molesteerders, afhangend van hoe die internet en pornografie gebruik word.

- Eerstens is daar die *versamelaar* wat pornografiese webwerwe besoek en gesprekke met kinders voer;
- Tweedens, die *internetreisigers* wat met kinders gesels en die kind manipuleer om die kind later vir seksuele doeleindes te ontmoet. Die kind eindig by die punt waar hy persoonlike inligting aan die molesteerder deurgee en die tegnofiel toelaat tot 'n intieme verhouding en uiteindelik 'n ontmoeting;
- derdens produseer die *vervaardigers* hulle eie pornografie en plaas dit op die internet vir almal om te besoek. Hierdie tipe molesteerder neem kinders in publieke plekke soos openbare toilette af, of lei die kind om seksuele en naakfoto's te neem en via die internet aan te stuur. Hierdie tegnofiel is gewoonlik ook by die fisieke molestering van kinders betrokke;
- vierdens is daar die *internetgeselsers* wat nie by pornografie betrokke is nie, maar die kind juis waarsku teen persone wat by kinderpornografie en molestering betrokke is. Hulle doel is om met die kind te gesels en hulle aan die kind voor te stel as die enigste volwassene in die kuberruimte wat die kind kan vertrou. Hulle stel hulleself voor as leermeesters en moedig die kind aan om vrae te vra oor seks. Die internetgeselser kry sy stimulering deur hierdie aktiwiteit met die kind. Die gesprekke kan eskaleer tot seksgesprekke en later moontlike telefoonseksgesprekke met die kind.

Binne die tegnofilie is dit ook moontlik dat die molesteerder die tegnologiese ontwikkeling van die sellulêre stelsel kan misbruik om die kind te bereik deur pornografie, eksplisiete foto's en gesprekke te versprei (Hedges-Goettl, 2004:30).

### 2.5.5 Seksuele misbruik en uitbuiting

#### 2.5.5.1 Molestering deur kerklike ampsdraers en geestelike werkers

Predikante, priesters en geestelike werkers word beskou as betroubare, lojale en gerespekteerde persone in die gemeenskap (Hedges-Goettl, 2004:21). Hierdie vertroue bied die geleentheid om alleen met die kind te wees binne 'n geslote en liefdevolle verhouding. Die Freudiaanse interpretasie stel dat die molesteerder wat deur sy eie moeder mishandel, verwaarloos en verlaat is, juis op soek is na die liefdevolle moeder. Watter beter kandidaat kan daar wees met warmte en liefde as juis die gemeenskap van gelowiges en die kerk (Crosson-Tower, 2002:192)? 'n Mens kan selfs redeneer dat die selibaat in die Rooms-Katolieke Kerk vir die molesteerder 'n aanvaarbare alternatief laat omdat hy nie in volwasse vroue belangstel nie. Molestering deur kerklike ampsdraers,

predikante, priesters en geestelike werkers het dieselfde traumatiese gevolg vir die kind as die molestering deur ander volwassenes in 'n vertrouensverhouding. Kinders uit probleemgesinne soek gewoonlik hulle troos in die kerk, maar word dikwels bedrieg en verraai deur kerkleiers wat die kind misbruik (Hedges-Goettl, 2004:29). Die gevolg hiervan is dat die geestelike lewe van die kind weens hierdie misbruik en uitbuiting skade ly.

**2.5.5.2 Sekssindikaat**

'n Seksring of -sindikaat is 'n groep kinders wat bymekaargebring word vir die doel van molestering, pornografie, prostitusie of ander seksuele aktiwiteite (Crosson-Tower, 1999:201 en Van Rooyen, 1989:77). Die sekssindikaat bestaan gewoonlik uit ten minste een volwassene wat jong kinders molesteer, en die netwerke van molesteerders ag hulle optrede eerder voordelig as skadelik vir die kind (Serfontein, 1989:79). Campagna (1985:61) stel dat hierdie volwassenes verbind word met:

- Die produksie van pornografie;
- prostitusie;
- molestering van kinders;
- die verkoop of vervoer van kinders vir seks;
- die gebruik van jeugmisdadigers om ander kinders by die sindikaat te betrek;
- die gebruik van afpersing, bedrog, dreigemente, portuurgroepdruk en intimidasie van kinders in seksuele aktiwiteite.

Die kind neem die seksuele aktiwiteite tussen volwassenes en ander lede van die groep waar en word so aan die idee blootgestel dat sulke aktiwiteite deel is van lidmaatskap van die groep. Die molesteerder streef daarna om deur vrees die samehorigheid in die groep te vorm en te verhoed dat die seksuele aktiwiteite openbaar gemaak word (Crosson-Tower, 1999:201).

Vanuit die navorsing van Crosson-Tower (2002:196) en die literatuurstudie kan die gevolge van die sekssindikaat op die kind reflekteer in slaapversteurings, ongewone gedrag, eetversteurings, dagdromery en genitale irritasie. Herinneringe en drome veroorsaak stres en angstigheid by sommige kinders. Beide seuns en dogters ontwikkel simptome soos enurese, vrees, fobies, skolastiese en psigosomatiese probleme. Die betrokkenheid van die kind in hierdie sekssindikaat het ook langtermyneffekte. Hulle vroeë seksuele aktiwiteite met volwassenes veroorsaak versteurings met hulle seksuele ontwikkeling, en die uitkoms van hierdie seksuele trauma is dikwels prostitusie, seksuele disfunksie, jeugmisdaad en alkohol- en dwelmmisbruik.

#### 2.5.5.3 Kinderpornografie

Die vervaardiging en gebruik van kinderpornografie is verweef in die aktiwiteite van die pedofiel, tegnofiel, sekssindikate en kinderprostitusie. Kinders word aangewend om pornografiese materiaal te ontwikkel ter wille van finansiële of ander gewin. Arnaldo (2001:39) verwys na die 1996 Stockholm Wêreldkongres teen die kommersiële seksuele uitbuiting van kinders wat kinderpornografie definieer as "... any visual or audio material which uses children in a sexual context. It consists of the visual depiction of a child engaged in explicit sexual conduct, real or simulated, or the lewd exhibition of the genitals intended for the sexual gratification of the user, and involves the production, distribution and/or use of such material".

Heelwat navorsing bevestig die feit dat daar 'n sterk korrelasie bestaan tussen pornografie en seksuele molestering. *Eerstens* voorsien dit aan die pedofiel seksuele prikkeling waardeur hy sy fantasieë stimuleer, die kind se inhibisies verlaag en gevolglik die kind seksueel misbruik. Die uitbuiting van 'n kind sluit die neem van foto's of videomateriaal in wat die pedofiel ook kan gebruik as 'n vorm van afpersing om te verseker dat die kind die seksuele aktiwiteite geheim hou. *Tweedens* gebruik die pedofiel die pornografie om met ander pedofiele handel te dryf en so sy eie versameling uit te brei. *Derdens* word pornografie kommersieel aangewend tot finansiële voordeel, alhoewel hierdie persone nie noodwendig pedofiele is nie Barker (1998:144-145) wys op sekere karaktertrekke wat kinders aan pornografie uitlewer. Seuns en dogters wat van die huis af wegloop, wat uit gebroke of arm gesinne kom of van hulle familie vervreem is, is ideale teikens vir pornografie en prostitusie. Straatkinders word 'n maklike teiken aangesien hulle geld nodig het om te oorleef en tot die uiterste sal gaan om geld, blyplek en kos te kry. *Laastens* word die kind in die pornografie vasgevang wanneer hy skuldig daaroor voel en iemand daarvan wil vertel, maar gedreig of afgepers word.

Barker (1998:131-144) stel dat kinderpornografie negatiewe gevolge het vir die ontwikkeling van die kind.

- Psigies is die kind weens ouderdom, emosionele en geestelike ontwikkelingsvlak nie gereed om aan seksuele gedrag blootgestel te word nie;
- die kind se selfbeeld word aangetas deurdat pornografie 'n degraderende en afbrekende invloed het op die ontwikkeling van die kind se verhoudings met ander;
- meestal is die ouer persoon in 'n magsposisie wat hom in staat stel om die jonger persoon of persone sonder mag uit te buit;

- die vertrouensverhouding tussen volwassenes en kinders is dikwels broos wat die kind kwesbaar maak vir pornografie, wat die idee by die kind wil tuisbring dat volwasse seksuele gedrag vir kinders aanvaarbaar en genotvol is;
- pornografie verskaf verkeerde inligting aangaande seksuele gedrag aan die kind en verhinder die kind om seksueel volgens sy eie pas te ontwikkel;
- die morele waardes van die kind word versteur deurdat die kind te vroeg aan seksuele aktiwiteite blootgestel word. Hierdeur ervaar die kind probleme om tussen reg en verkeerd, asook tussen gepaste en onvanpaste seksuele gedrag te onderskei.

Volgens Crosson-Tower (2002:199) is die kort- en langtermynimpak van pornografie depressie, selfmoordgedagtes, skaamte, skuldgevoelens, onttrekking uit die familie en vriendekring, angstigheid, beperkte selfaanvaarding, rolverwarring, probleme met seksualiteit en die moontlikheid om verder by prostitusie betrokke te raak. Adolessente ondervind probleme om die onderskeid tussen liefde en seks in te sien, om 'n sin vir hulle eie waarde te ontwikkel en om hulle op gelyke voet met hulle ouderdomsgroep te kan sien. Omdat hulle ondervinding so drasties van die normale kind s'n verskil, mag hulle meer betrokke wees in 'n alternatiewe leefstyl. Seks is iets wat hulle ken en kan gebruik word om 'n gevoel van belangrikheid te kry of om geld te maak.

**2.5.5.4 Kinderprostitusie**

Gathia (1999:6) verwys na kinderprostitusie as die seksuele uitbuiting van 'n kind in ruil vir geld of gunste. Dit is dikwels die kind se eie ouers wat hulle as prostitute verhuur. Bagley (1997:101-127) wys daarop dat kinders wat by prostitusie betrokke is, meestal kinders is wat by hulle ouerhuise seksueel misbruik is. Kinderprostitusie kan ook 'n uitruiling van kinders wees tussen pedofiele waar geld en verskillende vorme van gunste in die spel is. Crosson-Tower (2002:200) stel ook dat seksuele molestering en bloedskande geassosieer word met prostitusie, veral waar die adolessent probeer wegvlug van die huislike omstandighede. Hulle raak spoedig afhanklik van die persone wat hulle vir seksuele dade verkoop, aangesien hulle seksuele dade verwar met 'n behoefte aan liefde en aanvaarding (Bibby, 1996:11-12). Die kind word tot prostitusie geïndoktrineer deur slinkse volwassenes wat as agente optree en wat die kind soms mishandel, dreig of afpers om samewerking te kry (Morgan en Zedner, 1992:94).

In die meeste gevalle is die kinderprostitute deur meer as een persoon gemolesteer en aan pornografie blootgestel voordat hulle by prostitusie betrokke raak. Seuns en dogters raak om verskeie redes by prostitusie betrokke: Hulle vlug van die disfunksionele ouerhuis af waar hulle mishandel en gemolesteer word; om ekstra geld te verdien; ter wille van seksuele kontak; om dwelms in die hande te kry; en om aanvaarding en aandag van

volwassenes te kry (Mash en Wolfe, 1999:556). As gevolg van armoede en die misbruik van alkohol en dwelms, word hulle dikwels ook gedwing om by prostitusie betrokke te raak. Joshi (1997:1-29) stel dat prostitusie ’n simptoom is van die werklike pyn van ’n persoon en nie ’n siekte nie. Die oplossing daarvan kan dus nie in isolasie beskou word nie.

Terwyl seuns baiekeer van prostitusie kan ontsnap en ’n relatiewe normale lewe lei, is dogters meer vatbaar vir volwasse prostitusie ter wille van oorlewing (Crosson-Tower, 1999:201). Westerlund (1992:70) verwys daarna dat kinders wat by prostitusie betrokke is, ’n lae selfwaarde en ’n verlies aan persoonlike beheer ervaar. Verder ag hulle hulle liggame van min waarde en meen dat die enigste nut wat hulle liggame het, is om deur prostitusie beheer oor ’n man te verkry.

## 2.6 EMOSIONELE EN PSIGIESE MISHANDELING

Emosionele en psigiese mishandeling is een van die moeilike tipe mishandelings om te definieer en te isoleer. Emosionele mishandeling ontvang ook baie minder aandag in die media en literatuur omdat dit moeilik bewys kan word. Wanneer ’n kind se emosionele en intellektuele vermoëns ingrypend aangetas is as gevolg van die optrede of gebrek aan optrede deur die persoon in wie se sorg hy is, dui dit gewoonlik op emosionele mishandeling. Hoewel emosionele mishandeling alleen kan voorkom, gaan dit gewoonlik gepaard met liggaamlike aanranding, seksuele molestering en bykans alle vorme van mishandeling en verwaarlosing (Crosson-Tower, 2002:210). Emosionele mishandeling vind plaas wanneer opvoeders poog om die kind se gedrag te verander deur die kind te verkleineer, uit te skel, te verneder, te verwerp, skuldig te laat voel en vrees by hom in te boesem (De Witt en Booysen, 1995:144). Die kind se selfbeeld word by elke moontlike geleentheid afgekraak, hy word onophoudelik gekritiseer en daar word onmoontlike eise aan hom gestel.

In die literatuur kom dit baie duidelik na vore dat alle vorme van mishandeling ’n emosionele impak op die kind se gedrag en funksionering het (Laubscher, 1997:100; Wiebe, 1996:5; Gil, 1991:13; Iwaniec, 1995:14). Crosson-Tower (1999:89) maak dit duidelik dat daar in hierdie vorm van mishandeling onderskei kan word tussen emosionele mishandeling enersyds (*abuse*), en emosionele verwaarlosing andersyds (*neglect*). Laasgenoemde sluit in dat die kind verwerp, geïsoleer, geïntimideer, geterroriseer, geïgnoreer en verkleineer word (Garbarino, Guttmann en Seeley, 1988:8).

Bewustelik of onbewustelik is die ouer wat ongelukkig is in die gesin en die gemeenskap, vanweë ’n ongewenste swangerskap, die keuse van ’n huweliksmaat of sosio-ekonomiese

frustrasies, geneig om 'n uitlaatklep te soek deur die emosionele mishandeling van die kind (Covitz, 1986:29). O'Hagan (Crosson-Tower, 2002:215) wys daarop dat die ouer wie se verwagtinge nie in hulle kinderdae bevredig is nie, die kind as 'n verdere las op hulle beskou. Emosionele en psigiese mishandeling kan volgens Morrow (1987:115) ook deel vorm van die optrede en reaksie van die alkoholis: "Children in alcoholic families suffer all forms of abuse, but they feel most keenly the emotional deprivation, alienation from their parents, and their own social isolation". Kinders in alkohol- en dwelmverslaafde gesinne is nie net uitgelewer aan emosionele mishandeling deur hulle ouers nie, maar ook aan die emosionele mishandeling van vernedering en skande as gevolg van hulle huislike omstandighede.

Psigiese mishandeling ontstaan nie net vanuit die disfunksionele familie nie, maar ook vanuit die impak van die gemeenskap op die gesin (Gillis, 1999:144). Die versteuring van die gesin, die ongeordende huweliksverhouding, egskeiding, armoede, werkloosheid, sosiale interaksie, vooroordele en isolasie kan 'n atmosfeer skep vir hierdie mishandeling. Egskeiding en die samehangende woede en bitterheid kan die kind emosioneel betrek by die stryd om toesig van die kind, terwyl die egskeiding reeds 'n geweldige impak op die kind het. O'Hagan (1993:89) stel, ouers met psigiese versteurings vertoon "... inappropriate emotional responses to their children's emotional expressions". Soos in die geval van die fisiek mishandelde kind, word die kind gewoonlik deur die ouers beskryf as moeilik, onhanteerbaar, en verteenwoordig die kind iets wat die ouer tot woede stimuleer. Dit is egter die ouers se verwagting van die kind wat bepaal hoe die ouer met die kind sal handel (Crosson-Tower, 2002:212).

**Simptome van die kind wat emosioneel en psigies mishandel word**

Kinders wat deur ouers of broers en susters emosioneel mishandel word, voel ontoereikend, geïsoleerd, waardeloos, en sien hulleself as 'n struikelblok vir die gesin. Emosionele mishandeling hou ernstige gevolge in vir die adolessent se kognitiewe, emosionele, gedrags- en geestelike ontwikkeling (Mash en Wolfe, 1999:533). Hulle is geïrriteerd, vermy oogkontak en soek onophoudelik aandag by enige ander volwassene (Brenner, 1984:101). Hierdie simptome kan ook 'n psigosomatiese toestand en slaapversteurings insluit, wat veral by die emosioneel en psigies mishandelde kind ontwikkel (Gil, 1996:15). Volgens Crosson-Tower (2002:214) reageer die kind op hierdie emosionele en psigologiese mishandeling deur terug te veg met aggressiewe gedragsprobleme soos woede, selfvernietigende gedrag, depressie, onttrekking, misdaad en selfmoordneigings. Die negatiwiteit wat deur die emosioneel en psigies mishandelde kind uitgestraal word, is daarop gemik om die aandag op hulle te fokus. Teen die tyd dat

die kind adolessensie bereik, is hierdie gedrag al gevestig as 'n integrale deel van die adolessent se persoonlikheid.

## 2.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om die definisie, omvang en simptome van mishandeling te bepaal wat die basis van die navorsing vorm. Kindermishandeling en verwaarlosing is een van die mees traumatiese ervarings wat deur die adolessent beleef kan word en het 'n invloed op sy fisiese, psigieke, sosiale en emosionele ontwikkeling.

In hoofstuk 3 word daar omvattend ondersoek gedoen na die ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is.

# HOOFSTUK 3

## DIE IMPLIKASIES VAN MISHANDELING VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk wil die navorser ’n teoretiese perspektief daarstel waarbinne die ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is verklaar kan word. Hierdie teoretiese perspektief sal dan as basis dien vir die ontwikkeling van geloof by die adolessent wat mishandel is. Die religieuse ontwikkeling van die adolessent is die ervaring van God wat korreleer met ’n persepsie dat God ’n persoonlike God is wat in die adolessent se lewe betrokke is. Vanuit die ontwikkeling van die adolessent sal daar gekyk word na die invloed van mishandeling op adolessente ontwikkeling en op die ontwikkeling van die sedelik-normatiewe dimensie.

Die begrip ontwikkeling impliseer 'n reeks van voortdurende veranderinge wat by konsepsie begin en by die dood eindig. Die adolessent is 'n veelsydige en komplekse wese wie se ontwikkeling op verskillende wyses, teen verskillende tempo en op verskillende leeftye geskied. Dit is daarom noodsaaklik dat wanneer die ontwikkeling van die adolessent op verskillende terreine bestudeer word die adolessent in sy totaliteit nie uit die oog verloor word nie (Mwamwenda, 1996:21). De Jongh van Arkel (1989:94) stel dat geen adolessent in ’n vakuum ontwikkel nie, maar eerder in ’n ekologiese ruimte waar ’n intense wederkerigheid plaasvind. Die ontwikkelingsverloop van die adolessent geskied geleidelik en voortdurend deur duidelike fases wat onderskei kan word (Thom et al. 2004:392). As mens verander elke adolessent voortdurend op grond van die feit dat hy fisiek ontwikkel, sy emosionele struktuur nie staties bly nie, sy insig en sy waarde- en normestruktuur verbreed. Die primêre taak tydens adolessensie is die sinkronisering van die seksuele vermoë, affektiewe gevoelens, selfbeeld en die volle verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van die self (Louw en Edwards, 1993: 561-563, 566-567).

Kindermishandeling en -verwaarlosing bepaal en beïnvloed die gesonde ontwikkeling van die adolessent (Gil, 1996:3). Adolessente wat mishandel is toon verskeie simptome wat dikwels nie opvallend is nie, terwyl ander simptome pynlike letsels laat. In die ontwikkeling van die adolessent word hy minder afhanklik van die sorg van die ouer en die mishandeling en verwaarlosing in die vroeëre jare eis sy tol op die emosionele vlak van die adolessent (Crosson-Tower, 2002:72). Hy worstel gewoonlik met 'n traumatiese persoonlike geskiedenis wat veroorsaak dat daar nie 'n hoopvolle lewensvisie in die vooruitsig gestel kan word nie. Hierdie aspek is bekend as die identiteitskrisis van die

adolessent en kan veroorsaak dat daar onvoltooide groei oorgedra word in die ontwikkelingsfases (Louw en Edwards, 1993: 567-569).

Crosson-Tower (2002:43) stel dat die adolessent leer deur assosiasie, observasie en die gevolge van sy optrede. Adolessensie is 'n tydperk van fenomenale uitdagings en ingrypende fisiologiese en psigologiese veranderinge. Dit is belangrik dat daar gekonsentreer word op die avontuur van adolessensie en die geleentheid wat die adolessent het tot nuwe verhoudings op hoër vlak (De Jongh van Arkel, 1989:110). Daar moet ook gewys word op die positiewe aspekte van die adolessent se prestasiemoontlikhede, verhoogde sensoriese bewussyn, idealistiese waagmoed, gevoel van onafhanklikheid, vermoë tot diep en ernstige denke, groter sensitiwiteit vir ander se gevoelens, en die opregte soeke na identiteit (Gil en Campbell, 1996:48).

In menslike gedragswetenskappe word geredeneer dat antropologiese beskouings hoofsaaklik op spanningsvelde soos die self, die persoon en die omgewing fokus (Moore, 2004:38). Steurnisse binne hierdie spanningsvelde of verhoudingsraamwerke kan tot disfunksionele maatskaplike gedrag lei. In die navorsing is gevind dat mishandeling en verwaarlosing ernstige psigososiale implikasies vir die adolessent inhou. Volgens die studie van Loots (1993:1) het hierdie implikasies te make met die fisieke, emosionele en relasionele dimensies van die adolessent. Die adolessent beskik oor 'n geestelike dimensie (sy verhouding met God) wat die ander dimensies omvou. Daar kan van die aanname uitgegaan word dat mishandeling en verwaarlosing wat die ontwikkeling van die adolessent verwring, noodwendig ook op die adolessent se verhouding tot God 'n invloed sal hê (Loots, 1993:1). Die aard van die mishandelde adolessent se geloofsisteem en hoe ervarings hiervolgens geëvalueer word, sal die adolessent se emosionele belewing daarvan positief of negatief beïnvloed. Die adolessent se emosionele belewing sal sy gedragspatrone of denkpatrone verder bepaal. Dit is dus belangrik dat daar kennis geneem word van die ontwikkelingsvlak van die adolessent en daarmee saam die geloofsontwikkeling en geloofsgroei van die adolessent wat mishandel is.

## 3.2 ONTWIKKELING BY DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS

### 3.2.1 Adolessensie: 'n soeke na identiteit

Die adolessent se ontwikkeling kan gesien word as 'n geleidelike, waarneembare verandering of ontplooiing tot volwassenheid (De Jongh van Arkel, 1989:97). Louw (1984:128) verwoord adolessensie as "... 'n groeiproses na volwassenheid sodat die jongmens binne konkrete lewensverhoudinge tot optimale ontplooiing kan kom met die oog op identiteit, verantwoordelikheid en doelgerigtheid." Daarom behoort die adolessent

in totaliteit benader te word en is die verskillende ontwikkelingsaspekte inmekaar verweef (Mwamwenda, 1996:21; De Jongh van Arkel, 1989:97). Kaplan (2000:4) beskryf die ontwikkeling as ’n reeks fisieke, kognitiewe, sosiale en persoonlikheidsveranderinge wat in die adolessent plaasvind namate hy ouer word. Ontwikkeling is ’n deurlopende proses en ouderdom is nie ’n vasgestelde maatstaf vir ontwikkelingsfases nie (Mash en Wolfe, 2002:25). Adolessensie word beskryf as ’n tydperk waarin dramatiese fisiologiese en psigologiese veranderinge intree. Volgens Finkelhor (1995:185) word die impak van mishandeling bepaal deur die ontwikkelingsvlak (*fase*) van die adolessent. Benner (1987: 25-26), Collins (2005:183-186) en Thom et al. (1998:388) beskryf drie fases van adolessensie.

- Die eerste fase is die **vroeë adolessensie** (tussen 11 en 14 jaar);
- ’n tweede fase word onderskei as **middel-adolessensie** (tussen 14 en 18 jaar);
- ’n laaste fase word geïdentifiseer as **laat-adolessensie** (tussen 18 en 21 jaar).

Adolessensie kan gedefinieer word as die tydperk tussen die begin van puberteit (stadium waarin fisieke ontwikkeling versnel en geslagskenmerke begin ontwikkel) en die bereiking van fisieke, psigiese en emosionele rypheid (Thom et al. 1998:388). Louw (1984:128) verwys na adolessensie as ’n doelgerigte stadium, ’n groeiproses en ’n op-pad-na-volwassenheid fase. Dit is ’n tydperk waarin nuwe uitdagings aan die adolessent gestel word (Collins, 2005:183). Hierdie uitdagings staan ook bekend as die ontwikkelingstake of spesifieke ontwikkelingskenmerke van adolessensie (Thom, 1992:393). Die adolessent se vermoë om ontwikkelingsveranderinge en -take te hanteer hang, volgens die teorie van Erikson, af van die vermoëns wat deur die adolessent tussen die babastadium en die aanvang van puberteit verwerf is. Thom et al. (2004:392) verwys na die volgende ontwikkelingstake wat die adolessent moet uitvoer om tot volwassenheid te groei:

- Aanvaarding van ’n veranderde liggaamlike voorkoms;
- ontwikkeling van ’n manlike of vroulike geslagsrolideniteit;
- ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die verwerwing van kennis;
- ontwikkeling van ’n eie identiteit;
- ontwikkeling van onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes;
- keuse van en voorbereiding vir ’n beroep;
- ontwikkeling van sosiaal-verantwoordelike gedrag;
- aanvaarding van en aanpassing by sekere groepe;
- aanknoop van heteroseksuele verhoudings;
- ontwikkeling van ’n sterk emosionele band met ’n ander persoon;
- bereiking van ekonomiese onafhanklikheid;

- ontwikkeling van morele begrippe en waardes wat as riglyne vir gedrag kan dien;
- ontwikkeling van ’n waardestelsel wat verband hou met ’n realistiese en wetenskaplike wêreldbeskouing;
- ontwikkeling van ’n lewensfilosofie.

Die normale ontwikkeling en suksesvolle voltooiing van hierdie ontwikkelingstake hou, volgens Erikson se teorie, verband met die geluk en sukses waarmee volwassenheid betree word. Gil (1996:5) beskryf adolessensie as “... a compelling phase of life. It is alternately described as exciting, chaotic, tumultuous, unsettling, risky, conflictual, joyous and momentous”. Die adolessent is in die proses van die aflegging van kindwees en die ontwaking tot volwassenheid wat “... tremendously creative, compassionate, challenging, provocative, responsible, reckless, carefree, studious, focused, hostile, violent, passive-aggressive or calm and peaceful“ (Gil, 1996:5) kan wees. Die ontwikkelingskenmerke van die adolessent wat mishandel is, het veral op sy identiteit, selfbeeld en geslagsrolle betrekking, terwyl sosiale en morele ontwikkeling ook ter sprake is (Cummings, 1995: 226-265).

In die adolessent wat mishandel is se groei tot volwassenheid moet hy ’n eie identiteit en waardesisteem definieer. Met betrekking tot hierdie taak word veral konflik ervaar tussen dit wat die adolessent enersyds is en andersyds nog nie is nie, maar behoort te word (Louw, 1984:129; Gil, 1996:6). Dikwels word adolessensie beskryf as ’n stormagtige tydperk wat gekenmerk word deur onstabiliteit met betrekking tot intrapsigiese en interpersoonlike prosesse. Verskeie navorsers verwys na adolessensie as ’n moeilike ontwikkelingsperiode met besondere kwesbaarhede (Rossman 1984:15). Thom et al. (2004:390) wys daarop dat Freud die herontwaking en toename van seksuele drange tydens adolessensie beklemtoon en Erikson adolessensie beskryf as ’n periode waartydens adolessente ’n identiteitskrisis beleef.

Volgens Thom (1992:395) is adolessente uit alle rassegroepe in hulle ontwikkeling blootgestel aan sowel tradisionele as Westerse kultuurinvloede. Daarom moet dit deurgaans in gedagte gehou word dat adolessente individuele verskille sal openbaar, ongeag die kultuur waaraan hulle behoort (Thom et al. 1998:388; De Jongh van Arkel 1989:22). Sommige adolessente sal om bepaalde redes adolessensie as ’n storm-en-drang-periode beleef, terwyl adolessensie by ander stadig, gelykmatig en sonder spanning sal verloop (Thom, 1992:401). Dit wat die adolessent en die sisteem as problematies ervaar, kan nie as vertrekpunt dien om tot die gevolgtrekking te kom dat adolessensie ’n probleemstadium is nie. Die verskynsel dat sommige adolessente meer emosionele stres ervaar en adolessensie as problematies beskou, is moontlik ’n refleksie van ander

probleme en nie van die ontwikkelingsproses as sodanig nie (Atwater, 1983:37). Uit die teorieë oor adolessensie blyk dit dat konflikervaring 'n inherente deel van die adolessent se belewenisse is (Gil, 1996:6). Die ervaring van konflik is 'n kenmerk van alle ontwikkelingstadiums en het eerder te make met die hanteringsmeganismes by die adolessent. Volgens Jenkins (1981:119) is die adolessent "... balanced between the conflicting pulls of autonomy and dependency".

Vanuit die verskillende ontwikkelingsdimensies van die adolessent kan 'n volledige indruk verkry word van die konflikkarakter van adolessensie. Die karakter en take van adolessensie sentreer nie net rondom die liggaamlike verandering van die adolessent wat mishandel is nie, maar moet ook vanuit psigiese perspektief omskryf en gedefinieer word (De Jongh van Arkel, 1989:95; Benner et al. 1987: 25). Finkelhor (1995:178) stel dat die adolessent wat mishandel is binne sy ouderdom en ontwikkelingsvlak benader moet word omdat die groei en ontwikkeling van die adolessent 'n holistiese proses is, en in terme van alle moontlike dimensies en relasies beskryf moet word.

### 3.2.2 Fisiologies-liggaamlike ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is

Adolessensie word gekenmerk deur die vinnige en omvattende liggaamlike groei (groeiversnelling) en ontwikkeling van seksuele rypheid (puberteit) deur die interne struktuur en funksionering van die liggaam (Louw en Edwards, 1993: 561; Thom et al. (2004:393). Volgens die HAT (2000: 17) word adolessensie beskryf as 'n toestand of proses van groei. Soos reeds aangedui, is dit die lewensperiode van puberteit tot volwassenheid. Vir 'n seun duur dit vanaf ongeveer 13-21 jaar en vir 'n meisie vanaf 11-21 jaar. Seuns bereik puberteit naastenby twee jaar later as meisies (Gil en Campbell, 1996:37). Ook hierdie grens is arbitrêr en kan wissel volgens die tempo waarteen die individu ontwikkel (De Jongh van Arkel, 1989:95). Hoewel die liggaamsdele vinnig groei, is die groeitempo van die verskillende liggaamsdele oneweredig (Thom et al. 2004:394). Gevolglik is daar by die adolessent wat mishandel is 'n intense bewustheid van die liggaamlike veranderinge, en word daar sterk gefokus op die fisieke aspekte van die self. Deur die omvangryke liggaamlike ontwikkeling wat tydens puberteit plaasvind, word die adolessent wat mishandel is toenemend bewus van sy seksualiteit en is seksuele rypwording een van die mees dramatiese ontwikkelings wat by die adolessent voorkom. Puberteit kan beskryf word as die "… ontwikkelingstadium waartydens die vermoë tot reproduksie bereik word en die sekondêre geslagskenmerke begin ontwikkel" (Plug et al. 1988: 297).

Thom et al. (2004:402) wys daarop dat hierdie bewustheid deel vorm van die adolessent se interpersoonlike verhoudings en die ontdekking van sy seksuele oriëntasie. 'n

Belangrike ontwikkelingstaak is dat die adolessent wat mishandel is sy seksuele behoeftes op 'n aanvaarbare wyse moet uitleef om sy identiteitsontwikkeling positief te beïnvloed. Freud onderskei die genitale stadium by die adolessent as die herontwaking van seksuele drange. In 'n groot mate bestaan adolessensie uit 'n herbelewing van die falliese stadium, maar met die verskil dat die adolessent reeds oor 'n beter ontwikkelde ego en superego beskik. Die Oedipale ervaring kom tydens adolessensie weer na vore, en die seksuele behoefte kan nou vervul word terwyl die reaksieformasie as 'n verdedigingsmeganisme sterker intree (Gil en Campbell, 1996:42).

Volgens Thom et al. (2004:402) geskied die hantering van seksualiteit binne sosiale ontwikkeling dikwels in samehang met die fisieke ontwikkeling van die adolessent. Die samelewing kan die adolessent se positiewe aanpassing by die liggaamlike veranderinge fasiliteer of inhibeer (Hetherington en Parke, 1986:223). Elke kultuur het 'n ander siening rondom die uitlewing van die seksuele aktiwiteite van die adolessent. Waar een kultuur skuldgevoelens kweek en alle seksuele gevoelens en begeertes onderdruk, sal 'n ander kultuur voortgaan met die eksplorering en uitleef van die seksuele begeertes.

Adolessensie kan saamgevat word as 'n kritieke periode, met ingrypende psigiese effekte vir die ontwikkeling van die selfkonsep en die identiteit binne die kader van die liggaamlike veranderinge (Gil en Campbell, 1996:37). 'n Belangrike ontwikkelingstaak vir die adolessent wat mishandel is, is sy aanvaarding van die liggaamlike verandering wat meer duidelik na vore kom en volledig ontwikkel. Vanuit die navorsing is dit duidelik dat mishandeling 'n negatiewe impak het op die liggaamlike en seksuele ontwikkeling van die adolessent (Gil en Campbell, 1996:36). Die adolessent wat mishandel is, moet die liggaamlike verandering in sy ontwikkeling aanvaar en 'n sedelik-morele integrasie tussen seksualiteit en interpersoonlike relasies laat plaasvind (Gil en Campbell, 1996:40). Hierdie aanvaarding en integrasie kan negatiewe belewenisse by die adolessent wat mishandel is ontwikkel, met 'n gevoel dat liggaambeheersing verloor word (Janson, 1989:14; Gil en Campbell, 1996:26) of die ervaring van "nie-intakt" wees met die liggaamlike verandering nie (Louw, 1984:134).

### 3.2.3 Kognitiewe ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is

Die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is, behels die funksies wat verband hou met die denke en idees. Volgens Gouws et al. (2000:5) is die adolessent se kognitiewe vermoë gekoppel aan sy sensoriese waarneming, kommunikasie met ander en algemene vermoë tot prosesinformasie. Met kognitiewe ontwikkeling verander die adolessent se konkrete denkvermoë na 'n omvattende vermoë om te analiseer en logies te redeneer oor konkrete en abstrakte begrippe (Thom et al. 2004:418). Formeel-

operasionele denke (volgens die teorie van Piaget) word veral gekenmerk deur hierdie vermoë tot abstrakte denke wat die adolessent in staat stel tot 'n metateoretiese oriëntasie. Dit stel die adolessent in die vermoë om oor sy eie denke en teoretiserings te redeneer en te reflekteer (Gardner, 1982:520).

Volgens Thom (1992:423) kan die adolessent wat mishandel is deur abstrakte denke en redenering bewus word van die kompleksiteit van ander se persoonlikhede, gedrag en situasies. Die adolessent is in staat tot hipoteties-deduktiewe denke en ontwikkel binne die formeel-operasionele denke 'n bewustheid van die diskrepansies tussen die werklike en die moontlike (Gil and Campbell, 1996:32). Kognitiewe ontwikkeling beïnvloed die verhouding tussen ouer en kind, identiteitsvorming, en die definiëring van morele waardes. Dit vorm 'n belangrike fondament in die besinning oor die self, ander, die wêreld en die toekoms (Barnard, 1985:21; Gil en Campbell, 1996:28, 32) en kan aanleiding gee tot 'n kritiese houding teenoor die ouers, sosiaal-politiese en religieuse stelsels. Hierdie kognitiewe aspekte gee, volgens Grobler (1997:100), aanleiding tot 'n idealisme waar alternatiewe oplossings bedink word en ageer word vir die daarstelling van nuwe stelsels of sisteme. Die ideale en oplossings is dikwels onrealisties en oorvereenvoudig, en die realiteit met sy komplekse samestelling en eise word nie altyd in ag geneem nie (Thom et al. 2004:428; Smart en Smart, 1982:443). Die adolessent se ondersoek na, redenering oor en eksperimentering met alternatiewe idees en waardes lei daartoe dat hy oor die self begin dink in terme van selfbeeld, identiteit en eie waarde (Gil en Campbell, 1996:32). Intense selfkritiek met gepaardgaande emosionele effekte soos ontevredenheid en skuldgevoelens kom na vore wanneer die adolessent wat mishandel is homself in relasie tot ander stel. Aan die ander kant kan introspeksie bydra tot positiewe ontwikkelingsaspekte soos selfinsig, interpersoonlike vaardighede, kreatiwiteit en identiteitsvorming (Hansell et al. 1986:130). Die adolessent wat mishandel is, kan deur die vermoë tot abstrakte denke die mishandeling kognitief benader (Gil en Campbell, (1996:30).

Preokkupasie met eie denke en egosentrisme veroorsaak dikwels by die adolessent wat mishandel is 'n intense selfbewustheid. Adolessente egosentrisme manifesteer in twee vorme: die denkbeeldige gehoor (die adolessent het die persepsie dat ander hom voortdurend dophou en bespreek) en die persoonlike fabel (die adolessent beleef sy uniekheid en dat sy persoonlike ervaringe anders is as dié van ander) (Thom et al. 2004:424; Smart en Smart, 1982:443). Selfbewustheid, en gevolglik ook egosentrisme, sal toeneem by die adolessent wat mishandel is omdat hy verwerping en 'n negatiewe eie waarde ervaar.

Vanweë die adolessent se ontwikkelende vermoë tot abstrakte en gedistansieerde denke vind ’n spontane ontdekking van die self plaas. Volgens Kaplan (2000:484) kan die adolessent sy eie denke krities analiseer en eie konsepte en idees vorm. Die adolessent wat mishandel is, is selfbewus en gedurig bekommerd oor wat ander mense van hom dink (Gil en Campbell, 1996:45). Dit gaan gepaard met ’n toename in selfbegrip, selfinkering en selfkennis. Die adolessent wat mishandel is, verkeer onder die indruk dat hy prominent in ander se gedagtes is, dat hulle sy gedagtes deel en hom op dieselfde manier waarneem as wat hy homself waarneem. Thom et al. (1998:423) verwys hierna as die adolessente egosentrisme.

Die adolessent het ook die persepsie dat hy nie aan reëls en wetmatighede onderhewig is nie. Die adolessent is in staat tot hipoteties-deduktiewe denke wat die gevolge van alternatiewe kan antisipeer, maar tree dikwels impulsief op sonder dat die gevolge in ag geneem word (Gil en Campbell, 1996:32). Die adolessent wat mishandel is, relativeer dikwels die verlede en die toekoms, met ’n gevolglike sterk gerigtheid op die hede (Erikson, 1962:168; Smart en Smart, 1982:445). Die eksistensiële word so sterk beklemtoon dat die adolessent aangegryp word deur ’n oorweldigende gevoel vir die hede se belangrikheid. Dit beïnvloed die adolessent se besluitnemingsprosesse wat dikwels impulsief gebeur.

As gevolg van die ontwikkeling van kognitiewe vermoëns en die konflikkarakter van adolessensie gebruik die adolessent wat mishandel is sekere verdedigingsmeganismes. Hy kan verdedigingsmeganismes en indirekte aanpassingswyses onbewustelik aanwend om hom te beskerm teen onaangename gevoelservaringe (angs, verleentheid, minderwaardigheid, skuldgevoelens), en om verwronge psigiese inhoude te verhoed om na die bewuste deur te dring (Jordaan en Jordaan, 1984:616-619; Grobler, 1997:107). Verdedigingsmeganismes vergoed vir die gevoel van minderwaardigheid by die adolessent wat mishandel is en kan bydra tot die ervaring van sekuriteit en erkenning (Louw, 1982:538). In die oorgangskarakter van adolessensie maak die adolessent wat mishandel is soms gebruik van regressie en fiksasie wat tipeer kan word as simptome van die adolessent wat nog nie volwasse is nie. Die adolessent kan ook reaksieformasie (kompensasie) as verdedigingsmeganisme gebruik deur “... die byna obsessionele nastrewe van ’n doel wat die teenoorgestelde is van die verdringde gedagte, gevoel of wens” (Jordaan en Jordaan, 1984:619).

### 3.2.4 Emosionele ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is

Die ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is se emosionele belewing bepaal sy betrokkenheid of onbetrokkenheid in die wêreld, die kwaliteit van betekenis wat hy toeken,

relasies wat hy vorm en die leefwêreld wat hy vir homself konstitueer (Du Toit en Kruger, 1991:55). Emosie dui op 'n toestand wat gekenmerk word deur aktivering van die senuweestelsels en die uiting van gevoelens. Die adolessent wat mishandel is, is geneig om meer emosionele gemoedskommelinge te ervaar as ander adolessente en volwassenes (Thom et al. 2004:439). Die adolessent wat mishandel is, is geneig om op homself te fokus wat veroorsaak dat hy meer dikwels komplekse emosies soos woede, angstigheid, vrees, skuld, skaamte en verleentheid ervaar (Thom et al. 2004:440). Emosionele herorganisasie lê daarin dat die adolessent wat mishandel is emosionele beheer en kontrole moet aanleer.

Die outeurs Gouws et al. (2000:96) verwys na emosionele ontwikkeling as die ontwikkeling van gehegtheid, vertroue, sekuriteit, liefde en ook 'n verskeidenheid van emosies, gevoelens en temperamente. Hierdie belewenisse is 'n interaksie tussen puberale en sosiale invloede. Thom et al. (1998:439-441) voeg by dat die adolessent wat mishandel is sekere emosionele veranderinge as gevolg van kognitiewe, liggaamlike, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling ondergaan, en dit word toegeskryf aan 'n styging in hormoonvlakke. Vir die meeste adolessente is adolessensie 'n positiewe stadium en kan die negatiewe emosionele belewenisse van storm-en-drang nie veralgemenend aangedui word as kenmerkend van die adolessent nie. Emosionele groei behels dat die adolessent emosionele onafhanklikheid in relasie tot die ouers en volwassenes moet bereik. Ackerman (1991:357) stel dat die adolessent wat mishandel is nie die toeskouer van emosionele ontwikkeling is nie, maar aktief en dinamies is in sy interaksie met gebeure en ervarings.

### 3.2.5 Sosiale ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is

Sosiale ontwikkeling dui op die gedrag van die adolessent wat deur die teenwoordigheid van ander beïnvloed word. Volgens Gouws et al. (2000:5) omvat sosiale ontwikkeling die veranderinge in verhoudinge met ander, asook die invloed van die samelewing en spesifieke individue op die adolessent wat mishandel is. Die dominante sosiale kenmerk van adolessensie is die progressiewe verskuiwing vanaf afhanklikheid na outonome onafhanklikheid en selfstandigheid (Santrok, 1986:367). Indien die adolessent wat mishandel is nie outonomie bereik en leer om selfstandig te funksioneer nie, sal wantroue en twyfel ervaar word, veral met betrekking tot emosionele, sosiale en religieuse aspekte.

Huisverlating vorm deel van die adolessent se losmakingsproses van sy ouers (De Jongh van Arkel, 1989:97). Al is die adolessent besig om hom toenemend los te maak van die gesin, het die gesin steeds 'n beslissende invloed op die adolessent (Gil en Campbell, 1996:26). Enersyds is die adolessent steeds deel van die gesinsisteem wat sy keuses en

gedrag beïnvloed en beheer (*gesinskohesie*), maar andersyds streef die adolessent daarna om self keuses te maak en sy lewe self te beheer (*gesinsaanpasbaarheid*) (De Jongh van Arkel, 1989:100). Wanneer die huislike omstandighede vir die adolessent wat mishandel is ondraaglik word, sal die adolessent probeer wegvlug uit die omstandighede. Dikwels verlaat die adolessent die gesin baie vroeg in 'n poging om van verwaarlosing en mishandeling weg te vlug.

Tydens die sosiale ontwikkeling sal die adolessent wat mishandel is dikwels konflik ervaar. Te midde van die drang na selfstandigheid is daar die onsekerheid en vrees vir nuwe ervarings en die gevolge van keuses. De Jongh van Arkel (1989:96) stel dat die adolessent se strewe na selfstandigheid as 'n gesagstryd of gesagsproblematiek tipeer kan word. Adolessensie is 'n tyd van kritiese ingesteldheid (Thom et al. 2004:450). Ouers en gesagstrukture se morele kodes word nie onvoorwaardelik aanvaar nie, en dikwels word tradisionele waardeoriëntasies sterk afgekeur (Garbers et al. 1983:60). Deur die hipoteties-deduktiewe denke van die adolessent stel dit hom in staat om alternatiewe in ag te neem en om die werklike met die ideale te vergelyk.

Aangesien sosiale ontwikkeling binne die grense van die gemeenskap geskied, sal die adolessent voortdurend blootgestel word aan sy portuurgroep wat sy sosiale ontwikkeling beïnvloed (Gil en Campbell, 1996:46). Konformering met die portuurgroep bied die adolessent wat mishandel is 'n mate van sekuriteit in sy strewe na outonomie (Thom et al. 2004:457). Volgens Bender (1996:46) is dit belangrik dat daar 'n balans geskep word tussen onafhanklikheid en afhanklikheid om ontwikkeling en selfvertroue van die adolessent te bevorder. Die portuurgroep as nuwe ondersteuningsisteem bied aan die adolessent wat mishandel is sekuriteit en 'n gevoel van veiligheid (Louw, 1984:135). By die portuurgroep, as sosialiseringsagent, kan die behoefte bevredig word waarin die adolessent verstaan en aanvaar word (De Jongh van Arkel, 1989:103). Volgens Louw (1984:135) bied hierdie dinamika aan die adolessent geleentheid om 'n eie geïnternaliseerde waardestelsel op te bou wat 'n positiewe effek het op die adolessent se identiteitsvorming (De Jongh van Arkel, 1989:105). Die adolessent kry ook die geleentheid om deur kommunikasie, interpersoonlike vaardighede en roleksperimentering meer sosiaal doeltreffend te funksioneer. Vriendskapsverhoudinge tydens adolessensie word deur lojaliteit gekenmerk. Thom et al. (2004:460) stel dat selfopenbaring en eerlike kommunikasie tussen hegte vriende geleentheid skep vir die adolessent om nie net homself te leer ken nie, maar ook om sensitief te wees teenoor ander. Dit vervul 'n belangrike rol in die identiteitsontwikkeling en ontwikkeling van empatie. Die adolessent

se behoefte om “te behoort” en sy kognitiewe ontwikkeling is verantwoordelik vir die ontwikkeling van sy empatiese vermoëns.

Alhoewel die portuurgroep ’n positiewe doel dien, kan dit ook ’n negatiewe en skadelike invloed op die adolessent hê (Musse et al. 1984:495). Die adolessent wat mishandel is se ontwikkeling kan ernstig belemmer word indien hy verwerp word, in antisosiale gedrag betrokke raak en die portuurgroepkohesie en -konformering ’n ekstreme gevoel van uitsluiting veroorsaak (Gil en Campbell, 1996:47). Die resultaat is dikwels, volgens Grobler (1997:159), ’n beperking van individualiteit en identiteitsvorming. Dit kan ook die selfkonsep en selfagting van die adolessent beskadig (Gil en Campbell, 1996:48).

Sosiale isolasie is ook ’n normale vorm van sosiale ontwikkeling en kan nie altyd verwys na simptome van patologie met patologiese effekte nie. Dit is eerder ’n tipe asketisme wat gekenmerk word deur dagdromery en ’n onttrekking aan geselskap (Garbers et al. 1983:4). Die adolessent wat mishandel is se ontrekkingsgedrag het ten doel om die soeke na die self (identiteitsdefiniëring) te fasiliteer (Grobler, 1997:162) en bied ’n geleentheid tot persoonlike refleksie en selfontdekking.

### 3.2.6 Persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent wat mishandel is

Persoonlikheidsontwikkeling dui op die ontwikkeling van die totale persoon, insluitend sy siening en evaluering van homself. Dit is die gedurige veranderende en relatief stabiele organisasie van die liggaamlike, psigiese en geestelike eienskappe van die adolessent wat sy gedrag en interaksie met die omgewing bepaal. Die adolessent wat mishandel is, sal nie optimaal binne sosiale verbande kan funksioneer indien hy nie ’n geïntegreerde ontwikkeling van die self bereik het nie (Gil en Campbell, 1996:43). Allport (in Gouws et al. 2000:87) beskou persoonlikheid as die dinamiese organisasie van psigofisieke sisteme wat die adolessent se unieke aanpassing tot sy omgewing bepaal. Van deurslaggewende belang is die vestiging van ’n eie identiteit by die adolessent wat mishandel is. Volgens Bender (1996:44) benodig die adolessent opregte belangstelling in hom en wil vertrou word met die ontwikkeling van persoonlikheidseienskappe soos vrygewigheid, hartlikheid, eerlikheid en positiewe interaksie met ander.

Dit was Erikson se persoonlikheidsteorie wat deurslaggewend die adolessent beskryf het as ’n persoon gewikkel in ’n soeke na identiteit (Papalia en Olds, 1989: 376-382). Erikson se persoonlikheidsteorie identifiseer agt ontwikkelingstadia waarvan “identiteit teenoor rolverwarring” die adolessentestadium tipeer. Identiteit kan gedefinieer word as die adolessent se siening van homself (Gil en Campbell, 1996:44). Dit sluit die gevoel in dat daar kontinuïteit in sy lewe bestaan, asook dat daar ooreenstemming is tussen die adolessent en ander se siening van hom. Hierdie soeke na identiteit veroorsaak dat daar

soms 'n botsing is met die reëls van die samelewing en die mense wat naby die adolessent staan.

Identiteitsdiffusie by die adolessent wat mishandel is, korreleer met akademiese onderprestasie, lae selfkonsep, dwelmmisbruik en 'n onvermoë tot die aangaan van intieme verhoudings. Daar bestaan ook 'n relasie tussen identiteitsontwikkeling en die ontwikkeling van die selfkonsep. Selfkonsep en identiteit is beide komponente van die self as subsisteme, wat weer deel is van die intrapsigiese deelsisteem (Jordaan en Jordaan, 1984:43-44). Persoonlikheidsvorming tydens adolessensie kan aan die hand van identiteitsvorming, selfkonsep, selfaktualisering en emosie bespreek word.

#### 3.2.6.1 Identiteitsvorming by die adolessent wat mishandel is

Die vorming van identiteit is 'n universele gebeure tydens adolessensie. De Jongh van Arkel (1989:95) sluit hierby aan deur te stel dat adolessensie 'n psigososiale stadium is, waarin volwasse identiteitsformasie die primêre taak is. Volgens Thom et al. (2004:435-437) hang die vorm en rigting wat identiteitsontwikkeling aanneem af van die kognitiewe vermoë, invloed van die ouers en die kultuurhistoriese tydperk waarin die adolessent hom bevind. Die spesifieke wyse waarop die identiteit gevestig word, sal egter verskil van een kultuur tot 'n ander (Thom et al. 1998:430). Muuss (1996:119-120) stel dat geslagsrolpatrone by adolessente in verskillende kulture "... did present evidence to show that masculine and feminine traits considered typical are actually less "natural" and more culture-bound."

Identiteitsvorming geskied in relasie tot 'n bepaalde groep of gemeenskap waarbinne die adolessent wil behoort en met wie hy kan identifiseer. Thom (1992:465-466) stel dat die samelewing en die stereotiepe kultuurverwagtings identiteitsvorming sterk beïnvloed. Die adolessent wat mishandel is se persoonlike identiteit is in 'n sekere sin 'n weerspieëling van die rolverwagting, norme en waardes van die kultuur wat as verwysingsbron vir die adolessent dien. Aspekte wat die rolverwagting van die adolessent kan belemmer, is die ontbreking van gesinskohesie, byvoorbeeld by egskeiding, 'n onbetrokke vaderfiguur en die mishandeling van die adolessent (Gil en Campbell, 1996:27).

Van den Aardweg en Van den Aardweg (in Gouws et al. 2000:87) beskou identiteit as 'n aanvoeling van die self, dit wil sê om te weet wie en wat jy is binne sosiale rolle, geslagsrolle, waardes, houdings, ensovoorts. Die adolessent wat mishandel is, moet kontinuïteit ontwikkel met betrekking tot die ervaring van die verlede, hede en toekoms (Gil en Campbell, 1996:28). Volgens Gerdes et al. (1988:84) word hierdie identiteitsontwikkeling die persoonlike identiteit genoem. Die biologiese, psigososiale en moreel-religieuse aspekte waarop die adolessent in die kindertyd staatgemaak het, word

nou in adolessensie gerelativeer as gevolg van die omvattende ontwikkelingsveranderinge (Grobler, 1997:123). Die adolessent wil in die soeke na die sin van kontinuïteit en konsekwentheid ervaar dat hy dieselfde persoon is ten spyte van veranderinge en tydsverloop (Atwater, 1983:139).

Volgens Erikson se ontwikkelingsteorie kan daar identiteitsbereiking óf identiteitsdiffusie plaasvind. Die ideale oplossing van die identiteitskrisis is geleë in 'n sintese tussen die identiteit en identiteitsverwarring, wat Erikson *betroubaarheid* noem (Thom et al. 2004:430). Die adolessent wat mishandel is, ontwikkel nooit 'n sterk gedefinieerde identiteit nie, aktiewe eksplorasie word nie gedoen nie en die adolessent wend ook geen pogings aan om verbintenisse aan te gaan nie (Gil en Campbell, 1996:29). Die adolessent se lewe word gekenmerk deur 'n swak selfkonsep, onvolwasse morele redenering, disorganisasie van denke, oppervlakkige relasies met ander, impulsiwiteit en lae aanvaarding van verantwoordelikheid (Musse et al. 1984:513). Volgens Olson (1984:53) is adolessensie 'n tyd vir eksperimentering. Indien die adolessent nie die geleentheid gegun word vir die roleksperimentering nie, kan 'n rolfiksasie plaasvind wat verdere identiteitsontwikkeling ernstig inhibeer (Erikson, 1968:184). Adolessente wat mishandel is se identiteitsontwikkeling het 'n invloed op sy selfkonsep en selfagting.

#### 3.2.6.2 Selfkonsep, selfaktualisering en selfagting van die adolessent wat mishandel is

Tydens adolessensie word die self meer gedifferensieerd. Volgens Kaplan (2000:510) is selfkonsep en selfagting die adolessent se siening en evaluasie van homself. Die adolessent vertolk verskillende rolle en gee verskillende beskrywings van die self (Jordaan en Jordaan, 1984:669). Dit is veral rondom die aspek van 'n lae selfkonsep en faktore soos armoede, swak behuising en oorbehuising, gesinsdisorganisasie, gebrek aan ouerlike liefde en ondersteuning, mishandeling en 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudings, wat die selfkonsep negatief beïnvloed (Gil en Campbell, 1996:44; Thom et al. 2004:439). Die ingrypende liggaamlike, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling wat tydens adolessensie plaasvind, verg besondere aanpassing (Thom et al. 1998: 392, 437-438). In *vroeë adolessensie* sien die adolessent hom in polariteite, soos byvoorbeeld ekstrovert of selfbewus (introvert), maar is nie van die polariteit bewus nie. In *middel-adolessensie* ontwikkel die adolessent kognitiewe vaardighede om van hierdie polariteite bewus te word, en ervaar hy dit as 'n bron van ongemak. In *laat-adolessensie* integreer die adolessent hierdie teenoorgesteldes in 'n samevloeiende geheel en begryp dat hy sowel introvert as ekstrovert kan wees, afhangend van sy verhouding tot verskillende mense. 'n Vereiste vir die vorming van selfinsig, 'n realistiese selfkonsep en

selfagting is die vermoë tot selfevaluering. Gouws et al. (2000:86) stel dat selfaktualisering verwys na die adolessent wat mishandel is se doelbewuste pogings om alle moontlike potensiaal van die self, wat insluit fisieke vaardighede, kognitiewe vermoëns, affektiewe ervaring en morele gewete, te verwesenlik (Thom et al. 1998: 392).

### 3.2.7 Sedelik-normatiewe ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is

Die adolessent se ontwikkeling van gehoorsaamheid aan bepaalde norme van wat waar en vals, goed en sleg, reg en verkeerd, behoorlik en onbehoorlik is, kom na vore in die sedelik-normatiewe ontwikkeling. Dit verwys na die adolessent wat mishandel is se ontwikkeling om die leefwêreld van waardes en norme te hanteer (De Jongh van Arkel, 1989:107). Hierdie sedelike besluitneming impliseer die verantwoordelikheid vir keuses wat die adolessent maak en die optrede wat daaruit voortvloei. Alhoewel die persepsie bestaan dat die adolessente fase die sogenaamde "storm-en-drang-jare" is, toon navorsing volgens Meyer (1998:30) dat die meeste adolessente se waardes met dié van hulle ouers ooreenstem. Thom (1992:431) wys daarop dat navorsing daarop dui dat adolessente wat godsdienstig is groter morele verantwoordelikheid toon as nie-godsdienstige adolessente. Volgens Douma (1990:11) kan etiek en moraal soos volg onderskei word: "Moraal is het geheel van de traditionele en heersende zeden, terwijl ethiek de bezinning op de zeden is." Die adolessent wat morele volwassenheid bereik het, sal beginselbesluite kan neem en in ooreenstemming met morele oordele en waardes handel, terwyl die adolessent wat mishandel is se sedelik-normatiewe ontwikkeling beskadig is, sodat hy hom dikwels sal assosieer met die sedelike waardes en norme van die aggressor (Gil en Campbell, 1996:33).

Die sedelik-normatiewe ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is, sal die verhouding met God positief of negatief beïnvloed. In hoofstuk 4 sal 'n pastorale perspektief van die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld uitgebrei word. In hierdie hoofstuk is dit eers belangrik om die sedelik-normatiewe ontwikkeling van die adolessent te bespreek wat as basis vir die vorming van 'n Godsbeeld dien.

#### 3.2.7.1 Morele ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is

Uit 'n teologies-antropologiese oogpunt word aanvaar dat die adolessent 'n etiese wese is waarvolgens kognitiewe, konatiewe, affektiewe en liggaamlike funksies in gekose gedrag en lewenswaardes gerig word (Louw, 1999b:30). Atwater (1983:241) praat van adolessensie as "... a critical time in the individual's moral development". Moraliteit omvat 'n normatiewe dimensie (Shelton, 1984:196-202), en kognitiewe vermoëns stel die adolessent in staat om eie beginsels en idees te vorm oor wat reg en verkeerd is (Thom et al. 2004:472; Gil en Campbell, 1996:33). Die adolessent argumenteer oor dit wat reg of

verkeerd is en kan oorsaak en gevolg in verband bring met morele keuses wat hy uitvoer. Die adolessent wat mishandel is, bevraagteken die betekenis van geregtigheid en moraliteit. Daarom moet 'n werkbare etiese sisteem van morele begrippe en waardes, wat as gedragslyn kan dien, deur die adolessent wat mishandel is ontwikkel word (Atwater, 1983:254; Shelton, 1984:196-202).

Volgens Thom (1992:431) help 'n gevorderde vlak van morele oordeel die adolessent wat mishandel is om gedrag te kies "... volgens eie voorkeure en nie volgens sosiale voorskrifte of geslagsrolstereotipe nie." Die liggaamlike ontwikkeling en kognitiewe vermoë van die adolessent om abstrak (formeel-operasioneel) te dink en hipoteties-deduktief te redeneer, stel die adolessent in staat om oor alternatiewe waardes te dink en hulle konsekwensies te evalueer (Grobler, 1997:168). Morele ontwikkeling is 'n sosiaal-bepaalde proses waar die ouer se houding en optrede, die portuurgroep, sosiale veranderinge in die samelewing en sosiale stereotipering faktore is wat 'n inhiberende of fasiliterende funksie uitoefen met betrekking tot morele ontwikkeling (Papalia en Olds, 1982:570; Thom et al. 2004:472).

Kohlberg bring morele ontwikkeling in verband met die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent (Thom et al. 2004:465). Die beste ontwikkeling vind plaas wanneer die adolessent nie gedwing word om te konformeer nie, maar toegelaat word om sy eie verskille deur te werk en 'n eie opinie te vorm (Gil en Campbell, 1996:34). Die internalisering van morele waardes tydens adolessensie, hang in 'n groot mate af van die adolessent se verhouding met die ouers (Thom et al. 2004:472). Ouers wat warm en liefdevol is en goeie rolmodelle is vir morele gedrag, bevorder die morele ontwikkeling by die adolessent.

#### 3.2.7.2 Ontwikkeling van religie by die adolessent wat mishandel is

Volgens Thom et al. (2004:473) kan die adolessent se houding teenoor godsdiens 'n wesenlike invloed op sy morele gedrag en ontwikkeling uitoefen. Die adolessent moet 'n lewensfilosofie ontwikkel sodat hy sekere synsvrae en die vraag na die sin van die lewe bevredigend kan beantwoord (Gil en Campbell, 1996:28). Dit sal ook die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is beïnvloed. Volgens Kaplan (2000:490) bevraagteken en ondersoek die adolessent geloofsisteme en herevalueer dit. Die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent, en veral die ontwikkeling van die abstrakte denke, motiveer die adolessent se bevraagtekening van sy geloofsoortuigings (Grobler, 1997:61). Wat voorheen onkrities aanvaar is, word nou in adolessensie bevraagteken in die soeke en definiëring van 'n eie stel religieuse waardes (Gil en Campbell, 1996:35). Die religieuse ontwikkeling van die adolessent pas binne die raamwerk van sy persoonlike

geloofsbelewenis en die gedragspatrone van die geloofsgemeenskap waarvan die adolessent deel is (Knox, 1975:650).

**3.2.7.2.1 Spiritualiteit van die adolessent wat mishandel is**

Volgens De Jongh van Arkel (1989:18) is dit moeilik om 'n sentrale tema met betrekking tot spiritualiteit te identifiseer, vanweë die pluralistiese en uiteenlopende definiëringsmoontlikhede. Kuitert (1988b:51-53) stel dat geloof afkomstig is van "*God zelf in Zijn openbaring*", wat binne 'n gegewe sosiokulturele sisteem met eie waardes en norme plaasvind. Daar is 'n wederkerige beïnvloeding van godsdienstige geloof en die sosio-kulturele sisteem waarin *geloof* een element is (Kuitert, 1988b:53). Hiervolgens kan spiritualiteit nie as 'n geslote sisteem in die ontwikkeling van die adolessent bestaan nie. Dit moet in totaliteit bestudeer word alvorens daar van spiritualiteit sprake is. Die navorser ondersteun die siening dat die ontwikkeling van spiritualiteit by die adolessent 'n komplekse ontwikkelingsproses is wat al die faktore van die adolessent se ontwikkeling omsluit. Wederkerige en interaktiewe relasies binne die holistiese konsepomskrywing is, soos Louw (1989:5) dit stel, onafwendbaar.

Vanweë die dinamiese interaksie tussen spiritualiteit en psigososiale faktore kan spiritualiteit nie as 'n konstante en onveranderlike saak getipeer word nie (Jonker, 1989:289). Spiritualiteit is 'n gebeure wat op weg is na 'n bepaalde bestemming (Olivier, 1995:4). Kuitert (1988a:61-62) stel dat die adolessent sy direkte ervaring (*bestaan van God en Zijn heil*) verleng met geloofsvoorstellinge om te weet waarheen hy op pad is. Verskeie intrapsigiese en psigososiale faktore, wat in korrelasie plaasvind, het 'n effek op die religieuse ontwikkeling van die adolessent. Dingemans (1991:129) stel dat die mens in die eerste twintig jaar van ontwikkeling die grootste verandering deurmaak.

Spiritualiteit kan as 'n dinamiese ontwikkelingsgebeure gekenmerk word deur kontinue veranderinge, progressiewe beweging tot toenemende differensiasie, integrasie en kompleksiteit, teleïtiewe gerigtheid, groei, rypheid en 'n ekologies-interaksionele dinamika. Volgens Louw (1989:7) is spiritualiteit dit wat jy is, 'n bestaanstoestand, 'n bestaans- en 'n lewenswyse. Spiritualiteit moet binne die perspektief van 'n bepaalde tradisie en kultuur verstaan word omdat dit nie los staan van die ekosistemiese verbande waarin dit ontwikkel nie. Die inhoud van 'n bepaalde spiritualiteit word bepaal deur die spesifieke religieuse tradisie en verwante geloofsproposisies wat as uitgangspunt dien (Küng, 1991:117). Benner (1989:23) stel dat elke persoon se spiritualiteit 'n persoonlike en unieke respons is op God se roeping, en dit ontwikkel en vind uitdrukking op eiesoortige wyse. Volgens Küng (1991:212) vind spiritualiteit altyd plaas in die ontmoeting met God. Buite die

spirituele (*geloof*) om, kan God se stem nie gehoor word nie, en God se teenwoordigheid in hierdie wêreld nie ontdek word nie (Heyns en Jonker, 1977:181).

Tillich (1957:318) stel dat "... since faith is an act of the personality as a whole, it participates in the dynamics of personal life." Die interrelasie tussen die religieuse dimensie en die psigososiale dimensie sal neerslag vind in die adolessent se spiritualiteit. Daarom sal spiritualiteit sentreer rondom 'n persoon se kognitiewe, affektiewe en sosiale gerigtheid (Smith, 1995:15). Om reg te laat geskied aan die konsep spiritualiteit moet dit omskryf word binne die kader van die verhouding tot God, die self en die wêreld (Berkhof, 1990:10). Heyns (1978:374) stel dat spiritualiteit in terme van 'n vertikale, introspektiewe en horisontale gerigtheid en funksie verstaan moet word. Dit is die wyse waarop die persoonlike relasie tot God ervaar en beleef word, en is terselfdertyd ook die wyse waarop daar aan hierdie relasie uitdrukking gegee word (Dingemans, 1991:151).

Die adolessent vorm sy spiritualiteit op grond van gevarieerde informasie wat verkry is en ervaring wat beleef word (Dingemans, 1991:36). Vergote (1984:112) het beswaar teen 'n abstrakte ervaringsbegrip en definieer ervaring eerder as 'n "*gevoel van kontak*" en 'n "*interpersoonlike ontmoeting met die bonatuurlike*". Tog kan die absolute nooit los van die ervaringswêreld geken of beleef word nie (Berkhof, 1990:9). 'n Komprehensiewe benadering impliseer 'n openheid vir alle moontlike aspekte wat 'n rol kan speel in die spiritualiteitsontwikkeling van die adolessent wat mishandel is (Grobler, 1997:235). Volgens Kloepfer (1991:94) behels dit "... the process of becoming open to new connections between and among the various spheres, dimensions, and ranges of one's formation field." Die implikasie hiervan is dat spiritualiteit as dinamiese en nie-statiese fenomeen in gedurige interaksie met die konteks is.

**3.2.7.2.2 Godsdiens en geloof van die adolessent wat mishandel is**

Met die oog op pastoraat aan die adolessent sal daar 'n bepaalde normatiewe benadering deur die navorser gestel moet word met betrekking tot die aard van godsdiens en geloof in verhouding tot die ontwikkeling van die adolessent. Geloof kan binne die kader van die verhouding tot God, die self en die wêreld omskryf word (Berkhof, 1990:10). Louw (1999b:50) stel dat die Christen bestaan binne 'n konkrete veld van ervaring en 'n spesifieke historiese situasie waar geloof nie abstrak is nie. Gouws et al. (2000:116) verwys na *godsdiens* as 'n spirituele band tussen 'n persoon en 'n Opperwese, wat die persoon se idees omtrent sy oorsprong en bestaan en uiteindelike bestemming onderskryf. Volgens Kuitert (1988a:65) is daar 'n kognitiewe aspek in godsdiens wanneer hy sê: "... godsdienst impliceert geloofsvoorstellingen en geloofsvoorstellingen hebben cognitieve pretenties die om toetsing vragen." Die bewuste relasie met God (individuele

dimensie) moet in terme van die persoon se unieke persoonlikheid en individualiteit verstaan word (Knox, 1975:651). Dit sluit 'n *kognitiewe komponent* (begrip van die godsdiens), 'n *ervaringsdimensie* (emosionele belewenisse, gevoel van verbondenheid), en 'n *ideologiese komponent* (moreel-etiese oortuigings en waardes), in vir die relasie met God (Jordaan en Jordaan, 1984: 782-783). Volgens Grobler (1997:193) stel Potvin en Lee dat die toename in ouderdom ook die godsdiensontwikkeling van die adolessent beïnvloed.

- Tydens **vroeë adolessensie** *identifiseer* die adolessent met die ouers se godsdiens en is die invloed van die portuurgroep in hierdie stadium minimaal.
- In die **middel-adolessensie** word die portuurgroep se invloed groter alhoewel die ouers se godsdienstige handelinge steeds die adolessent se religieuse ontwikkeling beïnvloed. Die adolessent begin om vanuit interne geloofsoortuigings die ouers se religieuse handelinge te beoordeel. Saam met die portuurgroep begin *herinterpretasie* van geloofservarings plaasvind.
- Tydens **laat-adolessensie** ruil die orde weer om wat betref die relasie tussen interne geloof en religieuse praktyke. Die outonome religieuse handeling van die adolessent, wat bepaal word vanuit 'n religieuse styl wat saam met die portuurgroep gekonstrueer is, kom sterk na vore. Vanweë religieuse denke wat op 'n meer abstrakte vlak plaasvind en omdat adolessente hulle lewens in breër perspektief beskou, ervaar die adolessent God se nabyheid en betrokkenheid meer intens.

*Geloof* handel oor 'n verhouding tussen die persoon wat glo en "die inhoud van sy glo." (Jordaan en Jordaan, 1984:766) Hiervolgens stel Küng (1991:117) dat dit nie net oor teologies-kognitiewe waarhede en dogmas handel nie, maar oor 'n persoonlike relasie met die trinitariese God. Volgens Berkhof (1990:19) bestaan die christelike geloof "... primair in de overtuiging dat de radicale oplossing die in de toekomst openbaar zal worden, in principe al aanwezig is en zich heeft gerealiseerd in het optreden, het lijden en sterven en de opstanding van Jezus van Nazareth." De Jongh van Arkel (1987:218) beskryf geloof as 'n rasionele verbintenis en gemeenskapsaktiwiteit, wat vanuit die teologies-psigologiese omskrywing 'n holistiese perspektief handhaaf, waarin die totale mens aan die orde kom.

Geloof as 'n persoonlike relasie is die verbintenis aan 'n bepaalde geloofsgroep- of gemeenskap. Daarom wil die adolessent sy religieuse affiliasies en belewenisse ervaar wat betekenisvol is en 'n bepaalde behoefte bevredig (De Jongh van Arkel, 1989:107). Om die rede kan geloofsgroei gesien word as 'n refleksie van die kognitiewe (formeel-operasionele denke) redenering waartoe die adolessent in staat is. Hierdeur kan die adolessent bestaande geloofsopvattings evalueer en diskrepansies uitwys. 'n Afname in

positiewe houding teenoor die kerk met gepaardgaande afname in betrokkenheid en aktiwiteite is ook kenmerkend met ouderdomstoename tydens adolessensie (De Jongh van Arkel, 1989:107). Die optrede word gesien as 'n inherente deel van die proses van die adolessent se poging om los te kom van ouerlike gesag en kan neerslag vind in verplaasde aggressie teen die kerk of in 'n tipe religieuse vervreemding. Bevraagtekening en kritiese refleksie manifesteer veral in kritiek teen die formele en geïnstitusionaliseerde aspekte van die godsdiens (Dreyer, 1981:84). Religieuse vervreemding en "... religious beliefs are closely related to the quality of relationships experienced in the family" (Chartier en Goehner, 1976:228). Hiervolgens bestaan daar 'n interrelasie tussen die self en religieuse ontwikkeling, waarbinne selfagting en selfaanvaarding korreleer met geloof in God en die persepsie van God. Kuitert (1988a:65) stel dat godsdiens 'n bepaalde geloofsvoorstelling impliseer met kognitiewe pretensies.

Die werk van James Fowler (Louw, 1999b:369) bied 'n raamwerk vir die ontwikkeling van geloof. Volgens Dingemans (1991:127) reflekteer Fowler se teorie die kognitiewe ontwikkelingsteorieë van Erikson, Kohlberg en Piaget. Fowler definieer ses stadiums in die ontwikkeling van geloof wat oor die totale ontwikkeling van die mens verloop (Dingemans, 1991:126-129; Louw, 1999b:369-371). Dingemans (1991:128) stel dat elke stadium 'n eie geloofsvoorstelling het waar ou beelde verander word en na nuwe beelde gesoek word. Dit beteken dat daar nie net van een stap na 'n ander gevorder word nie, maar dat elke nuwe vlak die vorige vlakke herkontekstualiseer sonder om hulle te ontken. Elke vlak is gemoeid met dieselfde vraagstukke en verandering kom neer op die hantering daarvan op 'n nuwe en wyer vlak van kompleksiteit. Bevraagtekening van en kritiese refleksie op die religieuse, manifesteer veral in kritiek teen die formele en geïnstitusionaliseerde aspekte van die godsdiens.

Volgens Fowler (1986:26-27) ontwikkel geloof deur differensiasie en integrasie na die volgende stadium. Die stadia van geloofsontwikkeling word gekenmerk deur 'n konstante volgorde wat hiërargies georden is en universeel voorkom. Die adolessent is interaksioneel-aktief betrokke in die ontwikkeling, en periodes van ekwilibrium word afgewissel met oorgang na die volgende stadium. Ten spyte van verskille in geloofsinhoude, manifesteer sekere patrone van denke, begrip en evaluering tydens elke stadium. Volgens Tamminen (1994:82) vertoon die religieuse ervarings van die adolessent 'n ontwikkelingsdinamika of oorgang vanaf "... concrete, separate and external to more abstract, general, and internalised" geloofservarings. Die adolessent is, volgens Fowler se teorie, nie meer afhanklik van ander se menings nie en die ontwikkeling verskuif na die aanvaarding van eie verantwoordelikheid. Self definieer die adolessent sy geloof,

waardes, houding en lewenstyl met die klem op eie ervaring. Hierdie religieuse ontwikkeling van die adolessent is die ervaring van God, wat korreleer met ’n persepsie dat God ’n persoonlike God is wat betrokke is in die adolessent se lewe (Shelly, 1982:24-25). Dit vind neerslag in die adolessent wat mishandel is se oorgang vanaf die kognitiewe geloofservaring in die verlede (kinderdae) na ’n persoonlik-affektiewe oriëntasie. Die adolessent ontwikkel dus ’n geïntegreerde geloof deur middel van die prosesse van affiliasie, personalisering en integrasie (Jones, 1987:51-52).

Vir die adolessent moet daar kongruensie wees tussen gedrag en geloof. Vanweë die ontwikkeling van formeel-operasionele denke (onderskeid tussen werklike en ideale) word hy intens bewus van teenstrydighede en inkonsekwenthede in gelowiges se geloofsinhoude en lewens. Dikwels begin die adolessent wat mishandel is twyfel omdat hy nie God se goedheid en liefde kan versoen met traumatiese gebeure in sy eie lewe of met lyding in die wêreld nie. Daarom moet die adolessent sy geloofsbelewenisse integreer in die totaliteit van lewenservaringe en ontwikkelingsprosesse. Dingemans (1991:129) stel dat die adolessent tegelyk besig is met “... een radicale beeldstorm èn met het zoeken en opbouwen van nieuwe beelden”. Persoonlike en konkrete ervaring is vir die adolessent van groot belang ten opsigte van die geldigheid van religieuse waarhede (Louw, 1984:136). Twyfel en kreatiewe bevraagtekening kan daartoe bydra dat “... we are continually challenged to rethink and reappraise the existing religious language of God in order to make our personal reflection on God more adequate and meaningful” (Shelton, 1983:147). Volgens Grobler (1997:201) kan twyfel aanleiding gee tot een of meer reaksies soos erge ontwrigting en verwarring ten opsigte van die religieuse, radikale afname in die deelname aan godsdienstige gebruike, verwerping van betrokke geloofsproposisies, sinisme met betrekking tot alle geloofsinhoude, en verskuiwing na ’n alternatiewe geloofsaffiliasie.

Volgens De Jongh van Arkel (1989:108) moet die adolessent wat mishandel is sy eie geïnternaliseerde morele kodes ontwikkel tussen die alternatiewe van die ouers se waardesisteem, die norme van die portuurgroep en wat as “Christelike” gedrag verstaan word. Daarom stel De Jongh van Arkel dat Christelike geloof en morele standaarde nie geabstraheerde substansies is wat losgemaak kan word van die proses wat tydens adolessensie voltrek word nie.

## 3.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling van die adolessent, wat ’n aktiewe, dinamiese proses van voortdurende verandering is, bespreek. In die benadering tot die adolessent is

hy erken as 'n deelnemer aan sy eie ontwikkeling, met ruimte vir individuele verskille. In die navorsing het dit duidelik na vore gekom dat die adolessent wat verwaarloos of mishandel is deur sy omstandighede beroof is van gesonde menslike ontwikkeling. Die invloed van mishandeling op die adolessent se ontwikkeling beïnvloed sowel sy totale ontwikkeling as sy godsdienstige ervarings en geloofsisteem. Wanneer die adolessent in hierdie konteks met sy eie onvermoë gekonfronteer word, kan dit aanleiding gee tot identiteitsdiffusie. Hoe meer die identiteit van die adolessent beskadig is, hoe groter is die kans vir ernstige skade aan verhoudings en intimiteit.

Die religieuse belewenisse van die adolessent wat mishandel is, sal in die volgende hoofstuk uitgebrei word. Hier kan gestel word dat godsdiens 'n geleentheid tot emosionele katarsis behoort te wees. Godsdiens en geloof het 'n effek op sekuriteitsgevoelens en bring die adolessent wat mishandel is in kontak met God wat deurentyd sekuriteit en 'n anker bied in 'n tyd van verandering, lyding en ander lewensproblematiek. Godsdiens en geloofsbelewenisse bied 'n lewensfilosofie wat belangrik is vir singewing. Die aanwesigheid van godsdiens en geloof gee betekenis en samehang aan die ontwikkeling van die adolessent deur die interpretasieproses waardeur die adolessent sy lewe organiseer.

In hoofstuk 4 word daar ondersoek gedoen na 'n pastorale perspektief op die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld.

# HOOFSTUK 4

## ’N PASTORALE PERSPEKTIEF OP DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS SE GODSBEELD

### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk wil die navorser ’n teoretiese perspektief daarstel waarbinne die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is verklaar kan word. Hierdie teoretiese perspektief sal dan as basis dien vir die pastorale terapie aan die adolessent. Die fokus in die bespreking is die adolessent wat as persoon benader word. In aansluiting by die binding wat tussen die bestaans- en geloofsfunksie van die adolessent wat mishandel is voorkom, is die doel van hierdie hoofstuk toegespits op die verkenning van die rol wat ’n teologiese antropologie in pastorale terapie speel.

Lester (1995:7) verwys na *teologiese antropologie* as die belangrikste boublok of fondament waarop pastorale benaderings gebou word. Besinning oor die teologie en die rol daarvan in pastoraat gee aanleiding tot die vorming van ’n teologiese basisteorie vir die pastoraat. Dit bring mee dat 'n basisteorie gevorm word wat as 'n kriterium kan dien om empiriese en/of fenomenologiese materiaal te orden (Louw, 1999b:4). Louw (1999b:151) stel dit soos volg: “Die pastorale bediening is ’n medium waardeur mense van God se inwonende werksaamheid bewus raak – ’n bewuswording deur die Heilige Gees wat mense tot nuwe mense transformeer. Uit ’n geestelike perspektief in ’n teologiese antropologie, het pastoraat te doen met die uitwerking en konsekwensies van ’n teologiese antropologie vir menswees.” Binne die konteks van waarderegulerende beginsels kan die geestelike dimensie, volgens Louw (1999b:31), beskou word as ’n uitvloeisel van die besef van God se teenwoordigheid en lei dit tot ’n gedragsvroomheid waarvolgens die mens al meer word wat hy reeds in Christus is.

Louw (1999b:106) is van mening dat die geestelike dimensie, as ’n religieus-bepalende waarde, ’n verdere bepaalde invloed op menslike gedrag uitoefen. In teologiese antropologie is die spanningsveld tussen God en mens geleë binne die spanningspole, Skepper-skepsel, sonde-genade, dood-lewe, (Louw, 1999b:298). Steurnisse binne hierdie dimensie lei tot skuld, vertwyfeling en vrae oor die sin van die lewe (Louw, 1999b:298; Liebenberg, 2000:23). Met die oog op die terapie aan die adolessent sal daar vanuit hierdie navorsing gekyk word na die proses van geloofsgroei, geloofsontwikkeling van ’n Godsbeeld en die verhouding tussen God en die adolessent. Vervolgens kan dit wat oor pastorale terapie gesê word, ewegoed op die pastoraat aan die adolessent wat mishandel is van toepassing wees.

## 4.2 PASTORAAT IN DIE PASTORALE ONTMOETING MET DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS

Volgens Louw (1984:17) kan daar tereg gevra word: "Mag die pastoraat gebruik maak van die kennis van die empiriese wetenskappe, van gesprekstegnieke en psigoterapeutiese insigte, of moet die pastoraat met die Skrif, die gebed en die sakramente volstaan?" Hiervolgens sal daar gekyk moet word na die eiesoortige karakter van die pastorale teorie en die voortspruitende pastorale strategie en terapie (Louw, 1989:4). Die probleem met pastoraat is, volgens Dreyer (1981:35) dat dit al meer gesien word in terme van 'n psigologiese en antropologiese funksie en al minder in terme van 'n teologiese funksie.

Volgens Louw (1989:4) bedien pastoraat ten diepste die sorg van God aan die mens soos dit in die Skrifopenbaring verwoord is. Die pastoraat is in 'n sekere sin 'n praksisgerigte bemiddeling van die evangelie met die oog op 'n uitnodiging tot geloof, verandering in geloof, verdieping in geloof en groei in geloof (Shelton, 1983:179). Volgens Louw (1989:4) wil pastoraat in die algemeen nie net hulpverlening bied ten opsigte van die mens se algemene lewensnood nie, want dan word dit meer en meer barmhartigheidsdiens (diakonaat). Die pastoraat maak in sy basisteorie van die antropologiese voorveronderstelling gebruik dat die mens 'n afhanklike wese is wat gerig bly op geloofsrealisering (Louw, 1989:28). Pastoraat se spesifieke karakter setel in die area van geloofsversorging met die oog op geloofsgroei tot geloofsvolwassenheid (Shelton, 1983:179). Sentraal in die pastoraat is die verkondiging van God se Woord en die oproep tot verandering en bekering (Louw, 1984:7). Volgens Louw (1984:27) is die antwoord vir die pastoraat nie geleë in een van die tradisionele eensydighede nie:

- 'n Teologie van die pastoraat vind sy wese en inhoud nie terug net in die *kerugma* nie.
- Die pastoraat ontdek sy wese en inhoud ook nie binne die antropologie nie. Die waarheid van die pastorale teologie is nie net 'n *eksistensiële aangeleentheid* wat op empiriese vlak tot selfaktualisering en selfontplooiing aanleiding gee nie.
- Die teologiese dilemma word ook nie oorbrug deur 'n bipolariteitsbeginsel of 'n korrelasiebeginsel waarin die wederkerigheid in die spanningsverhouding God-mens telkens dreig om die spanning en onderskeid tussen God en mens, met behulp van 'n indirekte komplementariteitsmotief te verswak nie.
- Die God-mens-spanning met die twee pastorale pole van *geloofshulp* (Woordverkondiging en geloof) en *lewenshulp* (daadgetuienis en bestaanontplooiing) word die "noödinamika" van die pastorale bediening wanneer bipolariteit sy fokuspunt soek in die eskatologiese heilsdade van God. Bipolariteit moet perspektiwies verstaan

word: bipolariteit vind sy perspektiwiese toespitsing of fokuspunt in die *eskatologiese perspektief* van die komende Godsryk.

Op grond van die omvattendheid van 'n dialogies-hermeneutiese verhouding bestaan daar 'n voortdurende wisselwerking tussen God en mens, Bybel en situasie, verkondiging en hoorder (Dingemans, 1991:24). Dieselfde wisselwerking bestaan tussen pastoraat en psigologie omdat beide met dieselfde mens as skepsel en beelddraer van God werk. Volgens Louw (1989:23) kan gesê word dat daar 'n perspektiwiese verskil tussen die *antropologie in die pastoraat* en die *antropologie in die psigologie* bestaan. "Die pastoraat beskou die mens vanuit die skeppingsmatige en herskeppingsmatige perspektief, terwyl die psigologie die mens vanuit die persoonsmatige en gedragsmatige perspektief beskou" (Louw, 1999b:298).

Louw (1999b:14) stel die konvergensiemodel as 'n bipolêre benadering tussen die pastoraat en die psigologie. Louw (1999b:558) argumenteer deurentyd, as deel van die konvergensiemodel, dat daar noue skakeling tussen sosiale wetenskappe en die pastoraat behoort te wees omdat die verskil tussen die twee dissiplines perspektiwies van aard is. Dit kom daarop neer dat die pastoraat vanuit 'n Christelike geloofsperspektief opereer en die sosiale wetenskappe vanuit 'n fenomenologiese perspektief en empiriese mensekunde. In Tabel 1 wys Louw (1989:29) op die verskil tussen pastoraat en psigologie binne die konvergensiemodel en som dit soos volg op:

**Tabel 1: Skopuspunt tussen pastoraat en psigologie (konvergensiemodel)**

| | Skopuspunt van pastoraat | Skopuspunt van psigologie |
|---|---|---|
| 1 | Primêr is die onsigbare dimensie van die geloof (die transpsigiese dimensie). Die belydeniskomponent staan sentraal (geloofsbelydenis, preskriptiewe analise). | Primêr is die fenomenologiese dimensie van die menslike eksistensie. Die empiriese komponent staan sentraal (deskriptiewe analise). |
| 2 | In die kommunikasieproses is die inhoud belangrik. Dit word bepaal deur Christologie en pneumatologie. | In die kommunikasieproses is die styl belangrik. Dit word bepaal deur berader en persoonlikheid. |
| 3 | Menswees word bepaal deur sy skepselmatige en herskeppingsmatige struktuur. | Menswees word bepaal deur persoonlikheid, gedrag en verhoudinge. |
| 4 | Die kernfaktor vir blokkasie is die sondekomponent en die verganklikheidskomponent (dood);<br>Sonde – genade spanning;<br>Dood – lewe spanning. | Die kernfaktor vir blokkasie is die neurose-komponent (psigopatologie). |
| 5 | Groei vind plaas deur radikale verandering (bekering);<br>Basis: soteriologie. | Groei vind plaas deur ontwikkeling (potensiaalontsluiting);<br>Basis: persoonlikheidsteorie. |
| 6 | Opbou binne relasies behels die *koinonia*. Rol van 'n ekklesiologie. Liefdesorg as simpatie, empatie en identifikasie. | Opbou binne relasies behels empatie. Rol van die kommunikasietegnieke. |
| 7 | Potensiaalontsluiting geskied vanuit die herskeppende heil (eskatologiese perspektief). | Potensiaalontsluiting geskied vanuit die selfskeppende selfrealisering. |
| 8 | Pastoraat as 'n openbaringswetenskap wat nie buite die empirie voltrek word nie, maar die empiriese en fenomenologiese veld ekskatologies rig. | Psigologie as 'n empiriese menswetenskap wat volstaan met 'n fenomenologiese analise van die menslike eksistensie. |

Die mens worstel nie net met persoonlike sondes nie, maar ook met verskeurdheid, spanning, vervreemding en sinloosheid (Louw, 1984:17). Die probleemveld van 'n teologie van die pastoraat kan, volgens Louw (1984:16), in die volgende drie terreine verdeel word:

- Eerstens is daar die *saakprobleem* waarin die pastoraat sigself moet verantwoord ten opsigte van die teologiese inhoud en die bedoeling (intensie) van die pastorale bediening;
- tweedens is daar die terrein van die *persoonsprobleem*. Dit gaan in die pastoraat om mense en hulle stryd tot selfaktualisering en identiteitsontplooiing. Pastoraat is betrokke by die *eksistensiële* komponente van die bestaan soos selfrealisering, verantwoordelikheid, die maak van keuses, die ontplooiing van potensiaal, die gevoelens op ervaringsvlak en die aspek van doelgerigtheid. Gevolglik is die *relasionele* en gemeenskapskomponente soos groepsverhoudinge van groot belang. Die *funksionele* of *taakkomponente* behels weer die mens se arbeid, spel, ontspanning en beroep. Dit is hier waar die mens as volledige mens opereer en al sy wonde opdoen en voortdurend worstel met sy selfbeeld en die dreigende gevaar van mislukking en skuld;
- derdens is daar die terrein van *situasieprobleme* waarin die pastoraat betrokke is by krisisse op persoonlike vlak of gedurende verskillende ontwikkelingstadia van die mens. Sosiale vraagstukke en maatskaplike probleme wat die mens se kulturele en politieke situasie raak, word 'n belangrike terrein waarop die pastoraat opereer.

Binne hierdie omvattende veld is dit, volgens Louw (1984:17), verstaanbaar waarom 'n teologie van die pastoraat telkens tussen verkondigingsreduksie en psigologiese reduksie wipplank ry. Pastoraat werk met die bipolêre verhouding tussen die mens, sy wêreld en God. Volgens Louw is dit die "... eienaardige dilemma van die pastoraat dat die pastor met mense binne die empiriese veld van hul daaglikse lewensmilieu werk en betrokke is by hul eksistensiële problematiek, maar tegelykertyd hierdie lewensnood moet versorg met 'n dimensie van lewe wat nie sigbaar is nie, nie feitlik verifieerbaar en empiries bewysbaar is nie" (Louw, 1989:5).

Die kontak met die Gestaltterapiebenadering (Hoofstuk 5) het die voordeel dat dit die navorser opnuut laat besef dat, alhoewel die pastoraat met die onsigbare dimensie van geloof werk, die objek van die pastoraat nie 'n onsigbare objek is nie, maar die adolessent wat mishandel is. Daar kan geredeneer word dat die Gestaltterapeut (subjek) en die pastorale terapeut (subjek) met een en dieselfde mens (objek) werk. Die objek van die

pastorale bediening bly ’n konkrete persoon wat in sy totale menswees (liggaam, siel en gees) benader moet word.

### 4.2.1 Pastorale teologie

Die Godsbeeld van die adolessent moet vanuit die kennis van God in ’n teologiese raamwerk verklaar en bestudeer word. Teologie verwys na die leer van God en Goddelike sake vir sover dit in die Skrif geopenbaar word (Wolters, 1960:118). Dit impliseer geloof in God wat verstaanbaar gemaak moet word in die lig van ’n besondere vorm van kennis. Louw (1999b:2) beskryf die besondere vorm van kennis as “... geloofsinterpretasie en geloofsvertolking in terme van die Skrif se siening van die ontmoeting tussen God en mens.” Volgens Louw (1989:5) behoort pastoraat in ’n dinamiese buurmanskap saam te werk met ander hulpverleningdissiplines. Om die Godsbeeld van die adolessent te verklaar kan daar gestel word dat ander hulpverleningdissiplines kan bydra tot die bestudering daarvan.

Louw (1999b:2) stel dat ’n Christelike geloofsperspektief met ’n pastorale voorveronderstelling werk dat daar *drie basiese eksistensiële probleme* is wat vanuit die geloofsperspektief hanteer moet word. Die *drie basiese eksistensiële probleme* kan in verhouding met die adolessent soos volg gestel word:

- Die adolessent wat mishandel is se angs (vrees vir isolasie, verwerping en die dood);
- die adolessent se worsteling met skuld en skuldgevoelens;
- die adolessent se ervaring van wanhoop en sinloosheid wat dikwels tot twyfelvrae en vertwyfeling aanleiding gee.

Heitink (1977:70) beweer dat pastorale teologie verstaan word as teologiese denke oor die pastoraat en die wisseling tussen teorie en praksis. Die pastorale teologie worstel, volgens Louw (1999b:3), met die vraag om die waarheid te vertolk en te verstaan binne en in terme van die mens se ervaringswêreld sonder om terug te val in die probleem van subjektivisme (verklaring van geloof vanuit die mens se religieuse ervaring). Karl Barth sê dat “... wie niet bij God begint, nooit bij God uitkomt, maar altijd bij een vergrote projectie van zichzelf” (in Berkhof, 1991:80). Volgens Barth is God as die “Ganz Andere” te beskou en van hieruit kom die subjek-objek-relasie na vore. God word binne die verhouding tot die mens beskou as die Almagtige en die Heilige en so is daar ’n afstand tussen die Heilige God en die sondaarmens. Volgens Berkouwer (1989:423) kan die teologie egter nie die persoonlike ervaring, historiese gebeure en eksistensiële aangeleenthede uitskakel nie. Volgens Louw (1999b:7) “... doen dit die openbaring deur soms God se identifikasie met die menslike bestaan in antropomorfe terme te verduidelik en ander kere weer ons bestaan te deurkruis en te korrigeer.” Louw (1999b:151) stel dit ook soos volg: “Die

pastorale bediening is ŉ medium waardeur mense van God se inwonende werksaamheid bewus raak – ŉ bewuswording deur die Heilige Gees wat mense tot nuwe mense transformeer." Louw (1999b:106) is van mening dat die geestelike dimensie as ŉ religieus-bepalende waarde ŉ bepaalde invloed op menslike gedrag uitoefen en daarom nie geïgnoreer kan word nie. Binne die konteks van waarderegulerende beginsels kan die geestelike dimensie, volgens Louw (1999b:31), beskou word as ŉ uitvloeisel van die besef van God se teenwoordigheid en lei dit tot ŉ gedragsvroomheid waarvolgens die mens al meer word wat hy reeds in Christus is.

**4.2.2 'n Hermeneutiese aangeleentheid**

Louw (1999b:3) is van mening dat die Godsvraag gestel moet word in terme van die menslike soeke na sin en menswaardigheid. Louw (1999b:11) wys daarop dat dit in die hermeneutiese verstaanproses eintlik gaan om sensitiwiteit en verdieping van die pastorale ontmoeting tussen God en die mens. Hierdeur kan uitgegaan word van 'n eksistensiële model wat oor God se betrokkenheid by die mens praat in terme van menslike bestaan en ervaringskategorieë (Louw, 1999b:3). Die eiesoortige karakter van die pastoraat word bepaal deur 'n eskatologiese perspektief, en daarom moet die bipolêre model aangevul word met die konvergensiemodel (Louw, 1999b:149; Dingemans, 1991:23). Aansluiting word op so 'n wyse by 'n pastorale hermeneutiek gevind dat dit die toepassingswaarde van die heilsontmoeting verhelder met die oog op sinontdekking en geloofsgroei vir die mens (Louw, 1999b:374).

Volgens Louw (1989:27) sal die integrasiefaktor binne die verskillende wetenskappe lê wat binne spanverband met mekaar kommunikeer met die oog op die totale welsyn van die adolessent. Pastoraat is daarom in die ontmoetingsmodel 'n hermeneutiese aangeleentheid aangaande die geloofstaal oor God en die daaglikse lewenservaring rakende die vraagstuk van sin (Louw, 1999b:3). Volgens Louw (1999b:3) gaan dit in die pastorale ontmoeting oor die betekenis van ons menslike situasie wat deurdink en verstaan word in terme van die geloofstaal: *God is hier en ek kan op Hom vertrou*.

Die verdere implikasie van 'n eksistensiële model is, volgens Louw (1999b:3), dat die pastoraat wesenlik geïnteresseer is in die funksie en werking van die Godsvoorstelling. In die sentrum van die adolessent wat mishandel is, sal dus ŉ geloofsaksie lê wat alle gedragswyses rig (vgl. Louw, 1999b:31). Die adolessent wat mishandel is, staan hiervolgens nie neutraal in die hele proses van Godsvoorstelling nie, maar is betrokke in die pastorale gesprek en beweeg van verstaan tot verandering (vgl. Janse van Rensburg, 2000:73).

Die konvergensiepunt tussen geloof en hoop word deur Louw (1999b:15) as ‘n eskatologiese perspektief beskryf. In terme van die eskatologiese perspektief op die mens, konvergeer die totale gerigtheid van die adolessent op die dimensie van die heil in die evangelie en die rykshandeling van God wat die fokuspunt van die konvergensiemodel is (vgl. Louw, 1999b:88). Hiervolgens is die pastoraat gerig op die herstel van die menslike Godsverhouding met die oog op geloofsvolwassenheid (Louw, 1999b:87).

Die eskatologiese perspektief is ’n kritiek op alle menslike selfgenoegsaamheid, selfsug en liefdelose selfhandhawing (Louw, 1999b:91). Dit laat die heil promissiologies in die konteks realiseer (Louw, 1984: 11-26; Louw, 1993: 21-22, 93-236; Louw, 1997: 87-132). Die aansluitingspunt van die pastoraat lê in die pneumatologiese beïnvloedingspunt tussen God en die mens (Louw, 1999b:88; Dingemans, 1991:25). Promissioterapie is gefokus op die beloftes van God wat aan die adolessent bedien moet word met ’n Bybelse antropologie as grondmotief (vgl. Louw, 1999b:88). Dit volg ’n teonome benadering wat beteken dat daar ’n balans tussen die verhouding tot God (deduktief) en die implikasie vir die lewe (hermeneuties induktief) is (Louw, 1999b:90).

### 4.2.3 Pastorale ontmoeting met die adolessent wat mishandel is

’n *Pastorale ontmoeting* is die interaksie, kommunikasie en dialoog tussen God en mens, waar die pastorale gesprek as ’n eksponent van die pastorale ontmoeting beskou word (Louw, 1999b:28). ’n Pastorale ontmoeting verwys na die verbondsmatige kontak tussen God en die adolessent wat by mekaar betrokke is (Heitink, 1977:170). *Pastorale berading* beoog terapie vanweë ’n geïdentifiseerde nood, probleem of krisis en die prosedure, houdings, “response”, vaardighede en gespreksmetodes in pastorale sorg word aangewend om ’n helpende verhouding tussen die pastor en die adolessent wat mishandel is te vestig (vgl. Louw, 1999b:28). *Pastorale terapie* verteenwoordig die helings- en veranderingsdimensie van herstel en groei. Die pastorale uitgangspunt waarin pastorale terapie gefundeer word, is dat die mens se verhouding met God disfunksioneel is as gevolg van die mens se sondige situasie. In samehang met die hoop van die Christelike geloof kan ’n pastorale terapie omskryf word as promissioterapie: die transformerende effek van die vervulde heilsbeloftes in Christus wat deur die Heilige Gees die toekoms ontsluit en hoop wek (Louw, 1999b:28).

Pastorale terapie verwys na ’n proses van heling, ondersteuning, begeleiding, versoening, bewaring en vertolking as uitvloeisel van die kommunikasie van die evangelie/heil om geloofsvolwassenheid en spiritualiteit te bevorder (Louw, 1999b:28-31). Volgens Louw (1999b:31) is geloofsvolwassenheid: “... verandering (soteriologie - verlossing in Christus); verantwoordelike keusegedrag (etos en etiek); groei (heiligmaking); antisipering en hoop

(*parusia*); onderlinge verbondendheid (*koinonia*) en met spiritualiteit word bedoel die praktyk van die Christelike geloof". Die verandering wat pastoraat bewerkstellig, lê op die vlak van geloof en moet teologies geïnterpreteer word (Louw, 1999b:150). "Hierdie geloofshulp moet as lewenshulp gekommunikeer word, sodat God se teenwoordigheid die menslike ervaring kan beïnvloed" (Louw, 1999b:150).

## 4.3 TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE VAN DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS

'n Teologiese antropologie stel dit nie ten doel om op 'n analitiese wyse na die adolessent te kyk nie. Dit verantwoord waarom 'n bepaalde mensbeeld aanvaar word met die oog op 'n effektiewe pastorale ontmoeting en die terapeutiese effek wat so 'n ontmoeting vir die adolessent inhou (vgl. Louw, 1999b:153).

Die adolessent word eerder hermeneuties benader vanuit sy verhouding met God en hoe hy daarvolgens aan die lewe sin kan gee (Louw, 1999b:181). In pastoraat word die adolessent wat mishandel is benader vanuit 'n skeppings- en herskeppingsperspektief met die oog op geloofsgroei en versoening met Christus (Louw, 1999b:298), terwyl die psigologie die adolessent wat mishandel is vanuit die persoonsmatige en gedragsmatige perspektief beskou met die oog op *selfrealisering* en *kongruensie* (Louw, 1989:23). Psigoterapie dui op 'n spesifieke proses waartydens gepoog word om aansluiting te vind by dieperliggende persoonlikheidsdimensies soos die onbewuste, neuroses en emosionele probleme.

Antropologie word deur Wolters (1960:62) omskryf as die wetenskap van die mens en sy natuurlike eienskappe, asook die leer van die mens as 'n religieuse wese. Volgens 'n teologiese antropologie speel al vier die basiese verhoudings waarin die mens staan, naamlik tot God, medemens, die eie-ek en omgewing, 'n kardinale rol in die Christelike voortbestaan van die mens. 'n Teologiese antropologie verantwoord 'n bepaalde mensbeeld (Lester, 1995:23; Louw, 1997:57; Van der Watt, 2000:65). Dit gaan van die veronderstelling uit dat God aan die adolessent wat mishandel is 'n sentrale plek in die aardse skepping gegee het. God het die mens na sy beeld geskape en aan hom bepaalde opdragte gegee en beloftes gemaak, byvoorbeeld die ewige lewe. Volgens Louw (1989:19) is die mens 'n eenheidswese wat vanuit die perspektief van siel, gees, en liggaam beskryf kan word. Volgens die Bybelse visie van die mens kan hy beskryf word as 'n wese met behoeftes (aardsgebonde, liggaamlik met gevoel en verlange). Die mens is vleeslik en aardsgebonde en daardeur swak, broos, sterflik en afhanklik van die relasie met God. Die mens is ook 'n redelike wese met 'n sedelike bestemmingsfunksie waar herinnering, motiewe en impulse as 'n innerlike realiteit erken word in kombinasie met die

gewete, wat die mens as ’n aanspreekbare wese definieer. Louw (1989:22) stel dat die mens ’n totale wese is met strukturele gerigtheid op God, op lewe as ’n aangrypingspunt en veranderingsgebeure deur die werking van die Heilige Gees.

- ***Fenomenologiese benadering***

Vir ’n teologiese antropologie is kennis vanuit die empiriese menskunde aangaande die adolessent wat mishandel is van onskatbare waarde (vgl. Louw, 1999b:176). Oorsigtelik beskou, het persoonlikheidsteorieë dit ten doel om ’n logiese konseptuele sisteem daar te stel waarvolgens menslike gedrag beskryf of voorspel kan word (Hall en Lindzey, 1970:5). Die waarde van ’n fenomenologiese benadering bestaan daarin dat dit ’n teologiese antropologie help om die adolessent as persoon binne relasies beter te verstaan, alhoewel die realiteit van die geloof nie finaal aan ’n empiriese analise onderwerp kan word nie (Moltmann, 1971:15; Dreyer, 1997:15; Louw, 1999b:178). Alhoewel kennis aangaande die mens se wesenlike funksiebestemming openbaringskennis vanuit die Woord van God is, stel Karl Barth dat die fenomenologie daarin slaag om die mens in sy eienskappe kenbaar te maak en met menslike bekwaamhede en potensiaal werk (Barth KD III/2, 1948:335; Louw, 1999b:179; Price, 2002:11). “Fenomenologiese kennis bied dus relatiewe kennis oor menslike gedrag, maar geen finale kennis oor die uiteindelike funksiebestemming van menslike lewe nie” (Louw, 1999b:179).

- ***Teonome benadering***

Volgens Louw (1999b:180) wil Barth se teïstiese antropologie die mens beskryf vanuit sy verhouding met God en dan, vanuit God se gerigtheid op die mens, analoë uitsprake maak oor die mens se gerigtheid op God. Barth stel dat humaniteit ’n spieëlbeeld word van Diviniteit: “... sie versteht ihn (die mens) von Haus aus nicht autonom, sondern theonom bestimmt, den menschlichen Logos als seiend durch den göttlichen, Humanität als Spiegelbild der Divinität” (Barth KD III/2, 1948:240; Louw, 1999b:180). Volgens Barth moet die menslike selfverstaan vanuit ’n teonome perspektief benader word (Barth KD III/2, 1948:148). Volgens Berkouwer (1957:27) is die bedoeling van antropologie in die Skrif nie ’n Bybelse psigologie of fisiologie nie, maar om die mens in verhouding tot God te beskryf (Louw, 1999b:180). Volgens Louw (1999b:180) gaan dit “... in ’n teonome benadering, met betrekking tot ’n fundamentele uitspraak, oor die mens as skepsel van God en die totaliteit van menslike lewe in God se teenwoordigheid (*coram Deo*).” In die verhouding tussen God en die adolessent bied God telkens sy beloftes van liefde en omgee deur middel van die pneumatologiese dinamiek van die Heilige Gees (Dingemans, 1991:49). Louw (1999b:181) stel dat ’n teologiese antropologie nie op analitiese wyse die mens finaal wil verklaar nie, dit wil die mens slegs hermeneuties verstaan.

Die navorser sluit aan by die antropologiese basisteorie wat gekenmerk word deur die volgende perspektiewe op die mens:

### 4.3.1 Sedelike en normatiewe keusevermoë van die adolessent wat mishandel is

Die uniekheid van teologiese antropologie kan gevind word in die feit dat dit die mens as 'n sedelike wese beskryf ooreenkomstig sy Godsbewussyn en bestemmingsfunksie voor God (Louw, 1999b:156). Die adolessent wat mishandel is, is *geskape* met 'n afhanklike selfstandigheid, maar ook as 'n unieke eiesoortige individu wat in sy verantwoordelikheid en vryheid deur God aangespreek word (Louw, 1989:19). Die verantwoordelikheids-komponent is gekoppel aan 'n keusevryheid waarby die kognitiewe, konatiewe, affektiewe en liggaamlike komponente saam betrokke is sodat die adolessent in sy totale bestaan bestempel word as 'n sedelike wese (vgl. Louw, 1999b:156). Gefundeer in 'n teologiese antropologie word aanvaar dat die mens oor 'n sentraalbeheerde innerlike geestelike dimensie beskik en as sodanig normatief-etiese keuses maak. Keusevryheid beteken nie dat die adolessent net kan doen wat hy wil nie, maar dat hy meer en meer sal word wat hy voor God behoort te wees (vgl. Van der Watt, 2000:136).

Binne hierdie eskatologiese spanning is die menslike bestaan 'n voortdurende ontwikkelingsproses wat op grond van die werk van die Heilige Gees die groeiproses van geloofsvolwassenheid uitmaak (Collins, 1988:17; Louw, 1999:540; König, 2001:158). Geloofsvolwassenheid is vanuit 'n eskatologiese perspektief die groeiproses wat die Heilige Gees in die gelowige mens (*die nuwe mens*) bewerk op grond van die konkrete heilsdade van God soos gekoppel aan die liggaam van Christus (*die gemeente*) (Louw, 1989:23-25). Daarom dat 'n pastorale teologie die menslike bestaan *teleïtief* evalueer. Dit beteken die belangrikste voorveronderstelling van 'n teologiese antropologie is dat die adolessent wat mishandel is, in sy normkomponent, doeloriëntering en waardegerigtheid so verander word dat, met behulp van die geloofskomponent, die sonde in die rigting van *heil* (versoening) omgeswaai word en dood in die rigting van *lewe* (opstandingslewe) (vgl. Louw, 1989:23-25).

### 4.3.2 Die skepping van die mens

In 'n pastoraal-teologiese antropologie word die adolessent as deel van die skepping beskou (Jordaan en Jordaan, 1984:48). In pastorale antropologie word uitgegaan van die standpunt dat die mens 'n pneumatiese wese is en dat die affektiewe, kognitiewe, konatiewe en liggaamlike funksies as 'n geïntegreerde geheel funksioneer (Louw, 1999b:297; Heitink, 1977:84). Alhoewel daar nie in die Skrif 'n uitgewerkte Christelike antropologie voorkom nie, het die verstaan van adolessente vanuit 'n geloofsperspektief antropologiese konsekwensies (Heyns, 1974:69; Louw, 1999b:150). Volgens Barth kan 'n

antropologie nie abstrak wees nie en is ’n antropologie eintlik ’n leer oor die mens binne die kosmos (Barth KD III/2, 1948:240; Louw, 1999b:181). Volgens ‘n teologiese antropologie speel al vier die basiese verhoudings waarin die mens staan, naamlik tot God, medemens, die eie-ek en omgewing, ‘n kardinale rol in die voortbestaan van die mens.

Die verband tussen die skepping van die mens na die beeld van God en antropologie word vervolgens bespreek deur aandag te gee aan aspekte soos die mens as beelddraer van God, die mens as verbondswese en die mens as verhoudingswese.

#### 4.3.2.1 Die mens geskape na die beeld van God

Die adolessent is as *beeld van God* geskape om God se heerskappy op so ’n wyse te verteenwoordig dat iets van God se beeld en manier van doen tot openbaring kan kom (Louw, 1989:19; 1989:23-25; Dreyer, 1981:30; Dingemans, 1991:69). Die kern van God se beeld is genade en vergifnis, waar die adolessent die beeld van God uitleef (Grudem, 1994:442). Hierdie beeld van God het ook te doen met die mens se verantwoordelikheid voor God binne die totaliteit van alle relasies: relasies met God, homself, sy liggaam, die medemens, die kultuur en strukture van die samelewing (Louw, 1989:19; Muuss, 1996:346). Die beeld impliseer nie net die geestelike en fisieke ooreenkomste nie, maar behels die hoër roeping van die adolessent wat soos God moet kan vergewe, liefhê, heilig leef, barmhartig en volmaak wees (Louw, 1999a:58; Van der Watt, 2000:63). Volgens Barth (Louw, 1989:23; 1999b:191) is die adolessent egter die nuwe mens in soverre hy dit reeds in Christus is, maar steeds meer en meer moet word. Die sondeval het die mens van God, sy naaste, homself en sy wêreld vervreem. Daar moet ook rekening gehou word met die feit dat, ten spyte van die sondeval, die mens steeds beelddraer van God is.

#### 4.3.2.2 Die mens as verbondswese

‘n Verdere belangrike aspek wat in die God-mens-verhouding na vore kom, is die feit dat die ontmoeting met God binne ’n bepaalde samesyn geskied (Louw, 1999b:95). Die verbondsmatige aard van die mens se bestaan verwys, ten spyte van die sondekomponent, na ’n genadige God wat in liefdestrou, barmhartigheid en toorn op die mens gefokus bly (Louw, 1989:23-25; 1999b:95). Die sondeval het die adolessent van God, sy naaste, homself en sy wêreld vervreem (Louw, 1999a:82; Dingemans, 1991:69). König (1991:15) sien die verbond as “... die lewende omgang tussen God en die mens in die geskiedenis waarin die God van liefde die inisiatief neem en veg om die behoud van die sondige mensdom, ’n verbond wat alreeds op sy inisiatief volmaak gestalte gekry het in die unieke verhouding waarin God en die mens in sy Seun Jesus Christus staan.” Ten spyte van die sondeval is die adolessent steeds beelddraer van God en onwillekeurig deel

van die genadeverbond (Feenstra, 1972:125). Die adolessent is ’n redelike wese met ’n sedelike bestemmingsfunksie. Die aanvaarding van God se verbondstrou en sy wederkomsbelofte deur die mens dra sodoende by tot die skep van toekomshoop (Grudem, 1994:515). König (2001:40) antwoord hierop deur te verwys na die wese van die Verbondsgod as 'n God van liefde wat omgee. In 'n konvergensiemodel waar geloofsvolwassenheid en eskatologiese hoop deel van die pastorale gesprek vorm, word die verbondsontmoeting en die verkondiging van God se genade gekonkretiseer (Louw, 1999b:95; Dingemans, 1991:23).

#### 4.3.2.3 Die mens as verhoudingswese

Die adolessent wat mishandel is, staan binne 'n bepaalde verhouding tot God, sy medemens, die self en sy omgewing (Dingemans, 1991:72; Louw, 1989:19). Die verhouding waarin die adolessent wat mishandel is tot God staan word beskou as die sentraalregulerende verhouding waarvolgens alle gedragswyses van die adolessent gerig word (Smit, 1975:64). Persoonlike verhoudings behoort 'n spieëlbeeld te wees van die verhouding wat die adolessent met God handhaaf (Berkhof, 1969:43; Smith, 1997:24). Liefdeloosheid verbreek die verbondenheid en vervreem die mens van God en mense onderling van mekaar (König, 2001:165). Liefde word getoon deur middel van optredes soos omgee, agting, respek en koestering. Hierteenoor kan geredeneer word dat liefdeloosheid na vore tree in optredes van haat, veroordeling, molestering, mishandeling en ontrouheid. Liefde bind mense aan mekaar en skep daarom vertoue. Liefdeloosheid verbreek hierdie vertouensverhouding en dit kan uiteindelik selfs daartoe lei dat God nie meer vertrou word nie.

##### 4.3.2.3.1 Verhouding tot God

God het die mens as ‘n verhoudingswese geskape. Volgens Berkhof (1969:28) en Heyns (1970:100) kan die mens nie buite sy verhouding met die transendente verstaan word nie. Hierdie leidende prinsipe het te make met die totale essensie van menswees (Grudem, 1994:476; Dreyer, 1981:30). As gevolg van die representasiefaktor besit die menslike bestaan ’n *verwysende karakter:* Die skepselmatige bestaan verwys na ’n Skepper-God (Louw, 1989:23). Die menslike bestaan besit ook ’n *transenderende karakter:* Die geloofsmatige komponent transendeer die tydelike, verganklike begrensing van die bestaan en bring ’n ontgrensing mee wat die adolessent se bestaan laat heenwys na ’n ewige en toekomstige bestemming (hemel of hel) (Louw, 1989:23). Volgens König (1991:2) het die mens se verhouding met God twee kante, eerstens in verbond met God en tweedens die mens as beeld van God. Persoonlike verhoudings behoort ‘n spieëlbeeld

te wees van die verhouding wat die mens met God handhaaf (Berkhof, 1969:43; Smith, 1997:24).

#### 4.3.2.3.2 Verhouding tot die medemens

Die adolessent kan slegs tot volle volwassenheid en rypheid kom as hy homself as deelnemend ervaar in ’n verhouding tot sy medemens. Die eintlike wêreld van die adolessent is ’n wêreld van gemeenskap met ander (Smit, 1975:65-66). Louw (1999b:31) stel dat die onderlinge verhouding (*koinonia*) deel vorm van die mens se geloofsvolwassenheid. König (2001:162) is van mening dat sonde as die oorsaak van swak verhoudings gesien kan word.

#### 4.3.2.3.3 Verhouding tot die self

Die mens is ’n *onvoltooide wese*, nie perfek nie, en verkeer nooit heeltemal in ’n situasie van gearriveerdheid nie (Louw, 1989:19). Elke adolessent het as skepsel en beelddraer van God ’n bepaalde beeld van homself (Smit, 1975:66). Dit behels onder andere ’n innerlike leefwêreld van gedagtes en gevoelens. Die mens het ‘n verantwoordelikheid teenoor homself: Omdat hy ‘n skepsel van God is, moet hy homself liefhê. Die innerlike self kom in die alledaagse leefwêreld van die individu tot openbaring in die uiterlike self (Smith, 1997:9). Die adolessent is ’n *verskeurde wese* wat nooit in ’n volledige toestand van homeostase verkeer nie (Louw, 1989:19; Dingemans, 1991:69). Die adolessent is ’n *historiese wese* wat binne tyd en ruimte leef. Volgens Barth (in Louw, 1989:23) is die adolessent egter die nuwe mens (*herskepte wese*) in soverre hy dit reeds in Christus is, maar steeds meer en meer moet word. Binne die teologiese antropologie hoef die adolessent nie te presteer om mens te wees nie, maar is dit reeds in Christus. Die adolessent is ’n *eenheidswese,* met *liggaam*, *siel* en *gees* (*hart*, *verstand* en *krag*) (Louw, 1999b:203; Dreyer, 1981:29).

#### 4.3.2.3.4 Verhouding tot die omgewing en kultuur

Die mens is ’n *kultuurwese* wat binne die skeppingsopdrag (om te heers en te arbei) singewend en sinnemend deel in die skeppingsomgewing (Louw, 1989:22; Muuss, 1996:322-333). Die mens is deur God aangestel om die aarde te bewerk, te beheers en te bewaar, daarom mag die natuur nie besoedel word, of natuurlike hulpbronne misbruik word nie (Smit, 1999:169; König, 2001:162). Volgens Heyns (1994:116) is die natuur die mens se eerste wêreld en kultuur die mens se tweede wêreld. Volgens Heitink (1977:88) leef die mens in sy sosiale, maatskaplike en kulturele wêreld.

## 4.4 METAFORIESE WERKWYSE BINNE DIE PASTORALE ONTMOETING MET DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS

Wanneer die begrippe Godsvoorstelling of Godskonsep hanteer word, impliseer dit die ontmoeting tussen God en mens (Louw, 1997:1). Dit plaas die navorsing terug binne die tradisionele spanning van die teologie: Die verhouding tussen openbaring en eksistensie; transendensie en immanensie; vertikaal en horisontaal (Louw, 1997:1; Jordaan en Jordaan, 1984:48; Heyns, 1978:119). Dingemans (1991:35) stel dat die Godsbeeld van die adolessent dikwels sterk individueel en subjektief geïnterpreteer word. Louw (1999b:115) beklemtoon die waarde van 'n metaforiese werkwyse binne die pastorale ontmoeting as 'n paradigmaverskuiwing in die verstaan van God, omdat daar in die voorstelling van God rekening gehou word met die dinamiese kontekste van lewenservarings en betekenisvelde. Die ontmoeting is 'n metafoor vir God se identifikasie met menslike nood en van sy neerbuigende liefde (Louw, 1999b:149). Volgens Louw (1999b:149) is die ontmoeting self 'n verbondsmetafoor wat verwys na die genade, liefde en heilswil van God vir die wêreld.

In die Bybel word van metafore gebruik gemaak om die betekenis van sekere inhoude duideliker te stel. "'n Metafoor is indirekte en analogiese taalgebruik wat oor God of geloofsake iets wil sê wat nie in rasionele taal uitgedruk kan word nie" (Louw, 1999b:23).

So kan 'n metaforiese verstaan van God aspekte van sensitiwiteit, medelye (patos), identifikasie (verwonding), insig en verstaan in terme van paradokse (die wyse dwaas) na vore bring (Louw, 1999:115). Konsepte soos "*die vaderskap van God*" en "*God as Vriend*" (in terme van sy verbondstrou) kry op hierdie wyse nuwe betekenis binne die pastorale gesprek waar dit gaan om die troos en sorg aan die adolessent volgens die verstaan van God se persoonlike liefde vir die mens (Louw, 1999:115). Die adolessent wat mishandel is kan sonder angs of onsekerheid om verwerp te word met hierdie konsepte assosieer. Louw (1999b:149) beskryf die praktiese implikasie van 'n hermeneutiese model as die ingesteldheid van die pastoraat om mense se Godsverstaan te ontwikkel. 'n Analise van die Godsvoorstelling bepaal ook die spiritualiteit en geloofsvolwassenheid van die adolessent (Louw, 1999b:150). Sodoende ondersteun 'n pastorale hermeneutiek die beginsels van geloofshulp en lewenshulp. Die eiesoortigheid van pastorale hermeneutiek vind sy oorsprong in die ontmoetingsgestalte van die heil en dit kan vertolk word in terme van die herdermetafoor, die diensknegmetafoor, die wysheidsmetafoor en die paraklesemetafoor (Louw, 1999b:58-78; Dreyer, 1981:17).

Louw (1999b:72) beweer: "Die paradigmaskuif wat beoog word, is 'n skuif weg van 'n metafieise-ontologiese aanpak ('n verklaringsmodel van God in terme van abstrakte

synskategorieë) na ’n kommunikatiewe ontmoetingsmodel (’n dialogiese en sistemiese verbondsmodel); weg van ’n kousaliteitsmodel (oorsaak en gevolg) na ’n meer persoonsmatige en hermeneutiese model (vertolking en verstaan); weg van ’n metafisiese verstaan van God in terme van afstand, na ’n metaforiese verstaan van God in terme van eksistensiële kontekste (singewing).” Die verstaan van God vind derhalwe plaas binne die verband van geloofservaringe.

Met die gebruik van metafore word ‘n appèl op die verbeelding van die mens gemaak. Dit skep nuwe interpretasiemoontlikhede wat nie deur die gebruik van logiese beredenerings bereik word nie. Die gebruik van metafore help ook om afstand te bring in die oordrag van sensitiewe inligting. Op dié wyse word die terapeutiese gesprek verbreed, nuwe verbindings word gevorm, nuwe perspektiewe word verkry en nuwe verbaliserings kom na vore.

#### 4.4.1 Metafore vir God: Godskonsepte/Godsvoorstellinge

Metafore kan sinvol benut word in die soeke van die adolessent na antwoorde om bestaande lewensverhale nuut te formuleer. Om oor God in terme van ’n ontmoeting te praat, impliseer ’n paradigmaverskuiwing (Louw, 1999b:110). Die gedagte van die pastorale ontmoeting as ’n vergestalting, inkarnasie of beliggaming van die heil, wysig die verstaan en ervaring van God in die rigting van ’n hermeneutiese en metaforiese verstaan van God binne kontekste en relasies (Louw, 1999b:110; Dingemans, 1991:37).

’n Hermeneutiese model beteken dat die teologie bewus raak van die metaforiese of simboliese aard van ons spreke oor God (Louw, 1999b:111). Dit gaan in die pastorale ontmoeting om die vertolking en verstaan van wie God is vir die adolessent wat mishandel is en in nood verkeer, en hoe hy self van ’n bepaalde Godsvoorstelling, konsep of beeld gebruik kan maak om God te interpreteer of te vertolk binne die konkrete omstandighede/probleemveld/krisis waarin hy hom bevind (Louw, 1999b:111). In plaas van ’n ontologiese spreke oor God, kan ’n simboliese spreke oor God daargestel word wat die gelykeniskarakter van ons verstaan van God verduidelik (Louw, 1999b:111). So byvoorbeeld kan die vadermetafoor verskeie negatiewe assosiasies uit die adolessent se kinderjare na vore roep (Louw, 1999b:112). Hierdie verband tussen pynlike lewenservaringe, verwagtingskemas en Godsvoorstellinge kom na vore by die adolessent wat mishandel is. Daar bestaan ’n besliste verband tussen die mate van intimiteit en toenadering tussen ouer en kind en kinders se emosionele ervaring van God in terme van afstand (God as streng) of nabyheid (God as liefdevol) (Louw, 1999b:113). Benson en Spilka (1973:298) stel dat die “dissonance theory suggests that high self-esteem is

cognitively compatible with a loving and accepting image of God, whereas low self-esteem is more compatible with that of a punishing God."

Volgens Carrier (1965:123-124) kan die ouer se religieuse praktyke bydra tot die sosialisering van die adolessent binne 'n bepaalde religieuse tradisie. Dit is die moontlike gevolg van liefde wat deur die ouer geprojekteer word, wat beteken dat die liefdevolle ouer meer effektief is in die oordrag van 'n Godsbeeld aan hulle kinders (Martin, 1975:502).

Dit is duidelik dat daar in die teologie self 'n verskuiwing is weg van voorstellinge wat oor God dink in terme van manipulerende mag (*pantokrator* - fisieke krag sonder meegevoel) na voorstellinge wat God se medelye en deernis beklemtoon (Louw, 1999b:113). Die teendeel is dat die ouer wat die adolessent wil beheer (oorheers) 'n Godsbeeld by die adolessent skep wat wissel tussen die "punishing" en "non-punishing" beeld van God: "The more the adolescent sees his parents as exercising control over his life the more he or she tends to see God as punishing. Here we find some evidence of projection of parental images upon God" (Potvin, 1977:51). Die adolessent se Godsbeeld word beïnvloed deur bepaalde interne en eksterne faktore soos ouers, portuurgroep, godsdiensonderrig, samelewing en ontwikkelingsproses (Dingemans, 1991:129; Potvin, 1977:43).

Dingemans (1991:127) beweer dat die Godsbeelde en geloofsbegrippe by die adolessent sal wissel na mate die ouderdom verander. Collins (2005:187) stel dat adolessente probeer om antwoorde te vind op geloofsvrae en hierdeur ontwikkel hulle eie waardes, godsdienstige oortuigings en lewensfilosofieë. Klink (1970:142-181) wys daarop dat volwassenes dikwels wanvoorstellinge aan die adolessent oordra en daarom is die volwassene dikwels die hoofoorsaak dat 'n negatiewe Godsbeeld by die adolessent gevorm word. Bijlsma (1969:229) beklemtoon dat God aan die adolessent voorgestel moet word as die hoogste liefde en sekerste toevlug. Wanneer dit die grondpatroon van die adolessent se Godsbelewing vorm, sal hy in sy botsing met harde realiteite nie sy rug op God keer nie (Havenga, 1979:248).

Dit is duidelik dat 'n gesonde verhouding tussen ouers en adolessente belangrik is vir die vorming van 'n positiewe Godsbeeld by die adolessent. Vanselfsprekend dien ouers as rolmodelle wat God by die adolessent verteenwoordig en 'n belangrike funksie in die vaslegging van Godsvoorstellinge speel (Dingemans, 1991:125). Ontoepaslike Godsvoorstellinge werk blokkerend in op die ontwikkeling van geloof. Die verband tussen die vaderskap van God en 'n patriargale kultuursisteem kan ook negatiewe assosiasies ontlok. Volgens Louw (1999b:113) kan vroue byvoorbeeld die term "die vaderskap van God" as teken van onderdrukking ervaar. Cavanagh (1992:75) beweer: "How Christians

perceive God has a profound influence on how they live each day." Volgens Louw (1999b:114) identifiseer Cavanagh byvoorbeeld die volgende ontoepaslike voorstellinge:

- God is *wraaksugtig* (God is kleinserig en as ons Hom seermaak of kwaad maak, betaal Hy ons in eie munt terug);
- God is ons *beskermheer* (Hy moet ons teen pyn, lyding en leed beskerm);
- God is ons *onderwyser* ("tutor") wat gebeure manipuleer om mense 'n les te leer.

Volgens Louw (1999b:114) wys Frielingsdorf daarop dat daar 'n verband bestaan tussen negatiewe Godsbeelde en -ervaringe wat mense emosioneel ontwrig. 'n Voorstelling van God word bepaal deur angs- of verliesfaktore (Vossen, 1993:19-22). Louw (1999b:115) stel dat dit in lydingspastoraat byvoorbeeld sal blyk hoe belangrik dit is om duidelikheid te verkry oor bepaalde Godskonsepte en dogmatiese vooronderstellinge wat funksioneer. Louw (1999b:115) verwys na die volgende Godsbeelde:

- Wanneer die aksent swaar op God as *Regter* val, sal die idee van straf en skuld oorheersend wees in die gevoelswêreld van die adolessent wat mishandel is;
- wanneer God beskou word as 'n *Heerser* of *Koning* sal die aksent sterk wees op die gedagte van God se wil en raad. Die adolessent wat mishandel is ervaar dan sy krisis as deel van God se plan met sy lewe;
- wanneer God beskou word as 'n *Vader*, kan die lyding ervaar word as 'n "tugtiging", met ander woorde God wil die adolessent wat mishandel is louter, opvoed en leer deur die krisis;
- wanneer God beskou word as 'n *deernisvolle, lydende God* (die patos van God), sal die adolessent wat mishandel is God se medelye, meelewing en identifikasie ervaar.

Louw (1999b:115) stel dat vir die doel van 'n paradigmaverskuiwing in die pastorale ontmoeting en die belangrike rol van 'n metaforiese aanpak in die pastorale teologie daar rekening gehou moet word met die dinamiese kontekste van lewenservaringe en betekenisvelde in die Godsvoorstelling. Deur die pastorale ontmoeting met die adolessent wat mishandel is wil die gebruik van die metafoor die adolessent troos en versorg vanuit 'n verstaan van God as Persoon (Louw, 1999b:115). Geloof in God word as 't ware in werking gestel deur die bewusmaking van God se liefde as die sentrale boodskap vir die adolessent wat mishandel is.

## 4.5 EVALUERING VAN GELOOF, GODSDIENS EN GODSVOORSTELLINGE BY DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS

In 'n pastorale diagnose asook in 'n pastorale analise gaan dit om 'n pastorale hermeneutiek. Die bedoeling van so 'n hermeneutiek is om die heil in Christus sodanig

toe te pas dat die mens sin sal ontdek en dat dit geloofsgroei sal stimuleer (Louw, 1999b:374). Heitink (1977:102) stel dat die mens die behoefte het om sin te gee aan sy bestaan. Die feit dat 'n pastorale diagnose met 'n analise van geloof, godsdiens en Godsvoorstelling verbind is, beteken dat voorkeur gegee word aan 'n meer substansiële benadering bo 'n blote funksionele benadering (Louw, 1999b:374). In 'n pastorale analise gaan dit om die prosedures van ontleding en interpretasie van die adolessent se geloofsverhouding met God binne die konteks van die heilsontmoeting (Louw, 1999b:374). Die doel met so 'n pastorale analise is om geloof, en dus ook die verstaan van God, toe te pas op eksistensiële vraagstukke binne 'n sosiale konteks (Louw, 1999b:374). So 'n pastorale analise se uiteindelike oogmerk is dat herstel sal plaasvind en geloofsgroei gestimuleer sal word.

In 'n pastorale analise kan drie faktore geïdentifiseer word: die aard van geloof, godsdiens en Godsvoorstelling (Louw, 1999b:375). Die evaluering van die geloof, godsdiens en Godsvoorstellinge van die adolessent wat mishandel is, sal vervolgens aan die hand van die pastorale diagnosekaart van Louw (1999b:374-408) bespreek word. Die pastorale diagnosekaart sal beskryf word in terme van die adolessent wat mishandel is.

Die grootste waarde van 'n pastorale diagnose is dat dit bydra tot toespitsing van geloof op die adolessent wat mishandel is se probleem- en groei-areas (Louw, 1999b:374). Die drie faktore hierbo genoem, word kortliks toegelig (Louw, 1999b:375):

- *Geloofsanalise* waarin gekyk word na die aard van die adolessent wat mishandel is se geloofsvolwassenheid;
- 'n r*eligieuse analise* waarin gekyk word na die aard van die adolessent wat mishandel is se godsdiens;
- 'n *"teo"-logiese analise* waarin die adolessent wat mishandel is se verstaan van God ontleed word. Hierdie verstaan van God konsentreer op 'n ontleding van Godsvoorstellinge of konsepte wat óf 'n konstruktiewe rol in geloofsgedrag kan speel óf 'n blokkerende faktor kan wees en tot irrasionele voorstellinge van God aanleiding kan gee.

In Tabel 2 word 'n uiteensetting van die pastorale diagnosekaart gegee wat wys op die belangrikste pastorale kategorieë (Louw, 1999b:378).

**Tabel 2: Uiteensetting van die pastorale diagnosekaart van Louw (1999b:378)**

| A<br>’n Analise van geloof: volwassenheid/vorme | B<br>’n Analise van godsdiens: Toewyding en rituele/gebruike | C<br>’n Analise van Godsvoorstellinge |
|---|---|---|
| (a) Intensiteit en aard van lydings-faktore<br>(b) Normatiwiteit (etiese dimensie, en die area van skuld/skuldgevoelens)<br>(c) Die soeke na sin<br>(d) Geloofsvolwassenheid<br>▪ Die verstaan van verlossing<br>▪ Sedelike gedrag<br>▪ Hoop en toekomsverwagting<br>▪ Ondersteuningsnetwerk en *koinonia*<br>(e) Geloofsinhoude en temas<br>▪ Teenwoordigheid van God<br>▪ Die wil van God<br>▪ Objek van geloof<br>▪ Karakter van vergifnis<br>▪ Aard van dankbaarheid<br>▪ Gebed en sakrament<br>▪ Roeping<br>▪ Gawes (*charismata*)<br>(f) Geloofstipes<br>▪ Bydraend<br>▪ Neutraal<br>▪ Operasioneel<br>▪ Disfunksioneel<br>▪ Ontvangend (reseptief)<br>▪ Lofprysend en vierend<br>(g) Toets in Christelike deugdelikheid<br>▪ Medelye<br>▪ Goedgesindheid<br>▪ Nederigheid<br>▪ Sagmoedigheid<br>▪ Verdraagsaamheid/geduld<br>▪ Vergewensgesindheid<br>▪ Liefde<br>▪ Vrede<br>▪ Dankbaarheid<br>▪ Wysheid | (a) Kunsmatige godsdiens (bygeloof)<br>(b) Konvensionele godsdiens (tradisie)<br>(c) Wettiese godsdiens (vorm en plig)<br>(d) Neurotiese godsdiens (obsessie, perfeksionisme)<br>(e) Patologiese godsdiens (vervreemding, delusies)<br>(f) Volwasse godsdiens (doksologie) | (a) Storie-analise<br>▪ Komies<br>▪ Tragies<br>▪ Romanties<br>▪ Ironies<br>▪ Dramaties<br>▪ Terapeuties<br>(b) Evalueringsmodelle: *teo*-logiese analisemodelle<br>▪ Metafories<br>▪ Teodisee<br>▪ Pastoraal-semantiese differensiaal-analise<br>▪ Tematies-kognitief<br><br>**Negatiewe konsepte**<br>(ontoepaslik)<br>Kragreus<br>Sadis<br>Kersvader<br>Bedryfsingenieur<br>Rekenaar<br>Towenaar<br><br>**Positiewe konsepte**<br>(toepaslik)<br>Vader<br>Vriend<br>Verlosser<br>Trooster<br>Regter/Heerser |

As gevolg van die beperkte omvang van die navorsing word die *teo*-logiese analise/Godsvoorstellinge (punt 4.5.3) van die adolessent wat mishandel is hier onder hanteer, terwyl die geloofsanalise (punt 4.5.1) en die religieuse analise (punt 4.5.2) as Bylaes 1 en 2 aangebied word.

### 4.5.1 Geloofsanalise van die adolessent wat mishandel is (geloofsvolwassenheid)

Die geloofsanalise van die adolessent wat mishandel is word volledig bespreek in Bylae 1.

### 4.5.2 Religieuse analise van die adolessent wat mishandel is (aard van godsdiens)

Die religieuse analise van die adolessent wat mishandel is word volledig bespreek in Bylae 2.

### 4.5.3 *Teo*-logiese analise van die adolessent wat mishandel is (Godsvoorstelling)

Die diagnosekaart help om die aard van die adolessent wat mishandel is se Godsdopvatting/Godsbeeld te evalueer (vgl. Louw, 1999b:387). Volgens Louw (1999b:387) is die bedoeling van 'n teo-logiese analise nie om God se wese in terme van sy eienskappe te evalueer nie, maar om 'n persoon se verstaan van God te evalueer deur vas te stel wat die inhoud van sy Godskonsepte is. Godsvoorstellinge is 'n komplekse saak waarbinne kultuuropvattinge, kerklike konfessies en dogmas, lewensbeskoulike vraagstukke en antropologiese voorstellinge 'n beduidende rol speel (Brueggemann, 1995:455). Gerkin (1994:60-61) identifiseer drie "objek-beelde" in die vorming van mense se Godsvoorstelling.

- Godsvoorstellinge wat korreleer met mense se begeertes, behoeftes en wense;
- ervaring van verwerping sodat God die adolessent wat mishandel is gedurig frustreer. Self ervaar die adolessent gedurig skuldgevoelens;
- Godsvoorstellinge wat korreleer met ideale van volmaaktheid en perfeksie. Hier tree die spanning tussen die almag van God en ervaring van sy afwesigheid na vore.

Wanneer 'n Godsvoorstelling 'n mens van die realiteit vervreem en tot buitengewone vlakke van angstigheid, verwarring of vertwyfeling aanleiding gee, kan dit geloofspatologie aandui (Louw, 1999b:388). 'n Teologiese analise is bedoel om vas te stel hoe die adolessent wat mishandel is God sien, sodat die pastor die adolessent kan help om vanaf negatiewe Godsvoorstellinge (inadekwate geloof) te ontwikkel na positiewe Godsvoorstellinge (adekwate geloof). Die veronderstelling is dat 'n positiewe Godsvoorstelling die adolessent sal help om meer konstruktief en doelgerig op te tree (Louw, 1999b:389). Volgens Louw (1999b:387) ontketen dit hoop en dra dit by tot die uiteindelike terapeutiese effek van die pastorale bediening.

#### 4.5.3.1 Godsvoorstelling en verhaalanalise (storie-analise)

Metodies gesproke kan hierdie teo-logiese analise plaasvind deur middel van 'n verhaal-analise (Louw, 1999b:389). Die terapeut se taak in die verhaalanalise is om die Godskonsep wat die adolessent gebruik te bepaal. Volgens Louw (1999b:389) kan die vermelding van die Godsnaam die adolessent se binding aan God aandui waarna die terapeut dit verder analiseer. Louw (1999b:389) onderskei tussen ses tipes stories wat gebruik kan word:

- *Komiese storie* waarin die verband tussen God en humor sterk op die voorgrond tree. Die verband God-en-lewe wek aangename assosiasies ten spyte van kontraste wat nie verstaan of opgelos kan word nie. Komiese stories probeer om die perspektief van die lewende God as Bondgenoot, Vriend en Vader te versterk;
- *tragiese storie* waarin die verband tussen God en lyding na vore kom. Wanneer gevoelens van magteloosheid en hulpeloosheid op God geprojekteer word sodat Hy kragteloos ervaar word, kan 'n tragiese storie remmend op die geloofsontwikkeling inwerk. God se weerloosheid in Christus sal baie sterk na vore tree;
- *romantiese storie* gaan om die verband tussen God en persoonlike behoeftes. God word voorgestel as die ideale oplossing vir alle menslike probleme. Die sterk aksent op die oorwinningsdimensie van geloof hou dan nie rekening met die begrensing van sonde nie. Die waarde van die storie is dat die adolessent dikwels in staat is om die positiewe van die negatiewe te onderskei sodat op konstruktiewe oplossings gekonsentreer word;
- *ironiese storie* fokus sterk op die ervaring van onreg. Konsepte soos "die almag van God" figureer sterk terwyl geappelleer word op God se regverdigheid. Die konsep van God as Regter met die oog op die handhawing van die reg en heil vir alle mense kom sterk na vore;
- *dramatiese storie* handel oor die verband tussen God en bose lewenselemente. Dit konsentreer op konflik en stryd en maak die adolessent bewus van destruktiewe magte wat dikwels sy eie vermoëns en potensiaal oorstyg. Die teodiseevraagstuk kom na vore en die adolessent wil God verstaan en regverdig in die lig van bestaande kwaad. Die opstandingsdimensie in die Godsgeloof en God se trou kom na vore;
- *terapeutiese storie* gaan om die verband tussen 'n Godsgeloof en die sinvraagstuk. God se hulp en betrokkenheid kom na vore en die adolessent probeer met sy geloof werkbare oplossings vir probleme soek. Die fokus is op die verlede en die versoeningsperspektief of vergifnismotief in 'n konfliksituasie. God as Redder en Verlosser tree sterk op die voorgrond.

#### 4.5.3.2 Vier hermeneutiese modelle vir die maak van 'n *teo*-logiese analise

Die hermeneutiese modelle is nie bedoel om die adolessent se Godsverstaan te toets of te meet nie (Louw, 1999b:390). Dit wil slegs help tot 'n beter verstaan en verheldering van die impak van geloof op die adolessent wat mishandel is se lewe. Louw (1999b:390) stel dat die vier hermeneutiese modelle klem lê op die volgende belangrike "kenmiddele" waardeur geloof geoperasionaliseer word in gedrag, naamlik:

#### 4.5.3.2.1 Metafore wat analogies en simbolies oor God spreek

Die verstaan van God word georden in die lig van bepaalde metafore wat in die algemeen in kommunikasie oor God gebruik word (Louw, 1999b:391). Vier algemene groeperinge van metafore kan vir dié doel geïdentifiseer word (Louw, 1999b:393):

- Die monargiese tradisie (vermeng met die juridiese tradisie). God word verstaan as heerser, vors, koning, regeerder, onderhouer en regter;
- die familietradisie verstaan God as ouer (vader/moeder);
- die verbondstradisie verstaan God as vriend, bondgenoot en vertroueling;
- die persoonlike liefdestradisie verstaan God in liefdesterme, bruidegom-bruid-metafoor en as geliefde en intieme minnaar.

#### 4.5.3.2.2 Die ervaringsgerigte teodiseemodel wat 'n verband lê tussen God en lyding

Hierdie model konsentreer sterk op die verstaan van God in terme van die teodiseevraagstuk, naamlik hoe om die regverdigheid van God te verduidelik in die lig van die kwaad en die adolessent wat mishandel is se ervaring van lyding (Van der Ven, 1990:197). Volgens Louw (1999b:391) word vier kriteria hier geïdentifiseer:

- Apatie;
- vergelding;
- opvoeding (loutering); en
- solidariteit/medelye (patos).

Die waarskynlikheid waarmee die pastor kan werk, is dat die apatiese en vergelding simbole groter afstand tussen God en die lydende adolessent wat mishandel is sal skep, terwyl die pedagogiese en solidariteitsimbole meer op nabyheid ingestel is en geborgenheid stimuleer (Louw, 1999b:393).

Louw (1999b:391) stel dat die metaforiese verstaansmodel en die empiriese teodiseemodel skematies geïntegreer kan word soos in Tabel 3 hier onder. In die eerste blokkie van die skema word aangedui hoedat byvoorbeeld 'n monargiese metafoor, deur die beginsel van gesag en 'n verstaan van God se styl (almag), die adolessent wat mishandel is se ervaring van lyding kan beïnvloed en kan lei tot 'n verskerpte selfondersoek wat tot skuldbewussyn en geïntensiveerde skuldgevoelens kan lei. In Tabel 3 word 'n uiteensetting van 'n metaforiese model gegee waarvolgens daar op 'n substansiële en materiële wyse 'n afleiding gemaak kan word aangaande die geloofsvertolking van die adolessent-in-nood (Louw, 1999b:394):

**Tabel 3: ‘n Raamwerk vir metafore vir God**

**GOD-METAFOOR**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Metafoor | Monargies<br>Koning<br>Regter | Familie<br>Ouer<br>Vader/Moeder | Verbond<br>Vriend<br>Bondgenoot<br>Vertroueling | Persoonlik<br>Geliefde<br>Minnaar |
| Prinsipe | Gesag | Sorg<br>Hulp | "Verbonding"<br>Kommunikasie | Bevryding<br>Onvoorwaardelike liefde |
| Hoedanigheid/ styl | Almag | Ontferming | Trou | Versoening<br>Genade |
| Menslike lydingservaring en Godsverstaan | Apatie<br>Vergelding<br>Beskikking<br>Straf | Pedagogies<br>Empatie | Solidariteit<br>Identifikasie | Diens<br>Plaasvervanging<br>Offervaardige medelye |
| Psigofisieke invloed | Skuldbewussyn | Ondersteuning | Verantwoordelikheid (eties)<br>Toewyding | Dankbaarheid<br>Vreugde<br>Hoop |

Die bostaande inligting behoort nie as ‘n oorsaak-en-gevolg-relasie gelees te word, asof elke metafoor en prinsipe mekaar komplementeer nie (Louw, 1999b:394). Metafore en geloofsbeginsels is nie staties van aard nie en bestaan nooit suiwer op hulle eie nie. Dit vloei inmekaar en bestaan nooit afsonderlik nie. Op dieselfde wyse kan geloofservarings nie in vaste kategorieë geplaas en georden word nie. Die inligting toon slegs moontlike verbande aan en verskaf bloot ‘n raamwerk waarbinne geloof verstaan en vertolk kan word (Louw, 1999b:395).

Dit is in elk geval onmoontlik om Godsvoorstellinge binne die veld van menslike ervaring, net so min as binne die raamwerk van die Skrifopenbaring, te orden en te kategoriseer (Louw, 1999b:394). Die verband tussen lyding en die adolessent wat mishandel is se verstaan van God dui daarop dat ’n Godskonsep wat solidariteit en identifikasie kommunikeer oor ’n groter trooswaarde beskik as Godskonsepte wat dui op vergelding en straf (Louw, 1999b:395). Hierdie stelling word nie net bevestig deur die navorsing van Van der Ven (1990) nie, maar ook deur die studie van Sarot (1995:189). ’n Empatiese Godskonsep het, pastoraal gesproke, ’n dieper trooswaarde as die voorstelling van God as rigied en onveranderlik (Cavanagh, 1992:75).

#### 4.5.3.2.3 Pastoraal-semantiese differensiaal-analise

Die terrein van persepsies en emosionele ervaring, wat dui op die impak van 'n abstrakte begrip soos "God" op die adolessent se ervaring, waarneming en verwagting van God, kom in die analise na vore (Louw, 1999b:395). Hierdie model werk met die veronderstelling dat sekere abstrakte begrippe en assosiasies op 'n emosionele vlak na vore tree. Volgens Louw (1999b:395) is hierdie tendense dikwels verbind met die mens se konkrete ervaring van God en kan in die pastorale gesprek gebruik word om die adolessent te help om sy geloofsbron konstruktief aan te wend (bemagtiging van geloof met behulp van belofte-opbouende response). Pastoraal-semantiese differensiaal-analise fokus ook op die kognitiewe assosiasies van die adolessent se verstaan van die konsep "God" en nie net op die affektiewe assosiasies van geloofsbelewinge nie (Louw, 1999b:396). Sentraal in die analise is die invloed van 'n spesifieke verstaan van God op die adolessent se ervaring en belewing van God binne die netwerk van verhoudinge en sosio-kulturele kontekste. Volgens Louw (1999b:397) kan die kontrabegrippe soos volg uiteengesit word:

(a) Die *waarskynlikheidsdimensie* wat konsentreer op die adolessent se oortuiging rakende die werklikheidsgehalte van sy Godservaring. In 'n sekere sin moet die teodiseevraagstuk (die verband tussen God se regverdigheid en die feit van kwaad en lyding) as 'n beslissende faktor veronderstel word. Veral in lyding ervaar die adolessent wat mishandel is God as werklik of onwerklik;

(b) die *evaluerende dimensie* wat konsentreer op die emosioneel-kognitiewe waarde van begrippe wat meer affektief of meer kognitief gekleur kan wees. Die waarde van begrippe kan óf opbouend wees en sekuriteit verskaf óf remmend wees en ontwrigtend inwerk op bestaande assosiasies en identifikasies;

(c) die *potensiaaldimensie* wat konsentreer op die vermoë wat in 'n betrokke konsep skuil. In die vasstelling van die waarde of potensiaal in 'n Godsvoorstelling speel die adolessent wat mishandel is se spesifieke behoeftes en verwagtingskemas 'n beslissende rol;

(d) die *aktiwiteitsdimensie* wat op aksie konsentreer. Die assosiasies kan óf in die aksie/doenende rigting óf in die passiewe/onbetrokke rigting beweeg.

Die semantiese differensiaal-ontleding gee'n aanduiding of die adolessent wat mishandel is se verstaan van die sentrale konsep toepaslik (konstruktief/positief) of ontoepaslik (ontwrigtend/negatief) is.

Volgens Louw (1999b:397) gee dit ’n direkte indikasie of die adolessent in sy waardebepaling:

- die konsep as werklik ervaar;
- ’n positiewe assosiasie oproep wat opbouend of remmend funksioneer;
- ’n bepaalde verwagting koester wat ’n aanduiding is van die potensiaal van die konsep en die graad van identifikasie daarmee;
- in sy behoefte aan aksie en handeling ’n assosiasie koester wat doeltreffende aksie suggereer.

Wanneer die semantiese differensiaal-ontleding op die Godskonsep toegepas word, is dit moontlik om die volgende pare van kontra-adjektiewe te identifiseer (Louw, 1999b:397):

- Ten opsigte van *werklikheidsgehalte*:
  werklik-fiktief, kenbaar-onkenbaar, voorstelbaar-vaag,
  persoonsmatig (God as Persoon)-algemene idee (’n skimbeeld);
- Ten opsigte van die *waardebepaling* (opbouend of remmend):
  Regverdig-onregverdig (partydig); betroubaar-veranderbaar; liefdevol-vyandig;
  duursaam (permanent)-wisselvallig; genadig-onbarmhartig (hardvogtig);
- Ten opsigte van die *vermoëkomponent* (sterk of swak):
  Almagtig-magteloos; medelye-onsimpatiek; kenbaar-onbekend.
- Ten opsigte van die *aksiemoment* (wat aktief of passief-neutraal kan wees):
  teenwoordig (nabyheid)-ver (afstand); verlos (red)-verwerp;
  seën (gee gawes)-vloek (weerhou gawes, isolasie); hulp (Bystand)-onttrek.

#### 4.5.3.2.4 Die kognitiewe geloofsgedrag-model

Kognitiewe geloofsinhoude wat dui op óf positiewe óf negatiewe assosiasies en persepsies van God het ’n bepaalde effek op geloofsgedrag (Louw, 1999b:400). Die adolessent wat mishandel is, reageer as gevolg van ’n bepaalde verstaan van God. Volgens Louw (1999b:400) kan hierdie reaksie’n konstruktiewe uitwerking hê (dit bemagtig geloofsgedrag positief), of dit kan ’n destruktiewe uitwerking hê (dit rem geloofsgedrag weens ontwrigtende uitwerking). Omdat negatiewe voorstellinge geloofsgedrag rem, word van infantiele geloof gepraat. Dit pen die adolessent wat mishandel is vas op negatiewe gedagtes en emosies en verhoed dat die adolessent daarin slaag om te kom tot skuldbelydenis, vergifnis, hoop, lof en dankbaarheid (Louw, 1999b:400). Positiewe Godsvoorstellinge bou, ontwikkel en bemagtig geloofsgedrag, is verbind met volwassenheid en versterk die ervaringe van hoop, liefde, dankbaarheid en vreugde (Louw, 1999b:400).

Volgens (Louw, 1999b:400) gaan die kognitiewe geloofsgedrag-model nie om die reg of verkeerd van voorstellinge nie, maar om die uitwerking op geloofsgedrag. Hiervolgens kan Godsvoorstellinge by die adolessent wat mishandel is tot verkeerde of regte geloofsgedrag lei. Die bedoeling van die model is nie om die onderskeiding te moraliseer in terme van óf goed óf sleg nie (Louw, 1999b:400). In Tabel 4 en 5 word toepaslike en ontoepaslike Godsvoorstellings voorgestel en die uitwerking (effek) wat dit op die geloofsgedrag van die adolessent wat mishandel is kan veroorsaak (Louw, 1999b:400-402):

**Tabel 4: Negatiewe Godsvoorstellinge (Ontoepaslike geloof)**

| (I) NEGATIEWE GODSVOORSTELLINGE (ONTOEPASLIKE GELOOF) | Geloofsinhoud | Effek op gedrag |
|---|---|---|
| Wanneer God as *kragreus* geïnterpreteer word in 'n situasie van lyding en die persoon se situasie verander nie, lei dit tot negatiewe gevoelens soos neerslagtigheid en verwyt op persoonlike vlak. | a) God kan alles doen. | Verwyt en neerslagtigheid. |
| God word nie direk as 'n *sadis of paaiboelie* geïnterpreteer nie, maar omdat God straf, dink mense God het 'n behae in lyding. "God tugtig die wat Hy liefhet". Tug kry nou 'n sadistiese konnotasie in plaas daarvan dat dit gesien word as 'n beskermingsmaatreël en liefdesingreep van die Vader om 'n koerswysiging in negatiewe gedrag daar te stel. Die idee dat God onregverdig is, bring gevoelens van weerstand, opstandigheid, haatgedagtes en aggressie na vore. | b) God straf onregverdig. | Weerstand, opstandigheidsgevoelens, haatgedagtes en aggressie. |
| God word as 'n soort *Kersvader* voorgestel, of as 'n soort assuransiepolis teen verliese. God en geloof is daar om sukses te waarborg en vooruitgang te verseker. As mense van hulle materiële waarborge beroof word, of as hulle gesondheid aangetas word, voel hulle teleurgesteld en ervaar hulle gevoelens van vertwyfeling. | c) God gee net die goeie dinge. | Teleurstelling en vertwyfeling. |
| *God word gesien as 'n outeur /bedryfsingenieur* wat 'n soort verklaringsgeloof tot gevolg het. Alles word verklaar uit oorsaak en gevolg. Die resultaat van hierdie beskouing is dikwels godsdienstige neutraliteit wat tot ongeloof (verwerping van God) lei. | d) God is die oorsaak van die kwaad. | Neutraliteit en ongeloof. |
| *God as programmeerder/rekenaar*. Geloof word as 'n rasionele aangeleentheid gesien. Die raad van God word geïnterpreteer as 'n logiese bloudrukplan vir die verloop van die menslike gedrag. Daar kan nie van hierdie plan afgewyk word nie. God het dit beplan. Die uitverkiesing word as teenpool van verwerping beskou. Geloofsgedrag word gekenmerk deur onsekerheid, twyfel en angs. | e) God besluit alles vooraf. | Onsekerheid, angs en knaende twyfel. |
| *God as towenaar*. Geloof word as 'n kitsformule gesien wat alles moet oplos. Die uitspraak "Glo net en alles sal regkom" wek die indruk dat God 'n towerstaf het. Indien 'n persoon byvoorbeeld terminaal siek is en nie gesond word nie, is dit omdat hy 'n swak geloof het. Dit manifesteer in geloofsgedrag wat op oppervlakkige optimisme dui. | f) God is die antwoord op alle probleme. | Oppervlakkige optimisme. |

**Tabel 5: Positiewe Godsvoorstellinge (Toepaslike / volwasse geloof)**

| II) POSITIEWE (TOEPASLIKE) GODSVOORSTELLINGE (VOLWASSE GELOOF) | Geloofsinhoud | Effek op gedrag |
|---|---|---|
| *God as Vader.* Die vader-metafoor versterk die gedagte aan 'n troue God. Die gelowige kan op God se beloftes staatmaak. Die verbondsformule "Ek sal vir jou 'n God wees" dui op troos en ontfermende liefde. | a) God is daar. | Vertroue, sekuriteit en geborgenheid. |
| *God as Vriend*. God is naby en teenwoordig. Sy vriendskap dui op:<br>(i) Vergifnishulp in geval van menslike hulp (skuld);<br>(ii) oorwiningshulp in geval van doodsangs. | b) God help en doen iets as Redder. | Dankbaarheid, nabyheid en intimiteit. |
| *God as Verlosser.* Sonde bring vervreemding tussen mens en God. Die versoening wat God in Christus bewerkstellig het, bring vrede tussen God en die mens in die vorm van algehele bevryding. | c) God vir my, in my plek. | Vrede en versoening. |
| *God as Trooster.* Die Heilige Gees bevestig dat God alle bose magte oorwin het en aan die kant van die mens staan. God verklaar die mens regverdig en Hy is werklik elke oomblik in die mens teenwoordig. | d) God woon in my. | Moed, krag en hoop. |
| *God as Regter*. Menslike gedrag word bepaal deur God se norme in die lig van Skrifwaardes. Dit beteken dat die mens 'n sedelike wese is. Die mens hoef nie vir God as Regter bang te wees nie. God se regterskap beteken dat die mens 'n rentmeesterskap ontvang het waarvoor hy aanspreeklik is. | e) God beoordeel my lewe regverdig. | Verantwoordelikheid en doelgerigte besluitneming. |

Louw (1999b:404) stel dat wanneer 'n pastorale diagnose 'n onderskeid tussen ontoepaslike en toepaslike (volwasse) Godsvoorstellinge maak, die bedoeling van so 'n analise is om die volgende geloofsmotiewe, met die oog op die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid, by 'n persoon te vestig:

- *Skeppingsmotief*: God skep en die mens is struktureel op Hom gerig en op Hom aangewys;
- *lydingsmotief*: In 'n krisis identifiseer God Hom met menslike lyding. Daarom is daar sprake van die patos van God; sy medelye met die mens;
- *oorwinningsmotief*: God is die lewende God en triomfeer oor die magte van sonde en dood. Die kontinuïteit tussen sonde en genade, dood en lewe is die trou van God;
- *strydmotief*: Geloof gaan met stryd gepaard. Deel van die stryd is twyfel, onsekerheid en angs;
- *singewingsmotief*: Die Bybelse skemas vir geloof is: alhoewel-nogtans; alreeds-nog nie; beloftevervulling-onthulling. Hierdie skemas skerp 'n raamwerk vir sinontsluiting en wek 'n hoop wat gedrag toekomsgeorënteerd en doelmatig vorentoe rig.

In die lig van die voorafgaande bespreking rakende geloofsgedrag blyk dit dat 'n verwronge Godsbeeld 'n invloed uitoefen op geloofsgedrag. In aansluiting by die geloofsdimensie van die adolessent kan van metafore gebruik gemaak word om tot 'n verstaan te kom van die persepsies wat die adolessent oor God het. Al vier die modelle

het met mekaar in gemeen dat dit gaan om die verband tussen die adolessent wat mishandel is se algemene lewenservaring en die kognitiewe inhoud van sy geloof. Al vier is ’n aanduiding daarvan dat Godsvoorstellinge ’n invloed het op die adolessent wat mishandel is se psigospirituele behoeftes sodat die ervaring en waarneming van God ’n deurslaggewende faktor is in die adolessent se aanwending van geloof as terapeutiese bron (Cavanagh, 1992:80).

## 4.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het die navorser ’n teoretiese perspektief vanuit die pastoraat daargestel waarbinne die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is verklaar kan word. ’n Pastorale ontmoeting verwys na die verbondsmatige kontak tussen God en die adolessent wat mishandel is. Op grond van die antropologiese beskouinge is vasgestel wie en wat die adolessent is binne ’n pastorale antropologie.

Die bedoeling van antropologie is nie ’n Bybelse psigologie of fisiologie nie, maar om die adolessent wat mishandel is in verhouding tot God te beskryf. Daarom handel ’n teonome benadering, met betrekking tot ’n fundamentele uitspraak, oor die adolessent as skepsel van God en die totaliteit van menslike lewe in God se teenwoordigheid.

Die gebruik van metafore in analogiese spreke oor God word sinvol benut in die adolessent wat mishandel is se soeke na nuwe antwoorde waarvolgens bestaande lewensverhale nuut geformuleer kan word. Om oor God in terme van ’n ontmoeting te praat, impliseer ’n paradigmaverskuiwing.

Die feit dat ’n pastorale diagnose met ’n analise van geloof, godsdiens en Godsvoorstellinge verbind is, beteken dat voorkeur gegee word aan ’n meer substansiële benadering bo ’n bloot funksionele benadering. Die evaluering van geloof, godsdiens en Godsvoorstellinge van die adolessent wat mishandel is, is aan die hand van die pastorale diagnosekaart van Louw bespreek. Die waarde van die pastorale diagnose is dat dit bydra tot toespitsing van geloof op die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld en sy verhouding met God.

In hoofstuk 5 word daar omvattend ondersoek gedoen na ’n teoretiese perspektief op Gestaltterapie.

# HOOFSTUK 5

## ’N TEORETIESE PERSPEKTIEF OP GESTALTTERAPIE AAN DIE ADOLESSENT WAT MISHANDEL IS

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk wil die navorser ’n teoretiese perspektief bied op die Gestaltterapie met die adolessent wat mishandel is. Binne die bespreking van die ontwikkeling van die Gestaltterapie sal bepaalde Gestaltkonsepte en -tegnieke hanteer word. Die doel van Gestaltterapie is om die adolessent wat mishandel is bewus te maak van onvoltooidhede wat in sy emosie en gedrag na vore kom. Gestaltterapie help om die adolessent se diepste gevoel, vrees en frustrasie te ontsluit en die adolessent wat mishandel is bewus te maak van die ervaring en emosie wat hy beleef in verhouding met die self, ander en die omgewing. Selfregulering stel die adolessent in die vermoë om bewus te word van enige ekwilibriumversteuring en die behoefte wat op ’n gegewe tydstip die belangrikste is en op die voorgrond tree. Die klem word op die hede (hier-en-nou) geplaas met die doel om die adolessent te bemagtig om sy gewaarwordinge op die voorgrond te bring en sodoende sy ervarings in besit te neem en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

### 5.2 DEFINIËRING VAN DIE GESTALTBENADERING

Gestalt kan beskryf word as ’n patroonvoltooiing wat deur die persoon, sy konteks, sy omgewing en die verhouding tussen die persoon en sy omgewing vergestalt word (Korb et al. 1989:1) Sinay (1998:166) beskryf Gestalt as die hele Gestaltproses wat die vermoë na vore bring om die aksies, denke en interaksie te benut wanneer dit benodig word. Perls (1969:16) stel dat Gestalt “... is as ancient and old as the world itself”. “A Gestalt is a whole, a complete, in itself resting whole. The Gestalt wants to be completed where left with unfinished situations, and these unfinished situations press and want to be completed” (Perls, 1973:119).

Gestaltterapie is ’n prosesgeoriënteerde terapie wat fokus op die geïntegreerde funksionering van alle aspekte van die adolessent (Carroll en Oaklander, 1997:184). In Gestaltterapie is die doel om by die bewuste van die adolessent wat mishandel is uit te kom (Yontef en Simkin, 1989:18). Hiervolgens is Gestaltterapie die hele proses van aksie, emosies, denke en die interaksie tussen die adolessent wat mishandel is, sy konteks en die verhouding waarin hy is. Yontef (1993:19) omskryf Gestaltterapie as “... a general philosophy and methodology and it is applied in a great variety of styles, with a great variety of patients, in a great variety of modalities and settings”. Volgens Schoeman

(1996:23) kan die Gestaltbenadering beskou word as die selfreguleringsmeganisme van die adolessent. Die oortuiging bestaan dat die mens basies ’n strewende en groeisoekende, selfregulerende en selfbevredigende organisme is.

Die navorser beskou Gestaltterapie as ’n terapeutiese benadering wat die adolessent se bewustheid verhoog en hom lei om verantwoordelikheid te aanvaar vir keuses wat hy maak.

## 5.3 GESTALTTERAPIE AS TERAPEUTIESE BENADERING

Gestaltterapie handhaaf die verhouding tussen die terapeut en die adolessent in so ’n mate dat die dinamiek van die adolessent se funksionering altyd eerste gestel word. In die terapeutiese dialoog, verbaal en nie-verbaal, word bewustheid by die adolessent verhoog en die adolessent begelei om verantwoordelikheid te aanvaar vir keuses wat hy maak. In Gestaltterapie kan die adolessent bewus word van die ervaring wat hy beleef in verhouding met die self, ander mense en die omgewing. In verhouding tot die adolessent se omgewing sal die adolessent bewus word van sensoriese modaliteite. Alhoewel die adolessent altyd as ’n eenheid funksioneer en selfregulerend is, kan hy nie sonder die omgewing bestaan nie en is altyd daarmee in kontak. Die eksterne regulering meng in met die spontane proses van selfregulering en het tot gevolg dat die proses van Gestaltvorming in die adolessent en sy omgewing versteur word (Aronstam, 1992:632).

Die “gesonde” adolessent funksioneer altyd as ’n eenheid in homself en sy omgewing en is selfregulerend. Perls (Perls, 1973:5; Yontef en Simkin, 1989:11) definieer dit as homeostase wat alle lewe en alle gedrag beheer, “... the process by which the organism maintains its equilibrium and therefore its health under varying conditions. Homeostasis is thus the process by which the organism satisfies its needs”. Selfregulering stel die adolessent in die vermoë om bewus te word van enige ekwilibriumversteuring en die behoefte wat op ’n gegewe tydstip die belangrikste is en dus op die voorgrond tree. Hierdie ekwilibrium tussen die fisiologiese en psigologiese prosesse kan nooit van mekaar geskei word nie omdat albei van mekaar afhanklik is. “In organismic self-regulation, choosing and learning happen holistically, with a natural integration of mind and body, thought and feeling, spontaneity and deliberateness” (Yontef en Simkin, 1989:12). Organismiese selfregulering vind in elke mens plaas waar die liggaam voortdurend in kontak is en die onderbewussyn pogings aanwend om die Gestalt in plek te kry. Dit is die taak van die terapeut om die behoefte van die adolessent wat mishandel is te ontdek en dit vir die adolessent moontlik te maak om aan sy behoefte te voldoen (Schoeman, 1996:35; Yontef en Simkin, 1989:7).

Die adolessent leer om selfondersteunend te funksioneer binne sy wêreld. Hy is voortdurend bewus van die proses van verandering deur die kontak tussen homself en die omgewing. Voortdurend word die adolessent gekonfronteer met nuwe situasies wat bemeester moet word. Organismiese selfregulering vind dan spontaan in die adolessent plaas om konsepte te aktualiseer en verantwoordelikheid te aanvaar. Die veld waarbinne die adolessent leef, bepaal die persoonlikheid van die adolessent en omvat al die sisteme wat op die adolessent inwerk en op hom aanspraak maak. Deur die Gestaltterapie word die proses van die adolessent benader. Hierdie Gestaltvorming is 'n voortdurende dinamika in die terapeutiese proses.

## 5.4 TEORETIESE KONSEPTE VAN DIE GESTALTTEORIE

Volgens Oaklander is Gestaltterapie 'n fenomenologiese prosesgeoriënteerde terapie wat die gesonde funksionering van die organisme in totaliteit insluit ( in Sweeney et al. 1999:162). Gestaltterapie lê klem op die bestaan van die mens soos dit ervaar word eerder as op die verduideliking daarvan. In Gestaltterapie is die enigste doel om by die bewuste van die adolessent uit te kom (Yontef en Simkin, 1989:18). Klem word gelê op bewustheid wat as grondslag dien vir gedrag en emosie. Die Gestaltterapeutiese verhouding help om die adolessent se diepste gevoel, vrees en frustrasie te ontsluit (Schoeman, 1996:4; Yontef en Simkin, 1989:28).

### 5.4.1 Holistiese benadering

Holisme is 'n belangrike konsep in Gestaltteorie; die benadering sluit naamlik die kliënt (adolessent) se totale funksionering in. Holisme is 'n geheel wat omskryf word as meer as die som van die dele wat op mekaar inwerk (Van Niekerk, 1986:7). Die menslike organisme se funksionering bestaan uit verskillende dele wat op mekaar 'n invloed het. Die fisieke omgewing en sosiale omgewing voorsien in die adolessent se sosiale en ander emosionele behoeftes soos geestelike aspekte, taal, denke en gedrag (Aronstam, 1992:633). Die adolessent se sosiale vorming, kulturele waardes, taal en reflekterende houdings en gedrag wat van die familie en samelewing ontvang word, moet ook in ag geneem word (Parlett en Hemming, 1996:196). Gestaltteorie het eksistensieel ten doel dat die adolessent so volledig moontlik sal wees en as 'n geïntegreerde organisme altyd as 'n eenheid sal funksioneer (Clarkson, 2002:17).

Die Gestaltteorie sal die adolessent wat mishandel is se fisieke, psigiese, emosionele, sosiale en morele omgewing, asook sy taal, denke en gedrag bestudeer om te bepaal watter invloed dit op mekaar het om die adolessent se balans te herstel en weer in homeostase te bring.

### 5.4.2 Homeostase en organismiese selfregulering

Alhoewel die adolessent altyd as 'n eenheid funksioneer en selfregulerend is, kan hy nie sonder die omgewing bestaan waarmee hy altyd in kontak is nie (Aronstam, 1992:633). Die ekwilibrium tussen die fisiologiese en psigologiese prosesse kan ook nooit van mekaar geskei word nie omdat beide interafhanklik is (Serok, 2000:18). Perls (1973:5; Yontef en Simkin, 1989:11) definieer homeostase wat alle lewe en alle gedrag beheer as "... the process by which the organism maintains its equilibrium and therefore its health under varying conditions. Homeostasis is thus the process by which the organism satisfies its needs".

Die proses van figuurgrond-interaksie is voortdurend aan die gang. Die figuur is die deel wat vir die adolessent op 'n gegewe oomblik die betekenisvolste is, terwyl die grond die minder belangrike agtergrond van die figuur is (Clarkson, 2002:5). Die eksterne regulering meng gewoonlik in met die spontane proses van selfregulering en het tot gevolg dat die proses van Gestaltvorming in die adolessent wat mishandel is en sy omgewing versteur word. Fragmentering vind plaas wanneer die behoeftes gelyk meeding om op die voorgrond te tree. Gestaltformasie kan slegs plaasvind as die adolessent bewus word van sy dominante behoefte en in die behoefte kan voorsien (Schoeman, 1996:35; Yontef en Simkin, 1989:7; Aronstam, 1992:633). Die doel van Gestaltvorming is om die organisme te reguleer deur *interne regulering*, waar die adolessent selfregulering deur inherente eienskappe benut om sy eie behoeftes te bevredig, of *eksterne regulering,* waar die proses van Gestaltvorming plaasvind tussen die adolessent en sy omgewing (Perls, 1973:9, Aronstam, 1992:633).

Organismiese selfregulering vind plaas waar die liggaam voortdurend in kontak is en die onderbewussyn pogings aanwend om die Gestalt in plek te kry (Perls, 1973:9). "In organismic self-regulation, choosing and learning happen holistically, with a natural integration of mind and body, thought and feeling, spontaneity and deliberateness" (Yontef en Simkin, 1989:12). Die adolessent wat mishandel is, sal met behulp van eie vermoëns en bronne uit sy omgewing sy bes doen om die self te reguleer (Corey, 2001:197b), alhoewel die voortdurende behoeftes wat bevredig moet word die figuurvoorgrond vorm. Dit kan lei tot emosionele wanfunksionering omdat die adolessent nie die belangrikste behoefte op die voorgrond kan onderskei nie. Die buigbare en kreatiewe wyse van beweeg tussen figuur en grond kan traumaties onderbreek word deur middel van die onduidelike figuurformasie wat inmeng met 'n natuurlike voltooiing van 'n Gestalt, wat dan 'n onvoltooide situasie veroorsaak.

Selfregulering stel die adolessent in staat om bewus te word van enige ekwilibriumversteuring (Schoeman, 1996:35; Yontef en Simkin, 1989:7) Die adolessent beweeg na ekwilibrium sodra die wanbalans herstel is (Clarkson en Mackewn, 1994:48-49). As die proses voltooi is, vind homeostase en integrasie plaas (Clarkson en Mackewn, 1994:35-36). Clarkson (2002:5-7) meld dat terapie hierdie onvoltooide gebeure hanteer deur die versteurings wat inmeng te verwyder. Die belangrikste behoefte op ’n gegewe tyd op die adolessent se voorgrond moet in ag geneem en hanteer word alvorens daar betekenisvolle terapeutiese groei binne die Gestaltterapie kan plaasvind. Terapeutiese intervensie lei die adolessent om ’n selfregulerende wese te word met eenheid en integrasie in sy lewe. Hierdeur vind georganiseerde aksie plaas ten opsigte van die hantering van sy eie emosie (bemagtiging) en lei dit na behoeftebevrediging totdat homeostase bereik is en die behoefte op die agtergrond skuif.

#### 5.4.2.1 Die proses van Gestaltvorming en Gestaltvernietiging

Wanneer die behoefte op die voorgrond nie bevredig word nie, ontstaan daar soos Perls dit noem ’n “unfinished business” (Perls, 1973:7). Dit veroorsaak gevoelens soos aggressie, frustrasie, ongemak en spanning, wat in die adolessent wat mishandel is se gedrag na vore kom. Die onvoltooidhede belemmer Gestaltvorming en homeostase wanneer die wanbalans plaasvind.

##### 5.4.2.1.1 Bewustheidskontinuum

Bewuswording is baie belangrik om die onvoltooidhede na vore te bring. Bewusthied kan beskryf word as ’n proses van oriëntasie wat elke oomblik hernu word. Die belangrike taak vir die terapeut is om die adolessent se bewustheid te bevorder (Joyce en Sills, 2003:28). Sensoriese kontak is belangrik om die adolessent bewus te maak van sy mees dominante behoeftes. “Man is a whole who *is* (rather than *has*) a body, emotions, thoughts, sensations and perceptions, all of which function interrelatedly” (Clark en Fraser, 1987:8). In hierdie geheel sal die fisieke, intellektuele en emosionele ervaring moeilik bepaal word, asook waar die een begin en die ander ophou. Yontef (1993:184) verduidelik die begin van bewustheid soos volg: “Awareness is effective only when grounded in and energized by the dominant need of the organism”. Die adolessent wat mishandel is moet bewus word van die emosionele ervarings in die mishandeling en watter gedrag dit tot gevolg het.

Die adolessent kan kontak verbreek om homself te beskerm (Polster en Polster, 1974:109). In die terapeutiese verhouding is dit baie belangrik om hierdie kontakversteurings te oorkom en daarmee te werk. Die “I-Thou” verhouding sal vir die adolessent die veiligheid skep waarbinne hy bewuswording sal ervaar. Volgens Purcell-

Lee (1999:5) behels dit die bewuswording van die hele self, van sowel die adolessent as van die terapeut. Die "I-Thou" laat die adolessent in die hier-en-nou funksioneer met totale aanvaarding. "Presence is not used to manipulate the client but rather to create awareness and to help the client to selfadjustment" (Yontef en Simkin, 1989:3). Sonder bewustheid kan die adolessent nie op sy dominante behoefte fokus nie, wat weer lei tot die benadeling van selfregulering. Yontef (1976:67) beskryf bewustheid as "... a form of experiencing. It is the process of being in vigilant contact with the most important event in the individual/environmental field with full sensor-motor, emotional, cognitive and energetic support ... Awareness leads to aha!.. Awareness is always accompanied by Gestalt formation". Gestaltvorming vind by die adolessent plaas deur ten volle bewus te wees van die situasie wat hierdie Gestaltvorming beïnvloed. Die vereistes waaraan bewustheid moet voldoen, kan soos volg saamgevat word (Dierks-Walker, 1994:26-28):

- Bewustheid moet altyd gegrond wees in en gemotiveer word deur die dominante huidige behoefte van die adolessent;
- bewustheid behels nie net selfkennis nie, maar kennis van die huidige omstandighede en hoe die adolessent in die omstandighede homself handhaaf. Bewustheid impliseer ook verantwoordelikheid wat die adolessent moet aanvaar vir sy eie ervaring en lewensruimte;
- bewustheid is altyd in die hier-en-nou, altyd aan die ontwikkeling en vorming van die adolessent, en bevorder die kontakproses.

Bewustheid omvat die volle gebruik van die sensories-motoriese sisteem. "Awareness is a new coming together and excludes an unchanging way of seeing the world. Awareness cannot be static, but is a process of orientating that is renewed at each moment" (Yontef, 1976:68). Fisieke sensasie bring die adolessent terug na die bewuste deur fisieke emosionele sensasie soos sig, aanraking, reuk, luister en smaak. Dit wat die adolessent emosioneel beleef, sal sy bewustheid verhoog. Die bewustheid van interne en eksterne stimuli veroorsaak opwekking van die motoriese sisteem, wat op sy beurt lei tot kontak met die geïdentifiseerde bron van behoeftebevrediging.

Volgens Yontef (1993:12) moet die adolessent bewus wees van wat hy wil doen of verander om homeostase te ervaar. Die bewussyn word gemobiliseer tot behoeftebevrediging (Bekker, 2003:111). Volgens Yontef (1976:68) moet die adolessent bewustheid besit deurdat hy moet leer om self keuses te maak, na aanleiding van sy emosie en die verantwoordelikheid ten opsigte van sy gedrag. Dit lei tot groei in sy selfvertroue en selfbeeld, wat aanleiding gee tot positiewe gedragsverandering, omdat hy in beheer is (Bekker, 2003:112).

#### 5.4.2.1.2 Die proses van kontakmaking

Die doel van Gestaltterapie is om die adolessent se bewustheid te bring na die realiteit, die hier-en-nou, waar die adolessent verantwoordelikheid kan neem vir aksies (Yontef en Simkin, 1989:21). Volgens Oaklander is fisieke, kognitiewe en emosionele komponente in interaksie met die omgewing (in Sweeney et al. 1999:163). Die terapeut kyk nie geïsoleerd na die verlede nie, maar wat dit nou aan die adolessent doen (Perls et al. 1994:2). Die adolessent se verlede is reeds geassimileer in sy persoonlikheid en vorm deel van die onvoltooidhede wat die huidige selfregulering beïnvloed. Die adolessent het ook grense wat hom van die omgewing onderskei om sodoende sy identiteit te behou. Oaklander stel dat "... having healthy contact involves a feeling of security with oneself, a fearlessness of standing alone" (in Sweeney et al. 1999:163). Om ten volle te leef in die hede en om effektief gebruik te maak van vaardighede, magte en eienskappe moet die adolessent, volgens Serok (2000:11), bewus wees van en fokus op die onmiddellike en omringende werklikheid. Die werklikheid kan beskryf word as die interne prosesse wat plaasvind binne die self. Dit help die adolessent persepsies organiseer en betekenis gee aan sy emosies (Frazao en Brazil, 2002:4).

Die adolessent moet gesien word in die konteks (veld) waarbinne sekere invloede sy lewe beïnvloed. Volgens Mackewn (1997:49; 2003:15; Crocker et al. 2001:3) maak die adolessent patroongehele van sy ervaring en het hy 'n spontane dryfkrag om stimulus te voltooi of daaraan betekenis te gee. Volgens Yontef (1993:284) verwys veldteorie na die proses van hoe die adolessent dink en hoe hy in die wêreld is. Dit bepaal sy denke, gevoelens, waarnemings en optredes. In die veld is daar voortdurend verandering en samevloeiing. Om kontak met die veld te maak moet die adolessent uitreik en sy eie grense ontdek (Yontef en Simkin, 1989:11). Binne hierdie grense is daar gewoonlik 'n gevoel van kohesie en samewerking, terwyl dit wat buite die grense is as vreemd beleef word. Net soos samevloeiing kan isolasie binne hierdie grense die groei-ontwikkeling van die adolessent benadeel. Deur kontak (*Gestaltvorming*) en onttrekking (*Gestaltvernietiging*) is die adolessent gedurig in interaksie met sy omgewing (Oaklander, 1997:193) en word gerig deur selfregulering om Gestaltvorming te bewerk (Serok, 2000:206).

Kontak sonder grense tussen dit wat eie is aan die adolessent en die herkenning van sy andersheid, lei tot samevloeiing (*confluence*). Brownell (in Crocker et al. 2001:13) maak dit duideliker met die volgende omskrywing: "Rather, it is the touching of themselves, the communion of their relative boundaries, that creates contact, especially that adolescent of contact called an I-Thou moment". Binne die Gestaltteorie is die subjek en objek altyd in

‘n dialogiese verhouding. Kontak is die ontmoeting tussen “me” en “not-me” (Yontef en Simkin, 1989:4), tussen die subjek en die objek van bewustheid. Volgens Mackewn (2003:17) organiseer die adolessent sy ervaring, sensasie, beelde, energie, belangstelling en aktiwiteite rondom sy behoeftes totdat dit vervul is. Hierdie proses geskied weens die adolessent se fisieke en emosionele behoeftes en ’n natuurlike drang om hierdie behoeftes te reguleer. Wanneer die adolessent met onvoltooidhede in kontak kom, deur bewusmaking, is daar ŉ interne kontakgrens in die adolessent self (Crocker et al. 2001:12). Hierdeur behou die adolessent sy eie identiteit (Oaklander, 1994:283). Volgens (Schoeman, 1996:54) is kontakmaking ’n voortdurende proses wat die volgende insluit::

***Bewustheid***

Die adolessent sal bewus word van die behoefte om kontak te maak. Dit sal sy denke en gedrag beïnvloed en die adolessent sal sy totale lewenservaring tot ŉ eenheid vorm. Deur die bewuste sal dit die adolessent motiveer om aksie te neem.

***Aksie***

Die adolessent sal die energie mobiliseer deur alternatiewe keuses te maak. Die adolessent beweeg dus na die vervulling van behoefte.

***Kontak deur eksperiment***

Deur die eksperiment ontwikkel die adolessent ŉ bewussyn van die self en die grense wat in stand gehou word, verbreed. Hy sal die inhoud van belangrike inligting verhelder.

***Kontakmaking***

Kontak behels die interaksie tussen die adolessent en sy omgewing. Die uitruil van sensoriese ervaring sal meer prominent word.

***Assimileer***

Die adolessent sal die nuwe energie-ervaring spontaan beleef.

***Nuwe betekenis aan die bewuste***

Die adolessent sal nuwe betekenis gee aan ervaring en nuwe persepsies skep.

**5.4.2.1.2.1 Kontakgrensversteurings**

As die adolessent nie meer die kontakgrense tussen homself en sy omgewing kan reguleer nie, tree kontakversteuring of neurose in. Die “gesonde” adolessent is altyd in staat om kontak te maak met sy omgewing, maar benodig ego-grense tussen hom en sy omgewing om sy identiteit te behou. “The contact boundary is the point at which one experiences the “me” in relation to that which is “not me” and through this contact, both are more clearly experienced” (Polster en Polster, 1973). Gestaltformasie impliseer dat die adolessent kontak en onttrekking kan reguleer. As die self van die adolessent swak of vaag is, sal kontak verlore gaan. Oaklander stel dit duidelik dat “... as the child struggles

to grow up, survive, and cope with life, he/she might manifest a variety of inappropriate behaviours and symptoms that serve to avoid contact and protect the self" (in Sweeney et al. 1999:163). Kontakversteuring is nie deel van die adolessent se proses nie, maar die wyse wat hy benut om sy eie behoeftes te bevredig.

Wanneer die adolessent nie die innerlike ondersteuning, kognitiewe vermoë of emosionele volwassenheid het om innerlike gevoel, soos byvoorbeeld woede, uit te druk nie, vind kontakgrensversteurings plaas. Die kontak tussen die adolessent en ander word onduidelik en veroorsaak 'n versteuring tussen die self en die bewuste (Dierks-Walker, 1994:29). Die kontakgrens kan verlore gaan of onderbreek word in die polariteit van samevloeiing en isolasie (Yontef en Simkin, 1989:12). Kontakgrensversteurings kan, volgens Yontef (1993:14), in die volgende vorme manifesteer:

***Projeksie**:* Die adolessent projekteer sy ervaring deur die omgewing verantwoordelik te hou vir sy emosionele ervaring en aanvaar geen verantwoordelikheid vir alles wat met hom gebeur nie (Yontef en Simkin, 1989:332). Hierdeur ontken die adolessent sy eie persoonlike emosionele ervaring. Deur middel van projeksie ontken hy sy impulse, asook die areas vanwaar dit kom. Hy plaas die emosie oor op ander en maak hulle verantwoordelik vir gevoelens en emosie wat deel is van homself (Yontef, 1993:11). Die teenpool van projeksie is toe-eiening waar geprojekteerde ervaring deur die adolessent as sy eie aanvaar word.

***Introjeksie**:* Die adolessent aanvaar inligting, houdings en idees vanuit die omgewing sonder om dit krities te beoordeel. Iets wat van buite op die adolessent 'n invloed het, laat die adolessent daarop reageer asof dit normaal en sy eie is (O'Leary, 1992:39). Die inligting is nie geassimileer nie, maar tog deel van homself en bly onverwerk (Yontef en Simkin, 1989:12). Introjeksie vind plaas wanneer die adolessent handel soos wat hy dink ander van hom verwag. Die introjek word dikwels sy proses. Die teenpool van introjeksie is assimilasie waardeur die adolessent dit wat hy van die omgewing ontvang, verwerk en daarmee in kontak kom en deel van sy proses maak. Assimilasie is 'n kritiese beskouing van ervaring wat die adolessent verwerp of aanvaar in sy selfregulering.

***Defleksie**:* Die adolessent wat deflekteer, onderbreek kontak. "Deflection is the avoidance of contact or of awareness by turning aside, as when one is polite instead of direct" (Yontef, 1993:11; Yontef en Simkin, 1989:12). Hierdeur sal die adolessent eerder bedagsaam en respekvol wees as om eerlik te wees. Defleksie laat die adolessent nie op die self fokus nie en gebruik verdedigingsmeganismes om dit wat ongemaklik is af te weer. Die adolessent sal nie iets vir homself hou nie, maar kaats dit weg. Oaklander stel dat

defleksie is "... turning away from that which is uncomfortable, yet needing to hit and kick to release the energy of anger or other deep feelings" (in Sweeney et al. 1999:164).

***Retrofleksie**:* Die adolessent neem die behoeftes en emosie wat hyself het en maak dit van toepassing op homself. Die adolessent neem byvoorbeeld al die blaam vir dit wat in sy lewe gebeur (Fankel, 1984:58). Oaklander stel retrofleksie as "... putting the energy inward, causing a variety of physical ailments" (in Sweeney et al. 1999:164). Retrofleksie vind plaas deurdat die adolessent homself behandel soos wat hy wil hê ander hom moet behandel. Hierdie meganisme lei tot isolering omdat die adolessent nie sy gevoelens uitspreek nie, en hy straf homself deur skuld, hartseer en onbevoegdheid (Aronstam, 1992:638).

***Samevloeiing**:* Samevloeiing vind plaas wanneer die skeiding tussen die adolessent en ander onduidelik word en die grens verlore gaan. Die adolessent laat toe dat te veel van homself in ander geïnkorporeer word of te veel van die omgewing in hom ingesluit word (Yontef, 1993:10). Om kontak met die veld te maak, moet die adolessent uitreik en sy eie grense ontdek (Yontef en Simkin, 1989:12). Die adolessent kan te veel van homself in ander inkorporeer of soveel van die omgewing in homself inkorporeer dat hy nie meer in voeling is van waar hy tans is nie. Hy verloor beheer en gee dit oor aan die omgewing. Oaklander stel samevloeiing as "... desperately needing approval to feel some part of the self and blending into the feelings and beliefs of others" (in Sweeney et al. 1999:164).

***Impasse***

Die adolessent ken geen ander opsie nie en dit is vir hom gemaklik om oor te gaan in hierdie laag van weerstand en daarin te verkeer, want dit is te pynlik om aan sy probleem te werk. Dit skep vir die adolessent 'n gemaksone, sonder dat hy weet hoe om daar uit te kom (Yontef en Simkin, 1989:18).

***Isolasie***

Die isolasiegrens word so duidelik dat kontak verlore gaan. In die gebrek aan kontak met die omgewing gebeur dit dat die adolessent so rigied word dat hy totaal afgesonder van ander of van die omgewing begin funksioneer.

***Oordrag en teenoordrag in die terapeutiese proses***

Oordrag en teenoordrag vind plaas wanneer die adolessent die terapeut ervaar as iemand uit sy ervaringswêreld. In Gestaltspelterapie onderbreek dit die kontak met die "hier-en-nou" van die terapeutiese verhouding, maar dit kan ook die kontak opbou tussen die adolessent en die terapeut. Deur bewusmaking kan die adolessent daarop gewys word dat hy nie in kontak is met die dialogiese verhouding nie. Die adolessent se gedrag dui

daarop dat daar ’n blokkasie in die adolessent se bewustheid is, waar hy nie kan onderskei tussen fantasie en realiteit nie.

***Desensitisasie***

Desensitisasie behels dat die adolessent hom afsluit van die proses van sensoriese en liggaamlike bewuswording deur kontakgrensversteuring (Clarkson en Mackewn, 1994:77). Die sensoriese gewaarwording van pyn en ongemak word ontken deur die emosie en fisieke gewaarwording as figuurvoorgrond te onderdruk en op die agtergrond te hou. Die adolessent wat mishandel is, desensitiseer homself dikwels om van die seerkry wat beleef is weg te kom. Hy funksioneer daarom sonder fisieke en emosionele ervaring, wat lei tot emosionele afstomping (Oaklander, 1994:149). Die ontwikkeling van sensoriese bewustheid is hier belangrik om, binne die Gestaltterapie met behulp van eksperimentering met verskillende tegnieke, die adolessent weer te lei tot beheer van homself en homeostase met sy omgewing.

**5.4.2.1.3 Behoeftebevrediging en onttrekking**

Homeostase vind plaas nadat kontak beleef is. Blom (2000:181) stel dat die behoefte bevredig is en die figuur nie meer op die voorgrond is nie, maar nou na die agtergrond beweeg. Tussen die Gestaltvernietiging en die vorm van nuwe Gestalt ervaar die adolessent ekwilibrium en geen behoefte wat op die voorgrond is nie. Volgens Blom (2000:181) is die organisme hier in ’n staat van perfekte balans wat van korte duur is totdat daar weer ’n nuwe behoefte ontstaan en die proses van selfregulering weer van voor af begin.

**5.4.3 Fragmentasie**

Die onvermoë om die balans te vind en te behou, mag daartoe lei dat die adolessent sy lewe fragmenteer. Die adolessent fragmenteer dele wat moeilik is om te hanteer of te integreer. Die wanbalans wat by die adolessent ontstaan, is as gevolg van onvoltooidhede en polariteite in sy lewe. Perls beskryf fragmentasie as “... the child’s inability to find and maintain the proper balances between himself and the rest of the world...” (Perls, 1973:31; Aronstram, 1992:637).

**5.4.3.1 Onvoltooidhede**

Onvoltooidhede het ’n negatiewe invloed op die funksionering van die adolessent wat mishandel is (Clarkson, 20002:7). ’n Onvoltooidheid ontstaan as gevolg van onvervulde behoeftes, onverwoorde gevoelens, of onvoltooide en onverwerkte situasies (Thompson en Rudolph, 1996:144). Dit beïnvloed die vloei van die bewuswording hier-en-nou. Die Gestaltterapeut sal hier van die standpunt uitgaan dat die adolessent wat mishandel is oor

die energie en hulpbronne beskik om bevredigende selfregulering toe te pas (Korb et al. 1989:13).

#### 5.4.3.2 Polariteite

Die adolessent mag soms tussen die natuurlike tweeledighede in sy lewe beweeg. Yontef omskryf polariteite as "... parts that are opposites that complicate or explicate each other." Schoeman (1996:35) stel dat polariteite gedrag en verstaan beïnvloed en dat die teenoorgestelde begrippe van mekaar afhanklik is. Hierdie simptome en gedrag wat die adolessent in terapie openbaar, is die adolessent se poging om sy Gestalt tot selfregulering te bring en homeostase en balans te handhaaf. In Gestaltterapie word die terapie daarop gerig om die polariteite te integreer en elke polariteit deel te maak van 'n goed geïntegreerde proses. In goeie grensfunksionering beweeg die adolessent tussen kontak en kontakverbreking, asook tussen kontak en onttrekking van die omgewing (Dierks-Walker, 1994:29). Die kontakgrens kan dan verlore gaan of onderbreek word in die polariteit van samevloeiing en isolasie (Yontef en Simkin, 1989:12).

### 5.4.4 Struktuur van persoonlikheid/neuroses

Die vyf vlakke van neuroses gee 'n beeld van hoe die adolessent sy proses in fragmente opdeel en verhoed dat hy ontwikkel en groei. Die neurotiese adolessent word deur Schoeman (2001:91) beskryf as iemand wat aan te veel behoeftes gelyk aandag wil gee. Dit veroorsaak dat nie een behoefte genoegsaam vervul word nie. Eerder as om sy eie lewe te organiseer, word dit oorgelaat aan ander om sy behoeftes te vervul. Perls (1976:59) se vyf vlakke van neuroses kan soos volg omskryf word, om die volwasse persoonlikheid te ontvou:

#### 5.4.4.1 Die vals laag ("phony layer")

Die adolessent kan homself beleef as vasgevang in 'n konfliksituasie om iemand te wees wat hy nie is nie (Thompson en Rudolph, 1996:143). Dit wat die adolessent sê en in werklikheid is, strook nie met mekaar nie. Hy raak verlore in die rolle wat hy moet vertolk. Daar bestaan 'n duidelike diskrepansie tussen die adolessent se verbale en nie-verbale gedrag. Die adolessent ervaar 'n diskrepansie tussen wat hy dink hy behoort te doen (*topdog*) en wat hy wil doen (*underdog*) (Thompson en Rudolph, 1996:146). Hierdie laag word gekenmerk deur baie konflik en onvoltooidhede wat nooit opgelos of hanteer word nie. Die adolessent wat mishandel is gebruik dit as 'n verdedigingsmeganisme om nie verder seer te kry nie. Dit gee daartoe aanleiding dat hy nie in kontak is met homself nie en nie sy probleem kan oplos nie. Met hierdie onvoltooidheid kan die adolessent nie beheer en verantwoordelikheid vir sy eie keuses neem nie.

#### 5.4.4.2 Die fobiese laag

Wanneer die adolessent bewus word van die valsheid, of die proses van voorgee wat hy nie werklik is nie, ervaar hy ongemak. Die adolessent probeer die emosies onderdruk, omdat hy bang is vir verwerping (Corey, 2001:236). Hierdie ongemak skep dan vrees by die adolessent en hy sal in hierdie laag probeer om die terapeutiese kontak te verbreek en die kontakgrens te verskuif (Thompson en Rudolph, 1996:143). Aronstam (1989:636) stel die belangrikste kenmerk van hierdie fase as "... die mens se weerstand om te wees wat hy kan wees." Die adolessent weet dus hoe hy sy emosie beleef en ervaar, maar nie hoe hy moet optree nie. Deur eksperimentering kan die adolessent se bewustheid verhoog word om met homself, sy omgewing en die terapeut kontak te maak en te bepaal wat tot sy weerstand aanleiding gee.

#### 5.4.4.3 Die impasselaag

Yontef en Simkin (1989:337) beskryf die impasselaag as "... a situation in which external support is not forthcoming and the person believes he cannot support himself". Die adolessent glo nie dat hy oor die hulpbronne en innerlike krag beskik om te verander nie. "The impasse is what Fritz Perls called anti-existence, nothingness, emptiness; the feeling of being stuck and lost. The impasse is marked by a phobic attitude – avoidance" (Just, 2001:2) Die adolessent ken geen ander opsie nie en dit skep vir hom 'n gemaksone, terwyl hy self nie weet hoe om daar uit te kom nie. Die adolessent voel veilig in hierdie laag terwyl hy bewus is dat hy besig is om homself te vernietig. Hierdie is die passiewe laag of stagnasielaag. Die adolessent ervaar 'n gebrek aan energie, weet nie hoe om emosies verder te hanteer nie en wil soms nie verder beweeg nie.

Die adolessent se verdedigingsmeganismes ten opsigte van rollespel beweeg na die agtergrond en hy moet nou nuwe rolle vorm deur die polariteit van "*topdog*" en "*underdog*" inmekaar te laat vloei. Die adolessent ervaar ongemak en sal bly vaskleef aan die bekende rolle deur dit as verdedigingsmeganisme aan te wend. Die weerstand wat die adolessent bied, is nie noodwendig teen terapie nie, dit kan ook teen sy eie pynervaring wees. Oaklander (1988:198) sien hierdie weerstand as 'n geleentheid vir die adolessent om na homself te kyk en van die weerstand bewus te word.

Die adolessent wat mishandel is, sal in hierdie fase baie weerstand ervaar, as gevolg van al die onopgeloste emosies waarvan hy bewus word en die gevoel dat hy daarin vassit en nie oor die innerlike krag beskik om dit te hanteer nie. In terapie kan die reflektering van emosie gebruik word om aan die adolessent ondersteuning te bied en erkenning te gee aan die weerstand wat hy intens beleef.

#### 5.4.4.4 Die implosiewe laag

Die ongemak wat geskep is, veroorsaak 'n bewuswordingsproses by die adolessent. Hy word bewus van onvoltooidhede in sy lewe en hoe hy homself inperk (Thompson en Rudolph, 1996:143) . Perls (1976:60) beskryf dit as die doodslag, omdat die persoon verlam word deur opponerende magte en nie verder in terapie kan beweeg nie. Tydens hierdie laag ontbloot die adolessent sy verdedigingsmeganismes en begin kontak maak met sy werklike self. Die adolessent behoort in hierdie laag te besef hoe hy homself beperk en sal begin om van die emosie te ontlaai en onvoltooidhede te verwerk deur met nuwe gedrag te eksperimenteer (Thompson en Rudolph, 1996:143).

#### 5.4.4.5 Die eksplosiewe laag

Die adolessent beweeg in die eksplosiewe laag in deur bemagtiging. In hierdie laag gaan die adolessent oor tot probleemhantering omdat hy suksesvol deur al die vorige lae gewerk het. Verandering vind plaas en 'n nuwe rigting word ingeslaan (Thompson en Rudolph, 1996:143). Die adolessent vind in hierdie laag verligting van die energie wat gebruik is om die valslaag in stand te hou. In hierdie fase eksperimenteer die adolessent met nuwe gedrag en daar vind integrasie plaas.

In die eksplosiewe laag het die adolessent wat mishandel is voldoende energie om sy pynlike emosie deur te werk en alternatiewe gedrag, waarvoor hyself verantwoordelikheid aanvaar, in te oefen en te assimileer. Om sy eie behoeftes in die omgewing te bevredig ontwikkel die adolessent meer selfvertroue en tree hy selfversekerd op.

## 5.5 TEORIE VAN VERANDERING BINNE GESTALTTERAPIE

Die doel van Gestaltterapie is om die adolessent wat mishandel is se bewustheid te verhoog deur groter keuses uit te oefen en self daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar (Corey, 2001:231; Polster en Polster, 1974:325). Dit is belangrik dat die adolessent bewus gemaak sal word van verandering om sy selfregulering in orde te kry. Die adolessent se proses is hoe hy die lewe en omstandighede rondom homself verander om te oorleef en persoonlike integrasie te bereik (Thompson en Rudolph, 1996:144; Lammert en Dolan, 1983:43). Schoeman (2001:90) beskou denke en gevoelens wat mense op 'n gegewe moment in die hede ervaar as die belangrikste fokusareas in Gestaltterapie.

Die verandering van 'n persoon se waarneembare optrede in die hier en die nou is ook in die behavioristiese benadering belangrik, maar in Gestaltterapie is dit eerder die bewuswording en verantwoordelikheid van 'n bepaalde optrede wat die verandering teweeg bring (Yontef en Simkin, 1989:16). Hierdeur vind selfaktualisering plaas wat lei tot integrasie (Sinay, 1998:164). Deur die bereiking van integrasie word die adolessent se

balans herstel om sy emosie, gedrag en ervarings te organiseer en te reguleer, wat daartoe lei dat hy homeostase bereik. Hy is nou in staat om sy eie besluite en keuses te neem en verantwoordelikheid te aanvaar.

**Ongesonde funksionering van die adolessent**

Die konsep van disekwilibrium is ŉ belangrike skakel tussen die teorie van Gestaltterapie en ander belangrike teorieë van adolessenteontwikkeling. Jarosewitsch (1995:1) stel dat Gestaltterapie die volgende in gedagte het in die proses van verandering en ontwikkeling: "We exist in the process of change, a constant flow. It is impossible not to change. However, it is possible to get stuck." Volgens Mortola (2001:2) vorm disekwilibrium die kern van Gestaltterapieteorie. Die adolessent wat mishandel is, streef na die instandhouding van ŉ ekwilibrium wat deurentyd deur sy behoeftes versteur word en deur bevrediging daarvan herstel word (Perls, 1947:7; Perls et. al. 1951:373). In sekere omstandighede kan die adolessent wat mishandel is voeling verloor met die werklikheid van die hede en terugval op gewoontepatrone of gedrag wat in die verlede oplossings vir probleme gebied het, maar nie verband hou met teenswoordige gebeurtenisse nie (Mackewn, 2003:22). Feldhaus (2001:2) merk tereg op dat die "ongesonde" adolessent ŉ persoon is wat in sy eie projeksies vasgevang is. Die adolessent wat mishandel is, fragmenteer sy lewe en versprei sy konsentrasie en aandag tussen verskeie veranderlikes en gebeurtenisse op ŉ gegewe tyd (Schoeman, 2001:90).

**Gesonde funksionering van die adolessent**

Die normale en "gesonde" adolessent funksioneer altyd as ŉ eenheid in homself en met sy omgewing en is selfregulerend. Hy neem verantwoordelikheid vir eie keuses asook vir die betekenis wat hy aan hierdie keuses gee. Selfregulering stel die adolessent wat mishandel is in staat om bewus te word van enige ekwilibriumversteuring en die behoefte wat op ŉ gegewe tydstip die belangrikste is en op die voorgrond kom. Hierdie ekwilibrium tussen die fisiologiese en psigologiese prosesse kan nooit van mekaar geskei word nie omdat albei van mekaar afhanklik is (Serok, 2000:18). Organismiese selfregulering vind in elke mens plaas waar die liggaam voortdurend in kontak is en die onderbewussyn pogings aanwend om die Gestalt in plek te kry. Die adolessent wat mishandel is, ondervind wel innerlike konflikte en frustrasies, maar is in staat om probleme op te los en te fokus op die hede en die voorgrondbehoefte (Schoeman, 2001:90). Deur middel van homeostase bevredig hy daardie behoeftes wat op die voorgrond is en kan deur verskeie spelterapeutiese tegnieke tot selfregulering begelei word. Dit is die taak van die terapeut om die behoefte van die adolessent wat mishandel is te ontdek en dit vir die adolessent moontlik te maak om aan sy eie behoefte te voldoen (Schoeman, 1996:35; Yontef en

Simkin, 1989:7). Alhoewel die adolessent altyd as 'n eenheid funksioneer en selfregulerend is, kan hy nie sonder die omgewing bestaan nie en is altyd in kontak daarmee. Volgens Mackewn (1997:206) en Aronstam (1989:639) moet die adolessent wat mishandel is, leer om van omgewingsteun na selfondersteuning te beweeg, wat deel vorm van die proses van volwassewording.

## 5.6 DIE ADOLESSENT SE PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Die Gestaltteorie van die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling kom ooreen met die proses van die adolessent. Die veld waarbinne die adolessent leef, bepaal die proses van die adolessent. Die veld is al die sisteme wat op die adolessent inwerk en op hom aanspraak maak. Hierdie proses bestaan uit 'n holistiese samevoeging van die adolessent se totale menswees. Die adolessent het soos elke ander persoon die vermoë om nie met homself in kontak te wees nie, veral wanneer daar seker dele is wat vir die adolessent wat mishandel is ongemaklik is om te hanteer (Feldhaus, 2001:1). In die ontwikkeling van die adolessent, deur middel van die eksperiment, word die adolessent begelei om die veld (wêreld) rondom hom te integreer. Gestaltvorming is 'n voortdurende dinamika in die terapeutiese proses.

### 5.6.1 Die adolessent wat mishandel is se proses volgens Gestaltterapie

Die doel van Gestaltterapie is om die adolessent wat mishandel is, terapeuties deur sy proses te begelei, sodat sy bewussyn verhoog word en hy in staat gestel word om in sy funksionering sy balans te herstel en selfverantwoordelikheid te aanvaar.

#### 5.6.1.1 Die self in Gestaltterapie

Die adolessent moet met homself kontak maak en in takt wees. Wanneer die adolessent se self nie in balans is nie, is daar ook nie die moontlikheid van selfvertroeteling nie. Van den Aardweg en Van den Aardweg (in Gouws et al. 2000:87) beskou die identiteit as 'n aanvoeling van die self wat die persoonlikheid (proses) kenmerk. Die adolessent se proses bepaal in 'n groot mate hoe hy gaan optree. Die navorser definieer die adolessent se innerlike proses as die wyse waarop hy hom in situasies uitdruk, of hoe hy situasies hanteer en sy behoeftes bevredig (Thom et al. 1998:437). Hierdie proses bestaan uit 'n holistiese samevoeging van die adolessent se fisieke, kognitiewe, emosionele, konatiewe en geestelike funksionering.

Die adolessent met 'n swak selfbeeld ondervind probleme op feitlik alle terreine van sy lewe. Hy interpreteer boodskappe wat hy ontvang en sy selfbeeld word bepaal deur die interaksie tussen hom en sy omgewing. Die basis van 'n gesonde selfbeeld "... is that once natural self, with all its emotions, with its successes and failures, is acceptable and

lovable" (Feldhaus, 2001:11). Die terapeut moet die adolessent wat mishandel is ondersteun in die verwerwing van 'n positiewe selfbeeld deur eksperimentering. Hy moet begelei word om met voldoende vryheid self keuses te maak, 'n realistiese selfkonsep te vorm en die self te aanvaar met swak en sterk identiteite (Bender, 1996:44). Hy moet begelei word om tuis te voel in 'n wêreld waar hy aanvaar en gerespekteer word.

#### 5.6.1.2 Selfkonsep en selfagting

Bewustheid laat die adolessent betrokke wees by die ontwikkeling van selfkonsep en selfagting om verantwoordelike besluite te neem (Yontef en Simkin, 1989:21). Die adolessent benodig ruimte waarbinne hy hom kan oriënteer en waar die self meer gedifferensieerd raak. Volgens Kaplan (2000:510) is selfkonsep en selfagting die adolessent se siening van homself. Die adolessent vertolk verskillende rolle en gee verskillende beskrywings van die self deur polariteite. Polariteite help die adolessent om in kontak te kom met homself en om sy emosie in die hede uit te druk. Teenoorgestelde emosies by die adolessent veroorsaak ongemak omdat liefde en haat gelyktydig in die adolessent teenwoordig kan wees. In *vroeë adolessensie* sien die adolessent hom in polariteite, soos ekstrovert of selfbewus, maar is nie van die polariteite bewus nie. In *middel-adolessensie* ontwikkel sy kognitiewe vaardighede om bewus te word van die polariteite, maar ervaar hy dit as 'n bron van ongemak. In *laat-adolessensie* integreer die adolessent hierdie teenoorgesteldes in 'n samevloeiende geheel en begryp hy dat hy sowel introvert as ekstrovert kan wees met verskillende mense.

Die eksperiment gee die adolessent onafhanklikheid en vryheid. Die adolessent eksperimenteer, binne sekere grense, en speel as't ware sy gevoel en emosie uit. Hierdeur word hy bewus dat daar negatiewe en positiewe emosie kan wees. Verandering vind plaas wanneer die adolessent toegelaat word om te wees wie hy regtig is. Bewuswording help die adolessent om emosie in die hede (hier-en-nou) te erken en te aanvaar.

#### 5.6.1.3 Selfaktualisering en beheer

Beheer is vir die adolessent baie belangrik omdat die adolessent die ervaring wil beleef dat hy in beheer is van sy lewe. Gouws et al. (2000:86) stel dat selfaktualisering die adolessent se doelbewuste poging is om alle moontlike potensiaal van die self, wat die fisieke, kognitiewe, affektiewe en morele insluit, te verwesenlik. Om in sy veld as 'n unieke individu met verantwoordelike keuses te kan funksioneer is die self vir die adolessent belangrik. Die adolessent se proses van selfregulering is sy manier om probleme te hanteer, beheer te ervaar en selfgesentreerd te wees.

#### 5.6.1.4 Keuses deur kognitiewe ontwikkeling

Die adolessent se kognitiewe vermoë is verbind met sy sensoriese waarneming, kommunikasie en algemene prosesinformasie (Gouws et al. 2000:5). Die adolessent moet altyd die keuse hê om self te besluit, omdat die keuse wat hy maak, verantwoordelikheid by hom skep. Met die kognitiewe ontwikkeling verander die adolessent se denkvermoë deur analities en logies oor konkrete en abstrakte begrippe te redeneer. Volgens Piaget se teorie is formeel-operasionele denke nie gebonde aan konkrete voorwerpe nie en die adolessent kan abstrakte sake, moontlikhede en hipoteses hanteer (Demetriou, Doise en Van Lieshout, 1998:195). Die keuses wat die adolessent maak, het dikwels 'n diep emosionele betekenis, maar deur die formeel-operasionele vlak van denke kan hy die mishandeling analities benader.

#### 5.6.1.5 Selfaanvaarding en eie mening

Die kognitiewe ontwikkeling stel die adolessent in staat om eie beginsels en idees te vorm oor wat aanvaarbaar en nie aanvaarbaar is nie. Volgens Kaplan (2000:488) kan die adolessent abstrakte idealisme ontwikkel wat gepaard gaan met onsekerheid, omdat reeds opgestelde menings gewysig word. Egosentriese denke kan ontwikkel uit die selfaanvaarding en eie mening wat die adolessent vorm (Thom et al. 1998:423). Die adolessent wat mishandel is, verkeer onder die indruk dat hy prominent in ander se gedagtes is, dat hulle sy gedagtes deel en hom op dieselfde manier waarneem as wat hy homself waarneem. Preokkupasie met eie denke en egosentrisme veroorsaak dikwels by die adolessent 'n intense selfbewustheid. Die adolessent moet selfaanvaarding kan ontwikkel deur 'n gesonde selfregulering, wat hy deur 'n positiewe selfkonsep en selfagting in besit neem.

#### 5.6.1.6 Emosionele ontwikkeling en selfvertroeteling

Die adolessent is geneig om meer emosionele skommelinge te ondervind as jonger kinders en volwassenes. Gouws et al. (2000:96) verwys na die emosionele ontwikkeling as die ontwikkeling van gehegtheid, liefde, sekuriteit, asook van verskillende emosies, gevoelens en temperamente. Selfkritiek is altyd by die adolessent aanwesig en die verantwoordelikheid van die terapeut is om die adolessent te bemagtig om sy gevoel en emosie uit te leef. Hierdie emosionele veranderinge, wat deur die kognitiewe, liggaamlike, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling gaan, kan toegeskryf word aan 'n styging in hormoonvlakke (Thom et al. 1998:439-441). Wanneer die adolessent wat mishandel is in kontak is, vertroetel hy ervaring en vind integrasie plaas. Die adolessent moet homself versorg om sy balans te behou (Schoeman en Van der Merwe, 1996:181). Om integrasie van sy totale wese te ervaar moet hy homself kan vergewe en sy positiewe en negatiewe

aspekte aanvaar. Die terapeut moet die adolessent help om sy veilige plek, waar hy versorg word of homself versorg, te ontdek.

#### 5.6.1.7 Weerstand

Weerstand in die adolessent wat mishandel is, word aanvaar en gerespekteer omdat hy hierdeur wys hoe hy homself beskerm. Die adolessent moet in sy geheel 'n eenheid gesien word en as deel van die sisteem waarbinne hy funksioneer. Sonder veroordeling sal die adolessent bemagtig kan word om die verdedigingsmeganismes te laat vaar, en deur bewusmaking in die hier-en-nou (Yontef en Simkin, 1989:21) kan die adolessent gelei word om met homself in kontak te kom. Weerstand is in Gestaltterme die impasse wat die adolessent veilig laat voel. Hy ken geen ander opsie nie en dit skep vir die adolessent 'n gemaksone, terwyl hy self nie weet hoe om daar uit te kom of te verander nie. Weerstand impliseer groei omdat die adolessent bemagtig moet word tot 'n nuwe ontdekking. Hy moet aangemoedig en begelei word om deur hierdie impasselaag te beweeg. Wanneer die adolessent se vertroue ontwikkel en hy deur die impasse beweeg, stel hy homself oop en beweeg verder met die terapie.

## 5.7 EKSPERIMENT

Gestaltterapietegnieke word nie gebruik as 'n doel in sigself nie, maar dien as 'n eksperiment. Die spesifieke tegnieke word slegs aangewend teen die agtergrond van die vereistes van werklike kontak tussen die terapeut en die adolessent (Corey, 2001:203). Die spelterapeut maak van verskillende modelle en tegnieke gebruik om die proses van terapie te fasiliteer. Die eksperiment is vir die adolessent 'n leerervaring om ten volle bewus te word van sy onvoltooidhede (Yontef en Simkin, 1989:27) en selfonderbrekings. Volgens Mackewn (2003:133) maak Gestaltterapie gebruik van eksperimente waar die adolessent omtrent homself leer deur middel van aktiewe deelname en selfondersoek binne die terapeutiese proses. Gestaltterapie is 'n eksperimentele ontwikkeling van die adolessent om hom te begelei om die wêreld rondom hom te integreer. Gestaltterapie werk met die eksperiment waar die adolessent bewus gemaak word van sy gedrag (Yontef en Simkin, 1989:11) en dan self die verantwoordelikheid moet neem om dit te verander.

Deur bewuswording kan die adolessent wat mishandel is op sy hantering van emosie gewys word. Die eksperiment sal 'n aanduiding gee van die vaardighede van die adolessent in die hantering van sy emosies. Die adolessent sal emosie ontlaai en onvoltooidhede verwerk wanneer hy met nuwe gedrag eksperimenteer (Yontef, 1993:7; Thompson en Rudolph, 1996:143). Verandering vind plaas wanneer die adolessent

toegelaat word om te wees wie hy regtig is. Deur die eksperiment aanvaar die adolessent verantwoordelikheid en kom in kontak met polariteite wat deel van sy lewe vorm.

## 5.8 GESTALTTERAPIETEGNIEKE

Gestalttegnieke kan gebruik word in die terapie met die adolessent wat mishandel is. In hoofstuk 6 sal die tegnieke aangewend word om in die terapeutiese proses te bepaal wat die adolessent se verhouding met God is. Die tegnieke word nou kortliks toegelig.

### 5.8.1 Dialoog en taalgebruik

Die taalgebruik in Gestaltterapie het ten doel om die bewustheid by die adolessent te verhoog en hom te begelei om verantwoordelikheid te neem. Die dialoog is ’n bemagtigingstegniek vir die adolessent wat mishandel is om sy eie emosie uit te druk en verantwoordelikheid vir die hantering van sy emosie te aanvaar.

#### 5.8.1.1 Vraagstelling

Aronstam (1992:641) stel dat veral vrae wat met “hoekom” begin, vermy moet word. Vrae moet so geformuleer word dat dit die adolessent lei tot bewuswording (hier-en–nou) en om verantwoordelikheid vir gedrag en emosies te aanvaar. Volgens Corey (1991:134) kan die vraag dan met ’n stelling vervang word en die adolessent so gehelp word om verantwoordelikheid te aanvaar vir wat hy sê.

#### 5.8.1.2 Nie-verbale taal

Die terapeut kan die liggaamshouding en gedrag van die adolessent reflekteer waarvan hyself onbewus is (Aronstam, 1992:642). Gesigsuitdrukking kan onder die aandag van die adolessent gebring word om uitklaring te kry oor die emosies wat ervaar word (Cottone, 1992:154).

#### 5.8.1.3 Semantiese opklaring

Die klem van bepaalde woorde en uitdrukkings kan verskuif word (Aronstam, 1992:643; Corey, 1991:233-234). Die dialoog van “ek sal nie” word byvoorbeeld vervang met “ek wil nie” om die adolessent se selfbewussyn en verantwoordelikheid te verhoog. Oaklander (1988:293-294) stel dat dit die adolessent se selfbeeld verhoog omdat hy insig in sy emosie en gevoel ontwikkel en vasstel wat hy graag self wil doen en besluit.

#### 5.8.1.4 Onvoltooide sinne

Die adolessent kan versoek word om onvoltooide sinne te voltooi. Schoeman (1999:118) stel dat onvoltooide sinne gebruik kan word om vas te stel hoe die adolessent werklik voel en om sy bewussynsvlak te verhoog en sy proses vas te stel. Hierdeur kan die adolessent bewus word van sy reaksies in ’n gegewe situasie en tot watter emosies dit lei.

#### 5.8.1.5 Polariteite

Die adolessent openbaar teenoorgestelde emosies as wat hy in werklikheid ervaar (Philippson, 1996:6). Deur polariteite kan die adolessent die positiewe en negatiewe kant van 'n situasie ervaar. Hy word hierdeur in kontak gebring met die emosie wat hy wil ontken en begelei tot die besit van onderdrukte gevoelens in 'n gegewe situasie. So kan die adolessent wat mishandel is bewus word van die emosie deur polariteite wat hy integreer en komplementeer. Aan die een kant is hy kwaad vir sy pa, maar steeds lief vir hom.

#### 5.8.1.6 Oordrywing

Philippson (1996:6) en Yontef (1993:20) stel dat die adolessent versoek kan word om sy emosie of gevoelens te vergroot en daardeur die intensiteit van die ervaring en emosies te bereik. Die adolessent kan begelei word om sy gedrag te oordryf en ongemak te ervaar in verkeerde gedrag wat hy dikwels openbaar om 'n situasie te hanteer.

#### 5.8.1.7 Samevloeiing

Samevloeiing word benut om die adolessent meer intens bewus te maak van die emosie van mishandeling. Hy kan hierdeur sy opstandigheid, hartseer, aggressie en magteloosheid verwerk en beheer oor homself en sy optrede aanvaar.

#### 5.8.1.8 Herformulering

Schoeman (1999:127) stel dat herformulering gebruik kan word om byvoorbeeld negatiewe emosie uit die weg te ruim deur die negatiewe eienskappe positief te interpreteer.

Volgens Yontef (1993:18) is dit belangrik om by al die dialoogtegnieke op die "hier-en-nou", "wat en hoe" en "*I-Thou*" te fokus. Aronstam (1992:643) wys daarop dat die dialoog altyd teruggebring word na die bewustheid van hoe die gebeure in die verlede en in die toekoms nóú 'n invloed het op die adolessent se emosie en funksionering.

### 5.8.2 Paradoks

Die kern hier is dat daar ongemak geskep moet word (Yontef en Simkin 1989:28). Die paradoks is 'n opdrag om presies die teenoorgestelde van wat werklik ervaar word uit te voer (Schoeman, 1999:127-128). Die paradoks dra daartoe by dat die adolessent wat mishandel is, bewus word van die teenoorgestelde wat hy graag wil wees.

### 5.8.3 Die leëstoeltegniek

Die leëstoeltegniek bring die polariteite van die "*topdog*" en "*underdog*" na die bewussyn van die adolessent om hom in staat te stel om verantwoordelikheid vir twee partye te neem. Die adolessent wat mishandel is, beweeg tussen die twee partye en benut albei se rollespel. Die twee partye konfronteer mekaar en groter bewustheid van die adolessent se

introjeksie kom na vore in elke rol wat hy uitspeel. Hierdeur integreer die adolessent sy eie gedrag en aanvaar self verantwoordelikheid vir sy emosie en gedrag.

### 5.8.4 Droomtegniek

Drome kan saamgevat word as 'n belangrike boodskap van onvoltooidhede wat nog nie afgehandel is nie en wat deel van die adolessent se self is wat hy uit sy lewe wil elimineer en op iets anders projekteer (Oaklander, 1988:145-146). Dit veroorsaak onafgehandelde konsepte van die adolessent se persoonlikheid wat nie geïntegreer is nie en wat deurgewerk moet word voor hy weer 'n geheel kan vorm (Aronstam, 1992:642; Corey, 1991:246). Die droomtegniek lei die adolessent wat mishandel is tot selfkennis. Dikwels gaan die drome van die adolessent wat mishandel is met die herbelewing van traumatiese gebeure gepaard. Projeksies kan effektief benut word om verskillende emosies, soos vrees en woede, met mekaar in gesprek te laat tree.

### 5.8.5 Pendeltegniek

Volgens Perls (1973:93) gee hierdie tegniek 'n bewustheid van die adolessent se liggaamsfunksies in verhouding met sy gedrag. Die adolessent moet begelei word om bewus te wees van die moontlikheid om tussen sy vertellings, ervarings en liggaamstaal deur 'n verskeidenheid van situasies te pendel om integrasie te bereik (Aronstam, 1992:643).

### 5.8.6 Projeksietegniek

Schoeman (1996:64) definieer ongesonde projeksie as die resultaat van die adolessent wat nie met sy bewuste in kontak is nie en ook nie vir die projeksie verantwoordelikheid aanvaar nie. Die projeksietegniek bied die adolessent die geleentheid om die verwagting wat die wêreld van hom het uit te sorteer; dit wat hy nie kan hanteer nie uit te speel; selfrespek te behou; en kritiek of verwerping te ontvlug (Schoeman, 1996:640). Die adolessent se projeksie moet na die huidige probleem op die voorgrond verwys (hier-en-nou). Deur projeksie kom die adolessent in kontak met sy eie emosies en gedrag en sy bewuswording verhoog.

#### 5.8.6.1 Fantasiespel

Fantasie help die adolessent om in kontak te kom met sy onvoltooidhede en om 'n beeld te vorm van sy geestelike ervaring (Thompson en Rudolph, 1996:150; Latner, 1986:57). Dit lei tot 'n empatiese begrip van homself en ander en die begripsvorming van keuses tussen alternatiewe (Schoeman, 1996:86). Oaklander (1988:12) stel dat die adolessent dikwels 'n fantasiewêreld skep omdat sy eie wêreld vir hom te moeilik is om in te leef. Daar bestaan verskeie konsepte van fantasie, en deur sprokies, verhale, fabels, metafore,

simboliese en kreatiewe spel kan dit die adolessent se eie verbeelding uitbeeld (Schoeman, 1996:85).

Die adolessent wat mishandel is kan byvoorbeeld deur die gebruik van die roosboomtegniek daarin slaag om selfaktualisering en selfondersteuning te integreer tussen al die konsepte wat 'n invloed op sy funksionering het (Thompson en Rudolph, 1996:148; Oaklander 1988:32-37)

#### 5.8.6.2 Monstertegniek

Die monstertegniek kan gebruik word as die adolessent nie selfregulering binne die trauma van sy lewe kan toepas nie. Die onvoltooidhede veroorsaak simptome wat tot konflik in die onvoltooidheid lei (Schoeman, 1996:68-69). Onvoltooidhede kan dan die "monster" word in die adolessent se lewe. Die adolessent wat mishandel is kan sy emosie hanteer en ontlaai in gesprek met die "monster" wat deel van sy lewensituasie is.

#### 5.8.6.3 Sensoriese stimulasie

Die adolessent maak kontak deur sy betrokkenheid in die wêreld en daarvoor gebruik hy sy sensoriese waarneming. Sensoriese kontak word geskep deur sig, gehoor, reuk, gevoel en smaak. Die sensoriese modaliteite is selfondersteunend en daarom is dit nodig dat die terapeut die adolessent wat mishandel is sensories in kontak sal bring en so bewustheid sal aanhelp (Schoeman, 1996:71; Oaklander, 1988:140-141; Passons, 1975:56). Die adolessent se ervaring word in 'n projeksie omgeskakel en bring hom in kontak met sy eie ervaring en onvoltooidheid.

### 5.8.7 Verhale (stories), fabels en metafore

Stories word deur middel van fabels en metafore oorgedra. 'n Storie kan konkreet en kreatief deur die adolessent aangewend word om deur middel van fantasie probleme op te los en om vrees veilig te hanteer (Schoeman, 1996:85). Die doel van 'n storie is om die adolessent te help om sy wêreld te verstaan en verantwoordelikheid te aanvaar. Dit beeld ervaring en emosies uit wat dit vir die adolessent makliker maak om oor sy eie emosies en bewuswording te praat. Die adolessent sal sy emosie en gevoel projekteer deur die storie of fabel so aan te wend dat potensiële helpers, helde, skurke en skelms eintlik sy emosie en gedrag openbaar. Die storie is ondergeskik aan die werklikheid en slegs 'n aanvulling tot die realiteit van die adolessent se werklike situasie. Die vertelling moet die adolessent begelei om emosie te ontlaai en realiteite in sy lewe te herinterpreteer en te organiseer.

#### 5.8.7.1 Metafore

Barker (1996:11) het die metafoor soos volg gedefinieer "Metaphor consists in giving the thing a name that belongs to something else; the transference being either from genus to species, from species to species, or a ground of analogy". Metafore kan benut word om

die adolessent se bewussyn te verhoog deur die gebruik van 'n storie wat met sy eie wêreld vergelyk en wat tot verandering lei. Die adolessent se kreatiewe vermoë word gebruik om abstrak en logies te dink en afleidings te maak (Barker, 1996:42). Die adolessent gebruik sy abstrakte denke en kan 'n konsep vorm van verskeie interaksies wat sy emosionele gedrag en frustrasies ontleed. Formeel-operasionele denke is nie gebonde aan konkrete voorwerpe nie en die adolessent kan abstrakte sake, moontlikhede en hipoteses hanteer (Piaget, 1995:297-299). Die adolessent ontwikkel die vermoë om sistematies oor probleemoplossing te dink sonder die teenwoordigheid van konkrete objekte (Mwamwenda, 1996:97-103).

'n Metafoor is 'n beskrywing van wat binne die wêreld van die adolessent gebeur om sy verbeelding te stimuleer en persepsies te verander. Dit lei tot alternatiewe in probleemoplossing en die adolessent se selfbeeld word hierdeur verhoog.

Van der Merwe (1996:114-115) het die stappe van die metafoor soos volg uiteengesit:

- Daar moet 'n *veralgemening* in die situasie van die metafoor met dié van die adolessent wees. Hy moet besef dat ander mense dieselfde situasies ervaar sonder om deur sy eie situasie oorweldig te word;
- projeksie en modellering moet in werking kom wanneer die adolessent *identifiseer* met die karakters. Die adolessent moet homself in die metafoor herken;
- *projeksie* van die storie help die adolessent om sy eie innerlike wêreld met dié van die karakter na vore te bring en emosioneel te beleef. Dit moet tot angstigheid by die adolessent lei, wat tot 'n emosionele band aanleiding gee;
- die karakter van die storie moet as *model* vir die adolessent dien waardeur hy bepaalde gedrag kan aanleer;
- die storie moet aan die adolessent geleentheid bied tot selfinsig om sy eie wense, begeerte en emosie te *ontlaai*. Hy kan dus sy emosies op 'n veilige afstand ondersoek;
- die adolessent herken, deur *selfinsig*, die ooreenkoms tussen sy omstandighede en die van die karakters in die metafoor.

Die metafoor voldoen aan die doel van Gestaltterapie om die adolessent se bewussyn te verhoog en integrasie tussen sy gedrag en emosies te bereik. Wanneer die adolessent met die metafoor identifiseer, vind daar selfaktualisering plaas wat die adolessent in balans bring.

## 5.9 SAMEVATTING

In Gestaltterapie is die doel om by die bewuste van die adolessent wat mishandel is uit te kom en hom te bemagtig. Hiervolgens is Gestaltterapie die hele proses van aksie,

emosies, denke en interaksie tussen die adolessent wat mishandel is, sy konteks en die verhouding waarin hy tot elkeen staan. Hy is voortdurend bewus van die proses van verandering deur die kontak tussen homself en die omgewing. Die veld waarbinne die adolessent leef, bepaal sy proses en omvat al die sisteme wat op die adolessent inwerk en op hom aanspraak maak. Hierdie proses bestaan uit 'n holistiese samevoeging van die adolessent se totale menswees.
Gestaltterapietegnieke word nie gebruik as 'n doel in sigself nie, maar dien as 'n eksperiment. Die spesifieke tegnieke word aangewend om die proses van terapie te fasiliteer. Die eksperiment is vir die adolessent 'n leerervaring om ten volle van sy onvoltooidhede bewus te word en daarvan besit te neem.

In hoofstuk 6 word die navorsingsresultate van die studie vanuit 'n pastorale Gestalt-spelterapeutiese benadering bespreek.

# HOOFSTUK 6

## EMPIRIESE NAVORSING:
## ’N PASTORALE GESTALTBENADERING

### 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word ’n uiteensetting gegee van die empiriese navorsing en die resultate daarvan. Ooreenkomstig die begrensing van die studie word ’n oorsig gegee van die navorsingsproses en -prosedures wat gevolg is. In die literatuurstudie van die voorafgaande hoofstukke is basisteoretiese perspektiewe bespreek na aanleiding van die navorsingsvrae waardeur die studie gerig word. In hierdie verband word verwys na hoofstuk 2 vir die definisie, omvang en simptome van mishandeling; na hoofstuk 3 vir die implikasies van mishandeling op die ontwikkeling van die adolessent; na hoofstuk 4 vir ’n pastorale perspektief op die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld; en na hoofstuk 5 vir ’n teoretiese perspektief op Gestaltterapie aan die adolessent wat mishandel is.

Vanuit ’n pastorale Gestaltterapiebenadering word die adolessent wat mishandel is se verhouding met God benader. Deur die benutting van pastorale terapie in kombinasie met Gestaltterapie is die adolessent gehelp om met die nodige bewustheid te fokus op dit wat op sy voorgrond is ten einde selfregulering van sy emosionele belewenis te bereik.

Die navorsing word aan die hand van die intervensienavorsingsmodel bespreek. Die intervensienavorsingsmodel het as konsep ontwikkel deur die ontwikkelingsnavorsing van Edwin Thomas en Jack Rothman (De Vos 2002d:394). Vanuit hierdie raamwerk is daar gepoog om die gekoördineerde samewerking tussen pastorale terapie en Gestaltterapie daar te stel, sonder om die eiesoortige inhoud en karakter van die pastoraat of die Gestaltterapie verlore te laat gaan.

### 6.2 DIE PROSES EN UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE

#### 6.2.1 Probleemanalise en projekbeplanning

Sosiale probleme kan volgens Hastings (in De Vos 2002d:397) gedefinieer word as omstandighede in die gemeenskap wat ’n negatiewe effek het op die samelewing. Deur die navorsing blyk dit dat mishandeling ’n negatiewe effek het op alle adolessente in die samelewing. Na aanleiding daarvan is mishandeling beskou as ’n sosiale probleem. Deur intervensienavorsing is verder ook bepaal dat dit implikasies het vir die adolessent se verhouding met God.

#### 6.2.1.1 Identifisering en betrek van die kliënt

Volgens De Vos (2002d:398) moet die navorser die populasie bepaal waarbinne die navorsing die behoefte en die belange van die kliënt en die gemeenskap hanteer. Die navorser het alle adolessente in Suid-Afrika wat mishandel is as die universum geïdentifiseer. Die populasie vir hierdie navorsing is die adolessent wat aan die Noordwes-Universiteit studeer, wat uit 'n Christelike huis afkomstig is en tussen die ouderdom van 17 en 20 jaar is.

Die steekproefneming is volgens Zaaiman (2003:51) doelbewus van aard. Gevalle is bestudeer wat aan sekere teoreties beredeneerde maatstawwe voldoen. Hierdie maatstawwe is grootliks bepaal deur die probleemstelling en reikwydte van die studie. 'n Steekproef uit elemente van die populasie is gebruik om sekere fasette van die populasie te beskryf. Twee adolessente van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Potchefstroom studentegemeente wat vir die navorsing aangemeld het, is vir die steekproefneming gebruik. Die steekproefstrategie was 'n waarskynlikheidseleksie waar verskillende vorme van mishandeling nagevors is.

#### 6.2.1.2 Verkryging van toegang tot en samewerking uit die gemeenskap

Voordat die navorser enige deelnemer kon nader om die navorsing te doen, is 'n agtergrond studie oor die navorsing gedoen. Die doelwitte en die navorsingsvraag is geformuleer wat as riglyn gedien het vir die gesprek met potensiële deelnemers. Deur samewerking met belanghebbende persone en ander navorsers is die probleem geïdentifiseer waarna beplanning van die navorsing gedoen is om geselekteerde intervensie te implementeer (De Vos 2002d:399). Die samewerking het verseker dat gesamentlike eienaarskap vir die navorsing aanvaar is.

Volgens Greeff (2002:302) word daar gebruik gemaak van semigestruktureerde een-tot-een onderhoude om die deelnemer se persepsie en benadering tot die navorsing te ontgin. Die navorser het met die gebruik van hierdie onderhoude ook ander kundiges en deelnemers se samewerking verkry.

#### 6.2.1.3 Identifisering van bekommernisse/probleme van die populasie

In die intervensienavorsing is objektief en verkennend te werk gegaan. Die navorser het die projeksie van eksterne sienings van die probleem en sy oplossing vermy deur die probleem van die populasie te probeer verstaan en die navorsing te rig op dit wat in belang van die populasie is (De Vos 2002d:402). Die data-insameling en die literatuurstudie oor die eenheid van ontleding het gedui op die volgende aangeleenthede wat vir die navorsing belangrik is:

- Die adolessent as fokus vir die navorsing;

- mishandeling as fenomeen van die sosiale probleem;
- die invloed van mishandeling op die Godsbeeld van die adolessent.

Die identifikasie van die probleem in die populasie het die navorser gehelp om riglyne vir die navorsing daar te stel en die navorsingsveld af te baken.

#### 6.2.1.4 Analisering van geïdentifiseerde probleme

Soos deur De Vos (2002d:403) voorgestel, het die navorser sekere vrae gestel om die oorsaak van die probleem te verduidelik; waarom die probleem bestaan en waarom intervensie nie in die verlede aangewend is of geslaagd was nie. Die navorser het aan die hand van semigestruktureerde onderhoude (Greeff, 2002:302) die probleem geanaliseer deur met die deelnemers en kundiges op die navorsingsgebied oor die navorsing gesprek te voer.

Die navorsingsvraag is vanuit die literatuurstudie, data-analise en semigestruktureerde onderhoude soos volg geformuleer:

- Hoe word die adolessent wat mishandel is se verhouding met God deur mishandeling beïnvloed?

Die gevolgtrekking oor hierdie vraag word in hoofstuk 7.2.1.2.1 hanteer.

#### 6.2.1.5 Die stel van die doel en doelwitte vir die navorsing

Die finale stap in hierdie fase is die daarstel van die doel en doelwitte vir die navorsing (De Vos, 2002d:404). Die doel en doelwitte het die voorgestelde gevolgtrekking in punt 1.5 en metodes van die intervensienavorsing beskryf en opgeklaar. Die doel met hierdie navorsing was om deur intervensie te bepaal of mishandeling enige implikasies vir die adolessent se verhouding met God het. Die verwagte gevolgtrekking was dat daar deur intervensie vasgestel sal word dat mishandeling bepaalde implikasies het vir die adolessent se verhouding met God. In hoofstuk 7 by punt 7.2.1.2.1 word die gevolgtrekking bespreek. Die stelling vir die navorsing lui dat mishandeling wel negatiewe implikasies vir die Godsbeeld van die adolessent het wat om ŉ terapeutiese benadering vra ter wille van die herstel van die adolessent se verhouding met God. In hoofstuk 7 by punt 7.2.1.2.1 word die stelling bespreek.

Om die doel te bereik is daar doelwitte gestel. Die navorser het die volgende doelwitte, volgens punt 1.4.2, gestel vanuit die data-analise, literatuurstudie en semigestruktureerde onderhoude:

- **Om ŉ grondige literatuurstudie te doen van die definisie, omvang en simptome van mishandeling;**

In hoofstuk 2 is die doelwit bereik deur die literatuurstudie van verskillende vorme van mishandeling, wat verwaarlosing, seksuele mishandeling en emosionele en psigiese

mishandeling insluit. In die literatuurstudie is daar verwys na mishandeling as die doelbewuste optrede van die ouer, opvoeder of 'n ander persoon wat die adolessent mishandel. Deur die data-analise het dit na vore gekom dat die adolessent wat mishandel is, uitgeken word aan sekere kenmerkende gedragspatrone, omdat hy na die traumatiese gebeure sy gevoel van veiligheid verloor.

- **Om die implikasies van mishandeling vir die ontwikkeling van die adolessent te bestudeer;**

In hoofstuk 3 is die doelwit bereik en aangetoon dat die adolessent wat mishandel is deur sy omstandighede beroof is van gesonde menslike ontwikkeling. Deur die literatuurstudie is adolessensie as 'n tydperk van fenomenale uitdagings en ingrypende fisiologiese en psigologiese veranderinge en die invloed van mishandeling op die ontwikkeling van die adolessent bespreek. Uit die literatuurstudie het dit ook geblyk dat mishandeling sowel die adolessent se totale ontwikkeling as sy godsdienstige ervarings en geloofsisteem beïnvloed.

- **Om 'n pastorale perspektief op die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld te beskryf;**

Vanuit die literatuurstudie in hoofstuk 4 is die doelwit bereik en aangetoon dat antropologie 'n belangrike rol in pastorale terapie speel. Die noodsaaklike vereiste van 'n teologiese antropologie in terapie is bespreek omdat tot transendente betekenisvelde toegetree word. Die pastorale terapie beoog, volgens die literatuurstudie, terapie vanweë 'n geïdentifiseerde nood, probleem of krisis waar bepaalde prosedures, vaardighede en gespreksmetodes aangewend word om 'n helpende verhouding tussen die pastor en die adolessent wat mishandel is te vestig. Die waarde van 'n fenomenologiese benadering bestaan, volgens die literatuur in hoofstuk 4, daarin dat dit 'n teologiese antropologie help om die adolessent as persoon binne relasies beter te verstaan. Die implikasie is dat die pastoraat wesenlik geïnteresseer is in die funksie en uitwerking van die Godsvoorstelling of Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is. In aansluiting by die geloofsdimensie van die adolessent is aangetoon dat metafore gebruik kan word om tot 'n verstaan te kom van die persepsies wat die adolessent oor God het.

- **Om 'n teoretiese perspektief op Gestaltterapie aan die adolessent wat mishandel is te beskryf.**

In hoofstuk 5 is die doelwit bereik en aangetoon dat Gestaltterapie ten doel het om by die bewuste van die adolessent wat mishandel is uit te kom en hom te bemagtig. Vanuit die literatuur is aangetoon dat Gestaltterapie die adolessent wat mishandel is bewus maak van die ervaring en emosie wat hy beleef in verhouding met God, die self, ander en die

omgewing. Binne die Gestaltterapie met die adolessent is die volgende teoretiese beginsels van Gestaltterapie in hoofstuk 5 beskryf: holisme, verhouding, organismiese selfregulering, kontakgrensversteuring, bewussyn, ervaring en weerstand, wat elkeen 'n direkte verband en invloed het tydens die terapeutiese werk met die adolessent wat mishandel is. Gestaltterapietegnieke word, volgens die literatuurstudie, aangewend om die proses van terapie te fasiliteer. Die eksperiment is vir die adolessent 'n leerervaring om ten volle bewus te word van die onvoltooidhede en daarvan besit te neem. In die Gestaltterapie word die adolessent se menswees geïntegreer om 'n eenheid te vorm tussen sy denke, gevoel en optrede. Deur die literatuurstudie is aangetoon dat Gestaltterapie 'n holistiese benadering is wat die interafhanklikheid tussen die adolessent en sy omgewing beklemtoon. In die proses vind selfaktualisering en selfontwikkeling plaas.

- **Om vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese benadering die adolessent wat mishandel is se verhouding met God te bespreek deur die Godsbeeld van die adolessent te bepaal.**

In hoofstuk 6 is die doelwit bereik om deur die empiriese navorsing 'n oorsig te bied van die navorsingsproses en prosedures wat tydens die navorsing gevolg is. Die doelwit is bereik deur die fases in die intervensienavorsingsmodel wat fokus op 'n verkennende en beskrywende aard van die navorsing en getrou is aan kwalitatiewe navorsing. In die derde fase van die intervensienavorsing is daar, vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese benadering, die adolessent wat mishandel is se verhouding met God bespreek, deur die Godsbeeld van die adolessent te bepaal. Die resultate en bevindinge van die empiriese ondersoek is aan die hand van die Schoemanmodel bespreek, terwyl die pastoraal-semantiese differensiaal-analise gebruik is as 'n projeksietegniek om die impak te bepaal van 'n abstrakte begrip "God" op die adolessent wat mishandel is se ervaring, waarneming en verwagting van God. Die Schoemanmodel is doelbewus gebruik om die Gestaltterapeutiese proses van die adolessent wat mishandel is te bespreek met behulp van 'n pastorale perspektief.

### 6.2.2 Inligtinginsameling en sintese (samevatting)

Volgens Rothman en Thomas is dit belangrik om bestaande navorsing te bestudeer voor daar met die intervensienavorsing begin word (De Vos, 2002d:405). Die identifisering en selektering van relevante inligting en die gebruik en integrering van gepaste inligtingsbronne het deel gevorm van die kennisverwerwing. Die beoogde uitkoms van hierdie fase was die verwerwing van funksionele elemente wat in die ontwikkeling van die intervensie geïnkorporeer kon word.

#### 6.2.2.1 Die gebruik van bestaande inligtingsbronne

Deur die literatuurstudie en intervensie in die navorsing is die bogenoemde doelwitte bereik. Literatuur uit verwante professies het bygedra tot die uitvoerbaarheid van die ondersoek. Vir die doel van die navorsing is daar, volgens punt 1.10, rekenaardata, tydskrifartikels, boeke, intervensie en semigestruktureerde onderhoude gebruik om inligting te bekom in verband met die adolessent se verhouding met God en sy Godsbeeld. Die navorser se kennis van die adolessente student het ook die aannames en navorsing beïnvloed. Om verdere inligting te bekom is daar ook met kundiges gekonsulteer om 'n meer omvattende beeld van bestaande kennis te verkry.

#### 6.2.2.2 Bestudering van natuurlike voorbeelde

Die navorser het semigestruktureerde onderhoude gebruik om inligting te bekom rakende die adolessent wat mishandel is en sy verhouding met God. Onderhoude is gevoer met die twee deelnemers aan die navorsing asook met die kundiges wat in punt 1.10.2 genoem is.

#### 6.2.2.3 Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle

Die navorser het intervensiemodelle en bruikbare elemente van intervensie geïdentifiseer deur suksesvolle en mislukte programme wat die probleem hanteer het te bestudeer (De Vos, 2002d:407). By die oorweging van suksesvolle intervensiemodelle het die navorser van die Schoemanmodel gebruik gemaak. Die uiteensetting van die Gestaltterapeutiese proses, soos dit deur die Schoemansmodel opgestel is, vorm in die hulpverleningsproses 'n eenheid wat in elke terapeutiese sessie uitgevoer en met sukses toegepas kan word. Al die belangrike aspekte van die Gestaltteorie word binne een proses geïnkorporeer om die doelstelling van Gestaltterapie ten opsigte van die bewuswording, selfondersteuning en integrasie te bereik.

### 6.2.3 Ontwerp

#### 6.2.3.1 Soort navorsing

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is daar vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering gewerk om die navorsingsdoel te bereik. In hoofstuk 1 is daar onderskei tussen basiese en toegepaste navorsing. In die navorsing is daar van basiese navorsing gebruik gemaak. Die basiese navorsing het bygedra tot die navorsingstelling wat geformuleer is. Die adolessent wat mishandel is se verhouding met God is verklaar en beskryf vanuit 'n gestruktureerde vraelys en intervensieresultate. In die vraelys is ongestruktureerde vrae gebruik om die geldigheid van die navorsingsvraagstelling te bepaal. Daar is verklarend gesoek na die oorsaak van die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is. Die navorser het in die navorsing gebruik gemaak van toegepaste

intervensie in ’n intervensienavorsingsmodel. Die intervensienavorsing het objektief en verkennend te werk gegaan met die beskrywende strategie wat daarop gevolg het.

Deur die kwalitatiewe navorsing is die adolessent wat mishandel is in sy eie leefwêreld bestudeer. Die intervensienavorsingsmodel fokus op die verkennende en beskrywende aard van die navorsing wat getrou is aan kwalitatiewe navorsing.

**6.2.3.2 Ontwikkeling van ’n waarnemingsisteem**

Die navorser het ’n maatstaf ontwerp om gebeurtenisse wat met die fenomeen verband hou waar te neem, asook ’n metodesisteem om die omvang van die probleem te bepaal (De Vos, 2002d:408). Deur die literatuurstudie, gestruktureerde vraelys en intervensieresultate is die adolessent wat mishandel is se verhouding met God verklaar en beskryf. Beskrywend is daar gepoog om die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is te verstaan deur die detail van die elemente wat daarvan ’n verskynsel maak, waar te neem, en sodoende ’n empiriese basis vir geldige argumentering te bied (Zaaiman, 2003:17).

**6.2.3.3 Spesifisering van die prosedure-elemente van die intervensie**

Die Schoemanmodel is doelbewus gebruik om die Gestaltterapeutiese proses van die adolessent wat mishandel is te bespreek. Met behulp van ’n pastorale terapeutiese perspektief is die intervensie gerig op die adolessent se verhouding met God en sy Godsbeeld. Die volgende prosedure is gevolg tydens die intervensie met die adolessent wat mishandel is (Schoeman, 1999:13):

- Die bou van ’n terapeutiese verhouding;
- Kontakmaking;
- die adolessent se proses;
- die terapeut vra die adolessent om ’n projeksie te maak;
- besitneming van projeksie;
- bepaling van alternatiewe;
- keuses en verantwoordelikhede;
- die adolessent moet sy emosie besit en uitdruk;
- polariteite;
- bemagtiging van die adolessent;
- selfvertroeteling;
- evaluering van die proses en terminering.

Die resultate en bevindinge van die empiriese ondersoek is aan die hand van die Schoemanmodel bespreek, terwyl die pastoraal-semantiese differensiaal-analise gebruik

is as ’n projeksietegniek om die impak te bepaal van ’n abstrakte begrip “God” op die adolessent wat mishandel is se ervaring, waarneming en verwagting van God.

### 6.2.4 Vroeë ontwikkeling en voorondersoek

Thomas (in De Vos 2002d:409) definieer vroeë ontwikkeling en voorondersoek in drie stappe:

- Ontwikkeling van ’n prototipe intervensie;
- uitvoer van ’n voorondersoek;
- toepas van ontwerpkriteria op die voor-intervensiekonsep.

Slegs die eerste fase word in die navorsing tot uitvoering gebring. Hierdie fase behels die integrering van die empiriese resultate met die literatuurstudie en die data-analise waarvolgens die intervensiebenadering saamgestel is vir implementering en evaluering.

## 6.3 RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

Die doel met die navorsing is om deur intervensie te bepaal of mishandeling enige implikasies het vir die adolessent se verhouding met God. Na aanleiding van die navorsingsdoel sal daar hoofsaaklik gekonsentreer word op mishandeling en die adolessent se verhouding met God. Die empiriese navorsing gee ’n oorsig van die navorsingsproses en prosedures wat tydens die ondersoek gevolg is. Die resultate en bevindinge van die empiriese ondersoek sal, volgens punt 6.2.2.3 en 6.2.3.2, aan die hand van die Schoemanmodel bespreek word.

Die uiteensetting van die pastorale Gestaltterapiebenadering vorm in die hulpverleningsproses ’n eenheid wat, met die gebruik van die Schoemanmodel as terapeutiese model, in elke terapeutiese sessie toegepas kan word. Al die belangrike aspekte van die pastorale Gestaltterapie benadering word in een proses geïnkorporeer om die doelstelling van Gestaltterapie ten opsigte van die bewuswording, selfondersteuning en integrasie te bereik.

In die verslag word die pastorale Gestaltterapiebenadering onder elke stap van die Schoemanmodel bespreek met die veronderstelling dat spelterapietegnieke gebruik is. By 6.3.4 sal die projeksie uitgebrei word deur die gebruik van die pastoraal-semantiese differensiaal-analise om die adolessent wat mishandel is se verhouding met God te bepaal. Met die gebruik van metafore sal die Godsbeeld van die adolessent in verband gebring word met die adolessent se verhouding met God.

### 6.3.1 Die bou van 'n terapeutiese verhouding met die adolessent wat mishandel is

In die terapeutiese proses is die bou van 'n verhouding met die adolessent[2] wat mishandel is die eerste stap in Schoeman (1999:13) se terapeutiese model. Pastorale Gestaltterapie help om die adolessent wat mishandel is se diepste gevoel, vrees en frustrasie te ontsluit en hom bewus te maak van die ervaring en emosie wat hy beleef in verhouding met God, die self, ander en die omgewing. In die eerste ontmoeting met die respondente is daar 'n terapeutiese klimaat geskep waar hulle veilig kon voel om aan die navorsing deel te neem.

#### 6.3.1.1 Die totstandkoming van die verhouding ("I-Thou")

In die literatuurstudie is die pastorale uitgangspunt waarin pastorale terapie gefundeer word, dat die respondent se verhouding met God disfunksioneel geword het as gevolg van mishandeling. Die navorser het baie aandag daaraan geskenk om 'n vertrouensverhouding te bou waar die respondente veilig gevoel het en bereid was om hulle verwarde en pynlike emosies na vore te bring. In die ontmoeting met die respondente is daar 'n gevoel van eenheid en vertroulikheid geskep waar hulle bemagtig is om aan die emosie wat deur die mishandeling veroorsaak is te werk.

Om die bewussynsveld vas te stel, het die navorser in die terapie bepaal wat die ervarings is wat die respondente beleef en hoe hulle optree. Die rol van sensoriese bewuswording het 'n belangrike rol gespeel in die respondente se bewuswordingsproses. Die respondente is ook hanteer as unieke persone met hulle eie standpunte, grense en wyses van optrede. In 'n pastoraal-teologiese antropologie word die respondent as deel van die skepping beskou. Elke respondent het as skepsel en beelddraer van God 'n bepaalde beeld van homself. Hiervolgens is die respondente as holistiese eenheidswesens wat vanuit die perspektief van siel, gees, en liggaam beskryf kan word, van hulle eie menswees bewus gemaak.

Die respondente se weerstand is deur reflektering van gevoelens hanteer. Deur die proses van bewuswording is die respondente bemagtig om selfondersteuning aan hulleself te gee en hulle in staat te stel om aan hulle onvoltooidhede te werk. Onvoltooidhede ("unfinished business") het ontstaan as gevolg van onvervulde behoeftes en onderdrukte gevoelens. Daarom was die respondente se wêreld in polariteite verdeel waar hulle dieselfde persoon liefhet en haat.

Die respondente is deur die navorser gelei om die polariteite se voorkoms ten opsigte van die omgewing en hulleself te verstaan. Die introjekte wat die respondente ervaar en nie geassimileer het nie, het veroorsaak dat hulle begin rolle speel en nie verantwoordelikheid

---

[2] In die beskrywing van die empiriese navorsing sal daar, by die hantering van die pastorale Gestaltbenadering volgens die Schoeman model, na "die respondent" verwys word, behalwe waar terugverwys word na die literatuurstudie.

wou aanvaar nie. Die respondente moes self verantwoordelikheid aanvaar vir die wyses waarop hulle optree en vir die keuses wat hulle uitoefen. Deur verantwoordelikheid vir hulleself te aanvaar het die respondente se selfbeeld gegroei en het hulle nie meer ander vir hulle optrede blameer nie.

**6.3.1.2 Grense in die terapeutiese verhouding**

Volgens die literatuurstudie is die bepaling van grense in 'n terapeutiese verhouding nodig, aangesien groei nie kan plaasvind in 'n gedisorganiseerde verhouding nie. In die stel van grense is die respondente geleentheid gebied om keuses te maak en verantwoordelikheid vir hulle optrede te aanvaar. Dit het bygedra tot verhoging in die respondente se selfregulering en selfwaarde. Die respondente was baie verward ten opsigte van grense as gevolg van die inkonsekwente optrede van die ouers.

By die respondente was die oortreding van morele grense 'n gedragsprobleem waarby ongemak geskep is deur die verhoging van hulle kontak met hulleself en hulle omgewing en die herformulering van meer aanvaarbare grense. In die navorsing is die respondente begelei om hulle op 'n moreel-aanvaarbare wyse uit te druk.

**6.3.2 Kontakmaking**

Uit die literatuur het 'n belangrike aspek in die God-mens-verhouding na vore gekom. Die ontmoeting met God het binne 'n bepaalde samesyn plaasgevind. In Schoeman se proses is sensoriese kontakmaking van die respondent Stap 2 en kom dit duidelik na vore dat daar sekere fases in die intervensieproses is:

- Voor-kontakfase wat beïnvloed word deur die introjeksie;
- kontakfase wat beïnvloed word deur projeksie;
- finalekontakfase wat beïnvloed word deur retrofleksie;
- na-kontakfase wat beïnvloed word deur samevloeiing.

In die ontmoeting met die respondente is die bewussynsvlak verhoog deur sensoriese, emosionele en kognitiewe behoeftes. Al vyf die sintuie – smaak, reuk, visie, gehoor en tassintuig – is tydens die aanvang van die sessie en gedurende die sessie benut om die respondente in kontak met hulleself te hou. Sensoriese en liggaamlike kontakmaking het bygedra tot die respondente se holistiese funksionering as mense waar hulle denke, emosie en liggaam 'n eenheid vorm.

Deur die bewuswording van hulle sensoriese en liggaamlike funksies het die respondente bewus geword van die emosies wat hulle op daardie oomblik ervaar. Dit het ook na vore gekom dat die respondente hulleself wil beskerm, en hulle doelbewus distansieer van hulle sensoriese ervaring om minder pyn te beleef. Die respondente is in kontak gebring met hulle sensoriese funksie en bemagtig om beheer oor hulle eie lewe te verkry.

### 6.3.3 Die adolessent se proses

Die vasstelling van die respondent se proses is die derde stap in Schoeman (1999:13) se terapeutiese model. Volgens die literatuur is die adolessent vleeslik en aardsgebonde en daardeur swak, broos, sterflik en afhanklik van die relasie met God. Die adolessent beskik oor 'n geestelike dimensie wat die ander dimensies omvou, naamlik die verhouding tot God. In hoofstuk 3 is gefokus op die ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is. Dié ontwikkeling geskied in totaliteit, wat daarop gedui het dat mishandeling die gesonde ontwikkeling van die adolessent beïnvloed het.

Die vasstelling van die respondente se proses was noodsaaklik, omdat elkeen se Gestalt op 'n unieke wyse saamgestel is. In die pastorale Gestaltterapie het die proses ten opsigte van die respondente se belewenis van die probleem meer gewig gedra as die werklike inhoud van die probleem. In die literatuur het dit na vore gekom dat ook die geestelike dimensie van die adolessent 'n bepaalde invloed op sy gedrag uitoefen. Binne die eskatologiese spanning is die adolessent se proses 'n voortdurende ontwikkelingsproses wat op grond van die werk van die Heilige Gees die groeiproses van geloofsvolwassenheid uitmaak.

Die proses van die respondente is bepaal deur op die hantering van alledaagse probleme te let. 'n Fantasie soos in punt 5.8.6.1 verduidelik, is geskep waar die respondente 'n obstruksie ervaar en keuses en besluite uitgeoefen het. Uit die fantasie is hulle emosies in verskillende situasies bepaal, asook op watter wyse hulle dit hanteer. Die respondente se houding en onuitgesproke emosies is ook deur hulle liggaamshouding uitgebeeld. Die respondente se proses wat hulle deurgegee het, spreek van depressie, moedeloosheid, swak selfbeeld, woede en angs. Die navorser het die respondente in hulle proses begelei sodat hulle in staat kon wees om self weer 'n nuwe proses te vorm. Volgens die literatuurstudie is die faktore wat 'n invloed het op die adolessent wat mishandel is se proses sy selfkonsep, ontwikkelingsfase en die mishandeling self.

Vanuit die literatuur is kennis geneem van die konsekwensies en uitwerking wat 'n teologiese antropologie in terapie vereis omdat tot transendente betekenisvelde toegetree word. Die respondente is uit 'n skeppings- en herskeppingsperspektief benader met die oog op geloofsgroei en versoening met Christus. Hierdeur is hulle selfkonsep gevorm deur verskillende ervaringe wat hulle uit hulle wêreld integreer, soos dit in hoofstuk 2 en 3 bespreek is. Die respondente het kontakversteuring getoon ten opsigte van samevloeiing, projeksie en introjeksie uit die omgewing en kon nie hulle eie selfkonsep ontwikkel nie. Die respondente is tydens die terapie bemagtig om selfaktualiserend op te tree, sensories in kontak te kom en 'n nuwe bewustheid te skep, waardeur hulle hul emosie en gedrag kon

identifiseer. Hierdeur is die respondente in kontak met hulleself gebring en kon hulle bepaalde gevoelens deur liggaamlike en sensoriese ervaring aanvaar wat gehelp het dat hulle die emosie kon herken en besit. In die terapeutiese proses is ruimte geskep vir ontlading van aggressie, wat oorgegaan het in bewuswording van wanneer, waar en teenoor wie hulle so voel en hoe hulle die aggressie op 'n aanvaarbare wyse kan hanteer.

### 6.3.4 Die terapeut vra die adolessent om 'n projeksie te maak

In Schoeman (1999:13) se model is dit stap 4 van die terapeutiese proses. In hoofstuk 4 is die gebruik van metafore verduidelik as die beginsels van geloofshulp en lewenshulp. Volgens die literatuur word die adolessent se Godsbeeld beïnvloed deur bepaalde interne en eksterne faktore soos ouers, portuurgroep, godsdiensonderrig, samelewing en sy ontwikkelingsproses. Die praktiese implikasie van die terapie behels die ingesteldheid van die pastorale Gestaltterapie om die respondent se Godsverstaan te ontwikkel. 'n Analise van die Godsvoorstelling het die spiritualiteit en geloofsvolwassenheid van die respondent bepaal. Verskillende projeksietegnieke is in punt 5.8 bespreek. Schoeman (1999:1) stel voor dat die volgende stappe gevolg word om die projeksie te besit:

- Die respondent moet die projeksie beskryf;
- hoe oud is die projeksie?
- watter rol speel kleur in die projeksie?
- watter emosies kan in die projeksie voorkom?
- waar bly en funksioneer dit?
- waar werk dit, wie is hulle vriende?
- enigiets wat belangrik is.

Alhoewel Oaklander (1988:74) se veertien stappe ook gebruik kon word om die projeksie te ontleed, het die navorser besluit om binne die beperkte omvang van die navorsing by die Schoemanmodel te bly.

In hoofstuk 4 is die metaforiese werkwyse binne die pastorale ontmoeting met die adolessent wat mishandel is beskryf. Vanuit die literatuur is by punt 4.5 'n pastorale analise geïdentifiseer wat onderverdeel word in die aard van geloof, godsdiens en Godsvoorstelling. Die hermeneutiese modelle (punt 4.5.3.2) is nie bedoel om die adolessent wat mishandel is se Godsverstaan te toets of te meet nie. Dit wil slegs help tot 'n beter verstaan en verheldering van die impak van geloof op die adolessent wat mishandel is se lewe.

Die navorser het verkies om in die *teo*-logiese analise die pastoraal-semantiese differensiaal-analise te gebruik op die terrein van persepsies en emosionele ervaring. Die pastoraal-semantiese differensiaal-analise (punt 4.5.3.2.3) is gebruik as 'n

projeksietegniek om die impak te bepaal van 'n abstrakte begrip "God" op die respondente se ervaring, waarneming en verwagting van God. Die respondente se verstaan van God is vasgestel deur die inhoud van hulle Godskonsepte. Sentraal in die analise is die invloed van 'n spesifieke verstaan van God op die respondente se ervaring en belewing van God binne die netwerk van verhoudinge en sosio-kulturele kontekste.

In Bylae 3 word die pastoraal-semantiese differensiaal-analise aangeheg. Uit die resultate van die semantiese differensiaal-ontleding van die Godskonsep van die twee respondente[3] (Bylae 4 en 5) is die volgende pare van kontra-adjektiewe deur semigestruktureerde vrae aan die respondente geïdentifiseer:

- (a) Die *waarskynlikheidsdimensie* konsentreer op die respondent se oortuiging rakende die werklikheidsgehalte van sy Godservaring. Die direkte indikasie in die respondente se waardebepaling is die konsep wat as werklik ervaar word.

  Respondent 1: Hy het God as 'n werklikheid beleef wat nie altyd kenbaar is nie. God word deur die respondent gesien as God ('n Persoon), wat voorstelbaar is.

  Respondent 2: Sy het God as 'n werklikheid verstaan wat kenbaar is. God word deur die respondent as 'n algemene idee beskryf wat voorstelbaar is.

- (b) Die *evaluerende dimensie* (opbouend of remmend) konsentreer op die emosioneel-kognitiewe waarde van begrippe wat meer affektief of meer kognitief gekleur kan wees. 'n Positiewe assosiasie word opgeroep wat opbouend of remmend funksioneer.

  Respondent 1: Sy Godsbeeld stel God as die onregverdige en partydige God voor wat wispelturig is, verander en vyandig optree. Alhoewel God genadig kan wees, is Hy dikwels wisselvallig.

  Respondent 2: Sy stel God voor as onregverdig en veranderbaar. Hy is onbarmhartig, vyandig en wisselvallig.

- (c) Die *potensiaaldimensie* (sterk of swak) konsentreer op die vermoë wat in 'n betrokke konsep skuil. In die vasstelling van die waarde of potensiaal in 'n Godsvoorstelling speel die respondent wat mishandel is se spesifieke behoeftes en verwagtingskemas 'n beslissende rol. 'n Bepaalde verwagting word gekoester wat 'n aanduiding is van die potensiaal van die konsep en die graad van identifikasie daarmee.

  Respondent 1: Hy stel God voor as die almagtige God wat kan doen wat Hy wil en Hom bekend maak in sy medelye met die respondent.

[3] Respondent 1 is deur albei ouers fisiek mishandel. Respondent 2 is deur haar stiefpa gemolesteer.

Respondent 2: Sy stel God voor as die almagtige God wat ook medelydend optree en kenbaar is.

- (d) Die *aktiwiteitsdimensie* (aktief of passief - neutraal kan wees) konsentreer op aksie. Die assosiasies kan óf in die aksie/doenende rigting óf in die passiewe/onbetrokke rigting beweeg. In die respondent se behoefte aan aksie en handeling word 'n assosiasie gekoester wat doeltreffende aksie suggereer.

Respondent 1: Hy beleef God op 'n afstand en ervaar verwerping omdat God net die slegte en seer dinge met hom laat gebeur. Hy beskou God nie as die Een wat help nie, maar sy gawes weerhou en Homself onttrek. Daarom beskou die respondent God as passief.

Respondent 2: Sy beleef God as afwesig en ervaar ook verwerping. Sy beskou God as die Een wat Homself onttrek en sy gawes weerhou. By die respondent word God ook as passief voorgestel.

Die semantiese differensiaal-ontleding wys of die respondent se verstaan van God toepaslik (konstruktief/positief) of ontoepaslik (ontwrigtend/negatief) is. In hoofstuk 4 is gestel dat die pastoraal-semantiese differensiaal-analise ook fokus op die kognitiewe assosiasies van die adolessent se verstaan van God en nie net op die affektiewe assosiasies van geloofsbelewinge nie.

### 6.3.5 Besitneming van projeksie

Die volgende negatiewe (ontoepaslike) Godsvoorstellings het by die respondente na vore gekom in die pastoraal-semantiese differensiaal-analise en vanuit semigestruktureerde vrae wat die navorser gevra het:

Respondent 1: God as Regter – die idee van straf en skuld is oorheersend in die respondent se gevoelswêreld.

Respondent 2: God as 'n Vader – lyding word ervaar as 'n "tugtiging" waardeur God die respondent louter, opvoed en leer deur die krisis.

Hierdie projeksies het aan die respondente die geleentheid gebied om 'n sterk sin vir die self te ontwikkel, omdat hulle met hulleself en hulle verhouding met God in kontak gekom het. In hoofstuk 4 het dit duidelik geword dat 'n gesonde verhouding tussen ouer en kind belangrik is vir die vorming van 'n positiewe Godsbeeld by die adolessent. Die respondente het deur die projeksies te besit 'n stelling oor hulleself en God gemaak en die wyses hoe Hy optree bepaal. Deur die projeksies is die respondente se bewussyn oor hulleself en hulle verhouding met God versterk. Die respondente se Godsbeeld is deur die projeksies verhoog, en deur die volgende stap is hulle bemagtig om selfondersteunend op te tree in die besit van die projeksies en die kies van alternatiewe.

### 6.3.6 Bepaling van alternatiewe

Binne die eskatologiese spanning is die respondent se bestaan 'n voortdurende ontwikkelingsproses wat op grond van die werk van die Heilige Gees die groeiproses van geloofsvolwassenheid uitmaak. Die respondente is in kontak gebring met hulleself en met die gedrag en emosies wat in die projeksies voorgekom het. Alternatiewe ten opsigte van hulle situasie is saamgestel en in die volgende begrippe uitgedruk:

**Die verlede**

Al die alternatiewe wat die respondente in soortgelyke situasies in die verlede gebruik het, is bepaal.

**Die hede**

Die terapeut het deur middel van rollespel en die leëstoeltegniek die respondente begelei om te bepaal wat hulle nou aan die situasie kan doen.

**Die toekoms**

Die respondente het alternatiewe vir die situasie bepaal en is bemagtig om self die keuse te maak ten opsigte van hulle optrede en om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. In die projeksies is daar polariteite gebruik om die respondente met positiewe Godsvoorstellinge te bemagtig. Die volgende positiewe Godsvoorstellinge (toepaslike/volwasse geloof) het as alternatiewe by die respondente na vore gekom:

Respondent 1: God as Vriend, Bondgenoot en Vertroueling – die respondent ervaar God se troos en ontfermende liefde.

Respondent 2: God as 'n *deernisvolle, lydende God* (die patos van God) – die respondent ervaar God se medelye, meelewing en identifisering.

Die positiewe Godsvoorstellinge het die respondente se geloofsgedrag ontwikkel en hulle bemagtig in die ervaring van hoop, liefde, dankbaarheid en vreugde.

### 6.3.7 Keuses en verantwoordelikhede

Pastoraat se spesifieke karakter setel in die area van geloofsversorging met die oog op geloofsgroei tot geloofsvolwassenheid. In die literatuur is dit duidelik dat die adolessent wat van keuses weerhou word, daarmee van die ontwikkeling van selfverantwoordelikheid weerhou word. Deur die respondente se eksperimentele gedrag is hulle opsies en keuses ondersoek en is die vrese wat hulle ontken het, na vore gebring en hanteer. Hierdeur is die respondente in staat gestel om verantwoordelikheid vir hulle eie gedrag en emosie te aanvaar en selfondersteunend ten opsigte van die uitvoering van hulle keuse op te tree. Die respondente het in die proses van verandering met nuwe gedrag geëksperimenteer deur eie keuses uit te oefen. Hierdeur het die respondente verantwoordelikheid vir hulle

nuwe gedrag aanvaar en selfondersteuning, selfaktualisering en integrasie het plaasgevind.

### 6.3.8 Die adolessent moet sy emosie besit en uitdruk

In die projeksies het die respondente besit geneem van hulle emosie. Die besit en uitdruk van emosie het 'n deurlopende proses gevorm vanaf verhoudingsbou deur sensoriese kontakmaking na bewuswording. Die innerlike self het in die alledaagse leefwêreld van die respondente tot openbaring gekom in die uiterlike self. In die terapie is aktiwiteite benut om die aggressie-energie te voel en te beleef. Deur dit in die sessies uit te speel in polariteite, het die respondente geleentheid gekry om van hulle kontakversteuring bewus te word.

### 6.3.9 Polariteite

Deur in polariteite te werk is die respondente se bewussyn van hulle emosies en optredes versterk. Die benutting van polariteite het, ooreenkomstig die literatuurstudie (punt 5.8.1.5) die realiteit by die respondente tuisgebring en hulle uit die ontkenning van hulle emosies gelig.

### 6.3.10 Bemagtiging van die adolessent

Bemagtiging van die adolessent is 'n deurlopende beginsel van Gestaltterapie dwarsdeur die terapeutiese proses. Die respondente is erkenning gegee vir die deelname aan terapie. Kragtens van die eskatologiese perspektief op die mens konvergeer die totale gerigtheid van die respondent op die dimensie van die heil in die evangelie en die rykshandelinge van God. Hiervolgens is die pastoraat gerig op die herstel van die Godsverhouding met die oog op geloofsvolwassenheid. Dit volg 'n teonome benadering wat beteken dat daar 'n balans tussen die verhouding tot God (deduktief) en die implikasies vir die lewe (hermeneuties induktief) is. Met die erkenning van emosie is die respondente deur reflektering bemagtig en het selfontwikkeling en selfaktualisering plaasgevind wat selfondersteuning meegebring en tot integrasie gelei het.

### 6.3.11 Selfvertroeteling

Die verbondsontmoeting tussen God en die adolessent bied ruimte vir 'n hoopgebaseerde terapie omdat God in die verbond sy beloftes van liefde en omgee bevestig deur middel van die dinamiese werking van die Heilige Gees. Vir die doel van 'n paradigmaverskuiwing in die pastorale ontmoeting en die belangrike rol van 'n metaforiese aanpak in die pastorale terapie, is daar rekening gehou met die dinamiese kontekste van lewenservaringe en betekenisvelde in die Godsvoorstelling. God se liefde skep intimiteit wat vir die adolessent wil sê: "God aanvaar elke persoon onvoorwaardelik. Hy is Iemand wat werklik omgee en te alle tye trou sal bly aan dit wat Hy beloof het" (Louw, 1999b:115).

Deur selfvertroeteling het die respondente hulle beheer in stand gehou en integrasie van hulle hele menswees het plaasgevind. In die proses van vertroeteling is die respondente gehelp om 'n veilige plek te skep, waar hulle hulself kon vertroetel om hulle balans te herstel. Hierdie proses van selfvertroeteling het die respondente bemagtig om ook in hulle eie behoeftes te voorsien en selfondersteunend in hulle verhouding met God op te tree.

#### 6.3.12 Evaluering van die proses en terminering

Terminering is volgens die literatuur in hoofstuk 5 die fase in die terapie waar die figuur (proses) wat op die voorgrond was, voltooi is, terugtree en homeostase bereik word. Die respondente het hulle behoeftes geverbaliseer en verantwoordelikheid vir hulle eie emosies en gedrag aanvaar. In die evalueringsproses het die terminering van die terapie na vore gekom sodat die respondente betyds voorberei is op die terminering om nie hierdeur verwerping te beleef nie. Die respondente is genoeg tyd gegun om al hulle gevoelens rondom terminering uit te druk en te hanteer.

## 6.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die empiriese navorsing deur die intervensienavorsingsmodel en die analisering van die kwalitatiewe data beskryf. Die navorsing was in die spanning begrepe wat 'n voortdurende wisselwerking tussen pastoraat en psigologie meebring, omdat beide met dieselfde mens as skepsel en beelddraer van God werk. Pastorale terapie behoort in 'n dinamiese buurmanskap met ander hulpverleningdissiplines saam te werk. Ten einde die Godsbeeld van die respondente binne die omvang van die studie te kon begryp, is hulle ontwikkeling ook binne die konteks van mishandeling beskryf.

Vir die doel van 'n paradigmaverskuiwing in die pastorale ontmoeting en die belangrike rol van 'n metaforiese aanpak in die pastorale Gestaltterapiebenadering moet daar rekening gehou word met die dinamiese kontekste van lewenservaringe en betekenisvelde in die Godsvoorstelling. Ten diepste wil die pastorale Gestaltterapeutiese ontmoeting die adolessent wat mishandel is troos en versorg vanuit 'n meer doelmatige verstaan van God.

Die navorsing reflekteer die invloed van mishandeling op die adolessent se verhouding met God en stem ooreen met die literatuur wat in hoofstukke 2, 3, 4 en 5 bespreek is. Die navorser het in die toepassing van die pastorale Gestaltterapiebenadering die Schoemanmodel gebruik soos dit in hoofstukke 4 en 5 uiteengesit is.

In hoofstuk 7 word aandag geskenk aan die evaluering, samevatting, gevolgtrekkings en aanbeveling van die navorsing.

# Hoofstuk 7

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELING

### 7.1 INLEIDING

Daar bestaan volgens die navorser ’n behoefte om die adolessent wat mishandel is se verhouding met God te verstaan en terapeute vanuit ’n pastorale Gestaltterapiebenadering te bemagtig om insig en sensitiwiteit te ontwikkel ten opsigte van die adolessent wat mishandel is.

Die proses van die intervensienavorsingsmodel bestaan uit ses fases wat in hoofstuk 6 bespreek is. Die fases in die intervensienavorsingsmodel fokus op ’n verkennende en beskrywende aard van navorsing wat getrou is aan kwalitatiewe navorsing. Die eerste en tweede fase van die intervensienavorsingsmodel is verkennend van aard, terwyl die derde fase beskrywend is. In hierdie hoofstuk word die vierde fase benader vanuit die vroeë ontwikkeling van ’n prototipe-intervensie waar die gevolgtrekkings en aanbeveling uit die navorsing deel is van die voorondersoek. In hierdie fase word stap een, wat die vroeë ontwikkeling van ’n prototipe-intervensie behels, uitgevoer. Dit behels die integrering van empiriese resultate met die literatuurondersoek waaruit die pastorale Gestaltterapiebenadering ontwikkel is. In die navorsingsondersoek het die navorser sekere pastorale en Gestaltteoriekonsepte beskryf, ontleed en toegepas binne die beperkte omvang van die navorsing.

In hierdie hoofstuk word daar na aanleiding van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek gevolgtrekkings en ’n aanbeveling gemaak. Dit is noodsaaklik om te bepaal of die doel en doelwitte vir die navorsing bereik is en of die probleemformulering en navorsingsvraag opgelos is.

### 7.2 NAVORSINGSPROBLEEM, NAVORSINGSVRAAG EN DOEL VAN DIE NAVORSING

#### 7.2.1 Hoofstuk 1: Algemene inleiding tot die navorsing

##### 7.2.1.1 Samevatting van die hoofstuk

In hoofstuk 1 is daar gefokus op die motivering vir die keuse van die onderwerp, die probleemstelling en navorsingsvrae, die doel en doelwitte, voorondersoek, navorsingsmetodologie, afgrensing van studie, definiëring van hoofkonsepte en die indeling van die navorsingsverslag.

Hierdie studie is gerig deur die navorsingsprobleem wat in hoofstuk 1 (punt 1.3) aangedui is. Die navorsingsprobleem hang saam met die vraag of mishandeling enige implikasies

het vir die adolessent se verhouding met God. Vanuit die navorsingsprobleem het die navorsingsvraagstelling gevloei ten opsigte van die adolessent wat mishandel is se verhouding met God en die invloed van mishandeling op die verhouding. As stelling is geformuleer dat mishandeling wel negatiewe implikasies vir die Godsbeeld van die adolessent het wat om 'n terapeutiese benadering vra ter wille van die herstel van die adolessent se verhouding met God.

Die doel van die navorsing, in punt 1.4.1 gestel, was *om deur intervensie te bepaal of mishandeling enige implikasies het vir die adolessent se verhouding met God.* Vir die doeleindes van hierdie navorsing is daar vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering gewerk.

**7.2.1.2 Gevolgtrekking**

**7.2.1.2.1 Gevolgtrekking oor die navorsingsvraag**

Die navorsingsvraag vir die navorsing is soos volg geformuleer: Hoe word die adolessent wat mishandel is se verhouding met God deur mishandeling beïnvloed?

Die stelling vir hierdie navorsing lui dat mishandeling wel negatiewe implikasies vir die Godsbeeld van die adolessent het wat om 'n terapeutiese benadering vra ter wille van die herstel van die adolessent se verhouding met God. Die navorser is van mening dat hierdie stelling deur die literatuurstudie en die empiriese navorsing gestaaf is, naamlik dat mishandeling wel negatiewe implikasies het vir die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is.

Die verwagte gevolgtrekking na afloop van die navorsing was dat daar deur intervensie vasgestel sal word dat mishandeling bepaalde implikasies het vir die adolessent se verhouding met God. Die navorser is van mening dat daar deur intervensie, met gebruik making van die Schoemanmodel, bewys gelewer is van die implikasies van mishandeling op die adolessent se verhouding met God.

**7.2.1.2.2 Bereiking van doel**

Die doel van die navorsing, in punt 1.4.1 gestel, was *om deur intervensie te bepaal of mishandeling enige implikasies het vir die adolessent se verhouding met God.*

Volgens die navorser is die doel bereik deur die kwalitatiewe navorsing en die gebruik van die intervensienavorsingsmodel. Die empiriese resultate is met die literatuurondersoek in verband gebring en geïntegreer en aan die hand van die Schoemanmodel bespreek, terwyl die pastoraal-semantiese differensiaal-analise gebruik is as 'n projeksietegniek om die impak te bepaal van 'n abstrakte begrip "God" op die adolessent wat mishandel is se ervaring, waarneming en verwagting van God.

#### 7.2.1.2.3 Bereiking van doelwitte

Met behulp van die beantwoording van die navorsingsvraag in hoofstuk 6 is die navorsingsprobleem ontsluit. Die doel van die navorsing is hoofsaaklik deur middel van kwalitatiewe navorsing ondersoek met die gebruik van die intervensienavorsingsmodel. Daar is beoog om die doel van die navorsing deur die volgende doelwitte te bereik:

Doelwit 1: Om ’n grondige literatuurstudie te doen van die definisie, omvang en simptome van mishandeling.

Volgens die navorser is hierdie doelwit bereik deur die literatuurstudie in hoofstuk 2.

Doelwit 2: Om die implikasies van mishandeling op die ontwikkeling van die adolessent te bestudeer.

Volgens die navorser is die doelwit bereik deur die literatuurstudie in hoofstuk 3.

Doelwit 3: Om ’n pastorale perspektief op die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld te beskryf.

Volgens die navorser is die doelwit bereik deur die literatuurstudie in hoofstuk 4.

Doelwit 4: Om ’n teoretiese perspektief op Gestaltterapie aan die adolessent wat mishandel is te beskryf.

Volgens die navorser is die doelwit bereik deur die literatuurstudie in hoofstuk 5.

Doelwit 5: Om vanuit ’n pastorale Gestaltterapeutiese benadering die adolessent wat mishandel is se verhouding met God te bespreek deur die Godsbeeld van die adolessent te bepaal.

Volgens die navorser is die doelwit bereik deur die literatuurstudie, semigestruktureerde vrae, intervensie en assessering, onderhoude en gestruktureerde vraelys wat as ’n geheel ontleed is vanuit die kwalitatiewe navorsing, soos in hoofstuk 6 beskryf.

## 7.3 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING VOLGENS DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE

### 7.3.1 Hoofstuk 2: Die definisie, omvang en simptome van mishandeling

Doelwit 1: Om ’n grondige literatuurstudie te doen van die definisie, omvang en simptome van mishandeling.

#### 7.3.1.1 Samevatting van die hoofstuk

In hoofstuk 2 is daar gefokus op die definisie, omvang en simptome van mishandeling. Verskillende vorme van mishandeling, wat verwaarlosing, seksuele mishandeling en emosionele en psigiese mishandeling insluit, is in die literatuurstudie bespreek. Uit die data-analise het dit na vore gekom dat die adolessent wat mishandel is, uitgeken word aan sekere kenmerkende gedragspatrone, omdat hy na die traumatiese gebeure sy gevoel van veiligheid verloor.

#### 7.3.1.2 Gevolgtrekking

Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat mishandeling een van die mees traumatiese ervarings is wat deur ‘n adolessent beleef kan word en dat dit ’n langtermyneffek het op die adolessent wat daaraan blootgestel is.

Deur die literatuurstudie in hoofstuk 2 en die empiriese navorsing in hoofstuk 6 is die doelwit bereik.

### 7.3.2 Hoofstuk 3: Die implikasies van mishandeling vir die ontwikkeling van die adolessent

Doelwit 2: Om die implikasies van mishandeling op die ontwikkeling van die adolessent te bestudeer.

#### 7.3.2.1 Samevatting van die hoofstuk

In hoofstuk 3 is aangetoon dat die adolessent wat mishandel is deur sy omstandighede beroof is van gesonde menslike ontwikkeling. Adolessensie is ’n tydperk van fenomenale uitdagings en ingrypende fisiologiese en psigologiese veranderinge. Die invloed van mishandeling op die adolessent se ontwikkeling beïnvloed sowel sy totale ontwikkeling as sy godsdienstige ervarings en geloofsisteem.

#### 7.3.2.2 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is dit duidelik dat mishandeling ’n invloed het op die fisieke, psigiese, sosiale, emosionele en sedeliknormatiewe ontwikkeling van die adolessent. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die adolessent wat mishandel is binne sy ouderdom en ontwikkelingsvlak benader moet word, omdat die groei en ontwikkeling van die adolessent ’n holistiese proses is, en in terme van alle moontlike dimensies en relasies benader moet word.

Deur die literatuurstudie in hoofstuk 3 en die empiriese navorsing in hoofstuk 6 is die doelwit bereik.

### 7.3.3 Hoofstuk 4: ’n Pastorale perspektief op die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld

Doelwit 3: Om ’n pastorale perspektief op die adolessent wat mishandel is se Godsbeeld te beskryf.

#### 7.3.3.1 Samevatting van die hoofstuk

Vanuit die literatuurstudie in hoofstuk 4 is aangetoon dat antropologie ’n belangrike rol in pastorale terapie speel. Dit is noodsaaklik om kennis te neem van die konsekwensies en uitwerking wat ’n teologiese antropologie in terapie vereis omdat tot transendente betekenisvelde toegetree word. Die pastorale terapie beoog terapie vanweë ’n geïdentifiseerde nood, probleem of krisis waar bepaalde prosedures, houdings, vaardighede en gespreksmetodes aangewend word om ’n helpende verhouding tussen die pastor en die adolessent wat mishandel is te vestig. Die waarde van ’n fenomenologiese benadering bestaan daarin dat dit ’n teologiese antropologie help om die adolessent as persoon binne relasies beter te verstaan. Die implikasie is dat die pastoraat wesenlik geïnteresseer is in die funksie en uitwerking van die Godsvoorstelling of Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is. In aansluiting by die geloofsdimensie van die adolessent kan van metafore gebruik gemaak word om tot ’n verstaan te kom van die persepsies wat die adolessent oor God het.

#### 7.3.3.2 Gevolgtrekking

Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die taak van die pastoraat is om, met al die beskikbare inligting, bepaalde pastorale metodes en strukture te skep waardeur die adolessent in sy verhouding met God, ander en homself begelei kan word. Met die oog op die terapie aan die adolessent moet daar gekyk word na die proses van geloofsgroei, geloofsontwikkeling van ’n Godsbeeld en die verhouding tussen God en die adolessent wat mishandel is.

Deur die literatuurstudie in hoofstuk 4 en die empiriese navorsing in hoofstuk 6 is die doelwit bereik.

### 7.3.4 Hoofstuk 5: ’n Teoretiese perspektief op Gestaltterapie aan die adolessent wat mishandel is

Doelwit 4: Om ’n teoretiese perspektief op Gestaltterapie aan die adolessent wat mishandel is te beskryf.

#### 7.3.4.1 Samevatting van die hoofstuk

In Gestaltterapie is die doel om by die bewuste van die adolessent wat mishandel is uit te kom en hom te bemagtig. In hoofstuk 5 is aangetoon dat Gestaltterapie help om die adolessent se diepste gevoel, vrees en frustrasie te ontsluit en die adolessent wat

mishandel is bewus te maak van die ervaring en emosie wat hy beleef in verhouding met God, die self, ander en die omgewing. In die proses vind selfaktualisering en selfontwikkeling plaas. In die Gestaltterapie met die adolessent word die volgende teoretiese beginsels van Gestaltterapie gebruik: holisme, verhouding, organismiese selfregulering, kontakgrensversteuring, bewussyn, ervaring en weerstand wat 'n direkte verband en invloed het tydens die terapeutiese werk met die adolessent wat mishandel is. Gestaltterapietegnieke word aangewend om die proses van terapie te fasiliteer. Die eksperiment is vir die adolessent 'n leerervaring om ten volle bewus te word van die onvoltooidhede en daarvan besit te neem. In Gestaltterapie word die adolessent se menswees geïntegreer om 'n eenheid te vorm tussen sy denke, gevoel en optrede. Dit is 'n holistiese benadering wat die interafhanklikheid tussen die adolessent en sy omgewing beklemtoon.

**7.3.4.2 Gevolgtrekking**

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die doelstelling van Gestaltterapie is om die adolessent wat mishandel is se sensoriese bewussyn te verhoog, deurdat hy selfondersteunend kan optree en keuses uitoefen waarvoor hy self verantwoordelikheid aanvaar. Om die doelstelling te bereik, benut die terapeut verskillende tegnieke soos dialoog en taalgebruik, paradoks, leëstoeltegniek, drome, pendeltegniek, projeksietegnieke en metafore. Gestaltterapie met die adolessent is 'n proses van groei deur middel van bewuswording, behoeftebevrediging deur selfaktualisering en eksperimentering, die vorming van keuses en die aanvaar van verantwoordelikheid.

Deur die literatuurstudie in hoofstuk 5 en die empiriese navorsing in hoofstuk 6 is die doelwit bereik.

**7.3.5 Hoofstuk 6: Empiriese navorsing: 'n Pastorale Gestaltterapeutiese benadering**

Doelwit 5: Om vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese benadering die adolessent wat mishandel is se verhouding met God te bespreek deur die Godsbeeld van die adolessent te bepaal.

**7.3.5.1 Samevatting**

In hoofstuk 6 is 'n oorsig gegee van die navorsingsproses en -prosedures, en van die empiriese navorsing self. Die fases in die intervensienavorsingsmodel fokus op 'n verkennende en beskrywende aard van navorsing wat getrou is aan kwalitatiewe navorsing. In die derde fase van die intervensienavorsing in hoofstuk 6 is daar, vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese benadering, die adolessent wat mishandel is se verhouding met God bespreek deur die Godsbeeld te bepaal. Die resultate en bevindinge van die

empiriese ondersoek is aan die hand van die Schoemanmodel bespreek, terwyl die pastoraal-semantiese differensiaal-analise gebruik is as 'n projeksietegniek om die impak te bepaal van 'n abstrakte begrip "God" op die adolessent wat mishandel is se ervaring, waarneming en verwagting van God.

#### 7.3.5.2 Gevolgtrekking

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat dit die taak van die pastoraat en Gestaltterapie is om met al die beskikbare inligting bepaalde metodes te skep waardeur die adolessent wat mishandel is in sy verhouding met God begelei kan word. Die navorser het, met behulp van die intervensienavorsingsmodel, tot die gevolgtrekking gekom dat die pastorale Gestaltterapeutiese benadering die verwronge Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is verwyder sodat die verhouding met God kan herstel, sonder om die eiesoortige inhoud en karakter van die pastoraat of die Gestaltterapie verlore te laat gaan.
Volgens die navorser is die doelwit bereik deur die literatuurstudie, semigestruktureerde vrae, intervensie en assessering, onderhoude en gestruktureerde vraelys wat as 'n geheel ontleed is vanuit die kwalitatiewe navorsing, soos in hoofstuk 6 beskryf.

## 7.4 GEVOLGTREKKING VAN DIE NAVORSING

Die navorsing reflekteer die invloed van mishandeling op die adolessent se verhouding met God. Met behulp van die empiriese navorsing is die navorsingsvraag beantwoord en die navorsingsprobleem ontsluit. Dit blyk naamlik uit die navorsing dat mishandeling remmend en ontwrigtend inwerk op die Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is. Die navorser bevestig die navorsingstelling dat mishandeling die adolessent wat mishandel is se verhouding met God negatief beïnvloed.
Die pastorale Gestaltterapeutiese benadering word vanuit hierdie navorsing voorgestel as die mees geskikte terapie om die verwronge Godsbeeld van die adolessent wat mishandel is te herstel. Hierdeur kan die adolessent wat mishandel is se verhouding met God herstel word, sonder om die eiesoortige inhoud en karakter van die pastorale terapie of die Gestaltterapie verlore te laat gaan.

## 7.5 TEKORTKOMINGE EN AANBEVELING VIR VERDERE NAVORSING

Die pastorale Gestaltterapeutiese benadering kan as 'n basis gebruik word vir intervensie met die adolessent wat mishandel is. Hierdie benadering moet egter gesien word as slegs die begin van verdere uitgebreide navorsing binne die pastoraat en Gestaltterapie. Meer uitgebreide navorsing sou van groot nut wees vir die bepaling van die Godsbeeld soos dit reflekteer en vergestalt in die ontwikkeling van die adolessent wat mishandel is.

Die navorser besef dat die beperkte omvang van die navorsing dit onmoontlik gemaak het om in meer diepte by ander belangrike navorsingsonderwerpe uit te kom. Navorsingsmoontlikhede wat uit hierdie navorsing spruit, is onder meer:

- Die simptome van mishandeling, spesifiek met betrekking tot die emosionele belewing van die adolessent. Vertroue, woede, ongebalanseerde verhoudinge, swak selfbeeld, gebrekkige sosiale vaardighede, dwelm- en drankmisbruik, fisieke probleme en die oorlewingsvermoë van die adolessent wat mishandel is kan in meer diepte nagevors word;
- spelterapie en spelterapietegnieke met die adolessent wat mishandel is kan vanuit die pastorale Gestaltterapeutiese benadering grondig nagevors word;
- die berader se rol in die pastorale Gestaltterapeutiese proses kan met vrug nagevors word.

## 7.6 SLOTOPMERKING

Mishandeling is een van die mees traumatiese ervarings wat deur die adolessent beleef kan word en het ’n invloed op sy fisieke, psigiese, sosiale en emosionele ontwikkeling, kortom, op sy totale funksionering as mens. In die lig van die navorsing rakende die adolessent wat mishandel is se verhouding met God blyk dit dat ’n verwronge Godsbeeld ’n besliste invloed op geloofsgedrag uitoefen.

Die benutting van pastoraat en Gestaltterapie kan die adolessent help om met die nodige bewustheid te fokus op dit wat op sy voorgrond is ten einde selfregulering van sy emosionele belewenis te bereik. In aansluiting by die geloofsdimensie van die adolessent kan daar van die pastorale Gestaltterapeutiese benadering gebruik gemaak word om tot ’n verstaan te kom van die persepsies wat die adolessent wat mishandel is oor God het.

Godsvoorstellinge het ’n invloed op die adolessent wat mishandel is se psigo-spirituele behoeftes. Die ervaring en waarneming van God is ’n deurslaggewende faktor in die adolessent se aanwending van geloof as terapeutiese bron.

# BRONNELYS


Arnaldo, C. A. 2001. *Child abuse on the internet: ending the silence*. Paris: UNESCO Publishing.

Aronstam, M. 1992. Gestaltterapie. In *Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag*. Louw, D.A. et al. Johannesburg: Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk, p 591-600.

Atwater, E. 1983. *Adolescence*. Englewood New Jersey: Prentice-Hall.

Babbie, E. 2001. *The practice of social research. Ninth edition.* Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Bagley, C. 1997. *Children, sex and social policy: Humanistic solutions for problems of child sexual abuse.* Aldershot: Avebury.

Barker, N. C. 1998. *Child abuse and neglect: An interdisciplinary method of treatment*. Iowa: Kendal/Hunt Publishing Company.

Barker, P. 1996. *Psychotherapeutic metaphors. A guide to theory and practice.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

Barnard, T. 1985. *Pa en ma se tiener. 'n Praktiese gids vir ouers*. Kaapstad: Bybelkor.

Barth, K. 1948. *Die Lehre von der Schöpfung*. K D III/2. Zürich: Evangelischer Verlag Zollikon.

Bekker, G. 1993. *'n Spelterapeutiese program vir die emosioneel beseerde pre-adolessent: 'n Gestaltbenadering.* D-proefskrif: UNISA.

Belsky, J. 1980. Child maltreatment: an ecological integration. *American Psychologist,* 35:320-335.

Bender, G. 1996. *Handleiding van die Fakulteit Opvoedkunde. Kinderontwikkeling vanuit 'n opvoedkundige perspektief vir MA (MW).* K10810. Departement Psigo- en Sosiopedagogiek. Universiteit van Pretoria.

Benner, D. G. (ed.) 1987. *Baker encyclopedia of psychology*. Michigan: Baker Book House.

Benner, D. G. 1989. Toward a psychology of spirituality: Implications for personality and psychotherapy. *Journal of Psychology and Christianity*, 8(1):19-30.

Benson, P. & Spilka, B. God image as a function of self-esteem and locus of control, *Journal for The Scientific Study of Religion*, 12:297-309.

Berkhof, H. 1969. *De mens onderweg, een christelijke mensbeschouwing*. Kerk en Wêreldreeks No. 5. (Vyfde Druk). Boekencentrum, N.V: Gravenhage.

Berkhof, H. 1990. *Christelijk Geloof: Een inleiding tot de geloofsleer*. Nijkerk: Uitgeverij G. F. Callenbach.

Berkhof, H. 1991. *Inleiding tot de studie van de dogmatiek*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J. H. Kok.

Berkouwer, G. C. 1957. *De Mens het beeld Gods. Dogmatische studien*. Kampen: Kok.

Berkouwer, G. C. 1989. *Zoeken en vinden. (Herinneringen en ervaringen).* Kampen: Kok.

Bibby, P. C. 1996. *Organised abuse: The current debate*. Aldershot: Avebury.

Bijlsma, R. 1969. *Kleine Catechetiek*. Nijkerk; G. F. Callenbach.

Black, M. M. & Dubowitz, H. 1999. "Child Neglect: Research Recommendations and Decisions". In *Neglected Children*. H. Dubowitz. Thousand Oaks, CA: Sage, p 261-277.

Blaikie, N. 2000. *Designing social research*. Cambridge. Polity Press.

Blom, B. 2000. *'n Gestaltspelterapeutiese hulpprogram in maatskaplike werk vir juniorprimêre skoolkinders se emosionele intelligensie.* Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Brenner, A. 1984. *Helping children coping with stress.* Lexington. D. C. Heath.

Briere, J. N. 1992. *Child abuse Trauma. Theory and treatment of the lasting effects*. New Park: SAGE Publications.

Brueggemann, W. 1995. "In the image of God"…Pluralism. *Modern Theology 11/4, October*, p 455-469.

Calvyn, J. 1960. *Institutie: Onderwijzing in de Christelijke godsdienst, tweede deel*. Uit Latijn vertaald door A. Sizoo. Delft:Meinema.

Campagna, D. 1985. *Sexual Exploitation of Children: Resource Manual.* Southwick, MA: Daniel S. Campagna.

Carl, A. R. 1987. *Is my kind veilig?* Kaapstad. Lux Verbi.

Carrasco, N. & Garza-Louis, D. 1995. Hispanic Sex Offenders – Cultural Characteristics and Implications for Treatment. In *The Sex Offender.* B. Schwartz and H. Cellini. Kingston, NJ: Civic Resaerch Inst, p 13.1 – 13.10.

Carrier, H. 1965. *The sociology of religious belonging*. New York: Herder and Herder.

Carrol, F. & Oaklander, V. 1997. Gestalt play therapy. In *Play therapy. Theory and practice. A comparative presentation.* Edited by K.J. O'Connor & L.M. Braverman. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Cavanagh, M. 1992. The perception of God in pastoral counseling. *Pastoral Psychology* 41/2:75-87.

Chandler, L. A. 1985. *Assessing stress in children.* New York. Praeger Publishers.

Chartier, M. R. & Goehner, L. A. 1976. A study of the relationship of parent-adolescent communication, self-esteem and God image. *Journal of Psychology and Theology*, 4:227-232.

Clark, N & Fraser, T. 1987. The Gestalt approach: An introduction for managers and trainers. T*he Gestalt Journal, 2nd edittion, Roffy Park Institute.*

Clarkson, P. 2002. *Gestalt counselling in action.* London: Sage Publications

Clarkson, P. & Mackewn, J. 1994 *Frits Perls*. London: Sage Publications

Clinebell, H.J. 1981. *Contemporary growth therapies*. *Resources for actualizing human wholeness*. Nashville: Abingdon.

Collins, G. R. 1988. *Christian Counseling: A Comprehensive Guide, revised edition.* Nashville, Tennessee: Thomas Nelson, Inc.

Collins, G. R. 2005. *Die A tot Z van berading. Bybelse perspektiewe op probleemoplossing*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Conradie, H. 1982. Kinderfoltering: misdaad, misdadiger, waarskuwingstekens en voorspellingstekens. *Nexus,* Augustus:10-11.

Corey, G. 2001. *Theory and practice of counseling and psychotherapy. 6th ed.* Australia: Brooks/Cole Thompson Learning. 2001b.

Corcoran, C. L., Miranda, A. O., Tenukas-Steblea, K. W. & Taylor, B. D. 1999. Inclusion of the Family in the Treatment of Juvenile Sexual Abuse Perpetrators. In *The Sex Offender*, Vol III, edited by B. Schwartz. Kingston, NJ: Civic Research Institute.

Cottone, R. R. 1992. *Theories and paradigms of counseling and psychotherapy*. Boston: Allyn and Bacon.

Creswell, J. W. 2003 *Research design, qualitative, quantitative and mixed methods approaches. Second edition*. Thousand Oaks: SAGE Publications.

Crittenden, P. 1999. Child Neglect: Causes and Contributors in *Neglected Children: Research Practice and Policy*, edited by H. Dubowitz. Thousand Oaks, CA: Sage, p 47-68.

Crocker, S F. 2000. "I-Thou" and its role in Gestalt therapy. *Gestalt,* Vol 4(2).

Crocker, S F, et al. 2001. Field and Boundary. G*estal*t, Vol 5(2).

Crocker, S F. 2001. Spirituality, dialogue and the phenomenological method. *Gestalt,* Vol 5(3).

Crocker, S F. 2001. Field and Boundary. *Gestalt,* Vol 5(2).

Crosson-Tower, C. 1999. *Understanding child abuse and neglect. Fourth edition.* Boston. Allyn & Bacon.

Crosson-Tower, C. 2002. *Understanding child abuse and neglect. Fifth edition.* Boston. Allyn & Bacon.

Crous, S. F. M. 1992. Kindermishandeling:'n opvoedkundige perspektief. *Educare*, 21(1&2):72-80.

Covitz, J. 1986. *Emotional Child Abuse: The Family Curse.* Boston: Sigo Press.

Cummings, S.R. 1995. *Adolescence. A developmental perspective*. Reno: University of Nevada.

Davis, L. 1991. *Allies in healing: when the person you love was sexually abused as a child.* U.S.A: Harper Perennial.

De Bruyn. P.J. 1991. Kindermolestering: Teologies-Eties beoordeel. In *Wetenskaplike bydraes van die Pu vir CHO*. Reeks F 1, IRS-studiestukke; no. 286.

Deconchy, J. 1968. God and parental images. In *From Cry to Word*. A. Godin, ed. Brussels: Lumen Vitae, p 85-94.

DePanfilis, D & Salus, M. 1992. *A Coordinated Response to Child Abuse and Neglect: A Basic Manual.* Washington, DC: U.S. Department of Health and Human Services.

De Jongh van Arkel, J. T. 1987. A paradigm for pastoral diagnosing. D.Th. – proefskrif. UNISA, Pretoria.

De Jongh Van Arkel, J. T. 1988. Die pastoraat: noodsaaklike onderskeidings. 'n Posisiebepaling na 25 jaar. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 5.*

De Jongh van Arkel, J. T. 1989. Spiritualiteit as semantiese struktuurkern: 'n pastorale perspektief. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 4(2):18-30.

De Jongh van Arkel, J. T. 1989. Verhoudings en verhoudingsprobleme tydens adolessensie.. In *Predikant en pastorale praktyk. Teologiese en sielkundige perspektiewe*. Smuts, A.J. et al. Pretoria: Academia, p 94-112.

Deist, F. 1999. *A Concise Dictionary of Theological and Related Terms with an English-Afrikaans and an Afrikaans-English List*. Pretoria: J L van Schaik.

Delport, C.S.L. 2002. Quantitative data collection methods. In *Research at Grass Roots. Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 165-196.

Demetrou, A. Doise, W. & Van Lieshout, C. F. M. 1998. *Life-span developmental psychology. Chichester. John Wiley & Sons.*

Dempers, C. E. 1990. Voorkoming van kindermishandeling. *Salus*, 13(1):20-23.

De Vos, A.S. 2002. Scientific theory and professional research. In *Research at Grass Roots Second edition*. De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 28-48.

De Vos, A.S. 2002. Combined quantitative and qualitative approach.. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 363-372.

De Vos, A.S. 2002. Programme evaluation.. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 373-393.

De Vos, A.S. 2002. Intervention research.. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 394-418.

De Vos, A.S., Fouché, C.B., & Venter, L. 2002. Quantitative data analysis and interpretation.. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 222-247.

De Vos, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation.. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 339-355.

De Witt, M. W. & Booysen, M. I. 1995: *Die sosialisering van die klein kind. Enkele temas.* Pretoria: J L van Schaik Uitgewers.

Dewey, J. 1934. *Art as Experience*. New York: Capricorn Books.

Die Bybel. 1983. Die Bybel. Nuwe vertaling. Bybelgenootskap van Suid Afrika.

Dierks-Walker, J M. 1994. A brief therapy model tor use with gestalt theory and techniques. Copyright J M Dierks-Walker 1994.

Dingemans, G. D. J. 1991. *In de leerschool van het geloof. Mathetiek en vakdidactiek voor catechese en kerklijk vormingswerk*. Tweede druk. Kampen: Uitgeversmaatschappij J. H. Kok.

Dinsmore, C. 1991. *From surviving to thriving: incest, feminism, and recovery.* New York: State University of New York Press.

Dolan, Y. M. 1991. *Resolving sexual abuse: solution-focused therapy and Ericksonian hypnosis for adult survivors.* New York: W.W. Norton and Company.

Dore, H. 1990. *Coping with stress.* London. Hamlyn Publishing Group, Ltd.

Douma, J. 1990. *Verantwoord handelen – inleiding in de christelijke ethiek*. 7de druk. Kampen: Uitgeverij van den Berg.

Dreyer, J. S. 1997. Praktiese teologie, refleksiewe verwetenskapliking en die verhouding tussen wetenskaplike kennis en praktiese handelinge. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 12(1):13-30.

Dreyer, T.F.J. 1981. *Poimeniek. ‘n Pastorale oriëntasie*. Pretoria: HAUM.

Du Toit, S.J. & Kruger, N. 1991. *Die kind: ‘n opvoedkundige perspektief.* Durban: Butterworths.

Erikson, E.H. 1963*. Childhood and society.* New York: Norton.

Erikson, E. H. 1982. *The life cycle completed: a review.* New York. Norton.

Everstine, D.S. & Everstine, L. 1989. S*exual Trauma in Children and Adolescents: dynamics and treatment*. New York. Brunner/Mazel Publishers.

Feenstra, J.G. 1972. *Leer en Lewe*. SACUM: Bloemfontein.

Feldhaus, R. 2001. Projection and self psychology. *Gestalt,* Vol 5(2).

Finkelhor, D. & Dziuba-Leatherman, J. 1994. *Victimization of children*. American Psychologist, 49(3), p 173-183.

Finkelhor, D. 1995. The victimization of children: A developmental perspective. *American Journal of Orthopsychiatry*, 65(2), p 177-193.

Finkelhor, D., Mitchell, K. & Wolak, J. 2000. *Online Victimization: A Report on the Nation's Youth.* Arlington, VA: National Centre for Missing and Exploited Children.

Fontana, V. J. 1976. *Somewhere a Child is Crying*. New York: New American Library.

Forward, S. & Buck, C. 1988. *Betrayal of Innocence: Incest and Its Devastation.* New York: Penguin.

Fouché, C. B. 2002. Selection of a researchable topic. In *Research at Grass Roots. Second edition*. De Vos, A.S. et al. Van Schaik publishers. Pretoria, p 95-103.

Fouché, C. B. 2002. Problem formulation. In *Research at Grass Roots*. *Second edition*. De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 105-113.

Fouché, C. B. 2002. Writing the research proposal. In *Research at Grass Roots*. *Second edition*. De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 114-123.

Fouché, C. B. & Delport, C. S. L. 2002. Introduction to the research process. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 77-92.

Fouché, C. B. & Delport, C. S. L. 2002. In depth review of literature. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 127-136.

Fouché, C. B. & Delport, C.S.L. 2002. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 265-269.

Fouché, C. B. 2002. Research strategies. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 270-277.

Fowler, J. W. 1978. *Stages of faith*. San Francisco: Harper & Row.

Fowler, J. W. 1984. *Becoming adult, becoming Christian*.. San Francisco: Harper & Row.

Fowler, J. W. 1986. Faith and the strusturing of meaning, in *Faith development and Fowler*, editors C. Dykstra & S. L. Parks. Birmingham Alabama: Religious Education Press, p 15-42.

Fowler, J. W. 1987. *Faith development and pastoral care.* Philadelphia: Fortress Press.

Fowler, J. W. 1995. *Stages of faith: the psychology of human development and the quest for meaning.* San Francisco: Harper.

Frankel, A. J. 1984. *Four therapies integrated: A behavior analysis of Gestalt, T.A. and ego psychology.* New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

Frazao, L. M. & Brazil, S. P. 2002. Healthy and unhealthy functioning and process-oriented diagnostic thinking. Internet http://www.g-g.org/gej/3-3/frazao-en.html 27 September 2005, p 1-16.

Freud, S. 1957. *A General Selection from the Works of Sigmund Freud*. New York: Doubleday.

Garbarino, J., Guttmann, E. & Seeley, J. W. 1986. *The Psychologically Battered Child.* San Francisco: Jossey-Bass.

Gathia, J. 1999. *Child prostitution in India.* New Delhi: Concept Publishing Company.

Gerdes, L. C., Moore, C., Ochse, R. & Van Ede, D. 1988. *The developing adult*. Second edition. Durban: Butterworths.

Gerkin, C. V. 1994. Projective identification and the image of God: Reflections on object relations theory and the psychology of religion. In *The treasure of earthen vessels: Explorations in theological anthropology.* Childs, B. H. & Waanders, D. W. (eds). Louisville: Westminister.

Gil, E. 1982. *Foster parenting abused children.* Chicago. National Commitee for prevention of child abuse.

Gil, E. 1991. *The healing power of play. Working with abused children.* London: The Guilford Press.

Gil, E. 1996. *Treating Abused Adolescents.* New York: The Guilford Press.

Gil, E. & Campbell, K. 1996. Theories of adolescent development. In *Treating Abused Adolescents.* New York: The Guilford Press, p 23-49.

Gillis, H. 1999. *Counselling Young People.* Cape Town: Kagiso Tertiary.

Godin, A. & Hallez, M. 1964. Parental images and divine paternity. In A. Godin, ed. *From Religious Experience to a Religious Attitute*. Brussels: Lumen Vitae.

Gouws, E., Kruger, N. & Burger, S. 2000. *The adolescent. 2nd ed.* Cape Town: Heinemann Publishers.

Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. In *Research at Grass Roots. Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 291-320.

Grobler, L. 1997. *Die Adolessent.* D-Proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.

Grobler, L. P. 1997. Spiritualiteit as perspektief op a*dolessensie: 'n Studie gerig op pastorale beraad.* D-proefskrif: UNISA.

Groth, A. N. 1978. Paterns of Sexual Assault Against Children and Adolescents. In *SexualAssault of Children and Adolescents*, edited by A. Burgess, A. N. Groth, L. Holstrom and S. Sgroi. Lexington, MA; Lexington Books, p 3-24.

Grudem, W. 1994. *Systematic theology. An introduction to Biblical doctrine*. Grand Rapids: Zondervan.

Hall, G. S. 1904. *Adolescence: its psychology and its relation to physiology, anthropology, sociology, sex, crime, religion and education.* New York: Appleton-Century-Crofts.

Hall, C.S. & Lindzey, G. 1970. *Theories of personality*. (2nd Edition). John Wiley & Sons Inc: New York.

Hansell, S., Mechanic, D. & Brondolo, E. 1986. Introspectiveness and adolescent development. *Journal of Youth and Adolescence*, 15(2):115-132.

Hardy, R. E. 1991. *Gestalt psychotherapy: Concepts and demonstration in stress, relationships, hypnosis and addiction.* Springfield: Charles Thomas.

Hart, C.. 1998. *Doing a Literature Review. Releasing the Social Science Research Imagination*. London. Sage Publications.

HAT: Odendal, F.F. & Gouws, R.H. (reds.) 2000. *Verklarende handboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Perskor Uitgewery.

Havenga, H. S. 1979. *Die kerk se taak in die godsdienstige steungewing aan die kind met spesiale verwysing na die vorming van sy Godsbegrip*. Ongepubliseerde D-proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.

Hedges-Goettl, L. 2004. *Sexual abuse: Pastoral responses*. Edited by Daniel G. Bagby. Nashville: Abingdon Press.

Heitink, G. 1977*. Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie.* Kampen: J.H. Kok.

Heitink, G. 1992. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: J. H. Kok.

Helfer, R., McKinney, J. & Kempe, R. 1976. Arresting or Freezing the Developmental Process. In *Child Abuse and Neglect: The Family and the Community.* Edited by R. Helfer & C. H. Kempe. Cambridge, MA: Ballinger, p 55-73.

Herman, J. & Hirschman, L. 2000. *Father-Daughter Incest.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Hetherington, E. M. & Parke, R. D. 1986. *Child psychology. A contemporary viewpoint*. Third edition. New York: McGraw-Hill.

Heyns, J.A. 1970. *Die nuwe mens onderweg*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.

Heyns, J.A. 1974. *Die mens: Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouinge*. Bloemfontein: Sacum.

Heyns, J. A. & Jonker, W. D. 1977. *Op weg met die teologie*. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel.

Heyns, J. A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel.

Heyns, J. A. 1982. *Teologiese etiek*. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel.

Hiltner, S. 1958. *Pastoral counseling.* Nashville: Abingdon.

Hiltner, S. 1958. *Preface to pastoral care.* Nashville: Abingdon.

Inglis, R. 1978. *Sins of the fathers.* New York. St. Martin's Press.

Iwaniec, D. 1995. *The emotionally abuse and neglect child.* Chichester; John Willy & Sons.

Janse van Rensburg, J 1987. '*n Kritiese ondersoek na die moontlike gebruik van hipnose in die psigo-pastorale arbeid*. Ongepubliseerde DTh - verhandeling, Fakulteit van Teologie, Universiteit van Suid-Afrika.

Janson, M. 1989. Verhoudings en verhoudingsproblematiek tydens adolessensie – 'n Paar riglyne vir predikante.. In *Predikant en pastorale praktyk. Teologiese en sielkundige perspektiewe*. Smuts, A.J. et al. Pretoria: Academia, p 113-123.

Jarosewitsch, R. 1995. "What is Gestalt Therapy?" Gestalt Dialogue #2. http://www.partnering.inet.net.nz/a/gestalt.htm (May 1995).

Jenkins, H. 1981. Can I (let you let me) leave? Therapy with the adolescent and his family. *Journal of Family Therapy*, 3(2):113-138.

Jones, S. D. 1987. Faith shaping: youth and the experience of faith. Valley Forge: Judson Press.

Jonker, W. D. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 30(3):288-299.

Jordaan, W. & Jordaan, J. 1984. *Mens in konteks*. Johannesburg: McGraw-Hill.

Joshi, M. D. 1997. *Women and children in prostitution: Human Rights Perspectives (Report of National Workshop)*. New Delhi: Uppal Publishing House.

Joyce, P. & Sills, C. 2003. *Skills in Gestalt counseling & psychotherapy.* London: Sage Publications.

Just B., Feldhause, B. & Bearinger, O. 2001. Impasse. *Gestalt,* Vol 5(2).

Justice, B. & Justice, R. 1980. *The Broken Taboo: Sex in the Family.* New York: Human Services Press.

Justice, B. & Justice, R. 1990. *The Abusing Family.* New York: Human Services Press.

Kaduson, H. G. 2000. *Short-term play therapy for children*. New York: The Guilford Press.

Kaplan, P. S. 2000. *A child's odyssey: Child and adolescent development.* USA: Wadsworth.

Keable, J. 2001. *Creating a Safe Place. Helping Children and Families Recover from Child Sexual Abuse*. London. Jessica Kingsley Publishers.

Klink, J. L. 1970. *Kind en geloof*. Bilthoven: Amboboeken.

Kloepfer, J. W. 1991. Spiritual development and the disposition of openness. *Studies in Formative Spirituality*, 12(1):87-103.

Knopp, F. 1982. *Remedial Intervention in Adolescent Sex Offenses.* Syracuse, NY: Safer Society Press.

Knox, I. 1975. Religion and the expectations of modern society towards the adolescent. *Religious Education*, 70(6):649-660.

Kohlberg, L. 1978. Revisions in the theory and practice of moral development. In *Moral development*, editor W. Damon. San Francisco: Josey-Bass, p 83-87.

König, A. 1994. *Bondgenoot en beeld: oor die wese van die mens en sonde*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

König, A. 1994. Covenant partner and image: deriving anthropology from the Doctrine of God. *Journal of Theology for Southern Africa*, 88:33-41.

König, A. 2001. *Sleutelbegrippe van die Christelike geloof*. Kaapstad: Lux Verbi.

Korb, M. P., Gorrell, J. & Van de Riet, V. 1989. *Gestalt therapy: Practice and theory. 2nd edition.* New York: Pergamon.

Kuitert, H. M. 1988a. *Filosofie van de theologie*. Leiden: Martinus Nijhoff.

Kuitert, H. M. 1988b. *Alles is politiek maar politiek is niet alles: Een theologisch perspectief op geloof en politiek.* Baarn: Uitgeverij Ten Have.

Küng, H. 1991. *Theology for the third millennium. An ecumenical view*. London: Harper Collins.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 1992. *Verklarende Afrikaanse woordeboek.* Pretoria: Van Schaik.

Lammert, M. & Dolan, M. M. 1983. Active interventions in clinical practice: Contributions of Gestalt therapy. *Adolescence* 18(69):41-50.

Langeveld, M. J. 1956. *Kind en religie*. Utrecht: Erven J. Bijleveld.

Laubscher, M. S. 1997. *'n Maatskaplike werksperspektief op kindermishandeling.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Lester, S. 1999. An introduction to phenomenological research. http:/www.devtsdemon.co.uk.

Lieberman, A. 1990. Culturally Sensitive Intervention with Children and Families. *Child and Adolescent Social Work* 11(2):101-119.

Loots, J. G. 1993. *Pastoraat aan die seksueel gemolesteerde kind.* Ongepubliseerde M-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.

Louw, D.A. 1988. *Inleiding tot die psigologie*. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Louw, D.A, et al. 1992. *Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk.

Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. 1993. *Sielkunde. 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika*. Johannesburg: Lexicon uitgewers.

Louw, D.A. 1996. *Menslike Ontwikkeling. 2de druk.* Pretoria: Kagiso.

Louw, D. A. & Edwards D. J. A. 1997. *Psychology. An introduction for students in Southern Africa. Second edition.* Heinemann. Johannesburg.

Louw, D.A., Van Ede, D. M. & Louw A. E. 2004. *Menslike Ontwikkeling. Derde Uitgawe*. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Louw, D. A., Van Ede, D. M. & Ferns, I. 2004. Die middelkinderjare. In *Menslike ontwikkeling. 3de uitgawe. Sesde druk.* D. A. Louw, D. M. Van Ede & A. E. Louw. Pretoria: Kagiso Uitgewers, p 325-383.

Louw, D. J. 1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief.* Stellenbosch: N.G. Kerk Uitgewers.

Louw, D. J. 1984. Pastoraat aan die adolessent op pad na volwassenheid. In *Die kerk en sy jeug op weg.* J. L. De Villiers & J. M. G. Prins. Kaapstad: NG Kerk uitgewers, p 127-146.

Louw, D. J. 1989. Die ontwerp van 'n teologiese antropologie as basisteorie vir effektiewe pastorale bediening. In *Predikant en pastorale praktyk. Teologiese en sielkundige perspektiewe*. Smuts, A.J. et al. Pretoria: Academia, p 4-32.

Louw, D. J. 1989. Spiritualiteit as Bybelse vroomheid in die teologie en die gemeentelike bediening. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 14(2):1-17.

Louw, D. J. 1991. Die maak van 'n "teo"-logiese analise in 'n pastorale hermeneutiek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 6(2):170-183.

Louw, D. J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria: Sigma-Pers (Edms) Bpk.

Louw, D. J. 1997a. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D.J. 1997b. Diakonaat in skeppingsperspektief: Die ekologiese aspek van pastorale sorg. *Praktiese Teologie in S.A.* 12(1) 52-62.

Louw, D. J. 1998. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D. J. 1999a. *A mature faith. Spiritual direction and anthropology in a theology of Pastoral care and counseling.* Leuven: Peeters Press.

Louw, D. J. 1999b. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. (Nuwe hersiene uitgawe). Wellington: Lux Verbi.

Mackewn, J. 1997. *Developing Gestalt Counseling.* London: Sage Publications.

Mackewn, J. 2003. *Developing Gestalt Counseling. A field theoretical and relational model of contemporary Gestalt counseling and psychotherapy.* London: Sage Publications.

Mash, E.J. & Wolfe, D.A. 1999. *Abnormal Child Psychology*. New York. Brooks/Cole Wadsworth.

Mathews, R., Mathews, J. & Speltz, K. 1999. Female Sex Offenders. In M. Hunter, *The Sexually Abused Male, Vol 1.* New York: Lexington Books, p 275-293.

McLaughlin, J. F. 1998. Technophilia: A Modern Day Paraphilia. *Knight Stick: Publication of the New Hampshire Police Association* 51:47-51.

McLaughlin, J. F. 2000. Cyber Child Sexual Offender Typology. *Knight Stick: Publication of the New Hampshire Police Association* 51:47-51.

Meyer, W.F. 1988. *Persoonlikheidsteorieë. Van Freud tot Frankl.* Johannesburg: Lexicon uitgewers.

Meyer, W.F. 1998. Basiese konsepte van die ontwikkelingsielkunde. In *Menslike ontwikkeling. 3de uitgawe.* D. A. Louw, D. M. Van Ede & A. E. Louw. Pretoria: Kagiso Uitgewers, p 3-38.

Meyer, W.F. & Van Ede, D. M. 1998. Ontwikkelingsteorieë. In *Menslike ontwikkeling. 3de uitgawe.* D. A. Louw, D. M. Van Ede & A. E. Louw. Pretoria: Kagiso Uitgewers, p 43-98.

Miller, H. L. (red). 1967. *Education for the disadvantaged*. London. Collier-McMillan.

Miller, W.R. & Jackson, K.A. 1985. *Practical psychology for pastors.* New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

Moltmann, J. 1971. *Mensch. Christliche Antropologie in der Konflikten der Gegenwort*. Themen der Theologie, Band 2. Stuttgart: Kreuz.

Moore, J. 1988. Adolescent spiritual development: stages and strategies. Religious Education, 83(1):83-100.

Morgan. J. & Zedner. L. 1992. *Child victims. Crime, impact and criminal justice.* Oxford. Clarendon Press.

Morrow, G. 1987. *The Compassionate School: A Practical Guide to Educating Abused and Traumatized Children.* Upper Saddle River, NJ: Prentice-Hall.

Mortola, P. 2001. Sharing Disequilibrium: A link between Gestalt therapy theory and child development theory. *Gestalt Review. Vol. 5 (1).*

Mouton, J. & Marais, H. C. 1992. *Basiese begrippe: Metodologie van die Geesteswetenskappe. Derde druk.* Pretoria: Gutenberg Boekdrukkers.

Muuss, R. E. 1996. *Theories of adolescence*. Sixth edition. New York: The McGraw-Hill Companies, Inc.

Mwamwenda, T.S. 1995. *Educational Psychology: An African Perspective*. Second Edition. Durban: Butterworth Publishers.

Neuman, W.L. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. Third edition. Boston: Allyn & Bacon.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our children. A Gestalt therapy approach to children and adolescents*. (2nd edition.). New York: The Gestalt Journal Press. Inc.

Oaklander, V. 1992. The relationship of Gestalt therapy to children. *The Gestalt Journal* 5(1): 64-74.

Oaklander, V. 1994. From meek to bold. A case study of Gestalt play therapy. In Kottman, T. & Schaefer, C. (Eds.) *Play Therapy in action: Advances and innovations. London: Jason Aronson.*

Oaklander, V. 1997. The therapeutic process with children and adolescents. *Gestalt Review*, 1 (4): 292-317.

Odendal, F.F & Gouws, R.H. (reds.) 2000. *HAT: Verklarende handboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Perskor Uitgewery.

O'Hagan, K. 1989. *Working with child sexual abuse. Apost-Cleveland guide to effective principles and practice.* Philadelphia: Open University Press.

O'Hagan, K. 1993. *Emotional and Psychological Abuse of Children.* Toronto: University of Toronto Press.

O'Leary, E. 1992. *Gestalt therapy: Theory, practice and research*. London: Chapman & Hall.

Olivier, L. 1989. Kindermolestering: die slagoffer en die oortreder. In: *Kindermolestering: Wat kan ons doen?* Pretoria. Universiteit van Pretoria, Departement Ortopedagogiek en Kinderleidingkliniek.

Olivier, G. C. 1995. *Wat is spiritualiteit?* Studiestuk van 'n strategiese beplanningsvergadering van 'n aantal gemeentes in Bloemfontein.

Olson, G. K. 1984. *Counseling teenagers: the complete Christian guide to understanding and helping adolescents*. Loveland: Group Books.

Papalia, D.E. & Olds, S.W. 1989. *Human development.* New York: McGraw-Hill.

Parlett, M. & Hemming, J. 1996. Gestalt therapy. In *Handbook of individual therapy.* Edited by W. Dryden. London: Sage Publications.

Perls, F S. 1947. *Ego, Hunger, and Aggression*. London: Allan & Unwin.

Perls, F S, Hefferline, R. & Goodman, P. 1951. *Gestalt Therapy: Excitement and Growth in the Human Personality*. New York: Dell.

Perls, F S. 1969. *In and out the garbage pail*. Moab: Real People Press.

Perls, F S. 1973. *The Gestalt approach and eye witness to therapy*. New York: Bantam Books.

Perls, F S, Hefferline, R. & Goodman, P. 1994. Gestalt therapy: A rough diamond. Review by L Greenberg. C*ontemporary Psychology*, Vol 42(3).

Philippson, P. 1996 Dialogue & Experiment. M*anchester Gestalt Centre* http://www.mgestaltc.force9.co.uk/article23.htm.

Piaget, J. 1969. *The child's conception of time.* New York: Basic Books.

Piaget, J. 1995. *Sociological studies*. Edited by Leslie Smith. London: Routledge.

Plug, C; Meyer, W.F; Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1979*. Psigologiewoordeboek.* Johannesburg: McGraw Hill Boekmaatskappy.

Polansky, N. , Chalmers, M. A. , Buttenweiser, E. & Williams, D. P. 1999. *Damaged Parents: An Anatomy of Child Neglect*. Chicago: University of Chicago Press.

Polster, E. & Polster, M. 1973. *Gestalt therapy integrated*. New York: Virginia Books.

Polster, E. & Polster, M. 1974. *Gestalt therapy integrated. Contours of theory and practice*. New York: Virginia Books.

Potvin, R. H. 1977. Adolescent God images. *Review of Religious Research.* Vol. 19, no 1. p 43-53. EBSCO Publishing 2003.

Price, D. J. 2002. *Karl Barth's anthropology in light of modern thought.* Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company.

Purcell-Lee, C R. 2000. Dialogue and Being. G*estalt*. Vol. 4(2).

Rosencrans, B. 1997. *The last Secret: Daughters Abused by Mothers.* Brandon, VT: Safer Society Press.

Rossman, P. 1984. The church and adolescents. *The Christian Ministry*, 15(5):15-17.

Rush, F. 1992. *The Best Kept Secret*. New York: Tab Books.

Russell, D. 1999. *Secret Trauma: Incest in the Lives of Girls and Women.* New York: Basic Books.

Santrock, J. W. 1986. *Life-span development*. Second edition. Dubuque Iowa: Wm. C. Brown Company Publishers.

Sarot, M. 1995. Pastoral counseling and the compassionate God. *Pastoral Psychology* 43/3, p 185-190.

Schoeman, J P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J P. 1996. Handeling aggression in children. In *Entering the child's world: A play therapy approach*. Schoeman, J P. & Van der Merwe, M. (Eds). Pretoria: Kagiso Publishers, p 171-183.

Schoeman, J P. 1996. Projection techniques. In *Entering the child's world: A play therapy approach*. Schoeman, J P. & Van der Merwe, M. (Eds). Pretoria: Kagiso Publishers, p 64-76.

Schoeman, J P. 1996. Sensory contact with the child. In *Entering the child's world: A play therapy approach*. Schoeman, J P. & Van der Merwe, M. (Eds). Pretoria: Kagiso Publishers, p 41-60.

Schoeman, J P. 1996. The art of relationship with children – A Gestalt approach. In *Entering the child's world: A play therapy approach*. Schoeman, J P. & Van der Merwe, M. (Eds). Pretoria: Kagiso Publishers, p 29-40.

Schoeman, J. P. 1999. *Gevorderde spelterapie. Die ontbeerlike vaardighede in terapie met 'n kind*. Wellington: Sentrum vir spelterapie en opleiding.

Schoeman, J. P. 2001. *Handleiding vir beginnerskursus in spelterapie.* Sentrum vir spelterapie en opleiding. Wellington: Hugenote Kollege.

Schoeman, S. 1991. Johannes Calvyn as pedagoog. In *Hervormde Teologiese Studies*, Jaargang 47, aflewering 3, p 746-767.

Serfontein, C. P. J. 1989. Kindermolestering: Die rol van die SA polisie. In: *Kindermolestering: Wat kan ons doen?* Pretoria. Universiteit van Pretoria, Departement Ortopedagogiek en Kinderleidingkliniek.

Serok, S. 2000. *Innovative applications of Gestalt therapy.* Florida: Krieger Publishing Company.

Shelly, J. A. 1982. Spiritual growth and development. In *Spiritual needs of children*, editor J. A. Shelly. London: Scripture Union, p 19-26.

Shelly, J. A. 1982. Testing the truth: the turbulent teens. In *Spiritual needs of children*, editor J. A. Shelly. London: Scripture Union, p 19-26.

Shelton, C. M. 1983. *Adolescent spirituality. Pastoral ministry for high school and college youth.* Chicago: Loyola University Press.

Shelton, C. M. 1984. Adolessent morality: a revised paradigm. *Religious Education*, 79(2):192-202.

Sinay, S. 1998. *Gestalt for beginners.* New York: Write and Readers Publishing Inc.

Smart, M. S. & Smart, R. C. 1982. *Children. Development and relationships*. Fourth edition. New York: Macmillan Publishing Company Inc.

Smit, W.A. 1975. Mens en persoonlikheid. Bloemfontein: SACUM.

Smith, P. 1995. Geestelike verdieping, in *Getuienisjaar 1995*: "Voluit met die goeie nuus". Studiestuk van die Sinodale Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid-Transvaal.

Smith, R. 1997. *Tussen mense*. Kaapstad: Human & Rossouw.

Spilka, B., Addison, J. & Rosencohn, M. 1975. Parents, self and God: A test of competing theories of individual-religion relationships. *Review of Religious Research* 16:154-165.

Strunk, O. 1959. Perceived relationships between parental and deity concepts. *Psychological Newsletter*, 10:222-226.

Strydom, H. 2002. Ethical aspects of research in the social sciences and human professions. In *Research at Grass Roots. Second edition*. De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 62-76.

Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling Methods. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 197-209.

Strydom, H. 2002. The pilot study. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 210-221.

Strydom, H. 2002. Information collection: participant observation. In *Research at Grass Roots*. *Second edition.* De Vos, A.S. et al. Pretoria: Van Schaik publishers, p 278-290.

Sweeney, D.S. & Hofmeyer et al. 1999. *Handbook of Group play therapy: How to do it, How it works, Whom it's best for.* San Francisco: Jossey Bass Publishers.

Tamminen, K. 1994. Religious experiences in childhood and adolescence: a viewpoint of religious development between the ages 7 and 20. *The International Journal for the Psychology of Religion*, 4(2):61-85.

Thom, D.P. 1992. Adolessensie. In *Menslike ontwikkeling. 2de uitgawe.* D. A. Louw. Pretoria: HAUM-Tersiêr, p 393-467.

Thom, D.P., Louw, A. E., Van Ede, D. M. & Ferns, I. 1998. Adolessensie. In *Menslike ontwikkeling. 3de uitgawe.* D. A. Louw, D. M. Van Ede & A. E. Louw. Pretoria: Kagiso Uitgewers, p 387-474.

Thom, D.P., Louw, A. E., Van Ede, D. M. & Ferns, I. 2004. Adolessensie. In *Menslike ontwikkeling. 3de uitgawe. Sesde druk.* D. A. Louw, D. M. Van Ede & A. E. Louw. Pretoria: Kagiso Uitgewers. p 387-474.

Thompson, C.L, & Rudolph, L.B. 1996. *Counseling Children*. Pacific Grove. California: Books/Cole.

Thurneysen, E. 1963. *A theology of pastoral care.* Virginia: John Knox Press.

Tillich, P. 1957. *Dynamics of faith.* New York: Harper & Bros.

Van Aarde, A. G. 1991. 'n Nuwe-Testamentiese perspektief op die kind. In *Hervormde Teologiese Studies*, Jaargang 47, aflewering 3, p 685-715.

Van der Merwe, M. 1996. Creative play. In *Entering the child's world: A play therapy approach*. Schoeman, J P. & Van der Merwe, M. (Eds). Pretoria: Kagiso Publishers, p 138-149.

Van der Watt, J. 2000. *Die Christen, die Bybel en die toekoms*. Vereeniging: CUM.

Van der Ven, J. A. 1990. *Entwurf einer empirischen Theology*. Kampen: J.H. Kok.

Van Gennep, F. O. 1990. *De terugkeer van de verloren Vader*. Baarn: Ten Have.

Van Jaarsveld, F.J. 2001. *Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: 'n Konstrukteoretiese benadering. Ongepubliseerde proefskrif*. Fakulteit Teologie, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van die Vrystaat. Bloemfontein.

Van Niekerk, P. A. 1982. *Die onderwyser en die kind met probleme*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewery en -boekhandelaars.

Van Niekerk, P. A. 1986. *Die opvoedkundige-sielkundige.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewery en -boekhandelaars.

Van Rooyen, L. 1989. Seksuele molestering van kinders: wat kan die skool doen? In: *Kindermolestering: Wat kan ons doen?* Pretoria. Universiteit van Pretoria, Departement Ortopedagogiek en Kinderleidingkliniek.

Venter, C. 1996. *Uitkringende liefdesbetoon*. RGN-studies in Praktiese Teologie. Pretoria: RGN.

Vergote, A. et al. 1969. Concept of God and parental images. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 8:79-87.

Vergote, A. 1984. *Religie, geloof en ongeloof, Psychologische studie.* Antwerpen: De Nederlandsche Boekhandel.

Vossen, H. J. M. 1993. Images of God and coping with suffering. *Journal of Empirical Theology* 6/1, p 19-38.

Westerlund, E. 1992. *Woman's sexuality after childhood incest*. New York: W. W. Norton & Company.

Weihe, V. R. & Herring, T. 1991. *Perilous Rivalry: When Siblings Become Abusive*. Lexington, MA: Lexington Books.

Wiebe, V. R. 1996. *Working with Child abuse and neglect.* A primer. London: SAGE Publishers.

Wieland, S. 1997. *Hearing the Internal Trauma. Working with children and adolescents who have been sexually abused.* London. Sage Publications, Inc.

Wissom, L. S. 1990. *Child advocacy for the clinical. An approach to child abuse and neglect.* Baltimore: Williams & Wilkins.

Wolters, J.B. 1960. *Theology Dictionary*. Netherlands: Zondervan Publishers.

Yontef, G M. 1976. Gestalt therapy: Clinical phenomeneology. In *Modern Therapies*. V. Binder, A Binder & B Rimland. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Yontef, G. & Simken, J. 1989. Gestalt therapy: An introduction. *Behavior Online*. http://www.behaviour.net/gestalt.html.

Yontef, G. M. 1993. *Awareness dialogue and process.* New York: The Gestalt Journal Press, Inc.

Zaaiman, S.J. 2003: *Navorsing*. M.Diac handleiding. Wellington: Hugenote Kollege.

Zinkler, J. 1977. *Creative process in Gestalttherapy*. New York: Brunner/Mazel, Inc.

# BYLAE 1

## UITEENSETTING VAN ’N PASTORALE DIAGNOSEKAART

### 4.5.1 Geloofsanalise van die adolessent wat mishandel is (geloofsvolwassenheid)

#### 4.5.1.1 Intensiteit en aard van lyding (lydingsfaktor)

Hierdie kategorie is bedoel om die intensiteit waarmee die adolessent wat mishandel is sy lewe of ’n probleem ervaar, te bepaal (Louw 1999b:379). Lyding is ’n aanduiding van daardie faktore wat die adolessent se lewe ontwrig en sy normale lewensritme versteur. Volgens Louw (1999b:379) lê die probleem dikwels nie by geloofsinhoud nie, maar by die emosionele filters waardeur die geloof geïnterpreteer word. Die isolasiegevoel veroorsaak dat God as vêr ervaar word terwyl God inderdaad naby is (gevoelservaring). Die lydingsfaktor gee gewoonlik ’n goeie aanduiding in welke mate die godsdienstige ervaring en Godskonsepte verwring is. Gewoonlik bring lyding die adolessent wat mishandel is in aanraking met die vraagstuk van twyfel en angs (Louw 1999b:379). Dikwels laat die intensiteit van emosies twyfelvrae oor die werklikheid van God in hierdie wêreld ontstaan. Lyding roep Godservaringe na vore; dit gee ook aanleiding tot óf verdieping óf verwringing van geloof.

#### 4.5.1.2 Normatiwiteit (etiese dimensie, en die area van skuld/skuldgevoelens)

Volgens Louw (1999b:379) speel die menslike gewete in feitlik alle lewensvrae ’n rol en help dit om die komponent van skuld en skuldgevoelens by die adolessent wat mishandel is te identifiseer. Hierdie gevoelens is gewoonlik ’n aanduiding van dit wat op die vlak van die adolessent wat mishandel is se diepste selfkern, identiteit en selfbeeld plaasvind (Louw 1999b:379).

#### 4.5.1.3 Die soeke na sin (sinfaktor)

Die pastoraat is ten diepste betrokke by die adolessent wat mishandel is se worsteling met die vraag na die sin van die lewe (Louw 1999b:380). Betekenisvelde wat sin gee aan die adolessent wat mishandel is se bestaan en wat positiewe assosiasies wek, moet ontdek en ontgin word (Louw 1999b:380).

#### 4.5.1.4 Geloofsvolwassenheidsfaktor

Die adolessent wat mishandel is se verantwoordelikheid, aanpasbaarheid, plooibaarheid, aanvaardingsvermoë, ego-sterkte en identiteit word bepaal deur sekuriteite wat motiverend inwerk, geborgenheid bied, en uitsig/visie verskaf (Louw 1999b:380). Om die kwaliteit van geloofsvolwassenheid te evalueer stel Louw (1999b:381) dat die volgende vier aspekte aandag moet kry:

- Die verstaan van verlossing en versoening in Christus (soteriologiese kwaliteit )

- sedelike gedrag en heiligmaking (etiese kwaliteit)
- hoop en toekomsverwagting (eskatologiese kwaliteit)
- ondersteuningsnetwerk en *koinonia* (ondersteuningsnetwerk van die gemeente)

#### 4.5.1.5 Geloofsfaktor (geloofsinhoude en temas)

By die geloofsfaktor wil ’n pastorale diagnose die verband tussen spesifieke geloofstemas en die lewensituasie, asook tussen God en die konkrete omstandighede van die adolessent wat mishandel is, evalueer (Louw 1999b:382). Tabel 3 is ’n uiteensetting van die geloofsfaktor tussen spesifieke geloofstemas en die lewensituasie van die adolessent wat mishandel is:

**Tabel 6: Geloofsfaktor tussen spesifieke geloofstemas en lewensituasie**

| Geloofstemas | Geloofsfaktor | Lewensituasie |
|---|---|---|
| Teenwoordigheid van God | Identifikasiefaktor | God se betrokkenheid |
| Die wil van God | Verklaringsfaktor | Adolessent soek na ’n rede en beskou God dikwels as die oorsaak van alles |
| Objek van geloof | Sekerheidsfaktor | Adolessent se geloofsekerheid |
| Karakter van vergifnis | Bevrydingsfaktor | Bevrydingsfaktor: bevryding van skuld op grond van God se genade en vergifnis |
| Aard van dankbaarheid | Positiewe faktor | Christelike blydskap |
| Gebed en sakrament | Gemeenskapsfaktor | Kontak met God en medegelowiges |
| Roeping | Prioriteitsfaktor | Dit wat allesoorheersend is in die adolessent se lewe |
| Gawes (*charismata*) | Toerustingsfaktor | Bronne wat die adolessent vanuit sy geloof gebruik om konstruktief op te tree |

#### 4.5.1.6 Evaluering van “geloofstipes”

Geloofsanalise is bedoel om die aard van die adolessent wat mishandel is se geloof te evalueer (Louw 1999b:383). Volgens Louw (1999b:383-384) kan die volgende moontlike “geloofstipes” gebruik word om te bepaal wat die kwaliteit van die adolessent wat mishandel is se geloof is:

- **Bydraende geloof**

  Dit is ’n obsessie by die adolessent wat mishandel is om iets te doen ten einde vir God en mense te bewys dat hy wel glo.

  Die adolessent wat mishandel is, sien geloof as voorwaardelik en as ’n prestasie of werk. Die adolessent se vroomheid word ’n pluspunt by die genade.

- **Neutrale geloof**

  Die geloof besit ’n algemene karakter omdat die adolessent wat mishandel is daarna verwys dat daar wel ’n “Skepper” moet wees. Geloof bevestig ’n algemene waarheid wat deur alle godsdienste heen strek.

  Die adolessent wat mishandel is, werk op rasionele vlak met die feit of moontlikheid dat ’n God bestaan sonder enige persoonlike betrokkenheid. Geloof is sterk sinkretisties, dit wil sê vermeng met eksistensiële behoeftes en kultuurwaardes.

- **Operasionele geloof**

  Geloof word beskou as ’n handige middel tot ’n doel. Geloof kom handig te pas veral met die oog op krisisse en lyding.

  Geloof funksioneer as ’n noodwiel wat slegs per geleentheid gebruik word. Wanneer normale hanteringsmeganismes in duie stort, is geloof die laaste alternatief.

- **Disfunksionele geloof**

  Die adolessent wat mishandel is gebruik (misbruik) geloof om God te manipuleer. Geloof word ’n medium om negatiewe emosies te kommunikeer en deur projeksie op God oor te dra. Isolasiegevoelens word op God geprojekteer sodat Hy as vêr geïnterpreteer word; gevoelens van aggressie word op God geprojekteer sodat Hy as onregverdig geprojekteer word; hulpeloosheidsgevoelens word op God geprojekteer sodat Hy as magteloos beskou word (Hy hoor nie die gebed nie). God word beskou as die Een wat moet sorg dat alles in die lewe reg loop.

  Die projeksiemotief blokkeer die positiewe aspekte van geloof. Omdat die gevoelens en denkfilters negatief is, word godsdiens self ’n negatiewe faktor wat die probleem vergroot en konstruktiewe hantering blokkeer.

- **Reseptiewe geloof**

  Geloof word beskou as ’n instrument om genade te ontvang; vergifnis word beskou as ’n genadegawe. Die inwoning van die Gees bevestig die heil in die lig van die waarheid van spesifieke Skrifbeloftes.

  Geloof gee uitdrukking aan die adolessent wat mishandel is se dankbaarheid voor God. Dit werk versterkend in op die adolessent wat mishandel is se houding teenoor sy probleem.

- **Lofprysende en vierende geloof**

  Geloof word beskou as ’n geleentheid om God te aanbid en te dank. Lofprysing word gebruik om vreugde te kommunikeer.

  Die adolessent is oortuig van God se teenwoordigheid in sy situasie en van die kontinuïteit van God se belofte van trou. Doksologie word ’n uitdrukking van sekerheid.

#### 4.5.1.7 Kriteria vir ’n geloofstoets (Christelike deugdelikheid)

Ten einde in ’n geloofsevaluering die sterkte en duursaamheid van die adolessent wat mishandel is se geloof te toets, kan die volgende kriteria wat gebaseer word op Kolossense 3:13-15 gebruik word (Louw 1999b:384-385):

- Medelye
- Goedgesindheid
- Nederigheid

- Sagmoedigheid
- Verdraagsaamheid/geduld
- Wysheid
- Vergewensgesindheid
- Liefde
- Vrede
- Dankbaarheid

Volgens Louw (1999b:385) is hierdie diagnostiese kaart bedoel vir interpretasie en evaluering met die oog op geloofsgroei, -versterking en -uitbouing. Dit klassifiseer nie die adolessent wat mishandel is as *gelowig* of *ongelowig* nie, maar dien as verwysing om die adolessent se geloofsisteem te aktiveer en te interpreteer ten einde voorkomend of probleemoplossend op te tree.

# BYLAE 2

## UITEENSETTING VAN 'N PASTORALE DIAGNOSEKAART

### 4.5.2 Religieuse analise van die adolessent wat mishandel is (aard van godsdiens)

Volgens Louw (1999b:386) is 'n godsdiensanalise bedoel om die aard en karakter van die adolessent wat mishandel is se toewyding aan God te bepaal. Toewyding aan God word uitgedruk in die volgende rituele en liturgiese handelinge van aanbidding (Louw 1999b:386):

**Inadekwate disfunksionele styl:**

- **Kunsmatige godsdiens (godsdiens as bygeloof)**
  Godsdiens word misbruik as 'n "towermiddel". Bygeloof beteken dat daar geglo word in die seën van die God, nie in die God van die seën nie. Geloof word 'n manipulasiefaktor om God te buig tot die vlak van menslike behoeftes (geloof as behoeftevervulling en behoeftebevrediging).
- **Konvensionele godsdiens (godsdiens as tradisie)**
  Godsdiens berus bloot op 'n kulturele of sosiale tradisie. Op grond van die adolessent wat mishandel is se familiegeskiedenis is hy aan die kerk verbonde sonder enige persoonlike toewyding. Toewyding en betrokkenheid, in die vorm van offervaardige diens, ontbreek.
- **Wettiese godsdiens (godsdiens as vorm en plig)**
  Die godsdiens bestaan vir die adolessent wat mishandel is uit 'n reeks voorskrifte en voorwaardes waaraan voldoen moet word. Werkgeregtigheid domineer die aspek van genade. Geloof word beskou as 'n bydraende en voorwaardelike faktor tot die saligheid, nie bloot as reseptiewe en instrumentele faktor nie.
- **Neurotiese godsdiens (godsdiens as obsessiewe faktor tot perfeksie)**
  Godsdiens word deur die adolessent wat mishandel is, misbruik om 'n sekere obsessiewe trek of angsfaktor te verberg of te versterk. Een aspek van godsdiens word verabsoluteer en oorbeklemtoon sodat die adolessent wat mishandel is op 'n byna fanatieke wyse oordrewe en eensydig net daarop konsentreer. 'n Aspek van godsdiens word geabsorbeer deur 'n bepaalde disfunksionele trek in die adolessent wat mishandel is se persoonlikheid.
- **Patologiese godsdiens (godsdiens as vervreemdingsfaktor, delusies)**
  Die godsdiens veroorsaak dat die adolessent wat mishandel is se normale kontak met die werklikheid so versteur word dat hy gedisoriënteerd word, werklikheidsvreemd optree en kontak met die onmiddellike werklikheid verloor. Hierdie vorm van godsdiens

genereer angs en waanbeelde by die adolessent wat mishandel is. Byvoorbeeld in sondewaan ontbreek ’n werklike oortreding en is die adolessent wat mishandel is nie wesenlik skuldig nie. Straf word geantisipeer vanuit ’n angs om dit wat jy het te veroor, en dit lei na selfkastyding en selfverwyt.

**Adekwate funksionele styl:**

- **Volwasse godsdiens (godsdiens as doksologie)**

  Die godsdiens lei tot doelgerigte en verantwoordelike optrede. Dit skep positiewe assosiasies by die adolessent, wat geborgenheid bied, troos bring, nuwe perspektiewe open en die toekoms na vore hoopvol oopbreek.

# BYLAE 3

## PASTORAAL-SEMANTIESE DIFFERENSIAAL-ANALISE (PSD)

### Werklikheidsgehalte

| **(a) WAARSKYNLIK** | **+3** | **+2** | **+1** | **0** | **-1** | **-2** | **-3** | **ONWAARSKYNLIK** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Werklik | | | | | | | | Fiktief |
| Kenbaar | | | | | | | | Onkenbaar |
| Voorstelbaar | | | | | | | | Vaag |
| Persoonsmatig | | | | | | | | Algemene idee |

### Waarde (evaluatief)

| **(b) OPBOUEND** | **+3** | **+2** | **+1** | **0** | **-1** | **-2** | **-3** | **REMMEND** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Regverdig | | | | | | | | Onregverdig (partydig) |
| Betroubaar | | | | | | | | Veranderbaar |
| Liefdevol | | | | | | | | Vyandig |
| Duursaam | | | | | | | | Wisselvallig |
| Genadig | | | | | | | | Onbarmhartig (hardvogtig) |

### Potensiaal

| **(c) STERK** | **+3** | **+2** | **+1** | **0** | **-1** | **-2** | **-3** | **SWAK** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Almagtig | | | | | | | | Magteloos |
| Medelydend | | | | | | | | Onsimpatiek |
| Kenbaar (wil) | | | | | | | | Onbekend |

### Doeltreffendheid (aksie)

| **(d) AKTIEF** | **+3** | **+2** | **+1** | **0** | **-1** | **-2** | **-3** | **PASSIEF/ONBETROKKE** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Teenwoordig (nabyheid) | | | | | | | | Afstand/afwesig (ver) |
| Verlos | | | | | | | | Verwerp |
| Seën (gee gawes) | | | | | | | | Vloek (weerhou gawes) |
| Hulp (bystand) | | | | | | | | Onttrek |

Volgens Louw (1999:398-399) kan die pastoraal-semantiese differensiaal-analise (PSD) vraelys soos volg verduidelik word: Die telling wat deur middel van hierdie semantiese differensiaal-ontleding verkry word, verskaf die volgende inligting: Wanneer die telling by (a), (b), (c) en (d) almal na die positiewe kant neig, dui dit op ŉ positiewe identifikasie tussen die persoon en God. Wanneer die telling neig om rondom die nul te konsentreer, dui dit op ŉ moontlike neutrale houding teenoor God wat kan voortspruit vanuit óf gebrekkige kennis, óf ŉ gebrek aan belangstelling en toewyding. ŉ Telling na die negatiewe kant gee insig in die moontlike krisisvlakke wat ŉ persoon ervaar en hoe ŉ krisis sy verstaan van God beïnvloed. Wanneer die telling ŉ neutrale posisie reflekteer, kan dit dui op gebrekkige groei of ŉ oppervlakkige identifikasie met God. Die metode van konstruktiewe konfrontasie kan gebruik word om die persoon bewus te maak van die dempende uitwerking wat ŉ neutrale Godsverstaan op geloofsgroei het. Wanneer die negatiewe telling saamhang met skerp emosies, kan die pastor die persoon aanmoedig om hierdie emosies deur klagformules eerlik met God te kommunikeer. Die persoon moet ook aangemoedig word om die verbande tussen sy emosionele toestand en negatiewe reaksie op krisisgebeure of probleemsituasie raak te sien.

Ten einde die PSD te implementer, kan die pastor soos volg te werk gaan: Persone word versoek om teen die aangeduide skaal die konsep "God" te evalueer. Hulle moet aangemoedig word om eers in stilte na te dink oor hulle onmiddellike ervaring met God. Hulle moet konsentreer op die verband tussen God en hulle voorafgaande lewensgebeurtenisse. Daar moet verduidelik word dat toepaslik-ontoepaslik, positief-negatief, opbouend-remmend, sterk-swak, en aktief-passief nie etiese kategorieë is wat goed of sleg/kwaad reflekteer nie. Die positiewe en negatiewe dimensies kan ŉ belangrike rol speel in ŉ gelowige se ontwikkeling van spiritualiteit.

# BYLAE 4

## PASTORAAL-SEMANTIESE DIFFERENSIAAL-ANALISE (PSD)

### Respondent 1[4]

### Werklikheidsgehalte

| (a) WAARSKYNLIK | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | ONWAARSKYNLIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Werklik | | X | | | | | | Fiktief |
| Kenbaar | | | X | | | | | Onkenbaar |
| Voorstelbaar | | | | | | X | | Vaag |
| Persoonsmatig | | | X | | | | | Algemene idee |

### Waarde (evaluatief)

| (b) OPBOUEND | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | REMMEND |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Regverdig | | | | | | X | | Onregverdig (partydig) |
| Betroubaar | | | | | X | | | Veranderbaar |
| Liefdevol | | | | | X | | | Vyandig |
| Duursaam | | | | | X | | | Wisselvallig |
| Genadig | | | | | X | | | Onbarmhartig (hardvogtig) |

### Potensiaal

| (c) STERK | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Almagtig | | X | | | | | | Magteloos |
| Medelydend | | | X | | | | | Onsimpatiek |
| Kenbaar (wil) | | | X | | | | | Onbekend |

### Doeltreffendheid (aksie)

| (d) AKTIEF | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | PASSIEF/ONBETROKKE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Teenwoordig (nabyheid) | | | | | X | | | Afstand/afwesig (ver) |
| Verlos | | | | | | X | | Verwerp |
| Seën (gee gawes) | | | | | X | | | Vloek (weerhou gawes) |
| Hulp (bystand) | | | | | | X | | Onttrek |

[4] Respondent 1 is deur albei ouers fisiek mishandel.

# BYLAE 5

## PASTORAAL-SEMANTIESE DIFFERENSIAAL-ANALISE (PSD)

### Respondent 2[5]

### Werklikheidsgehalte

| (a) WAARSKYNLIK | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | ONWAARSKYNLIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Werklik | | | X | | | | | Fiktief |
| Kenbaar | | | X | | | | | Onkenbaar |
| Voorstelbaar | | | X | | | | | Vaag |
| Persoonsmatig | | | | | X | | | Algemene idee |

### Waarde (evaluatief)

| (b) OPBOUEND | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | REMMEND |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Regverdig | | | | | X | | | Onregverdig (partydig) |
| Betroubaar | | | | | X | | | Veranderbaar |
| Liefdevol | | | | | | X | | Vyandig |
| Duursaam | | | | | X | | | Wisselvallig |
| Genadig | | | | | X | | | Onbarmhartig (hardvogtig) |

### Potensiaal

| (c) STERK | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Almagtig | | | X | | | | | Magteloos |
| Medelydend | | | X | | | | | Onsimpatiek |
| Kenbaar (wil) | | | X | | | | | Onbekend |

### Doeltreffendheid (aksie)

| (d) AKTIEF | +3 | +2 | +1 | 0 | -1 | -2 | -3 | PASSIEF/ONBETROKKE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Teenwoordig (nabyheid) | | | | | X | | | Afstand/afwesig (ver) |
| Verlos | | | | | X | | | Verwerp |
| Seën (gee gawes) | | | | | X | | | Vloek (weerhou gawes) |
| Hulp (bystand) | | | | | X | | | Onttrek |

[5] Respondent 2 is deur haar stiefpa gemolesteer.